DIE LEWENSTYLE EN ROMANTIESE VERHOUDINGS VAN 'N GROEP ADOLESSENTE MEISIES IN BISHOP LAVIS

RENÉ VAN WIELING

Tesis ingelewer ter gedeeltelik voldoening aan die vereistes vir die graad MPHIL (Jeugontwikkeling en Beleid) in die Lettere Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier	**:**	**Prof. A. Kritzinger**
Mede - Studieleier	**:**	**Mnr. W. F. Van Aswegen**

April 2004

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondertekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening Datum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die lewenstyle en romantiese verhoudings van 'n groep adolessente meisiës in die Bishop Lavis gemeenskap. Die studie skenk ook aandag aan die 'taxi-queen' verskynsel as 'n besonderse vorm van romantiese verhouding. 'n Kwalitatiewe metodologiese benadering is gevolg. Data insameling het 'n kombinasie van twee metodes behels: eerstens, twee fokusgroepe bestaande uit sewe hoërskoolmeisies elk tussen die ouderdomme van 16 en 18 jaar en tweedens, in-diepte onderhoude met drie adolessente meisies tussen die ouderdom van 16 en 20 jaar wat as 'taxi queens' geïdentifiseer is. Wat lewenstyle van jong meisies betref is daar veral gefokus op vryetydsbesteding, die rol van die verbruikersmark, huishoudelike omstandighede en toekomsverwagtinge van die groep meisies. Met betrekking tot romantiese verhoudings is daar hoofsaaklik op die volgende aspekte gefokus: die tipe verhoudings waarin die meisies betrokke is, die redes vir hul betrokkenheid, die aard en funksies van romantiese emosies; adolessente hofmakery, die voorkoms van seksuele gedrag, seksuele geweld en dwang. Die studie bevind dat vryetydbesteding en die verbruikermark 'n sentrale rol in die lewe van hierdie meisies speel. Benewens die plesier wat daaruit geput word, funksioneer vryetydbesteding as 'n ontsnappingsmeganisme van ouerlike toesig, reëls en inmenging van die kant van ouers. Die studie bevind verder dat jong meisies romantiese verhoudings as besonder positief beleef. Binne sodanige verhoudings verteenwoordig seksualiteit 'n sentrale komponent en seksuele aktiwiteite neem in aanvang tydens 'n vroeë stadium in die proses van hofmakery. Betrokkenheid by seksuele aktiwiteite word vir ouers geheim gehou uit vrees vir negatiewe evaluering en jong meisies kommunikeer selde met hul ouers oor sekverwante onderwerpe. Verder is bevind dat seksuele geweld dikwels 'n komponent vorm van romantiese verhoudings tussen adolessente meisies en seuns. Ten slotte word die besonderse aard van die sogenaamde 'taxi-queen' verhouding beklemtoon aan die hand van die ervaringe van drie jong meisies betrokke by sodanige verhoudings. Op grond van die studie word daar aanbevelings vir verdere navorsing gemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The aim of the study is to investigate the lifestyles and and romantic relationships of adolescent girls in the Bishop Lavis community. The study also explores the 'taxi-queen' phenomenon as a particular form of relationship. The study employed a qualitative methodology. Data were collected by means of a combination of two methods: firstly, two focus groups each consisting of seven high school learners between the ages of 16 and 18 years and secondly, in-depth interviews conducted with three adolescent girls between the ages of 16 and 20 years who were identified as'taxi-queens'. Regarding lifestyles of the young girls special attention was afforded to leisure activities, the role of the consumer market, domestic circumstances and future expectations. In the case of romantic relationships the study focused on the type of relationship the girls are involved in, reasons for their involvement, the nature and functions of romantic emotions, adolescent dating patterns, sexual behaviour and sexual violence. Regarding lifestyles findings indicate that leisure activities as well as the consumer market play a central role in the lives of these young girls. Leisure activities not only provide pleasure but also function as an escape mechanism from parental supervision, rules and interference. Young girls tend to experience romantic relationships as particularly positive and within these relationships sexuality represents a central component. Sexual activities appear to commense during earlier stages of the dating process. Furthermore, such activities are kept secret from parents due to fear of negative reactions and sex-related topics are seldom discussed with parents. Sexual violence often forms a component of romantic relationships between adolescent girls and boys. In conclusion the 'taxi-queen' relationship as a relatively unique form of romantic relationship is demonstrated with reference to the experiences of three young girls involved in such relationships. Recommendations for future research are made on the basis of the findings of this study.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGING

Ek wil graag dankie sê aan die volgende persone sonder wie hierdie tesis nie moontlik sou gewees het nie:

- My studieleier, Prof A. Kritzinger en mede-studieleier Mnr. W. F. Van Aswegen vir julle geduld en die hulp, leiding en aanmoediging wat julle voortdurend gegee het.

- Die personeel van Bishop Lavis Hoër vir julle beskikbaarheid en ondersteuning tydens die identifisering van die respondente.

- Die respondente vir hulle tyd en bereidwilligheid om deel te neem aan die studie.

- My moeder Denise en suster Danielle en Ma Stuart. Sonder julle kon ek dit nie gemaak het nie. Julle liefde, entoesiame en gebed het die proses makliker gemaak.

- My beste vriendinne Lynette, Nicky en Janice, wie se ondersteuning en grappe in tye van stress my deurgedra het.

- Ricardo, die liefde van my lewe, sonder jou liefde en geduld sou hierdie tesis nie klaar gekom het nie.

Die voorreg om op hierdie stadium van my lewe so 'n opwindende en lewensverrykende ervaring te kon beleef is net aan EEN te danke:

Loof die Here, want Hy is goed.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Psalm 136: 1

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK EEN: INLEIDING

1.1 Doel en motivering van navorsing 1-5

1.2 Navorsingsmetodologie

1.2.1 Kwalitatiewe metodologie 6-8

1.2.2 Navorsingsmetodologie vir dataversameling 9-14

1.2.3 Universum en seleksie van die steekproef 14-16

1.2.4 Betroudbaarheid en geldigheid van data 16

1.3 Indeling van hoofstukke 17

HOOFSTUK TWEE: *JEUG* AS SOSIALE KONSTRUKSIE

2.1 Inleiding 18

2.2 Die diversiteit van jeugdiges: Kulturele, sosiale, historiese verskille 19-20

2.3 Jeug as oorgangsfase 21-22

2.3.1 Faktore wat die oorgang beïnvloed 22

2.3.1.1 Onderwys 22-24

2.3.1.2 Skoolverlating 24-25

2.3.1.3 Kurrikulum 25

2.3.1.4 Werkloosheid 26-27

2.3.1.5 Tienerswangerskap 28-30

2.4 Marginalisering en die verlore generasie 30-33

2.5 Lewenstyle van jeugdiges 33-35

2.5.1 Identiteit 35-36

2.5.2 Vryetydsaktiwiteite 36-38

2.5.3 Die rol van die verbruikersmark 38-42

2.5.4 Subkulture 42-43

2.6 Opsomming 43-44

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK DRIE: ROMANTIESE VERHOUDINGS EN SEKSUALITEIT

3.1 Inleiding 45-46

3.2 Romantiese verhoudings

3.2.1 Kenmerke, motiewe en funksie van die adolessente romantiese verhoudings 46-49

3.3 Romantiese verhoudings as proses 49

3.3.1 Inisiasie fase 49-50

3.3.2 Affliasie fase 50

3.3.3 Intieme romantiese verhouding 50-51

3.3.4 Verbintenis in die verhouding (*commitment*) 51

3.4 Romantiese verhoudings en emosies 51-54

3.5 Faktore betrokke by 'n bevredigende verhouding: liefdestyle tydens die romantiese verhouding 55-58

3.6 Seksualiteit 58-59

3.6.1 Seksuele gedrag van die adolessente vrou 59-61

3.6.2 Seksmaats 61-62

3.6.3 Kommunikasie oor seksverwante aspekte

3.6.3.1 Ouers 63-65

3.6.3.1.1 Struikelblokke in die kommunikasie met ouers 65-66

3.6.3.1.2 Portuurgroepe 66-67

3.6.3.1.3. Die media 67-68

3.6.4 Voorbehoeding 69

3.6.4.1 Gesindhede teenoor die gebruik van voorbehoedmiddels 69-71

3.6.4.2 Die beskikbaarheid van inligting oor voorbehoeding 71-72

3.6.5 Dubbele standaarde 72

3.6.5.1 Die handhawing van dubbele standaarde 72

3.6.5.2 Die nie-handhawing van dubbelestandaarde 72-74

3.6.6 Voorhuwelikse standaarde en die vrou se seksuele houdings en gedrag 74

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.6.1 Tradisionele onthouding standaard 74-75

3.6.6.2 Voorhuwelikse seksuele permissiwiteit met affeksie 75

3.6.6.3 Voorhuwelikse seksuele permissiwiteit -sonder –affeksie 75-78

3.6.7 Voorvereistes vir toelating van seksuele omgang 78-79

3.6.8 Redes vir die onthouding van seksuele betrokkenheid 80-81

3.6.8.1 Rol van die kerk 81-82

3.6.9 Redes vir seksuele deelname 83

3.7 Seksuele geweld en Dwang in die vrou se romantiese verhouding 84

3.7.1 Redes vir dwang en geweld in romantiese verhoudings 84-85

3.7.2 Vorme van geweld 85-87

3.7.3 Gebrek van definiëring van geweld 87-88

3.7.4 Redes waarom vroue in gewelddadige verhoudings bly 88-89

3.8 Opsomming 89

HOOFSTUK VIER: BEVINDINGE EN BESPREKING VAN DATA

4.1 Inleiding 90

4.2 Lewenstyle van adolessente meisies 91

4.2.1 Vryetydsaktiwiteite 91-92

4.2.2 Verbruikersmark 92-93

4.2.3 Sakgeld en besteding 93-94

4.2.4 Huishoudelike omstandighede 95

4.2.5 Verhoudings met hulle ouers 95-96

4.2.6 Toekomsverwagtinge van die adolessente meisies 96

4.3 Romantiese Verhoudings van die adolessente meisie

4.3.1 Verhoudings met kerêls 97-98

4.3.2 Behoefte aan 'n kêrel 98

4.3.3 Tipe verhoudings: vaste teenoor *moves* 98

4.3.4 Redes vir die betrokkenheid in 'n romantiese verhouding 99-100

4.3.5 Ideale maat 100-101

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	4.3.6 Die rol van fsiese aantreklikheid tydens die hofmakery	101
	4.3.7 Verliefheid teenoor liefde	101-104
	4.3.8 Vereistes vir 'n bevredigende verhouding	104-105
4.4	Seksverwante aspekte binne die romantiese verhouding van die adolesssente meisie	
	4.4.1 Seksualiteit	105
	4.4.2 Inligting oor seks en seksualiteit	105-107
	4.4.3 Voorkoms van seksuele gedrag	107
	4.4.4 Romantiese verhoudings en seksueel verkeer / omgang	108-110
	4.4.5 Seksuele aktiwiteite: wanneer en waar	111
	4.4.6 Toelaatbaarheid van sekuele gedrag tydens die hofmakery	111-113
	4.4.7 Dubbelstandaard: die"goeie" versus die "slegte" vrou	113-115
	4.4.8 Redes vir seksuele deelname	115-117
	4.4.9 Gevolge van vroëe betrokkenheid by seksuele aktiwiteite	117
	4.4.10 Kommunikasie met ouers oor seks en seksualiteit	117-119
	4.4.11 Voorbehoedmiddels	119-121
	4.4.12 Tienerswangerskappe	121-123
4.5	Seksuele geweld in die romantiese verhoudings	
	4.5.1 Seksuele geweld: vorme, plekke en voorwerpe	123-124
	4.5.2 Verkragting in verhouding	124-129
4.6	Opsomming	129

HOOFSTUK VYF: TAXI QUEEN AS 'N ROMANTIESE VERHOUDING

5.1	Inleiding	130
5.2	Taxi queen	130-131
5.3	Taxi king	131-132
5.4.	Lewenstyl: groot pret"	133-134
5.5	Konteks van die verhouding	134
	5.5.1 Inisiasieproses	134-138
	5.5.2 Magkwessies: dominante beheer	138-140
	5.5.3 Gebrek aan sekuriteit en vertroue	141

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.6 Dwelms en alkoholmisbruik 141-142
5.7 Status teenoor stigmatisering 142-144
5.8 Die geheim 144-145
5.9 Kompetisie onder taxi queens 145-146
5.10 Die groot spel 146-147
5.11 *Taxi queen*: "Ek is so jammer" 147-148
5.12 Opsomming 148

HOOFSTUK SES: GEVOLGTREKKINGS

6.1 Inleiding 149
6.2 Gevolgtrekkings 149
6.2.1 Lewenstyle van adolessente meisies 149-152
6.2.2 Romantiese verhoudings van die adolessente meisies 152-153
6.2.3 Seksverwante aspekte in die romantiese verhoudings van die adolessente meisies 153-156
6.2.4 Sekuele geweld in die romantiese verhoudings van die adolessente meisies 157
6.3 *Taxi queens* - verskynsel onder hoërskool meisies 158-160
6.4 Verdere navorsing 160-161

VERWYSINGS

BYLAES

BYLAE 1: Toestemmings brief vanaf Wes –Kaapse Onderwys Departement

BYLAE 2: Onderhoud skedule

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1
INLEIDING

1.1 DOEL EN MOTIVERING VIR NAVORSING

Die lewenstyle van jeugdiges het reeds sedert antieke tye bekommernis by volwassenes ontlok (Boëthius, 1995). Hierdie bekommernis het dikwels op die vryetydbestyding en veral die vorme van vermaak wat jeugdiges geniet het gefokus. Hierdie fokus word tans ook in die belangstelling van die massamedia en wetenskaplikes aangetref (Miles,2000). Van besonderse belang in die huidige fokus op jeugdiges se lewenstyle is die rol van verbruikersmark.

'n Ander faset van die lewenstyle van jeugdiges is hul romantiese verhoudings. Romantiese verhoudings is 'n nuwe en opwindende terrein vir adolessente. Soos adolessente betrokke raak in romantiese verhoudings, probeer hulle onbekende gedragspatrone uitoefen, eksperimenteer hulle met verskillende wyses van interaksie en ontwikkel nuwe vaardighede. Die meeste adolessente se tyd word bestee aan nadink of gesels oor hulle kêrels of meisies (Furman en Simon, in Furman, Brown en Feiring 1999:75).

Gedurende die kinderjare word intieme verhoudings tot sekere gesinslede en vriende beperk. Dit geld nie vir die adolessentejare nie. In dié stadium ontstaan daar nuwe intieme verhoudings met die teenoorgestelde geslag en dit staan bekend as romantiese verhoudings. Tydens die adolessentejare word die intieme ouer-kind-verhouding vervang deur 'n vriendskap wat tot 'n romantiese verhouding kan oorgaan (Adams *et al.*, 2001:354). Die ontwikkeling van 'n romantiese verhouding maak 'n belangrike ontwikkelingsmylpaal uit in die lewe van 'n jong meisie.

Gedurende die hoërskooljare word ontspanningsaktiwiteite nie meer alleen uitgevoer nie, maar eerder saam met 'n spesiale maat. Wanneer 'n meisie en 'n seun beplan om mekaar alleen te ontmoet of om in 'n groep na 'n dans of na partytjies toe te gaan, kan gesê word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat 'n *date* gereël was (Gullota *et al.*, 2000:142). Die romantiese verhoudings van die adolessent is volgens Taradash *et al.* (2001:65) gewoonlik van korte duur. Alhoewel die verhoudings oor die algemeen van korte duur is, word dit steeds beleef as intens en intiem. Volgens Taradash *et al.* (2001:365) neem die romantiese verhoudings van die adolessente paartjie verskillende vorme aan, naamlik 'n verhouding wat wissel van 'n intieme vriendskap tot 'n vlugtige uitgaan-verhouding tot 'n eksklusiewe uitgaan-verhouding. McCabe (1984:160) vind aansluiting by Taradash *et al.* (2001:65) en redeneer dat die romantiese verhouding van die adolessent dikwels begin met 'n tydperk van vlugtige en informele besoeke. Na afloop van dié vlugtige besoeke besluit individue of 'n oorskakeling na 'n meer gevestigde verhouding met net een persoon sal plaasvind.

Soos jeugdiges ouer word, identifiseer hulle meer met mekaar, veral met die teenoorgestelde geslag. Tydens die verloop van die hofmakery raak jong mans en vroue meer ervare in die hofmakery en terselfdertyd bring hulle meer en meer tyd in mekaar se geselskap deur. Dikwels versterk die hofmakery ook. Die emosionele en romantiese betrokkenheid en die hofmakery gaan gewoonlik gepaard met en word versterk deur die uitgebreide vlakke van seksuele betrokkenheid (Thornton, 1990: 240). Alhoewel daar van jong mans en vroue verwag word om deel te hê aan die hofmakery, en hulle dit ook doen, word daar deur Thornton (1990:270-271) aangevoer dat baie min jongmense seksuele omgang ervaar voordat hulle by die hofmakery betrokke raak. Aan die begin van die proses sal dit lei tot die begin van seksuele ervaringe.

Volgens Thornton (1990:270-271 hou beide die tydstip van *dating* en die ontwikkeling van die eerste ernstige verhouding implikasies in vir die inisiëring van seksuele ervaringe. Monson (2000:173) het bevind dat, indien die eerste *date* op 'n vroeë ouderdom voorgekom het, het dit ook met hoë vlakke van seksuele deelname gepaard gegaan. McKinney en Sprecher (1991:126) suggereer dat individue wat op 'n vroeë ouderdom begin uitgaan, meer geleenthede tot hulle beskikking het om deel te hê aan seksuele aktiwiteite. Volgens Jewkes *et al.* (2001:737) en Zani (1991:173-174) ervaar baie jong vroue hulle eerste geslagsomgang met hulle eerste kêrels en dit is gewoonlik persone 4 tot 12 jaar ouer as die vroue. Tradisioneel word daar aangeneem dat 'n meisie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 'n verhouding sal wees met 'n maat wat een of twee jaar ouer of selfs dieselfde ouderdom as syself is. Die ouderdomme van jong vroue se maats kan egter van vrou tot vrou verskil. Marín *et al.* (2000:409-410) suggereer dat 'n ouer maat gewoonlik vir 'n jong vrou aantrekliker is as gevolg van hulle finansiële hulpbronne en die volwassenheid en status wat hulle aan die verhouding verleen. Daarby is die ouer maat seksueel ook meer ervare as die jong vrou. Dit kan probleme laat ontstaan aangesien jong vroue in sodanige omstandighede teen 'n vinnige tempo blootgestel word aan seksuele aktiwiteite waarvoor hulle nie gereed is, of wat hulle nie volwasse genoeg is om te hanteer nie. Verder blyk dit ook dat hierdie vroeë blootstelling nie voordelig is vir hulle seksuele ontwikkeling nie, weens die moontlikhede van ongewenste swangerskappe en seksuele infeksie wat opgedoen kan word.

'n Besonderse vorm van romantiese verhouding wat in Suid-Afrika aangetref word, is die verhouding tussen adolessente meisies en minibustaxibestuurders. Die *taxi queen*-verskynsel het ontstaan nadat die gesubsidieerde vervoerstelsel wat deur die staat verskaf is, gestaak is. Dit het gelei tot 'n situasie waar jeugdiges van 'n ander tipe vervoerstelsel gebruik moes maak. Die minibustaxi is die mees algemene vervoer waarvan beide ouers en kinders in die bruin gebiede elke dag gebruik maak. 'n Aantal jeugdiges is dus van minibustaxi's afhanklik om hulle van hulle wonings na die skool te vervoer. Die afhanklikheidskwessie het 'n teelaarde geskep vir die opkoms van die verskynsel bekend as *taxi queens*. Kapenaars het dié naam reeds lankal gegee aan skoolmeisies wat hulle tyd voor in minibustaxi's verwyl (Philander, 2000:8). Die term is nog onbekend aan sekere individue, maar in gebiede soos Mitchells Plain en Bonteheuwel bestaan daar alreeds 'n groot bewustheid van die betekenis van die term *taxi queens*.

Die navorser het bewus geword van die romantiese verhoudingspatrone tussen die hoërskoolmeisies en volwasse minibustaxibestuurders, nadat 'n gesprek gevoer is met een hoërskoolmeisie wat skool X bygewoon het. Die navorser het vir 'n geruime tyd 'n persoonlike belangstelling gehad om op een of ander stadium navorsing te doen oor die voorkoms van *taxi queens* in die betrokke gemeenskap, aangesien daar beweer word dat skoolverlatingsyfers en ongewenste swangerskappe onder jong vroue in die betrokke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap direk verband hou met die *taxi queen*-verskynsel. Na aanleiding van die bevinding is 'n literatuurstudie en verskeie onderhoude met vakkundige persone uitgevoer. 'n Onderhoud is met die hoof en die Voorligtingopvoeder van die betrokke hoërskool gereël ten einde bevestiging te kry dat die *taxi queen*-verskynsel wel in die skoolomgewing voorkom. Verder het 'n maatskaplike werker bevestig dat die *taxi queen*-verskynsel 'n toenemende probleem is in Mitchells Plain en die Bonteheuwel-omgewing waar sy werksaam is.

Dit is die navorser se waarneming dat *taxi queens* gewoonlik jong en naïewe hoërskoolmeisies is. Dit is meisies wat nog min ervaring het van hofmakery en maklik verlief raak as gevolg van hulle kwesbaarheid. 'n Koerantartikel stel dit soos volg: ... *school girl "taxi queens" are having sex with minibus taxi drivers in exchange for free rides* ... (Van Breda, 1998:1). Joseph (1999:1) bevestig dat kwesbare jong meisies deur minibustaxibestuurders seksueel misbruik word in ruil vir 'n "vry rit" tot by die skool. Die meisies se persepsie is dat hulle in 'n egte verhouding is, maar in werklikheid word hulle seksueel uitgebuit (Philander, 2000:8). Daar kan dus afgelei word dat kenmerke van seksuele uitbuiting in die verskynsel teenwoordig is.

Verder word dié meisies uitgelok deur die beeld en lewenstyl van die minibustaxibestuurder, naamlik die harde popmusiek wat in die voertuie speel (Philander, 2000:8). Die meisies word koninklik behandel en hulle ontvang net die duurste en die beste. Dit sluit in die jongste style, CD's, juweliersware, sakgeld en uitstappies bedags. Dit is die lewenstyl van die minibustaxibestuurders (*taxi kings*) wat as lokaas dien om meisies by die *taxi queen*- verskynsel te betrek.

Daarbenewens is die meerderheid minibustaxibestuurders (*taxi kings*) getroud en ouer as die meisies met wie hulle 'n verhouding het. Hulle betrokkenheid by die hoërskoolmeisies word dus as 'n buite-egtelike verhouding beskou, waarvan die huweliksmaats in baie gevalle nie kennis dra nie (Van Breda, 1998:1). Seksuele omgang word as 'n normale deel van hierdie tipe verhouding beskou. Hierdie *taxi kings* misbruik die meisies om hulle sekslus te bevredig. Die *taxi kings* is ook geneig om meer as een

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seksmaat te hê. Die moontlikheid van MIV\VIGS en tienerswangerskappe kan dus onder dié omstandighede voorkom (Joseph, 1999:1-2). Die weiering van seks kan die beëindiging van die verhouding beteken.

Benewens die voorafgaande redes wat as motivering vir die navorsing kan dien, is daar ook nog ander probleme wat uit die *taxi queen*-verskynsel voortspruit, naamlik:

- seksuele uitbuiting (Joseph, 1999:1);
- statutêre verkragting – ingevolge wetgewing mag geeneen seksueel verkeer met 'n meisie jonger as 12 nie;
- skoolverlating en versuim om skoolopleiding te voltooi;
- meisies word die onskuld van kindwees en hulle jeugjare ontneem, en

Dit is teen hierdie agtergrond dat daar besluit is om ondersoek in te stel na die lewenstyle en romantiese verhoudings van 'n groep adolessente meisies in die Bishop Lavis-gemeenskap.

Ten einde die doelstelling van die navorsing te realiseer, sal die volgende doelwitte nagestreef word:

- om 'n breë oorsig te gee van die meisies se lewenstyle, met verwysing na vryetydsbesteding en verbruikspatrone;
- 'n gedetailleerde ondersoek van die meisies se romantiese verhoudings, en
- 'n ontleding van die *taxi queen*-verskynsel as 'n besonderse vorm van romantiese verhouding.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.2.1 Kwalitatiewe metodologie

Navorsing kan gesien word as 'n proses waardeur 'n beter begrip van die kompleksiteit van menslike interaksie ontwikkel word. Grinnell (1998:13) definieer navorsing as ... *'n nougesette, stelselmatige, geduldige verkenning en ondersoek binne 'n sekere kennisveld en wat uitgevoer word om feite en beginsels te bevestig.*

Kwalitatiewe navorsing word volgens Cresswell (1998:15) beskou as 'n navorsingsproses om sosiale of menslike probleme te verstaan op die basis van duidelike metodologiese tradisies. Die betrokke navorser bou dus 'n komplekse, holistiese beeld met gedetailleerde sienings van respondente in 'n natuurlike omgewing. Kwalitatiewe data beklemtoon die lewenservaringe van individue en die betekenis wat hierdie ervaringe vir die sosiale wêreld rondom hulle het. Dit is belangrik om die waarnemings, opvattings en vooroordele van die lewe te verstaan (Miles en Huberman, 1994:10). Die navorsingsmetodes wat tydens kwalitatiewe navorsing gebruik word, aanvaar dat die subjektiewe dimensie van gedrag van persone op 'n konstante basis verander. Dit is waarom die beginsels van kwantitatiewe navorsing nie toepaslik is om die veranderende menslike gedrag te bestudeer nie. Daar word eerder gedetailleerde beskrywings van alle sosiale realiteite waarin die persone beweeg, ingesamel (Grinnell, 1998:186-187). Kwalitatiewe navorsing is veral nuttig indien 'n onbekende terrein betree word. Die navorsing volg dus 'n verkennende benadering omdat 'n relatiewe lae vlak van konseptualisering en teorie ter sprake is (Grinnell, 1998:195).

Kwalitatiewe navorsing word van kwantitatiewe navorsing onderskei op grond van die onderstaande kenmerke:

- **Naturalisme** Navorsing word uitgevoer in die natuurlike omgewing van sosiale akteurs. Die navorsing fokus op menslike gedrag,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	gebeure en houdings in natuurlike gebiede soos dit plaasvind.
• **Proses**	Die fokuspunt is die proses wat plaasvind sowel as die produk of uitkomste. Kwalitatiewe navorsers stel belang in hoe gebeure in die natuurlike omgewing plaasvind, veral hoe menslike gedrag en gebeure plaasvind.
•**Ingewyde se perspektief**	Respondente se perspektief is van fundamentele belang Die navorser probeer die wêreld waarneem deur middel van die respondent se persepsie.
•***Thick* beskrywings**	Kwalitatiewe data voorsien *thick* beskrywings oor aksies en gebeure van respondente. *Thick* beskrywings is omslagtig aangesien dit die betekenis van aksies vasvang.
• **Kontekstuele belang**	Beskrywings word gegee van gebeure, handelinge en prosesse binne die konkrete natuurlike konteks waarin dit plaasvind om sodoende die handelinge beter te verstaan. Geen veralgemenings met betrekking tot 'n teoretiese bevolking word geformuleer nie.
• **Induktiewe benadering**	Die navorsingsproses lewer die ontstaan van nuwe hipoteses en teorieë op. Binne die navorsingsproses word geen vooraf beplande hipotese verskaf nie; daar word eerder gefokus op die ontwikkeling en opbou van nuwe induktiefgebaseerde interpretasies en teorieë. Dit sluit ordelike beskrywings van gebeure in.
• **Navorser**	Die navorser is die primêre werktuig vir dataversameling.

Daar kan aangevoer word dat suksesvolle kwalitatiewe navorsing primêr op die navorser se interpersoonlike vaardighede gebaseer is. Die navorser moet op 'n gemaklike wyse met andere kommunikeer, 'n aktiewe en bedagsame luisteraar wees en empatiese begrip en respek vir andere se sienings openbaar. Verder moet die navorser goed ingelig wees oor die onderwerp en die situasie waarin die respondente hulle bevind. Die navorser

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet poog om nie die respondente se vertroue te verloor nie. Respondente moet dus ingelig word oor die waarde van die navorsingsinligting wat ingesamel word. Op dié manier kan die navorser groter samewerking van die respondente kry.

Die kwalitatiewe tradisie maak gebruik van verkennende, beskrywende en verklarende navorsingsontwerpe. 'n *Verkennende* navorsingsontwerp bestudeer navorsingsareas waaroor daar min kennis bestaan. Dit staan teenoor 'n *beskrywende* ontwerp wat aantoon hoe veranderlikes in 'n bevolking versprei is. Hierdie ontwerp verskaf 'n beskrywing van die kenmerke van 'n bevolking, terwyl 'n *verklarende* navorsingsontwerp data wat reeds bestaan, analiseer ten einde 'n navorsingshipotese na te gaan (Grinnell en Williams, 1990:149-169). Kwalitatiewe navorsing is goed toegerus vir die uitvoer van 'n verkennende navorsingsontwerp. Verkennende navorsing is daarin geïnteresseerd om tentatiewe insigte en verduidelikings te genereer. Dit besit 'n buigsaamheid aangesien 'n aantal idees ingesamel word waarna tydens 'n latere stadium teruggegaan kan word. Volgens Babbie (1998:91) het verkennende navorsing sekere tekortkominge aangesien sodanige navorsing weinig bevredigende antwoorde op navorsingsvrae bied, alhoewel die navorser leidrade kry en insig ontwikkel oor respondente se antwoorde op vrae.

'n Kwalitatiewe, verkennende navorsingsontwerp word as toepaslik beskou vir die huidige tipe navorsing omdat daar min akademiese inligting oor die betrokke navorsingsonderwerp bestaan. Hiervolgens kan die navorsing lei tot die ontwikkeling van nuwe navorsingsinisiatiewe. Die navorsingsontwerp het ook suksesvol daarin geslaag om die doelwit van die navorsing te realiseer, naamlik om ondersoek in te stel na die lewenstyle en romantiese verhoudings van 'n groep adolessente meisies in die Bishop Lavis-gemeenskap. Die studie gee ook aandag aan die *taxi queen*-verskynsel as 'n besonderse vorm van 'n romantiese verhouding.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2.2 Navorsingsmetodes vir dataversameling

Vir die doel van dataversameling is daar van twee navorsingsmetodes gebruik gemaak, naamlik: fokusgroepe en individuele onderhoude.

- **Fokusgroepe**

Die dataversameling het gestrek van 2-25 September 2002. Van 2-20 September 2002 is die fokusgroeponderhoude gedoen. Krueger en Casey (2000:10-11) is van mening dat fokusgroepe sekere eienskappe besit. 'n Fokusgroep sluit persone in met sekere karaktertrekke of eienskappe wat vir die navorser belangrik is. Kwalitatiewe data en gefokusde besprekings word tydens die sessies verkry. Die gebruik van 'n fokusgroep word deur Babbie en Mouton ondersteun (2001:292) omdat fokusgroepe geleenthede verskaf om 'n omvattende hoeveelheid interaksie oor 'n onderwerp waar te neem binne 'n beperkte tydperk. Fokusgroepe as onderhoudstegniek lewer bewyse oor die ooreenkomste, maar ook verskille in respondente se opinies en ervaringe. Tydens fokusgroepe is die fokus op groepsinteraksie en nie op individuele lede nie ten einde data in te samel. Morgan (1998:16) beklemtoon dat fokusgroepe data wat vir die navorser van belang is uit groepbesprekings genereer. Barbour en Kitzinger (1999:5) meen dat fokusgroepe ideaal is vir die eksplorering van persone se ervaring, opinies, behoeftes en besorgdhede. Fokusgroepe het 'n reputasie dat hulle effektief werk en maklik is om te benut. Fokusgroepe versamel data net soos enige ander navorsingsmetode (Morgan, 1998:13). Krueger (1994:37) identifiseer enkele nadele van fokusgroepe, en noem dat die navorser byvoorbeeld minder beheer het oor groepsonderhoude as oor individuele onderhoude, data is moeilik om te analiseer, dit vereis spesiale vaardighede en opgeleide bemiddelaars om die groepbesprekings te lei en laastens kan die groepe varieer en dit kan dus moeilik wees om groepe byeen te bring.

Fokusgroepe word deur die feministiese navorsing geïdentifiseer as 'n effektiewe manier om individue se stemme te hoor, soos in die geval van die adolessente hoërskoolmeisies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie tipe navorsingsmetode word erken as doeltreffend vir dataversameling indien die navorsing gedoen word oor 'n navorsingsonderwerp wat sensitief van aard is. Navorsing oor fokusgroepe het aangetoon dat persone meer geneig is, om hulle persoonlike ervaringe te deel wanneer hulle in 'n groep is as in 'n persoonlike onderhoud. Feministe kritiseer die een-tot-een onderhoude en voer aan dat persone groter ondersteuning kry in 'n groepsituasie waar hulle omring is deur vriende van dieselfde portuurgroep. Persone is geneig om ervaringe en gevoelens te deel in die teenwoordigheid van ander met dieselfde probleme aangesien hulle met mekaar kan identifiseer (Farquhar, 1999:47).

Die beplanning van fokusgroepe sluit 'n aantal besluite in oor die grootte van die groep, die aantal byeenkomste, die struktuur van vrae en die tipe vraagstelling wat gebruik sal word tydens die fokusgroepe. Twee fokusgroepe bestaande uit sewe hoërskoolmeisies elk tussen die ouderdomme 16 en 18 jaar, is in die huidige navorsing gebruik. Die doel van die fokusgroepe was om 'n beskrywing te gee van die lewenstyle en romantiese verhoudings van die respondente. Implementering van die fokusgroepe het gedien as basis vir die individuele onderhoude wat op 'n later stadium gevolg het. Die fokusgroepbyeenkomste het een uur elk geduur, en elke groep het twee sessies per week bygewoon. Die ledetal vir die fokusgroep is toepaslik volgens Morgan (1998:43) se praktiese reëling *(rules thumb)*. Die navorser was in staat om 'n aktiewe bespreking te handhaaf en die produktiwiteit en groepsdinamiek is nie deur die grootte van die groep beïnvloed nie. Indien die groep te groot is, beperk dit respondente se kans om hulle insigte en waarnemings te deel. Daarbenewens verander die groepsdinamiek indien die respondente hulle ervaringe wil beskryf, maar nie in staat is om dit te doen nie. Hierdie tekens dui daarop dat die groep te groot is. Kleiner groepe beperk die reeks ervaringe wat van respondente verkry kan word (Krueger en Casey, 2000:73-74). Die fokusgroepe was **ongestruktureer** (*less structured*). So 'n tipe struktuur is veral nuttig vir verkennende navorsing. 'n Ongestruktureerde benadering verg min leiding van die kant van die navorser, terwyl dit respondente in staat stel om onderlinge besprekings te begin sonder die navorser se leiding en vraagstelling (Morgan, 1998:40). Fokusgroepe het gedurende skoolure en soms buite skoolure byeengekom. Hierdie reëling is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geïmplementeer sodat geen inbreuk gemaak sou word in die programme van die vakkundiges en leerders nie.

Die sukses van 'n fokusgroep is grotendeels gebaseer op die kwaliteit van vraagstelling. Vraagstelling van 'n hoë gehalte vereis voortdurende vooruit beplanning. Krueger en Casey (2000:44-45) identifiseer vyf tipes vrae wat algemeen gebruik word tydens fokusgroepe. *Openingsvrae* word gebruik aan die begin van die groep en is ontwerp om persone op hulle gemak te stel om sodoende met mekaar te kan gesels. *Inleidende vrae* dien as bekendstelling van die onderwerp vir bespreking en help persone om na te dink oor hulle kennis van die onderwerp. *Oorgangsvrae* gee beweging aan die gesprekke en lei tot sekere *kernvrae* wat die navorsing op dreef hou. *Slotvrae* bring die groepbespreking tot 'n einde en stel respondente in staat om oor die vorige opmerkings te besin. By oopeinde vrae word respondente gevra om hulle eie antwoorde te verskaf op die vrae (Babbie, 1998: 148). Respondente kan dus vrae op enige wyse beantwoord, sonder dat 'n respons geselekteer moet word uit 'n reeks opsies. Respondente word toegelaat om hulle response op verskillende maniere te struktureer of te antwoord soos hulle goed dink (Krueger, 1994:57). 'n Voordeel van sodanige oopeinde vrae is dat dit presies weergee wat in die respondente se gedagtes is en dit kan die teenoorgestelde wees wat die navorsers as 'n antwoord verwag (Krueger en Casey, 2000:57).

- **Diepte-onderhoude**

Marshall en Rossman (1995:80) sien 'n onderhoud dikwels as 'n gesprek met formele omstandighede waarin vooraf beplande response kategories beskikbaar gestel word. Hierdeur kan die navorser in staat gestel word om 'n aantal algemene onderwerpe te ontdek om vas te stel watter betekenis en perspektiewe die respondente daaraan heg. 'n Fundamentele beginsel binne kwalitatiewe onderhoudvoering is dat die respondent se perspektief oor die verskynsel wat ondersoek word, ontbloot moet word as die siening van die respondent en nie as die siening van die navorser nie. Die tegniek is nuttig om te gebruik aangesien dit in staat is om 'n groot hoeveelheid data in te samel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten einde inligting te verkry oor die *taxi queen*-verskynsel, is diepte-onderhoude met drie meisies tussen die ouderdomme van 16 en 20 jaar wat as taxi queens geïdentifiseer is gevoer. Twee van die meisies was lede van die fokusgroepe, terwyl 'n derde respondent buite die skoolomgewing gevind is. Aanvanklik is daar beplan om meer meisies te betrek in die navorsing oor *taxi queens*, maar die navorser kon net 3 *taxi queens* vind, weens die sensitiwiteit rondom die onderwerp. Die doel van die onderhoud was om beskrywing te gee van die romantiese verhoudings van die respondente (*taxi queens*) tydens hulle verhoudings met die minibustaxibestuurders. Onderhandelings en reëlings met die meisies het gevolg ten einde 'n gepaste tyd en plek vas te stel vir die voer van die onderhoude. Twee van die onderhoude het gedurende die dag tussen 13:00 en 15:30 plaasgevind en die ander het in die aand tussen 19:00 en 21:00 plaasgevind. Die tyd van die onderhoude het gewissel as gevolg van inligting wat respondente bereid was om met die onderhoudvoerder te deel, en die vermoë van die onderhoudvoerder om respondente aan te moedig om meer van hulle verhale te vertel.

Die onderhoude was ongestruktureer om sodoende die *taxi queens* se verhale oor hulle verhoudings met die minibustaxibestuurders te beskryf. Met behulp van die onderhoudskedule is daarin geslaag om inligting oor die *taxi queens* se verhoudings met die minibustaxibestuurders in te samel. Die voordeel van die onderhoudskedule vir hierdie navorsing is dat dit 'n eenvormige raamwerk vir al drie onderhoude verskaf het. Dit het dus gedien as raamwerk vir besprekings, analise en rapportering van die finale bevindinge. Die onderhoudskedule het uit sewe vrae bestaan. Volgens Grinnell (1998:273-274) is 'n onderhoudskedule 'n geskrewe plan wat 'n geheelbeeld vir die onderhoude uiteensit. Dit bepaal die struktuur, sekwensie en konteks van die spesifieke vrae wat gedurende die ongestruktureerde onderhoud gevra is. Die onderhoude is in die respondente se moedertaal gevoer, naamlik Afrikaans. Dit het verseker dat kommunikasie en die oordra van inligting tussen respondente en die onderhoudvoerder op 'n gemaklike wyse kon plaasgevind.

Onderhoudvoering as metode van dataversameling word as voordelig vir die navorsing beskou danksy sekere elemente wat daarmee verbind word, soos natuurlikheid,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spontaneïteit, buigsaamheid, hoë respons vlak en beheer oor die omgewing. Dié metode van dataversameling verskaf 'n natuurlike situasie waarin inligting voorgelê kan word. Tydens 'n onderhoud is die navorser self teenwoordig en kan hy/sy toesien dat alle vrae beantwoord word. Die metode vertoon buigsaamheid en is in staat om ook nie-verbale gedrag waar te neem. Dit kan dus die navorser help om verdere verduidelikings te ondersoek. As hierdie metode met die ander navorsingsmetode vergelyk word, is dit duidelik dat die beheer oor die metodes wissel. Deur onderhoudvoering te gebruik, is die navorser in beheer van die mate waartoe die vrae hanteer en beantwoord word (Grinnell, 1998:267-269). Vir Seidman (1998:3-4) is die navorser tydens onderhoudvoering daarin geïnteresseerd om persone se belewenisse van hulle ondervindings te verstaan. Hierdeur kan die navorser gedrag binne konteks plaas en begrip ontwikkel vir individue se optrede. Verder blyk dit dat onderhoude baie geld en tyd verg (Seidman, 1988:5). Onderhoude word beskou as 'n intensiewe arbeidsmetode, met 'n aantal take wat verbind word met die gebruik daarvan. Persoonlike interaksie en samewerking tydens onderhoude word as essensieël beskou. Onderhoudvoerders is egter dikwels nie gemaklik daarmee om alle aspekte te eksploreer wat die respondent by tye wil eksploreer nie, of nie bereid om dit te doen nie. Soos reeds genoem, besit onderhoudvoering die vermoë om groot volumes data in te samel, maar die ontleding daarvan neem baie tyd in beslag. Aspekte verbonde aan die anonimiteit tydens die onderhoud kan ook baie probleme na vore bring. Hierdie probleme kan spruit uit die vrees by respondente dat inligting nie met die nodige vertroulikheid hanteer word nie of selfs met die bekendmaking van inligting die regte name van respondente gebruik word (Grinnell, 1998: 270-271; Marshall en Rossman, 1995: 80-81).

- **Datavaslegging**

Gedurende die huidige navorsing is bandopnames en geskrewe notas gebruik as prosedures vir die doeleindes van datavaslegging. Krueger (1994:111) identifiseer hierdie twee maniere van datavaslegging, en suggereer dat hierdie bandopname en geskrewe notas deur die assistent of bemiddelaar bygehou kan word en tot 'n mindere mate deur die bemiddelaar self. Tydens hierdie navorsing is beide die fokusgroepe en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

individuele onderhoude op band opgeneem. Volledige aantekeninge met die aanhalings van respondente is gedoen tydens fokusgroepe en individuele onderhoude, en is op 'n latere stadium getranskribeer. Vir die doel van die navorsing is die neem van aantekeninge voordelig aangesien nie-verbale gedrag ook aangeteken kon word. Nie-verbale gedrag sluit die empiriese waarnemings en die navorser se eie interpretasie aangaande die waarnemings in. Bandopnames verskaf meer omvattende data (Grinnell, 1998:297). Laasgenoemde metode verhoog die akkuraatheid van dataversameling en laat die navorser toe om meer oplettend te wees teenoor die respondente. Dit help ook om die navorser se geheue te verfris en bied verklarings vir die aantekeninge wat tydens die fokusgroepe en individuele onderhoude gemaak is (Barbour en Kitzinger, 1999:15). Die gebruik van 'n bandopname is aan die begin van die fokusgroepe aangekondig. Die data wat uit die drie individuele onderhoude verkry is, is geanaliseer en betekenisvolle temas en woorde is geïdentifiseer. Die temas van die fokusgroepe en individuele onderhoude is geprioritiseer en getabuleer op grond van die aantal respondente wat dieselfde ervaringe beleef het.

1.2.3 Universum en seleksie van die steekproef

Voordat die navorser finaal kon besluit oor die navorsingsonderwerp, moes sy eers vasstel of die beplande ondersoek in die plaaslike hoërskool toegelaat sou word. Haar kontak met die plaaslike onderwysinstansie om toestemming vir die projek te verkry, het soos volg verloop:

Die skoolhoof is telefonies kontak en gevra of hulle sou instem dat die navorsing by dié skool kon plaasvind. Die skoolhoof het onderneem om saam te werk, op voorwaarde dat toestemming vir die projek van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry word. Die skoolhoof het die navorser verwys na die Voorligtingopvoeder wat die navorser sou ondersteun tydens die uitvoering van die navorsing en die seleksie van die steekproef. Die Voorligtingopvoeder is reeds aan die hoërskoolmeisies bekend. Danksy die bestaande verhouding tussen dié twee partye kon die navorser met die respondente in verbinding tree. Hierdie vertrouensverhouding het daartoe bygedra dat die navorser nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as 'n bedreiging gesien is nie. Om die respondente se vertroue te wen, is daar reeds die week voor die aanvang van die fokusgroepe met die respondente kontak gemaak.
Op 14 April 2003 is 'n skriftelike aansoek om navorsing te doen en 'n afskrif van die navorsingsvoorstel aan die WKOD gerig. Goedkeuring is van die WKOD verkry en word as Bylae 1 aangeheg. Die WKOD het sekere voorwaardes gestel vir die uitvoer van die navorsing:

- hoofde, skole en leerders staan onder geen verpligting om die navorser met haar ondersoek behulpsaam te wees nie;
- hoofde, skole en leerders mag onder geen omstandighede uit die resultate van die ondersoek geïdentifiseer kan word nie;
- die ondersoeker moet al die reëlings in verband met die ondersoek self tref;
- die ondersoek mag nie opvoeders se programme onderbreek nie, en
- die ondersoek moet van 2-26 September 2002 gedoen word en geen ondersoek sal tydens die vierde kwartaal toegelaat word nie.

Volgens Grinnell en Williams (1990:118-119) sluit die universum of bevolking 'n totale versameling persone of voorwerpe in wat op die navorsingsprobleem betrekking het. Vir die doel van hierdie studie het die universum bestaan uit adolessente hoërskoolmeisies. Hierdie hoërskoolmeisies was afkomstig uit Bishop Lavis in die Wes-Kaap. Agtergrondinligting van die gemeenskap dui daarop dat die meerderheid inwoners bruin is en van die middel- en lae sosio-ekonomiese klas is. Die respondente is almal deel van dieselfde rasgroep, naamlik die bruin bevolking met Afrikaans as moedertaal. Die gemeenskap word geteister deur die bose kringloop van armoede, werkloosheid en geweld. Hierdie omstandighede kan lei tot ander probleme, soos 'n gebrek aan vaardighede, gebrekkige opvoeding en 'n gevoel van magteloosheid.

Vanuit die universum is 'n doelgerigte steekproef met die hulp van die Voorligtingopvoeder geselekteer. Babbie (1998:195) verduidelik dat dit onder sekere omstandighede moontlik is om self die steekproef te selekteer, naamlik waar dit gebaseer is op die navorser se eie kennis van die bevolking, die elemente daarvan en uitsprake oor die doel van die navorsing. Grinnell en Williams (1990:125-126) bevestig dat hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vorm van steekproefseleksie eie is aan 'n verkennende navorsingsontwerp. Hierdie tipe steekproef kies opsetlik net sekere persone op grond van hulle besondere eienskappe. Die doelgerigte steekproef van hierdie navorsing het die volgende eienskappe gehad het:

- adolessente hoërskoolmeisies
- tussen die ouderdomme 16-18 jaar
- woonagtig in die gemeenskap van Bishop Lavis

1.2.4 Betroubaarheid en geldigheid van data

Data-analise is 'n proses waartydens orde, struktuur en betekenis aan data gegee word. Tydens kwalitatiewe navorsing gaan dataversameling en die analise van data hand aan hand (Marshall en Rossman, 1995:111-112).

Die navorser het die verskillende prosedures uitgevoer ten einde die betroubaarheid en geldigheid van die data-analise te verseker. Vertroulikheid is deurgaans tydens dataversameling gehandhaaf. Respondente is die versekering gegee dat net die navorser toegang sou hê tot die data en dat dit in veilige bewaring gehou sou word. Respondente is ook die versekering gegee dat hulle anoniem sou bly wanneer die resultate bekend gemaak word.

Data-organisasie is ook geïmplementeer deurdat die data wat ingesamel is, oor en oor gelees is. Hierdeur is die navorser genoodsaak om bekend te raak met die data. Gedurende dié proses kan die navorser self die temas identifiseer. Verskillende kategorieë, temas en patrone word ook uit die data verkry. Identifisering van opvallende temas en herhalende idees en patrone is uitgeken. Pogings is aangewend om patrone, temas en idees beter te verstaan en sin daaruit te maak. Kritiese analise van die data is uitgevoer. Verduidelikings is geïdentifiseer, beskryf en gedemonstreer. Geldige redes is voorsien waarom sekere verduidelikings as meer aanvaarbaar as ander beskou moes word (Marshall en Rossman, 1995:113-117).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.3 INDELING VAN HOOFSTUKKE

Die tesis is in vyf hoofstukke ingedeel. In hoofstuk 1 word 'n uiteensetting van die inleiding, agtergrond en navorsingsmetodologie van die navorsing gegee. In hoofstuk 2 word hoofsaaklik na *jeug* as sosiale konstruksie gekyk, en in die besonder na die veranderings wat voorkom lewenstyle en vryetydsaktiwiteite van jeugdiges. In hoofstuk 3 word daar aandag geskenk aan die romantiese verhoudings en seksualiteitskwessies van jong vroue. Hoofstukke 4 en 5 bevat beide die bevindinge van die fokusgroepe en die indiepte-onderhoude. In hoofstuk 6 word die gevolgtrekkings wat vanuit die empiriese ondersoek gemaak kan word, uiteengesit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2
JEUG AS SOSIALE KONSTRUKSIE

2.1 INLEIDING

Die wêreld het 'n heterogene jeugbevolking, wat onder andere verskil met betrekking tot klas, etnisiteit en probleme. Die Suid-Afrikaanse samelewing vertoon 'n hoë proporsie jeugdiges, naamlik 35% (11 miljoen) (Suid-Afrika, 1997:9). Verder is meer as die helfte van Suid-Afrika se jeugbevolking onder die ouderdom 30 jaar. Volgens Suid-Afrika se Nasionale Jeugbeleid (1997:7) word persone in die ouderdomsgroep 14-35 as jeugdiges gesien. Dié beleid beskou jeugdiges as diegene wat sosiale, ekonomiese en politieke ondersteuning benodig ten einde toe te sien dat hulle hulle volle potensiaal bereik. Dié tydperk word gesien as 'n tyd waarin jeugdiges dramatiese veranderinge in hulle lewensomstandighede deurmaak soos hulle van hulle kinderjare na volwassenheid beweeg. In die Suid-Afrikaanse konteks hou die probleme en behoeftes van die jeugbevolking verband met probleme en behoeftes wat in ander strukture in die land voorkom. Hierdie probleme raak meer gekompliseerd soos die jeug oorgaan tot volwassenheid en het veral te make met die druk om 'n inkomste te verdien en 'n onafhanklike bestaan te kan maak. Jeugdiges streef na onafhanklikheid van hulle gesinne en om verantwoordelikheid vir hulself te aanvaar.

In hierdie hoofstuk sal daar aandag geskenk word aan 'n ontleding van die konsep *jeug*. Daar sal veral op die volgende aspekte gefokus word: die diversiteit van jeugdiges, jeug as 'n oorgangstadium, marginalisering van die jeug en die verlore generasie (*lost generation*) en laastens die lewenstyle en vryetydsaktiwiteite van jeugdiges. Fokus word op die lewenstyle en vryetydsaktiwiteite van jeugdiges geplaas ten einde uit te beeld hoe die lewenstyle en vryetydsaktiwiteite van jeugdiges verander het. Hierdie aspek sal dien as die breë konteks vir die ontleding van die meisies se lewenstyle en romantiese verhoudings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2 DIE DIVERSITEIT VAN JEUGDIGES: KULTURELE, SOSIALE, HISTORIESE VERSKILLE

Aangesien jeugdiges dinamies verskil, is daar geen algemeen aanvaarde definisie van die konsep *jeug* nie. Skrywers wat die term probeer omskryf het, het besef dat sodanige beskrywing in werklikheid 'n ingewikkelde proses is. Die term *jeug* het verskeie betekenisse. Volgens Wyn en White (1997:8-14) word jeugdiges beskou as 'n afsonderlike en betekenisvolle kategorie persone. Daarby word onder die term verstaan 'n oorgangstyd na volwassenheid of dat die jeug 'n toestand van "wording" of "verandering" impliseer teenoor volwassenheid as die "aankoms". Reynolds (in Van Zyl Slabbert *et al.*, 1994:12) is van mening dat die term *jeug* net in die breedste sin van die woord as 'n kategorie gesien moet word. Die jeugtydperk is betekenisvol omdat die jongmense op die drumpel van volwassenheid staan. Die jeug staan dus tussen een status (die kinderjare) en 'n volgende status (volwassenheid). Wat eintlik van belang is, is dat elkeen van hierdie statusse sosiaal gekonstrueer is.

Een van die mees algemene betekenisse van die konsep jeug is dat dit na 'n ouderdomskategorie verwys. Die konsep *adolessensie* is 'n voorbeeld van hierdie benadering. Adolessensie word dikwels beskou as universele lewenstadium met 'n biologiese komponent waartydens sekere take afgehandel moet word. Hierdie take kan die ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en die keuse en voorbereiding vir 'n beroep insluit. Die nie-voltooiing van hierdie take sal daartoe aanleiding gee dat die persoon nie tot 'n volwaardige volwassene ontwikkel nie. Hierdie situasie is nie so eenvoudig nie, veral wanneer dit betrekking het op die kulturele diversiteit van Suid-Afrikaanse gemeenskappe. Navorsers Van Vuuren en De Jongh (1999:143) het navorsing gedoen oor die manlike en vroulike inisiasieprosesse in die Xhosa- en Ndebele-gemeenskappe van Suid-Afrika. Die jong Afrika-jeugdiges van hierdie gemeenskappe word deur die inisiasieproses formeel uit hulle jeugstadium na volwassenheid gelei, en nie deur die voltooiing van sekere take nie. Die inisiasieritueel gee aan die betrokke individue herkenbare volwasse status. Die inisiasieproses is die enigste belangrike faktor wat benodig word om volwasse status te bereik. Dit beteken dat alhoewel die terme "jeug" en "kind" verwys na ouderdomsgroepe is die onderskeidings nie biologies vasgelê nie, maar word dit sosiaal gekonstrueer. Die implikasie hiervan is dat die grens tussen byvoorbeeld jeugdige en volwassene arbitrêr is soos vir sommige doeleindes in Suid-Afrika waar dit van 14 tot 35 jaar strek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kenmerke van 'n kategorie mense soos "jeugdiges" is dus nie vasstaande nie. Openbare konsepsies van die kenmerke van jeugdiges varieer oor tyd en tussen verskillende kulturele groepe. In die een gemeenskap is 'n persoon 'n kind totdat hy of sy trou en sodoende volwassenheid bereik, maar dit kan op 'n 12- of 24-jarige ouderdom wees, terwyl iemand in 'n ander gemeenskap kind bly ten opsigte van afhanklikheid totdat hy/sy sy/haar onderwys voltooi het, wat weereens op die ouderdom 12 of 24 mag wees (Reynolds in Van Zyl Slabbert *et al.*, 1994:12). Dit is waarom Wyn en White (1997:10) meen dat jeug kan nie as 'n algemene ouderdomskategorie gesien word nie, want die kulturele siening van lewenstadiums gee sosiale betekenis aan die proses van opgroei en veroudering. Die ouderdomselement wat die konsep *jeug* vergesel, word oopgestel vir verskillende kulturele interpretasies. Elke kultuur het 'n eie opvatting oor wat dit beteken om 'n jeugdige te wees. Dit is waarom daar geen eenstemmigheid bestaan oor waar die grense van die ouderdomskategorieë getrek word nie.

Verder beteken dit ook nie dat indien 'n bepaalde groep mense soos byvoorbeeld in Suid-Afrika tussen 14 en 35 jaar as *jeugdiges* bekend staan, hulle eenvormig is nie. Die diversiteit van Suid-Afrika se jeugdiges sluit byvoorbeeld onderlinge verskille met betrekking tot ras, kultuur, geslag en sosiale klas en historiese tydperke in. Die sosiale prosesse in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe het 'n invloed op jeug as 'n tydperk van oorgang tot volwassenheid. Mitterauer (in Wyn en White, 1997:14) kom tot die gevolgtrekking dat dit nie altyd nuttig is om jeug as 'n oorgang tot volwassenheid op so 'n wyse te kategoriseer nie. Die skrywer (Mitterauer, 1993) is van mening dat die tydstip, betekenis en orde waarvolgens die verskillende aspekte van oorgang plaasvind, van jong vrou tot man en van een gebied na 'n ander een verskil. Deur die verwysing na die sosiale aspekte, raak 'n mens daarvan bewus dat Suid-Afrika se jeugdiges verskille ervaar ten opsigte van ekonomiese geleenthede en lewenstyle. Sekere jeugdiges is byvoorbeeld by 'n onderwys- of opleidingsinstelling ingeskryf en ander nie. Ander is werksaam of leef saam met hulle ouers, terwyl nog ander nie dieselfde ervaring het nie (Suid-Afrika, 1997:7). Daarbenewens was jeugdiges ook onderwerpe aan armoede, politieke manipulasie, rasse- en ander verdelings wat die land verskeur het (Malan *et al.*, 1995:12). Hierdie verskille in jeugdiges se leefwyse en lewenstyl gee aanleiding tot spanning en onsekerheid in hulle lewens, en die aspekte hierbo het dus 'n invloed op hoe jeugdiges die lewe ervaar. Dit blyk dus dat jeug nie as 'n uniforme kategorie beskou kan word nie, omdat hulle verskille ervaar rondom lewens ervarings, verwagtinge en behoeftes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3 JEUG AS OORGANGSFASE

Die jeug as oorgangsfase kan ook met die term *jeugtransisie* aangedui word en dit verwys na 'n verskuiwing of oorgang van die jeugtydperk na volwassenheid. Wyn en White (1997:95) sien 'n dualiteit in hierdie beskrywing. Enersyds impliseer jeugtransisie die idee van 'n "proses met vloeibaarheid en verandering" en andersyds is daar 'n algemene aanname dat dit 'n "statiese en kategoriese denkbeeld" van jeug behels, waar egalige vordering gemaak word deur voorspelbare stadiums tot by die eindpunt, naamlik volwassenheid. Die term *oorgang* gee die idee dat jeugdiges een oorgang na volwassenheid voltooi, en dat *volwassenheid* 'n duidelike gedefinieerde status reflekteer. Die bereiking van volwassenheid word beskou as 'n "bestemming" waarby jeugdiges arriveer (Wyn en White, 1997:96). Verder word daar aangeneem dat die oorgangstadium 'n algemene ervaring is wat deur die meerderheid jeugdiges gedeel word. In die samelewing is daar algemeen aanvaarbare tekens wat met die bereiking van volwassenheid geassosieer word. Dit hou verband met die tye waarop die jeugdige sy/haar skoolopleiding voltooi, die huis verlaat, werk bekom en trou. Hierdie elemente word almal verbind met die verskillende vlakke van onafhanklikheid van die ouers en versorgers. Die addisionele faktore behels biologiese rypwording, opbou van persoonlike en sosiale verhoudings en die begin van deelname aan die gemeenskapslewe. Al dié tekens dien as aanwysers om die toestand van volwassenheid te reflekteer. Hierdie stadia word ook gebruik as 'n verwysingsraamwerk om te bepaal of die individu reeds die volwasse status bereik het.

Alhoewel bostaande tekens deel uitmaak van patrone wat die meerderheid jeugdiges op een of ander tyd ervaar of na verlang, is die tekens onderworpe aan verandering. Dit is duidelik dat die kenmerke van die volwasse lewe nie vasgestel is nie; hulle is omkeerbaar (Wyn en White, 1997:96-97). Net soos daar geen universele konsep van *jeug* bestaan nie en verskillende faktore 'n invloed het op die begrip, is dit nie meer duidelik op watter stadium jeugdiges volwassenheid betree nie. Indien ons aanneem dat die jeugbevolking die proses as 'n homogene groep ervaar, verkeer ons onder 'n illusie. Die oorgang tot volwassenheid is geen universele proses nie, aangesien die ervaringe van jeugdiges verskil. Daar is eerder meervoudige oorgange wat verskil weens sosiale verdeling. Onder sekere omstandighede reg oor die wêreld word jeugdiges aan opvoedkundige mislukkings, institusionele diskriminasie en hoë vlakke van werkloosheid blootgestel. Hierdie situasie het daartoe aanleiding gegee dat jeugdiges tans 'n uitgestelde, gebrekkige en 'n erg gefragmenteerde oorgang ervaar (Wyn en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

White, 1997:95). Furlong en Cartmel (1997:38) noem byvoorbeeld dat die oorgang van die skool na 'n werk deur jeugdiges gesien word as proses gevul met risiko's en onsekerheid. Binne dié proses word aandag geskenk aan jeugdiges wat mislukkings ervaar. Jeugdiges word geïsoleer en word nie deel van die dominante samelewing nie.

Vanweë die verandering wat in die proses voorkom lyk dit asof die oorgang geen universele proses is nie, aangesien jeugdiges se ervaringe verskil en hulle die oorgang op verskillende maniere beleef en hanteer. Verder oefen verskillende faktore soos onderwys, 'n beroep en seksualiteitskwessies 'n invloed uit op die oorgang tot volwassenheid. Faktore wat 'n invloed op die oorgang uitoefen, word hieronder uiteengesit.

2.3.1 Faktore wat die oorgang beïnvloed

2.3.1.1 Onderwys

Wyn en White (1997:101) noem dat onderwys en opleiding in industriële lande die sentrale meganisme vir die strukturering van die oorgangsproses vir jeugdiges is. Onderwys het duidelik 'n fundamentele rol en beïnvloed die loopbane en toekoms van jeugdiges regoor die wêreld (Miles, 2000:41). Beide interne en eksterne faktore in die onderwys weerhou jeugdiges daarvan om skool te gaan en plaas dié jeugdiges later in hulle volwasse lewe in 'n benadeelde posisie.

Volgens die bevindinge van Wallace en Kovatcheva (1998:85) is dit nie meer duidelik op watter ouderdom jeugdiges hulle onderwys en opleiding sal voltooi en sal begin werk nie. In die verlede het 'n aantal jeugdiges hulle onderwys en opleiding op agtienjarige ouderdom voltooi en direk daarna 'n werk aanvaar. Omstandighede het egter verander. Onderwys en opleiding speel tans 'n belangriker rol as ooit tevore in die lewens van jeugdiges en beïnvloed die tyd waarop jeugdiges die arbeidsmark sal betree. Die verwagtinge van jeugdiges en hoe goed hulle daarop voorbereid is om in die arbeidsmark en in hulle sosiale verhoudings as volwassenes te oorleef, sal bepaal word deur die onderwysstelsel. Miles (2000:37) onderskryf die idee dat onderwys 'n kritiese rol vertolk in die lewens van jeugdiges.

Die toenemend komplekse verdeling in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark, maar ook in ander dele van die wêreld, het aanleiding gegee tot die behoefte aan buigsame en veranderde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vaardighede (Van der Merwe, 1995:66-67). Soos alreeds aangedui, volg die oorgang tot volwassenheid die idee dat die proses vergesel word van duidelike tekens, naamlik skoolverlating ten einde 'n werk te bekom. Dit is nie meer so eenvoudig nie. Volgens Miles (2000:38) bestee meer jeugdiges meer tyd aan opvoeding en opleiding vir die opbou van 'n reeks kwalifikasies wat hulle vir die arbeidsmark sal toerus. Skrywers soos Wyn en White (1996:96) ondersteun Miles (2000) en verduidelik dat skoolverlating en 'n terugkeer na die opvoedingstelsel 'n aaneenlopende proses is en lewenslange opvoeding word al meer algemeen.

Daar is deur die Nasionale Jeugbeleid (1997:28) bevind dat beide jong mans en vroue deur middel van onderwys en werk beter voorbereid is op die lewe. Hierdie realiteit het 'n invloed gehad op die jeugbevolking van Suid-Afrika en het daartoe aanleiding gegee dat Suid-Afrika in die tydperk 1987-1996 'n algemene groei van 3,75% ten opsigte van leerders getoon het (Steyn, 1998:184). Miles (2000:38) het byvoorbeeld bevind dat Brittanje in die tydperk 1970 tot 1990 'n verdubbeling ervaar het ten opsigte van voltydse opvoeding van jeugdiges in die ouderdomsgroep 17 tot 18 jaar. In die 1970's het 'n oorgrote meerderheid jeugdiges die skool verlaat op die ouderdom 16 en direk daarna 'n voltydse werk aanvaar. Hierdie prentjie het verander, in 1996 het net 'n kwart van die 16- en 17-jariges in Brittanje verdere opleiding ontvang nadat hulle die skool verlaat het soos aangedui deur Marrow en Richards (in Miles, 2000:38). Al meer Britse jeugdiges bestee dus al meer tyd aan verdere onderwys en opleiding ten einde 'n reeks kwalifikasies op te bou of reeds bestaande kwalifikasies te verbeter. Die ironie van die situasie is egter dat goed opgeleide individue ná voltooiing van sodanige opleiding hulle steeds in 'n posisie bevind waar hulle nie 'n werk kan bekom nie. Ook in Duitsland word onderwys beskou as 'n verwagte deel van die vroeë volwasse lewe van jeugdiges. Jeugdiges in Duitsland neem vir meer as drie en 'n half jaar na hulle skoolopleiding deel aan beide algemene onderwys en beroepsonderwys. 'n Fundamentele kenmerk van Duitsland se onderwys- en opleidingstelsel is die hoë vlakke van institusionalisering, met ander woorde daar is goeie samewerking deur en insette van werkers, vakbonde, opvoedkundiges en die regering. Die raamwerk van dié onderwysstelsel bied aan jeugdiges in Duitsland genoegsame tyd om op 'n geleidelike basis in 'n werksposisie in te beweeg (Miles, 2000:102-105).

Daar is verder bevind dat 'n groot aantal jeugdiges 'n deeltydse werk beklee tydens hulle skoolopleiding en tersiêre opleiding. Wallace en Kovatcheva (1998:100) bevestig dat baie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jeugdiges 'n deeltydse of selfs voltydse werk het, ten einde 'n bestaan te kan maak en hulle opvoeding te betaal. Die deeltydse werk dien as finansiële ondersteuning waardeur die verlengde opvoeding en opleiding onderhou kan word. Jeugdiges in Kanada maak 'n reeks oorgange van die skool na die arbeidsmark en keer na die skool terug vir 'n verdere tydperk. Die Kanadese jeug is minder geneig om aan 'n opleidingskema deel te neem, en verleng eerder hulle opleiding deur onderwys met 'n deeltydse werk te kombineer (Miles, 2000:106). Dit lei daartoe dat jeugdiges afhanklik bly van hulle ouers wat hulle studies onderhou. Daar is ook bevind dat meer jeugdiges steeds by hulle ouers inwoon, wat dus die jeugdiges se onafhanklikheid uitstel.

2.3.1.2 Skoolverlating

Nie alle jeugdiges in Suid-Afrika het gelyke toegang tot opvoedkundige instellings nie. Suid-Afrika ervaar tans ook hoë vlakke van skoolverlating. Dit kan toegeskryf word aan ekonomiese druk, wat beteken dat daar minder geld beskikbaar is (Everatt en Orkin, 1993:12). Jeugdiges uit verskillende rassegroepe in Suid-Afrika het nie die nodige finansies vir die aankoop van boeke en uniforms nie. Skrywers soos Makgabutlane (1994:30) en Ransom *et al.* (1999:198) het bevind dat die hoë skoolverlatingsyfers in Suid-Afrika verbind kan word met ongeletterdheid wat onder jeugdiges voorkom. Ongeletterdheid verwys nie net na die onvermoë om tekste te kan lees nie, maar ook na die onvermoë om lewensituasies te kan lees (Makgabutalane, 1994:30). Mense benodig dus kennis van lees- en skryfvaardighede ten einde in 'n spesifieke gemeenskap te kan leef en werk. Ransom *et al.* (1999:198) dui aan dat 29% van die Suid-Afrikaanse bevolking geen onderwys ontvang het nie, en dat die proporsie in die swart bevolking veel hoër is in vergelyking met ander bevolkingsgroepe. Mc Gregor (1998:50-51) dui weer aan dat dit hoofsaaklik die gehalte van skole is wat aanleiding gee tot dié hoë vlakke van skoolverlating. Baie Suid-Afrikaanse skole word gekenmerk deur oorbevolkte klaskamers, 'n tekort aan handboeke, gebrekkige basiese fasiliteite en opvoeders wat nie behoorlik gekwalifiseer is nie. Bendegeweld en vandalisme teister ook die skoolomgewing wat die opvoedkundige proses verder vertraag. Malan *et al.* (1995:16) bevestig hierdie bevinding wanneer hulle ook aandui dat die fasiliteite by skole nie aan die standaard voldoen nie. Toegang tot sekere vakrigtings, soos Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Ekonomie en Rekeningkunde is beperk weens die tekort aan opgeleide opvoeders om hierdie vakke aan te bied.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die hoë skoolverlatingsyfers in Australië is ook 'n relevante kwessie. Daar is dit hoofsaaklik jeugdiges uit die werkersklas wat die skool vroeg reeds verlaat. Jeugdiges wat die skool op 'n vroeë stadium verlaat, het gebrekkige vaardighede en lae vlakke van opvoedkundige prestasie. Dit beteken dat jeugdiges nie voldoende voorbereiding sal hê vir enige geleenthede in die arbeidsmark nie. Dit is diegene wat die ergste benadeel word in die kompeterende arbeidsmark. Jeugdiges wat die skool vroeg verlaat, is meer geneig om verlengde tydperke van werkloosheid te ervaar en word genoodsaak om korttermyn-, ongeskoolde werk met min vooruitsigte en swak werkstoestande te aanvaar. Vir jeugdiges wat die skool vroeg reeds verlaat, is die roete terug na die onderwys en opleiding ook nie altyd so maklik nie, aangesien latere toegang tot hierdie stelsels moeiliker is. In die huidige ekonomiese klimaat is die vroeë skoolverlaters die persone wat bestem is om in armoede te lewe (Miles, 2000:107-108). Jennings *et al.* (1997:35) het ander redes geïdentifiseer vir die groot aantal skoolverlaters in Suid-Afrika, byvoorbeeld tienerswangerskap wat hoog is in die swart en bruin groepe en gesinsverantwoordelikheid wat weereens hoog is in die bruin gemeenskap. In Australië word die redes vir skoolverlating verbind met jeugdiges se ontevredenheid met die gehalte van skole. Dit sluit in die ontevredenheid met skoolwerk, skoolorganisasie en jeugdiges se swak verhouding met opvoeders.

2.3.1.3 Kurrikulum

Prinsloo (1998:17-18) lewer kommentaar oor die feit dat die skool en die kurrikulum jeugdiges nie werklik op hulle toekoms in die moderne samelewing voorberei nie. Die kurrikulum is meer akademies gerig en die klem op tegniese voorbereiding ontbreek. Soos alreeds genoem, het die regering 'n nuwe onderwysstelsel ontwerp. Die fokuspunt in hierdie nuwe stelsel is die opvoedkundige behoeftes van jeugdiges. Kreatiewe denke, probleem-gesentreerde onderwys, onderrig van vaardighede wat op 'n loopbaan en kommunikasie-vaardighede gerig is, is belangrike elemente in hierdie nuwe stelsel (Prinsloo, 1998:18). Die kurrikulum in Australië is selfs verbonde aan 'n reeds gestabiliseerde nagraadse onderwys-stelsel vir die elite in die samelewing wat beplan om met tersiêre onderwys voort te gaan. Dit beteken dat dié kurrikulum sekere jeugdiges uitsluit wat nie beplan om hul tersiêre onderwys voort te sit nie. Die kurrikulum is ook hoogs beperkend, instrumenteel en anti-intellektueel. Die ideaal is om 'n kurrikulum te ontwerp wat 'n wyer groep leerders kan akkommodeer en nouer samewerking tussen die onderwys en die beroepswêreld sal bewerkstellig (Miles, 2000:112-113).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.1.4 Werkloosheid

Groot armoede en sosiale onstabiliteit kenmerk tans die leefwêreld van die Suid-Afrikaanse jeug. Die Nasionale Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Suid-Afrika, 1997:1-2) verskaf betekenisvolle statistiek wat die menslike behoeftes in Suid-Afrika illustreer. Veertig persent van die armste huishoudings in Suid-Afrika verdien minder as 6% van die totale inkomste, terwyl die rykstes 10% meer as die helfte van die inkomste verdien. Ongeveer 'n derde (35%) van alle Suid-Afrikaanse huishoudings (bykans 18 miljoen) leef in armoede (Louw, 1990:136). Dit is waarom jeugdiges werk as waardevol beskou. Die verkryging van 'n werk is nie net belangrik vir die stabilisering van 'n identiteit as volwassene nie, maar dit bevorder ook onafhanklikheid. Deur 'n werk sal jeugdiges in staat wees om as individue 'n bestaan te maak.

Elke jaar voltooi 'n groot aantal jeugdiges hulle skoolopleiding en bevind hulle dan in 'n situasie waar werksgeleenthede skaars is. Jeugdiges in die kontemporêre samelewing wat die arbeidsmark betree, ervaar die situasie geensins as neutraal en voorspelbaar nie. In die 1970's het jeugdiges 'n taamlike direkte oorgang gemaak van die skool na 'n voltydse werk. Grootskaalse globale ekonomiese verandering het risiko's meegebring, wat daartoe aanleiding gegee het dat die situasie tans anders. Beck (1993) beskryf hierdie verloop as "... *destandaardisering van arbeid in 'n refleksiewe modernisering*". Destandaardisering van arbeid het gelei tot die opkoms van 'n nuwe vorm van arbeid. Dié nuwe vorm van arbeid het die lewenslange voltydse werk gekanselleer en met regulerende werksplek, vasgestelde werksure en 'n werkerskontrak vervang. Dit beteken dat die beperkings tussen die werk en die gesin onbestendiger geraak het. Beck (1993:143) som dit op:

> *... one can say that a transition is occuring in industrial society from a uniform system of lifelong full-time work organized in a single industrial location, with the radical alternative of unemployment, to a risk-fraught system of flexible, pluralized, decentralized underemployment ...*

Beck (1993:142-144) neem aan dat dié "buigsame arbeid" die bedreiging van werkloosheid sal uitskakel. Buigsame arbeid beteken dat meer jeugdiges betrokke is by deeltydse en seisoenale werk (Miles, 2000:42-43; Furlong en Cartmel, 1997:30; Beck, 1993:142). Tydens deelname aan deeltydse werk word jeugdiges aan swak werksomstandighede blootgestel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Furlong en Cartmel, 1998:30). Dit is onder dié omstandighede dat jeugdiges lae lone ontvang, lang ure moet werk en nie die voordele van 'n permanente voltydse werk geniet nie. Dié vorm van werk bied min sekuriteit en jeugdiges is blootgestel aan konstante veranderings in die arbeidsmark. Hierdie nuwe verskynsels het gelei tot 'n styging in werkloosheid. Suid-Afrika het tans met hoë vlakke van werkloosheid te kampe, en die arbeidsmark is nie in staat om 'n arbeidsmag vir sy werkers te skep nie. Die groepe wat die swaarste getref word, is die jeugbevolking. Ransom *et.al* (1999:198) en Miles (2000:41) ondersteun bogenoemde stelling. Hulle verklaar dat werkloosheid 'n sosiale probleem is wat 'n groot impak het op jeugdiges en hulle kwesbaar laat. In Suid-Afrika is dit die "bruin" en "swart" groepe wat die swaarste getref word (Malan *et.al.*, 1995:12; Everatt en Orkin, 1993:15). Jeugdiges onder die ouderdom 24 jaar is gewoonlik diegene wat vir tydperke van een tot drie jaar werkloos is (Suid-Afrika, 1997:12). Jong vroue word meer deur die ekonomiese omgewing beïnvloed as jong mans, en getuig ook van hoër werkloosheidsvlakke vir vroue as vir mans (Everatt en Orkin 1993:15). Die Nasionale Jeugbeleid (1997:12) bevestig dat jong vroue van alle rassegroepe in 'n swakker posisie verkeer as jong mans. Tydens 'n nasionale opname in 1993 is daar bevind dat 35% van die vroulike jeugdiges werkloos was, teenoor 24% mans (Van der Merwe, 1995:32). Dit wil dus voorkom asof die geslagselement 'n rol speel ten opsigte van werksgeleenthede.

Dit is dus duidelik dat jeugdiges se oorgang na die beroepslewe tans langer neem en die ervaringe van jeugdiges meer geïndividualiseer is. Tussen die ouderdomme 16 en 18 is jeugdiges meer geneig om 'n wye reeks ervaringe op te doen as op 'n jonger leeftyd. Hulle volg verskillende navorsingsrigtings, ontvang opleiding in verskillende kontekste en bring baie tyd sonder 'n werk en in 'n werk deur (Furlong en Cartmel, 1997:34). Jeugdiges se verwagtinge het selfs gestyg omdat hulle meer tyd in die formele onderwysstelsel deurbring. Hierdie verlengde tyd wat aan die onderwys bestee word, gaan met verhoogde frustrasie gepaard. Die jeugdiges voel dat hulle genoeg tyd aan onderwys en opleiding afgestaan het, maar ontvang dan geen beloning daarvoor nie. Die werkloosheidsprobleem en die verandering in die arbeidsmark, hou dus groot gevare en onsekerheid in vir jeugdiges wat die arbeidsmark wil betree. Nêrens word aan hulle enige versekering ten opsigte van hulle toekoms gegee nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.1.5 Tienerswangerskap

Tienerswangerskap is een van die verskynsels wat die lewens van jeugdiges beïnvloed. Dit hou verband met hulle betrokkenheid by vroeë seksuele aktiwiteite. Volgens die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:3) het omtrent een derde (31%) van die meisies en seuns tussen die ouderdomme 12-17 jaar wat aan die opname deelgeneem het, reeds seksuele omgang ervaar. Daarbenewens rapporteer 22% van jeugdiges wat reeds seksueel aktief is, dat hulle meer as twee seksmaats gehad het. Preston-Whyte en Allen (1992:210) het in hulle navorsing selfs bevind dat jeugdiges alreeds op 12 jaar in seksuele verhoudings met die teenoorgestelde geslag betrokke is. Volgens Siegel en Shaughnessy (1995:217-218) dink jeugdiges net aan die hede en nie die toekoms nie. Jeugdiges se lewe word dus gekenmerk deur selfsug en egosentrisme en hulle is glad nie bewus van die implikasies van hulle betrokkenheid by seksuele aktiwiteite nie. Bykans 'n derde van alle Suid-Afrikaanse jong meisies het alreeds voor die ouderdom 18 jaar 'n kind. Net een derde van dié tienermoeders het die kind beplan (Everatt en Orkin, 1993:21).

Die literatuur verskaf verskeie redes vir tienerswangerskappe. Daar bestaan byvoorbeeld 'n verbintenis tussen tienerswangerskappe en swak ekonomiese omstandighede weens 'n gebrek aan werksgeleenthede. Armoede bied min moontlikhede vir sinvolle ontspanning en lei tot 'n gebrek aan ontspanningsfasiliteite. In die meerderheid gevalle lei hierdie omstandighede tot vroeë seksuele aktiwiteite. Die swak ekonomiese omstandighede belemmer ook die jeug se vooruitsigte op 'n positiewe toekoms. Al wat werklik as positief beskou word, is die vooruitsig van moederskap en die grootmaak van 'n kind. Alhoewel tienerswangerskap vir sekere meisies 'n positiewe ervaring kan wees, het dit ook sekere negatiewe konsekwensies. Meer as die helfte van die jong meisies met wie Everatt en Orkin (1993:21) onderhoude gevoer het, het hulle skool of werk verlaat weens die koms van die baba. Beide jong swart en bruin meisies ervaar hierdie redes as die oorsaak vir hulle vroeë skoolverlating. As ondersteuning van die bevindinge van Everatt en Orkin (1993), bevestig White en DeBlassie (1992:183) ook dat ongewenste swangerskappe daartoe lei dat die betrokke jong meisies die skool vroeg moet verlaat en moet gaan werk weens die finansiële druk wat die baba bring. Cunningham en Boult (1996:692-693) identifiseer ook bogenoemde gevolge. Hulle voeg by dat aborsie, vatbaarheid vir deelname aan kriminele aktiwiteite, armoede en kinder-verwaarlosing ook gesien kan word as gevolge van tienerswangerskappe. In baie gevalle is jeugdige meisies nie altyd bereid om die verantwoordelikheid van ouerskap te aanvaar nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle kan gewoonlik nie die druk hanteer wat met die verantwoordelikheid van 'n baba gepaardgaan nie en die baba ly daaronder. Onder sulke omstandighede kan baie jong meisies besluit om 'n aborsie te hê wat verskeie emosionele probleme by hulle teweeg bring.

Navorsing van Jewkes *et al.*, (2001:734) oor jong meisies in swart gemeenskappe toon dat baie tieners deur hulle maats aangemoedig is om swanger te word om hulle liefde te bewys, maar ook hulle fertiliteit en vroulikheid. Jong meisies meen hulle is gereed vir die verantwoordelikheid om as enkelouers hulle kinders groot te maak, aangesien hulle sien hoe weduwees en geskeide vroue in die gemeenskap hulle babas self grootmaak. Preston-Whyte en Zondi (1991:1392) dui aan dat gemengde boodskappe ten opsigte van tienerswangerskappe van ouers ontvang word. Aan die een kant is swangerskap iets wat vermy moet word, want dit sal 'n aanduiding wees dat die jong meisies seksueel aktief is – iets wat hulle toekoms en opvoeding nadelig kan beïnvloed. Aan die ander kant word die babas wat só gebore word, wel deur die ouers aanvaar. Die meisies hoef nie hulle kinders alleen groot te maak nie. Hulle kan selfs na die skool terugkeer en professionele opleiding ontvang en selfs op 'n later stadium trou. Die hoë voorkoms van tienerswangerskappe word ook in die bruin gemeenskappe aangetref (Preston-Whyte en Allen, 1992:214-218). Hierdie verskynsel is in kontras met die Christelike waardes wat die meerderheid jeugdiges in die gemeenskappe deel. Dié navorsers het bevind dat seksuele aspekte as taboe beskou word, en nie in huishoudings bespreek word nie. Ouers vermy dit om met hulle kinders oor hierdie aspekte te kommunikeer uit vrees dat hulle die kinders sal aanmoedig om betrokke te raak by seksuele aktiwiteite. Hierdie uitgangspunt kan lei tot die siening dat tienerswangerskappe die gevolg is van 'n gebrek aan seksinligting. Moederskap word gesien as 'n vervulling van die lewe van die vrou. Daar is 'n algemene aanvaarding van die moederskapsrol omdat daar so min alternatiewe rolle vir die jong meisies bestaan. Die baba word gewoonlik aanvaar, en aborsie en aanneming word deur die meeste meisies nie as 'n opsie gesien nie weens die Christelike waardes wat deel vorm van die meisies se lewens. Die jong meisies woon by hulle ouers en keer nie na die skool terug nie.

Die verhoging in tienerswangerskappe kan 'n aanduiding wees dat jeugdiges nie veilige seks beoefen nie, wat beteken dat hulle die risiko loop om deur die MIV-virus of ander seksueel oordraagbare virusse besmet te raak (Van Zyl Slabbert *et al.*, 1994:46). Die jeugbevolking word die swaarste getref deur die Vigs-epidemie, omdat hulle op 'n vroeë stadium reeds betrokke is by seksuele aktiwiteite. Die verspreiding van die virus word as 'n bedreiging vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jeugdiges beskou soos hulle volwassenes word en meer betrokke raak by seksuele verhoudings. MIV kom in Suid-Afrika meestal voor in die ouderdomsgroep 20-29. Die persone in dié ouderdomsgroep is alreeds in hulle adolessentejare besmet (Vergani *et al.*, 1998:47). Daar bestaan onduidelikheid en teenstrydigheid in die kennis en houdings van jeugdiges teenoor MIV en Vigs (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:20). MIV is een van die grootste bekommernisse vir jeugdiges vandag. Ondanks die jeug se kommer oor MIV-besmetting en hulle vrees daarvoor, toon die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:15) dat die jeug risiko's waag ten opsigte van seksuele gedrag en hulle nie teen swangerskappe of MIV-besmetting beskerm nie. White en DeBlassie (1992:188) sien die onvoldoende benutting van voorbehoeding as 'n verdere rede vir die hoë aantal tienerswangerskappe.

2.4 MARGINALISERING EN DIE VERLORE GENERASIE

Marginalisering verwys na die uitsluiting van sekere jeugdiges van volle deelname aan die instellings van die samelewing. Die term *marginalisering* word gebruik vir die beskrywing van verskillende aspekte van lewenservaringe waardeur ongelykheid gestruktureer word (Wyn en White, 1997:120-121). Daar word op grond van hulle sosiale omstandighede teen jeugdiges gediskrimineer, wat byvoorbeeld nie daarin kon slaag om hulle onderwys te voltooi, 'n werk te bekom of verhoudings te stabiliseer of in stand te hou nie (Veeran, 1996:248). Marginalisering van jeugdiges is nie die gevolg van een enkele faktor nie, maar eerder die gevolg van die wisselwerking tussen strukturele en sosiale faktore. In hierdie geval hou die strukturele faktore verband met 'n gebrek aan geskikte onderwysvoorsiening, gebrekkige werksgeleenthede, onvoldoende behuising en swak of geen ontspanningsfasiliteite nie. Kindermishandeling, verwaarlosing in die huishoudings, swak ouer-kind-verhoudings en die disintegrasie of opbreek van die gesinslewe dui op die sosiale faktore. Jeugdiges wat as gemarginaliseerd beskou word, is persone wat geen positiewe toekoms sien nie en wat vervreemd is van hulle gesinne, die skool, die gemeenskap en werksgeleenthede. Hulle is self dikwels slagoffers van mishandeling en geweld en het ook 'n swak selfbeeld. Kenmerke van marginalisering op die individuele vlak is gevoelens van magteloosheid, isolasie, frustrasie en angs. Hierdie gevoelens kan toegeskryf word aan die ongelykheid in die samelewing (Veeran, 1996:248; Everatt en Orkin, 1993:39).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wyn en White (1997:123-124) sien marginalisering van individue as 'n

> ... *dual process of disconnection from institutions revolving around production, consumption and community life, and the social and psychological experiences of disempowerment accompanying this disconnetion* ...

Die belangrikste instellings waarop gemarginaliseerde persone uitgesluit word, is werk, skool en die gesin. *Produksie* het betrekking op die betaling van lae lone, deeltydse werk of werkloosheid. Baie jeugdiges word weens gebrekkige onderwys geforseer om 'n werk te doen waar hulle nouliks genoeg verdien om 'n volwaardige bestaan te maak. Die swak inkomste van hierdie groep het implikasies vir verbruik en toeganklikheid tot die voordele van die verbruiker-samelewing. Omdat baie jeugdiges in armoede lewe weens hulle lae inkomste, sal hulle nie in staat wees om die voordele van die verbruikersamelewing te geniet nie. Die voordele van die verbruikersamelewing is naamlik die aankoop van sekere verbruikers goedere en produkte byvoorbeeld klere, juweliersware en musiek. Dit beteken dat gemarginaliseerde jeugdiges uitgesluit word van verbruikersaktiwiteite byvoorbeeld die besoek aan winkels omdat hulle nie die nodige finansiële middele het nie. Gemarginaliseerde jeugdiges se verbruikspatrone reflekteer hulle gemarginaliseerde status. Reproduksie (*reproduction*) word gesien in terme van die toenemende afhanklikheid van jeugdiges van hulle ouers as gevolg van langer tydperke van werkloosheid. Dit gee daartoe aanleiding dat jeugdiges hulle ouerhuise op 'n later stadium sal verlaat en die ruimte om hulle eie verhoudings te ontwikkel word dus uitgestel. Alhoewel sekere jeugdiges dit nie sien as 'n probleem om vir lang periodes by hulle ouerhuise aan te bly nie, is dit vir baie ander jeugdiges nie aanvaarbaar nie. (Wyn en White, 1997:124).

'n Belangrike aspek van marginalisering is die dimensies waarbinne jeugdiges hulself marginaliseer. Jeugdiges is voortdurend besig om besluite te neem oor hulle lewens. Hulle besluit self om deel te wees van subkulture en kies self individuele lewenstyle. Belangrik hier is die konteks waarin die besluite geneem word en die redes vir besluite. Die konteks van elke besluit sal die posisie bepaal wat die jeugdige in die dominante samelewing beklee (Wyn en White, 1997:126).

Volgens Everatt en Orkin (1993:34-39) kan verskillende grade en vlakke van marginalisering geïdentifiseer word, naamlik *fine*, *at risk*, *marginalised* en *lost*. *Fine* beteken dat jeugdiges ten volle geïntegreer is in die samelewing, teenoor *at risk*-jeugdiges wat funksioneer in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

samelewing, maar tekens toon van vervreemding in sekere dimensies van hulle lewens. *Gemarginaliseerde* jeugdiges is diegene wat dringende intervensie benodig. Volgens Everatt en Orkin (1993) is jeugmarginalisering 'n nasionale probleem, en kom die grootste groep *lost* of gemarginaliseerde jeug in die swart bevolkingsgroep voor. Die tweede grootste groep was die bruin jeugdiges. In terme van geslag is die meeste vroue in die *lost*-kategorie, en hulle was ook in die meerderheid in die *gemarginaliseer*-kategorie. Verskeie berigte en artikels het alreeds verskyn oor die begrip *verlore generasie* (*lost generation*). Dié begrip kan verbind word met die politieke aktiwiteite van jeugdiges tydens die apartheidsera. Dit is duidelik dat Suid-Afrika se geskiedenis die land se jeugbevolking erg gestrem het. Die huidige generasie dra nog swaar aan die langtermynskade wat apartheid veroorsaak het. Gedurende die 1980's het die Suid-Afrikaanse "nie-blanke" skole die vesting geword vir weerstand teen die apartheidstelsel. "Vryheid vóór opvoeding" (*Liberation before education*) was die slagspreuk wat teenoor die destydse Bantoe-onderwys geuiter is. Die jeugdiges van daardie era was in 'n stryd gewikkel om die staat uit te daag oor die tipe opvoeding wat op skole afgedwing is.

Steyn (1998:182) verduidelik dat die onderwysstelsel tydens die apartheidsera gekarakteriseer is deur 'n eerste- en 'n derdewêreldkomponent. Verskille in gehalte het wel voorgekom tussen die blanke skole en die swart skole. Dié verskille was opvallend met betrekking tot infrastruktuur, hulpbronne en die opleiding van opvoeders. Die skoolomgewing is geteister deur bendegeweld, boikotte en optogte. Met verloop van tyd het baie studente die skool verlaat wat hulle in 'n ongunstige posisie ten opsigte van hulle toekomstige beroep geplaas het. Ongeag die *Back to school*-veldtog in die 1990's en ná vele transformasies is daar steeds baie jeugdiges in Suid-Afrika wat nie skool toe gaan nie. In Maart 1995 het artikel 3 van die Witskrif op Opvoeding en Opleiding ondersteuning gegee aan gratis en verpligte opvoeding tussen die ouderdomme 7 tot 15 jaar (Steyn, 1998:182-183).

Die begrip *verlore generasie* het bekendheid verwerf deur grootskaalse mediadekking. Dit het later 'n negatiewe etiket geword waarvolgens sekere groepe jeugdiges as't ware as "verlore" beskou is. Die begrip verwys na "jeug" as 'n spesifieke kategorie persone wat gesien word as 'n gevaar en bedreiging vir die samelewing en sy instellings en het jeugdiges verder gestereotipeer as persone wat vervreemd, verbitterd, swak opgevoed, sosiaal en ekonomies gemarginaliseer, polities radikaal, maar ook tot geweld geneig is (Van Zyl Slabbert *et al.*, 1994:18). Verskeie argumente het ontstaan oor die betekenis van die begrip. Skrywers stem saam dat die begrip met omsigtigheid gebruik moet word en dat die hele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

generasie jeugdiges nie as verlore beskou kan word nie, aangesien net 'n klein persentasie jeugdiges "verlore" of gemarginaliseer is (Manuel, 2000:7; Malan *et al.*, 1995:16; Makgabutlane, 1994:31; Everatt en Orkin, 1993:34-35). Volgens dié skrywers blyk dit dat die begrip as 'n etiket gebruik word om kwessies van onherstelbare skade te beklemtoon. Diegene wat as "verlore" bestempel word, word geïgnoreer en word daarvan weerhou om enige insette in gemeenskappe en nasionale aangeleenthede te lewer. Die begrip wek die indruk dat jeugdiges slagoffers van die samelewing is. Dié beeld laat egter buite rekening dat jeugdiges 'n aktiewe rol in die samelewing vertolk en dat hulle sal voortgaan om dié rol te vertolk. Makgabutlane (1994:31) verwerp die idee van jeugdiges as slagoffers, en beweer:

> *No one can be an absolute and eternal victim. Perceptions and feelings of victims' status depend on historical circumstances and exist in varying degrees of severity. The fortunes of politics that control education will change. So will the waves and cycles of economics. As we teach our young people to work "hard", to study and to earn a living out of the toil of their labour, they can and will escape the net of unemployment and illiteracy.*

Wanneer daar verwys word na die "gemarginaliseerde" of "verlore" generasie van Suid-Afrika, word daar dus net na sekere individue verwys en nie na die totale jeugbevolking nie. Daar is geen twyfel daaraan nie dat 'n gedeelte van die Suid-Afrikaanse jeug nadelig beïnvloed is deur die gebeure van die verlede wat hulle verhoed het om 'n normale rol in die samelewing te vertolk. Die probleem is eerder om vas te stel wat dit beteken om werklik "gemarginaliseer" of "verlore" te wees. Is gemarginaliseerde groepe moreel, sosiaal, polities, of fisies verlore, of net op die rand van die samelewing? Dit is belangrik dat hierdie begrippe met omsigtigheid gebruik moet word, want daar is nog steeds jeugdiges wat 'n positiewe uitkyk op die lewe het, alhoewel hulle nie daarvan verseker is dat hulle hulle volle potensiaal sal bereik nie.

2.5 LEWENSTYLE VAN JEUGDIGES

Mense se lewenstyle was nog altyd interessante onderwerpe waaroor heelwat navorsing reeds gedoen is. Navorsers wou nog altyd bepaal watter elemente werklik mense se lewenstyl uitmaak. Die literatuur getuig van pogings om hierdie elemente te identifiseer. Lewenstyle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van jeugdiges het die afgelope dekade omvattende veranderings ondergaan. Jeugdiges bestee vandag baie tyd daaraan om hulle lewenstyle te konstrueer.

Miles (2000:16) definieer 'n lewenstyl soos volg:

> *Lifestyle then is an active expression of not only the relationship between the individual and society and structure and agency, but also people's relationship to social change ...*

Uit die bostaande aanhaling kan 'n lewenstyl gesien word as 'n aktiewe uitdrukking van die individu en hoe die individu hom-/haarself sien in verhouding tot die wêreld. Die verandering wat plaasgevind het in die strukturele komponente van onderwys en werk in die samelewing het tans 'n invloed op die lewenstyle van individue. Volgens Sobel (1981:28) is lewenstyl ... *'n eiesoortige herkenbare vorm van bestaan* ... Lewenstyl word persoonlik ervaar deur die persoon wat dit akkommodeer. Dit hou dus verband met individuele gedrag waardeur die lewenstyl dan ook geïdentifiseer word. Reimer (in Miles, 2000:18) gee 'n bevestiging dat lewenstyl verband hou met gedrag wat waargeneem kan word, waarvolgens 'n lewenstyl spesifieke patrone van alledaagse aktiwiteite is waardeur die individu gekarakteriseer word. Lewenstyle is in staat om die verskille wat in die optrede van individue, groepe en samelewings voorkom, te identifiseer. In elke land is daar verskillende lewenstyle wat deur verskillende groepe gehandhaaf word. Enige persoon se lewenstyl kan 'n opsomming verskaf ten opsigte van wie hy of sy is, met ander woorde die waardes en houdings van die besondere individu of enige ander elemente wat die betrokke individu se lewe kenmerk. Reimer (1995:124) is van mening dat elke individu se lewenstyl uniek is.

In die hedendaagse samelewing word die klem toenemend op individualisme geplaas. Lewenstyle onder die jeugbevolking het dus ook meer individualisties geword. Dit hou verband met die aanname dat die samelewing meer klem plaas op die feit dat jeugdiges meer verantwoordelikheid vir hulself moet aanvaar. Hierdie tendens kan ook toegeskryf word aan die afname in die stabiliteit van gesinstrukture. Jeugdiges is ernstig daaroor om hulle as individue te laat geld. Meer onafhanklike besluite word geneem oor hulle eie lewens en aspekte wat deel van hulle lewenstruktuur sal vorm. Ouers het die persepsie dat die lewenstyl van jeugdiges veel anders is as hulle eie lewenstyl toe hulle nog jonk was. Hulle sien die lewenstyle van die moderne jeug as intensiewer en meer gekompliseerd as die lewenstyle tydens hulle eie jeugtydperk. Aan die ander kant kies jeugdiges nie lewenstyle wat dieselfde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is as die lewenstyle van hulle ouers nie. Dit plaas meer druk op die twee generasies, aangesien die generasiegaping sodoende al groter word.

Die keuse oor lewenstyle word gemaak in verhouding tot ander persone (Reimer, in Miles, 2000:18). Dit sluit in aspekte soos taal, kulturele smaak, houdings, waardes en status wat deel uitmaak van dieselfde lewenstyl wat deur die groep of persone aangeneem word. Bellah *et al.* (in Miles, 2000:24) dui aan dat 'n

> *... lifestyle enclave is formed by people who share some feature of private life. Members of a lifestyle enclave their identity through shared patterns of appearance, consumption, and leisure activities, which often serve to differentiate them sharply from those with other lifestyle ...*

In dié definisie kan sekere faktore geïdentifiseer word, naamlik identiteit, patrone in die voorkoms daarvan, verbruik en vryetydsbesteding. Lewenstyle behels sekere van hierdie faktore, waar sekere groepe sommige van die faktore met die meerderheid kan deel, teenoor 'n ander groep wat net sekere van die faktore in hulle lewenstyl sal vertoon. Lewenstyle slaag dus daarin om die verskille ten opsigte van die kenmerke van groepe en individue uit te beeld.

2.5.1 Identiteit

Binne die lewenstyl-begrip is die kwessie van identiteit baie belangrik. Johansson en Miegel (1992:27) beklemtoon dat die kern van 'n lewenstyl in die identiteit van die individu aangetref kan word. Volgens hierdie skrywers kan drie tipes identiteit onderskei word, naamlik persoonlike, sosiale en kulturele identiteit. Enersyds verskil die drie van mekaar, maar andersyds hou hulle ook verband met mekaar.

Persoonlike identiteit word gevorm deur die verskillende lewenservaringe wat die persoon beleef, veral gedurende adolessensie. Persoonlike identiteit hou sterk verband met die persoon se selfpersepsie. In hierdie identiteit word sterk klem geplaas op die self. Ervaringe wat die individu met sy/haar betekenisvolle andere (gesin of ouers) het, is ook van belang tydens die vorming van dié identiteit. Ná die voltooiing van die proses sal die persoonlike identiteit aanleiding gee tot die totstandkoming van 'n stabiele persepsie van die self (persoonlikheid) (Johansson en Miegel, 1992).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sosiale identiteit word hoofsaaklik gevorm onder omstandighede van sosialisering waarby die persoon betrokke is. Sosiale identiteit hou verband met die verskillende rolle wat die persoon in verskillende lewensituasies sal vertolk. Sodanige rolle dien dus as aanwysers vir die gedrag wat met die rolle verbind word. Elke persoon vertolk meer as een rol wat almal deel uitmaak van sy/haar lewe byvoorbeeld moeder, vriendin, maatskaplike werker, ensovoorts. Die onderskeie rolle impliseer ook meervoudige gedrag wat tydens rolvervulling uitgeleef moet word. Die funksie van die sosiale identiteit is dus om die individu in die verskillende sosiale kontekste te integreer (Johansson en Miegel, 1992).

Kulturele identiteit stel die persoon in staat om sy/haar eie individuele waardes, styl en kulturele smaak te ontwikkel. Die affiliasie van die persoon as lid van 'n besondere groep met 'n eie besondere kulturele smaak, styl, houdings en waardes kan deel uitmaak van die konteks van hierdie identiteit (Johansson en Miegel, 1992). 'n Groot invloed word uitgeoefen deur die kulturele identiteit ten opsigte van die keuse van 'n lewenstyl vir die betrokke jeugdiges. Tydens adolessensie is kulturele identiteit onderhewig aan verskeie veranderings.

2.5.2 Vryetydsaktiwiteite

Reimer (1995:132) beweer dat daar 'n aantal lewenstyloriënterings binne die lewenstyle van individue bestaan. Die lewenstyloriënterings word gewoonlik met ander persone gedeel. Tydens die sosialiseringsproses is daar interaksie met verskillende persone. Hierdie interaksie word later in die verskillende oriënterings geïntegreer. Lewenstyloriëntering vind plaas ten opsigte van twee verskillende groepe, naamlik 'n primêre groep (gesinslede) en 'n sekondêre groep (kollegas). Verskillende betekenisse word aan die verskillende lewenstyloriënterings geheg, op grond waarvan 'n aantal aktiwiteite uitgevoer word. Lewenstyloriëntering sluit volgens Reimer (1995) die volgende in:

- **sosiale oriëntering**: deelname aan 'n politieke party ten einde sosiale belange tevrede te stel;
- **kulturele oriëntering**: aktiwiteite word uitgevoer om 'n beter begrip van die persoon se omgewing te ontwikkel;
- **vermaaklikheidsoriëntering**: aktiwiteite word uitgevoer vir onmiddellike plesier;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **huis- en gesinsoriëntering**: die uitvoer van aktiwiteite waar persoonlike aspekte gedeel kan word en gevoelens van gehegtheid en warmte ontvang kan word;
- **sport- en buiteleweoriëntering**: die uitvoer van aktiwiteite om die gesondheid te verbeter. Dit bevat ook elemente van speel (Reimer, 1995:132-133).

Net soos volwassenes bestee jeugdiges tyd aan lewenstyloriëntering. Jeugdiges bestee veral tyd aan vermaaklikheidsoriëntering. Die wyse waarop jeugdiges hulle vrye tyd bestee, is 'n vraag wat sentraal staan ten opsigte van hulle lewenservaringe (Miles, 2000:114). Tyd en energie word bestee om hulle vryetydsaktiwiteite te organiseer, te beplan en te prioritiseer ten einde die aktiwiteite onafhanklik te kan uitvoer. Vryetydsbesteding word soos volg gesien: *... vrye tyd is die tyd wat 'n persoon nie aan sy/haar dagtaak bestee nie. Vrye tyd is dus daardie tyd wat die jeugdige ná die amptelike skoolure, sy/haar skoolwerk, huislike en ander verpligtinge, tot sy/haar beskikking het ...* (Departement van Onderwys en Kultuur, 1990:49). Miles (2000:87) beskryf die lewenstyl van jeugdiges as hedonisties.[1] Jeugdiges is dus ingestel op die genot van die oomblik en is nie juis bekommerd oor wat die toekoms vir hulle inhou nie. Aktiwiteite wat plesier verskaf, is vir jeugdiges belangrik, en deelname aan aktiwiteite wat plesier en genot verskaf, word vooropgestel. Die uitgangspunt is dus aktiwiteite waarin hulle vry kan wees van alledaagse kommer.

Larson en Verma (1999:725) argumenteer dat die tyd wat jeugdiges aan vryetydsbesteding wy, geleenthede aan hulle bied om hulself te ontdek en hulle ook leer om besluite te neem en vaardighede te ontwikkel om beter met ander persone oor die weg te kom. Daar word baie betekenis geheg aan die vryetydsaktiwiteite. Gevoelens van outonomie word ervaar in die aktiwiteite deur klem te plaas op die onafhanklike konstrukturering van die aktiwiteite. Hierdie proses word uitgevoer om meer beheer oor die aktiwiteite te hê. Dit is dus duidelik dat jeugdiges deel het aan eiesoortige gedragspatrone.

Die sosiale aktiwiteite waarby jeugdiges betrokke is, is los en ongestruktureer, veral in gevalle waar partytjies sonder ouerlike beheer en toesig van ouers gehou word (Wallace en Kovatcheva, 1998: 157). Mahoney en Stattin (2000:115) onderskei tussen gestruktureerde en ongestruktureerde vryetydsaktiwiteite.

---

[1] *Hedonisme* dui op die nastreef van plesier (Miles, 2000:95)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gestruktureerde aktiwiteite is hoog in sosiale kompleksiteit en sluit in portuursamewerking, ondersteuning deur gesinslede en leiding deur ander, nieverwante volwassenes. Ouers en ander volwassenes kan 'n aktiewe rol speel in die organisering van die aktiwiteite waaraan die jeugdiges deelneem. Die ouer sal dus bewus wees van die groep saam met wie die jeugdige tyd deurbring en waar die aktiwiteit plaasvind.

Ongestruktureerde aktiwiteite vind plaas sonder formele reëls of volwasse leiding en geskied meestal spontaan. Dit fokus ook minder op die ontwikkeling van vaardighede. Tydens dié aktiwiteite is geleenthede vir antisosiale gedrag veel hoër as tydens gestruktureerde aktiwiteite. Larson en Verma (1999:726) stem saam dat die tyd wat bestee word aan ongestruktureerde aktiwiteite weg van ouerlike beheer, met probleme ten opsigte van jeugdiges se gedrag geassosieer word. Gedragsprobleme wat met dwelmmisbruik gepaard gaan en tienerswangerskappe hou ook verband met hierdie tipe aktiwiteite.

Aangesien jeugdiges se lewens voortdurend beïnvloed word deur sosiale verandering, gebruik hulle die vryetydsaktiwiteite om weg te kom van hulle bekommernisse en sorge. Dit word selfs gedoen om weg te kom van hulle ouers se konstante beheer oor hulle lewens, aangesien hulle so lank moontlik vry wil wees om hulle in die aktiwiteite te kan uitleef. Reimer (1995:135) noem dat jeugdiges hulle vryetydsaktiwiteite op 'n meer individualistiese basis hanteer. Ondanks hierdie individualistiese hantering bied vryetydsaktiwiteite die grondslag vir eenheid onder jeugdiges. Vryetydsaktiwiteite kan ook in groepsverband beoefen word. Dit kan die plek en geleentheid bied vir jeugdiges om nuwe vriende te ontmoet en verhoudings op te bou. Die aktiwiteite vind meestal plaas in 'n sosiale konteks wat aan jeugdiges die geleentheid bied om saam te kom en dinge saam te geniet. Mahoney en Stattin (2000:123) gee erkenning aan die idee dat jeugdiges se vryetydsaktiwiteite as effektiewe konteks dien waaruit verhoudings gegenereer word.

2.5.3 Die rol van die verbruikersmark

Soos die tegnologie gevorder het, het die verbruikersmark 'n verskeidenheid vryetydsaktiwiteite aan jeugdiges beskikbaar gestel. Jeugdiges is aktief betrokke by daaglikse aktiwiteite soos televisie kyk, radio luister, koffie saam met hulle maats gaan drink, klere gaan koop en deelname aan die populêre danskultuur. Die Departement van Onderwys en Kultuur meld in hulle Hoofverslag (1990:49) dat navorsing getoon het dat die meerderheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jeugdiges hulle tyd deurbring deur televisie en video's te kyk, by maats te kuier, na popmusiek te luister en na disko's toe te gaan. Larson en Verma (1999:715-716) het dieselfde bevind in hulle navorsing, naamlik dat tyd meestal bestee word deur televisie te kyk en na die radio te luister. Die media speel 'n dinamiese rol in die lewens van jeugdiges, aangesien hulle die jeug aan 'n aantal betekenisvolle vryetydsaktiwiteite bekend stel. Die media is die instrument waardeur die jeug op die hoogte gehou word van die jongste aktiwiteite.

Die verbruikersmark speel 'n sleutelrol in die strukturering van sekere aspekte van die lewenstyle van die jeug (Miles, 2000:98). Die verbruikersmark tree op as 'n kulturele verskynsel wat deur lede van die samelewing gebruik word om hulle lewens te konstruktureer. Campell (in Miles, 2001:60) beskryf die verbruikersmark as die werktuig vir die seleksie, aankoop, gebruik, handhawing en die verwydering van enige produkte of dienste. Dit is 'n stelsel waaraan nie net volwassenes deel het nie, maar ook die jeug. Jeugdiges word as waardevol beskou op grond van hulle rol as verbruikers in die verbruikersmark (Miles, 2000:106). Gunter en Furnham (1998:1) het bevind dat jeugdiges erken word as 'n unieke en belangrike mark in eie reg. Soos jeugdiges se vermoë om te koop en aan te skaf toegeneem het, het die verskillende markte meer belangstelling in die jeug begin toon. Die markte beskou die jeug as 'n teikengroep waaraan kapitaal bestee moet word ten einde verskillende markte en areas te ontwikkel. Pogings is dus aangewend om die moontlikhede van die jeug se koopvermoëns te eksploreer.

Verbruik is die middel waardeur jeugdiges hulle kan uitdruk en dit verskaf die hulpbronne vir die konstrukturering van hulle daaglikse lewe (Miles, 2000:111). Dit gee aan elke jeugdige die geleentheid om uitdrukking te kan gee aan wie hy of sy is en die middel waardeur hulle hulle voorkeure vir sekere style en smaak kan toon. Deur deelname aan die verbruikersmark kan jeugdiges aan hulle eie voorkeure uitdrukking gee en vry wees om self uit die verskeidenheid produkte wat aan hulle beskikbaar gestel word, te kies. Die aankoop van sekere verbruikersgoedere moet uiteindelik verskille in verbruikersmaak reflekteer, aangesien sekere persone of winkels net sekere produkte sal besit en ander nie. Jeugdiges is toenemend daarin geïnteresseerd om deel te wees van die verbruikersmark. Die mark word dus benut om hulle op die hoogte te hou van elemente wat styl behels. As verbruikers sal jeugdiges 'n aantal bronne en middele benut om 'n eiesoortige styl of persoonlike identiteit te skep (Miles, 2000:122). In die verskillende lewenstyle van die jeug word dit al hoe belangriker om 'n besondere styl na te jaag of dit te besit. Baie tyd word daaraan bestee om winkels te besoek,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waardeur die moontlikheid verhoog word dat 'n spesifieke styl en persoonlike identiteit ontwikkel kan word. Daar is bevind dat beide jong mans en jong vroue die meeste van hulle geld aan klere, musiek en stereotoerusting bestee. Besoeke aan winkels het vir die jeug 'n gunsteling- sosiale aktiwiteit geword (Miles, 2000:112). Jeugdiges in die algemeen verlang daarna om sekere produkte te besit, want dit gee hulle gevoelens van materiële welvaart en geluk. Die portuurgroep speel 'n belangrike rol ten opsigte van verbruik. Hulle is die persone wat die evaluering doen ten opsigte van voorkeur vir sekere winkels, aangesien dit hulle is wat bepaal watter winkels as geskik beskou kan word vir die aankoop van modieuse klere en watter nie (Gunter en Furnham, 1998:114). Navorsing wat in Brittanje gedoen is, het getoon dat meisies se smaak vir sekere klere ooreenstem met die idees van hulle portuurgroep (Gunter en Furnham, 1998:29). Die portuurgroep slaag daarin om te sorg vir 'n mate van konformiteit ten opsigte van smaak vir klere en styl.

Deelname aan die verbruikersmark hou ekonomiese voordele in ten opsigte van die benutting van verbruikersgoedere en produkte (Miles, 2000:112). Die benutting van verbruikersgoedere en produkte hou verband met vroue wat die meeste van hulle geld aan skoonheidsmiddels, klere, juweliersware en gesondheidsmiddels bestee. Die produkte kan gevind word in winkels, tydskrifte en ander bronne wat ontwerp is om jong meisies te help om hulle voorkoms en populariteit te bevorder (Miles, 2000:112). Die verwysingsbronne wat geraadpleeg word, is ontwerp om wenke aan jong meisies te verskaf om hulle te help om hulle voorkoms te verbeter. Die media wat as bron vir die verbruikersmark optree, is toenemend daarin geïnteresseerd om veral aan jong meisies wenke te gee oor produkte en goedere wat in aanvraag is. Dit lei tot konformiteit ten opsigte van die aankoop van sekere produkte. Die media as sosialiseringsagent ontwikkel dus jeugdiges se verbruikersgedrag, waardes en houdings. Televisieprogramme en -advertensies dra daartoe by dat begeertes oor goedere wat die jeug verlang om te besit, gevorm word. Jeugdiges word gewoonlik deur hierdie begeertes gedryf. Die media in al sy verskillende vorme dien dus as versterking van die kommunikasie tussen jeugdiges oor die aankoop van produkte. Die media kan daartoe aanleiding gee dat jeugdiges sekere items wil bekom of wil besit aangesien hulle dit met een of ander bekende televisiekarakter assosieer. Verder leer die media jeugdiges oor betekenisvolle elemente van verbruik. Johansson en Miegel (1992:114) noem dat die jeugkultuur beide konformerend en kreatief is en albei elemente is belangrik, want dit hou verband met die verskillende identiteite van die individu. In die jeugkultuur is daar 'n aantal produkte en goedere wat betekenisvol is, byvoorbeeld popsterre of besondere CD's.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Konformiteit ten opsigte van 'n besondere produk sal bevorder word indien dit van waarde beskou word in enige area van hulle lewens of indien dit hulle populariteit en status sal kan bevorder. Die aankoop van 'n spesifieke produk of item dien as aanwyser van die individu se smaak en styl op grond waarvan die betrokke individu dus in die jeugkultuur aanvaar sal word.

Soos alreeds genoem, word daar aan die jeug die versekering gegee dat deelname aan die mark hulle begeertes en behoeftes sal vervul. Dit sluit aan by die aanname dat alle verbruikersgoedere en produkte wat hulle verlang, bekom kan word deur blote deelname aan die mark. Dit is die beeld wat die verbruikersmark aan die jeug oordra, maar is dit so eenvoudig? Miles (2001:75) som die situasie soos volg op:

> *... discourses concerning consumption tend to imply that all of us have the opportunity to consume: that consumption is a God-given right ...*

Dié aanhaling som die situasie wat in die verbruikersmark voorkom, goed op. Dit wil eintlik net sê dat almal nie gelyke toegang tot die mark het nie. Verbruik verdeel die wêreld in klasse (Miles, 2001:79). Jeugdiges is veral kwesbaar wat dit betref. Verbruik word beskou as 'n kulturele aktiwiteit, maar dit is ook daartoe in staat om individue van dieselfde samelewing te verdeel. Die verbruikersmark programmeer die jeug om te glo dat ware geluk in sekere verbruikersgoedere en produkte wat 'n mens kan besit, gevind kan word. Die markte versuim egter om klem te lê op dit wat vereis word om die verbruikersgoedere te kan besit. Indien 'n persoon nie die nodige hulpbronne besit nie, kan hy/sy nie ten volle aan die verbruikersmark deelneem nie (Gabriel en Lang, in Miles, 2001:76). Finansiële bronne word as belangrik beskou ten einde verbruikersgoedere te bekom. Die jeug word onder 'n wanindruk gebring deur die verbruikersmark wat hulle laat glo dat almal gelyke toegang tot die mark het. Die markte versuim egter om jeugdiges in te lig dat finansiële bronne benodig word om deelname te verseker. Die realiteit is dus dat vele jeugdiges nie deel kan wees van die mark nie (Miles, 2000:125). Die mag van die verbruikersmark is gesetel in die vermoë om sekere individue uit te sluit (Miles, 2001:76). Dit beteken dat daardie jeugdiges wat nie die nodige kapitaal besit nie, deelname aan die verbruikersmark ontsê word. Gevoelens van vervreemding kan in sulke situasies ervaar word, aangesien hulle nie aan die seleksie en koop van goedere kan deelneem nie. Sekere jeugdiges sal net kan fantaseer oor betrokkenheid ten opsigte van die verbruikersmark. Indien jeugdiges die nodige kapitaal en sosio-ekonomiese agtergrond besit,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal hulle in staat wees om deel te hê aan die vryhede van die mark, anders sal dit net 'n droom bly (Miles 2001; Miles, 2000). Wallace en Kovatcheva (1998:161) stem saam dat die toegang tot die verbruikersmark grootliks deur inkomste bepaal word, maar selfs hierdie inkomste word ongelyk versprei.

Die verlengde oorgang wat jeugdiges ervaar, beïnvloed hulle deelname aan die verbruikersmark. Hierdie onderwerp is alreeds voorheen bespreek, maar word hier net weer genoem omdat dit 'n verband toon met die jeug se deelname aan die verbruikersmark. Soos alreeds genoem, bevind die jeug hulle in langer tydperke van onderwys en opleiding. Dit beteken dat hulle eers op 'n later stadium 'n werk kan bekom. Die moontlikheid om 'n werk te bekom word verder belemmer deur die hoë werkloosheidsvlakke. Dit plaas jeugdiges in 'n ongunstige posisie aangesien hulle nie in besit is van die nodige kapitaalbronne nie. Miles (2000:114) noem dat jeugdiges tans genoodsaak word om geld te verdien ten einde deel te wees van die verbruikerskultuur. Die kapitaal wat 'n individu besit, sal sy lewenstyl en vryetydsaktiwiteite bepaal. Finansiële bronne sal die individu in staat stel om van die vryhede van die mark te eksploreer. Tydens die oorgangstyd is die jeug ook meer afhanklik van hulle ouers. Tans word daar meer druk op ouers geplaas om aankope van verbruikersgoedere namens die jeug te behartig. Die realiteit van sekere huishoudings is dat hulle in armoedige omstandighede woon en dat gesinslede dikwels werkloos is. Die beteken dat hierdie ouers nie in staat sal wees om effektief as verbruikers op te tree nie. Dit plaas die jeug in 'n ernstiger dilemma, aangesien hulle die lot moet aanvaar dat hulle toegang tot die mark beperk sal wees.

2.5.4 Subkulture

Subkulture kan beskou word as 'n alternatiewe lewenstyl, wat jeugdiges kies ten einde hulle van ander te onderskei. 'n Subkultuur ontstaan indien 'n hoë mate van sigbaarheid van 'n groep jeugdiges bestaan as gevolg van musiekvoorkeure, idees rondom modes of besondere oortuigings. Wallace en Kovatcheva (1998:167) noem dat vroeë jeugsubkulture geassosieer is met 'n spesifieke styl ten opsigte van aantrek, gedrag en musiek. Dit was hulle reaksie op die teenstrydigheid in die ouer kultuur en die wêreld rondom hulle. Die afwykende gedrag is uitgeleef as reaksie waarin daar weerstand gebied is teen die dominante kultuur. Subkulture handhaaf gewoonlik 'n unieke styl en smaak wat verskil van die dominante kultuur. Die uitdaging van gesag, gesagsfigure en ondermyning van die reëls van die breër samelewing vorm ook deel van die subkultuur. Dit is 'n beeld wat gewoonlik geassosieer word met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

subkulture en wat verband hou met afwykende gedrag wat weerspieël word deur die lede van die subkultuur. Volgens Garratt (in Roche en Tucker, 1997:147) bied subkulture aan jeugdiges die geleentheid om te rebelleer, maar deur 'n spesifieke styl en nie deur misdaad nie. Vir die meeste jeugdiges is subkulture niks meer nie as net 'n manier om 'n identiteit te ontwikkel en te stabiliseer in 'n samelewing waar hulle dit moeilik vind om 'n gewaarwording van die self vas te stel. Garratt (in Roche en Tucker, 1997:147) gaan verder en noem dat subkulture deur die styl wat dit inneem bewys lewer van waar jeugdiges die maatskaplike orde simbolies uitdaag. Subkulture bewys verder dat nie alle jeugdiges bereid is om gevorm te word volgens wat die volwasse samelewing moontlik as normaal beskou nie. Optrede is simbolies van aard omdat die uitdagings nie werklik 'n gevaar vir die sosiale orde inhou nie. Subkulture is gebare wat 'n aanduiding bied dat jeugdiges hulle eie waardes en lewens het en dat erkenning en aanvaarding daaraan verleen moet word. Sodra 'n hoogs sigbare groep jeugdiges hulle verskyning maak, volg stereotipering deur media. Hierdie stereotipering verseker dat die betrokke subkultuur deur die samelewing as 'n bedreiging gesien sal word. Die mediadekking gaan verder om insidente te ontdek wat die vrese oor subkulture sal bevestig. Binne hierdie konteks word subkulture beskou as 'n problematiese verskynsel wat deur die samelewing gevrees moet word.

2.6 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is *jeug* as sosiale konstruksie bespreek. Ten einde 'n begrip te ontwikkel van die term *jeug*, is die verskillende betekenisse wat aan die term geheg word, bespreek. Tydens die bespreking van jeugoorgange het dit na vore gekom dat jeugdiges die oorgange tot volwassenheid nie as 'n homogene groep ervaar nie. Net soos daar geen aanvaarde definisies van die konsep *jeug* is nie, so is dit ook nie meer duidelik op watter stadium jeugdiges volwassenheid sal betree nie. Die verskillende faktore wat 'n invloed uitoefen op die oorgang tot volwassenheid, is ook bespreek. Dit blyk dat daar 'n noue verbintenis bestaan tussen jeugoorgang en marginalisering. Tydens die oorgangstadium word die aandag veral gevestig op jeugdiges wat nie die hoofstroom volg nie. Hierdie jeugdiges is die gemarginaliseerdes wat hulle later op die kantlyn van die samelewing bevind. Dit wil voorkom asof die proses van marginalisering reeds op 'n vroeë stadium begin, naamlik voordat jeugdiges die skool verlaat en die soektog na 'n werk begin. Jeugdiges wat in moeilike omstandighede opgroei, soos armoede, swak sosio-ekonomiese omstandighede, swak opvoeding en waar beide ouers werkloos is, is alreeds gemarginaliseer voordat hulle die oorgangsproses betree. Dit beteken

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat hulle tydens die jeugoorgang probleme op 'n meer intensiewe grondslag sal ervaar as diegene wat beter huislike omstandighede beleef. Hierdie groep is ook diegene wat as verlore beskou word en wat verhoed word om insette te lewer in gemeenskappe en nasionale aangeleenthede. Verder is daar ook vasgestel dat jeugdiges tans meer onafhanklik besluite neem oor hulle eie lewens en aspekte wat deel vorm van hulle lewenstrukture as vroeër. Jeugdiges het deel aan eiesoortige gedragspatrone, aangesien hulle daarop ingestel is om die lewe van die een oomblik na die volgende te geniet. Jeugdiges is dus hoofsaaklik op soek na plesier. Ten slotte is daar aandag geskenk aan die rol van die verbruikersmark in die lewenstyl en vrye tyd van jeugdiges. In die volgende hoofstuk sal aandag geskenk word aan die romantiese verhoudings en seksualiteit van die jong vrou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3
ROMANTIESE VERHOUDINGS EN SEKSUALITEIT

3.1 INLEIDING

Romantiese verhoudings is 'n komplekse maar ook 'n kragtige verskynsel waarby jong meisies en seuns betrokke raak. Vir die meerderheid adolessente bly romantiese verhoudings 'n groot geheim. Verskillende vrae en emosies ontstaan tydens die bewuswording van die verskynsel, byvoorbeeld *wat is hierdie snaakse gevoel in my maag* of *hoe weet ek dat hy in my belangstel*? Dit is veral jong vroue wat hierdie tipe vrae vra (Brown en Newcomer, in Furman; Brown en Feiring, 1999:1). Dit is sulke algemene vrae, wat ontwrigting en spanning kan laat ontstaan, veral as 'n jong vrou nie in 'n verhouding betrokke is nie. Die meeste adolessente word gekonfronteer met hierdie vrae wat deel uitmaak van die groeiproses. Op hierdie stadium kan jeugdiges ook nog nie by sosiaal-wetenskaplikes hulp en insigte kry ten opsigte van romantiese verhoudings nie, omdat baie min navorsing tot dusver oor die onderwerp gedoen is. Alhoewel liefdesverhoudings en romanse vir jong vroue 'n realiteit is, is daar 'n gebrek aan literatuur oor die romantiese verhoudings van die adolessent.

Navorsers het die onderwerp tot dusver totaal en al geïgnoreer (Brown en Newcomer, in Furman; Brown en Feiring 1999:1). Aspekte wat verband hou met die romanse van adolessente is dus nog grootliks 'n geheim vir sosioloë. Dit is Brown en Newcomer (1999:4) wat noem dat navorsers "die bus verpas het" ten opsigte van navorsing wat op die romantiese aspekte van adolessente moes fokus. Beperkte pogings is tot dusver aangewend ten opsigte van die ontwikkeling van teoretiese en empiriese assessering van die romantiek van adolessente. Verder verklaar Giordano, Longmore en Manning (2001:111) dat navorsing oor die romantiese verhoudings van adolessente beskou kan word as "primitief en verrassend skaars". Welsh, Galliher, Kawaguchi en Rostosky (1999:646) is van mening dat die media, populêre literatuur en eie herinneringe die belangrikheid van die adolessente se romantiese verhoudings beklemtoon. Dit is in kontras met die minimale empiriese data wat beskikbaar is oor die romantiese verhoudings van adolessente en die belangrikheid van die ontwikkelingaspekte van die verhoudings. Navorsing oor die gesin, portuurgroepe en vriende is in oorvloed beskikbaar, maar navorsing oor verhoudings met die teenoorgestelde geslag is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beperk tot aspekte wat verband hou met die seksuele en voortplanting (Giordano *et al.*, 2001:111). Navorsing oor die aard, betekenis en impak van romantiese verhoudings op die adolessent ontbreek. Die siening dat die liefde nie as wetenskaplike navorsingsonderwerp bestudeer kan word nie (Rosenman, 1978:1243), kom reeds uit die sewentigerjare. Dit is waarom die liefdeservaringe en die belangrike emosie wat deel vorm van 'n verhouding, grootliks geïgnoreer is (Jackson, 1993:201; Levesque, 1993:219).

Die vraag ontstaan nou waarom die romantiese verhoudings van adolessente bestudeer moet word. Dit is wel duidelik dat die adolessent se gedagtes hoofsaaklik gevul word deur romanse. Volgens Wilson-Shochkley (in Brown *et al.*, 1999:5) word 34% van die adolessente meisies se emosies gekenmerk deur 'n ware of fantasieverhouding. Nie alleenlik dit nie; romanse en liefde is sentrale temas wat adolessente se popkultuur en musiek oorheers. Romantiese verhoudings is selfs 'n algemene onderwerp gedurende die gesprekke van adolessente tydens hulle vrye tyd (Brown *et al.*, 1999:4-5). Om hierdie redes sal daar deeglike ondersoek ingestel moet word na die aard van romantiese verhoudings van adolessente. Hierdie tesis sal poog om 'n oorsig te verskaf van die aspekte wat verband hou met die romantiese verhoudings van adolessente.

In hierdie derde hoofstuk sal daar ook aandag geskenk word aan seksualiteitskwessies wat in die romantiese verhoudings van adolessente aangetref word. Ten slotte sal seksuele geweld en dwang in adolessente se romantiese verhoudings bespreek word.

3.2 ROMANTIESE VERHOUDINGS

3.2.1 Kenmerke, motiewe en funksies van adolessente romantiese verhoudings

Gedurende die kinderjare word intieme verhoudings tot net sekere familielede en vriende beperk. Dit geld nie vir die adolessente jare nie. Gedurende hierdie tydperk ontstaan daar nuwe intieme verhoudings met die teenoorgestelde geslag en dit staan bekend as romantiese verhoudings. Gedurende die adolessente jare word die intieme ouer-kind-verhouding vervang deur 'n vriendskap waaruit 'n romantiese verhouding kan ontwikkel (Adams, Laursen en Wilder, 2001:354). Die ontwikkeling van 'n romantiese verhouding verteenwoordig 'n belangrike ontwikkelingsmylpaal in die lewe van 'n jong meisie. Volgens Shulman en Kipnes (2001:338) is die romantiese verhouding vir die adolessent van groot belang. Jong

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meisies ervaar romantiese verhoudings as 'n belangrike raamwerk waarin romantiese ervaringe beleef en uiting aan gegee kan word. Dit is ook binne die raamwerk van die romantiese verhouding dat adolessente die geleentheid kry om deel te hê aan die hofmakery. Tydens die hoërskooljare word ontspanningsaktiwiteite nie meer alleen beoefen nie, maar eerder saam met 'n spesiale maat. Wanneer 'n meisie en 'n seun beplan om mekaar alleen te ontmoet of in 'n groep na 'n dans of partytjie toe te gaan, kan daar gesê word dat 'n *date* gereël is (Gullota *et al.*, 2000:142). Zani[2] (1991:172) het bevind dat beide jong mans en vroue aangedui het dat hulle graag 'n kêrel of meisie wil hê. Die verlange om iemand spesiaal te hê, is 'n belangrike aspek in die adolessente jare. In navorsing gedoen in 1980 is daar bevind dat die ouderdom vir die eerste *date* by Amerikaanse jong blanke meisies is tussen 13 en 18, en die ouderdom vir die eerste *going steady*-verhouding is 16 jaar (Thornton, 1990:247-248). Daarby het Gullotta *et al.* (2000:142) bevind dat 85% van alle jongmense reeds op die ouderdom 16 jaar hulle eerste *date* gehad het. In die 1950's het die meerderheid meisies reeds op die ouderdom 14 jaar begin uitgaan teenoor seuns wat eers op 15 jaar begin het (Smart en Smart, 1978:131).

Brown *et al.* (1999:3) onderskei enkele kenmerke van 'n romantiese verhouding. Romanse behels eerstens 'n verhouding waar daar 'n aaneenlopende patroon van assosiasie en interaksie bestaan en waaraan twee persone deel het. Tweedens is die verhouding vrywillig. Romanse is werklik 'n persoonlike keuse, wat beteken dat so 'n tipe verhouding kwesbaar is. Die verhouding kan beëindig word deur die diskresie van enige party, alhoewel die verhouding kan voortgaan in ander vorm. In kulture waar verhoudings geërel word, is die romantiese gevoelens wat die een teenoor die ander het steeds vrywillig al, is die verhouding nie. Derdens noem Brown *et al.* (1999) dat daar in 'n romantiese verhouding 'n fisieke komponent is wat die aantrekkingskrag van die verhouding bevorder. Hieruit volg dit dat 'n romantiese verhouding gewoonlik ook 'n seksuele komponent bevat. Volgens Poole (in Heaven en Callan 1990:158) het jong vroue 'n goeie idée van watter eienskappe hulle romantiese maats moet besit. Die Australiese meisies in die studie van Poole (1982) het die volgende eienskappe in volgorde van belangrikheid gerangskik: verstandig, liefdevol, vriendelik, fisies aantreklik, sosiaal suksesvol, betroubaar en hulle moet aanpasbaar (*compatible*) wees.

---

[2] Navorsing van Zani is uitgevoer in Bologna Italie. Steekproef het bestaan uit beide manlike en vroulike respondente tussen die ouderdomsgroep 15 en 18 jaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daarbenewens het die jong Australiese mans in dieselfde navorsing van Poole (in Heaven en Callan, 1990:158) fisieke aantreklikheid eerste geplaas en dit as die belangrikste faktor ten opsigte van die ideale maat beskou. Jong mans heg oor die algemeen meer waarde aan die fisieke eienskappe van die teenoorgestelde geslag as jong vroue. Meer mans as vroue beskou fisieke eienskappe as die belangrikste vereiste vir die totstandkoming van 'n romantiese verhouding. Dit plaas druk op meisies om aan die konvensionele verwagtinge en standaarde van fisieke aantreklikheid in die hofmakery te voldoen. Volgens Taradash, Connolly, Pepler, Craig en Costa (2001:365) is romantiese verhoudings van adolessente gewoonlik van korte duur. Alhoewel hierdie soort verhouding kort is, word dit steeds beleef as 'n verskynsel wat toenemende intimiteit en intensiteit besit. Dit is eers in die latere stadiums van adolessensie dat verhouding met volwasse romantiese verhoudings begin ooreenstem.

Romantiese verhoudings van adolessente paartjies neem verskillende vorme aan, naamlik 'n verhouding wat parallel loop met 'n intieme vriendskap tot 'n vlugtige uitgaan-verhouding en laastens 'n eksklusiewe uitgaan-verhouding. McCabe (1984:160) vind aansluiting by Taradash *et al.* (2001:365) en redeneer dat die romantiese verhouding van die adolessent dikwels begin met 'n tydperk van vlugtige en informele besoeke. Na afloop van die vlugtige besoeke besluit individue of 'n oorskakeling na 'n meer gevestigde verhouding met net een persoon sal plaasvind. In so 'n verhouding word daar sekere beperkings gestel. Dit kan voorstelle insluit wat voorskryf dat alle aktiwiteite beperk word tot die persoon met wie die verhouding gedeel word. Die verhouding reflekteer dus 'n groot mate van toegewydheid aan mekaar. Dit word dus 'n verhouding wat tot 'n verlowing of selfs 'n huwelik kan lei.

Vir Diamond, Savin-Williams en Dube (in Brown *et al.* 1999-200) is die volgende eienskappe, motiewe en funksies die eintlike redes waarom adolessente betrokke raak in romantiese verhoudings. Adolessente tree in romantiese verhoudings omdat dit wedersydse intimiteit, vertroosting en sekuriteit bied. Gewoonlik word daar 'n mate van intimiteit en gevoelens van liefde en passie gedeel deur die lede wat in die verhouding betrokke is. Die romantiese verhouding is ook daartoe in staat om 'n konteks te skep waarbinne voorheen onuitgesproke gevoelens en gedagtes na vore gebring kan word. Romantiese verhoudings verskaf baie geleenthede aan die adolessent om sekere verhoudingsvaardighede te bemeester, wat as relevant beskou kan word vir toekomstige verhoudings. Laursen en Jesen-Campbell (in Brown *et al.* 1999:62-63) bevind dat die romantiese verhouding in staat is om as bron van affeksie, kameraadskap en ondersteuning op te tree. Meisies kan sosiale status en gewildheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verwerf deur 'n verhouding met 'n betrokke seun. Die verhouding tree dus op as hulpmiddel wat die portuurgroepstatus van die meisies sal kan stabiliseer, bevorder en instand sal hou. Verder blyk dit dat meisies se aantreklikheid gestaaf word deur 'n romantiese verhouding wat haar selfbeeld verhoog (Brown *et al.*, 1999: 297; Simon, Eder en Evans, 1992:30).

Dit is dus duidelik dat die romantiese verhoudings van adolessente verskil van die ander tipe verhoudings wat deel uitmaak van die adolessent se lewe. Die romantiese verhoudings van adolessente vertoon unieke eienskappe. Alhoewel dit van kort duur is, is hierdie tipe verhoudings gevul met intensiteit. Dit funksioneer as bron van intimiteit, sekuriteit, passie en liefde. Dit blyk dat die konteks van die romantiese verhouding beskou kan word as opvoedkundig. Dit verskaf aan adolessente die geleenthede om ervaringe in menslike verhoudings op te doen, aangesien dit die vorming van sosiale vaardighede aanmoedig en adolessente se vermoë om 'n maat met wysheid te selekteer, bevorder. Daar bestaan min literatuur hier te lande wat die navorser kon benut om vas te stel wat jong Suid-Afrikaanse vroue se persepsie ten opsigte van hulle romantiese verhoudings is.

3.3 ROMANTIESE VERHOUDING AS PROSES

Die ontwikkelingsperspektief van die adolessent se romantiese verhoudings kan volgens sekere fases beskryf word. Hierdie beskrywing gee erkenning aan die invloed van die portuurgroep en die verband tussen die portuurgroep en die kwaliteit van die romantiese verhouding.

3.3.1 Inisiasiefase

In die inisiasiefase is die fisieke eienskappe en aspekte van passie of anders gestel hartstogtelikheid prominent. Die passie en fisieke aantrekkingskragte is gerig op 'n spesifieke persoon (Shulman en Kipnes, 2001:347). 'n Basiese doelwit in dié fase is nie om op die gehalte van die romantiese verhouding te fokus nie, maar eerder om aan die karaktertrekke van die individu self aandag te skenk. Verder moet daar pogings aangewend word om vertroue te ontwikkel ten opsigte van die individu se vermoë om op 'n romantiese manier na 'n potensiële maat uit te reik. Tydens hierdie fase word romanse as openbare gedrag beskou en daar word volle terugvoer van die betrokkenes se vriende verwag. Dit is tipies dat daar in hierdie stadium van die adolessent verwag word om sekere vaardighede te bekom, ten einde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n romantiese verhouding te inisieer. Deur middel van interaksie met die portuurgroep leer adolessente hoe om te onderhandel tydens die aanvangstadium van 'n romantiese verhouding. Dit hou verband met vrae soos die volgende: *Hoe nader 'n mens die ander persoon indien die belangstelling daar is?* Omdat die fase bekend is vir sy gevoelens van ongemak en onsekerheid en vrese oor verkeerde optrede, sal die terugvoer en goedkeuring van die portuurgroep ten opsigte van 'n potensiële romantiese maat die inisiasie vergemaklik (Brown, in Furman *et al.* 1999: 296-297; 303; 305).

3.3.2 Affiliasiefase

Tydens die affiliasiefase ontmoet beide meisies en seuns gemengde geslagsgroepe en neem deel aan verskillende aktiwiteite in hierdie groepe. Interaksies mag 'n romantiese geur hê, maar daar is nog nie 'n verhouding op hierdie tydstip nie (Shulman en Kipnes, 2001:347). Die fokus tydens hierdie fase is op kameraadskap eerder as op intimiteit. Connolly en Goldberg (in Shulman en Seiffge-Krenke, 2001:419) suggereer dat die fase 'n tydperk is waar beide meisies en seuns net gesellig verkeer. Dié sosiale aktiwiteite verskaf toenemende genot en plesier aan beide geslagte. Volgens Brown (in Furman *et al.* 1999:311) staan hierdie fase bekend as die status-fase aangesien hierdie fase te make het met die feit dat alle besluite oor die verdere eksplorering van 'n verhouding gebaseer word op wat die verwagtinge en reaksies van die portuurgroep sal wees. Vir die adolessent is dit van kardinale belang om te weet of hierdie verhouding sal bydra tot die moontlikheid dat die groep aan hom/haar toegang sal verleen en of sy/haar reputasie beïnvloed sal word indien hy/sy raak gesien word.

3.3.3 Intieme romantiese verhouding

Interaksie lei tot die ontwikkeling van 'n verhouding. Intimiteit in die verhouding met die romantiese maat is van die allergrootste belang (Shulman en Kipnes, 2001:374). Gemeenskaplike gevoelens in die verhouding lei dikwels tot seksuele aktiwiteite in hierdie tydperk. Die portuurgroep se vermoë om die romantiese verhouding te struktureer en te reguleer neem tydens hierdie fase af (Shulman en Seiffge-Krenke, 2001:418). Die individue se fokus is meer op hulle romantiese aktiwiteite gevestig as op die portuurgroep self. Dit gee daartoe aanleiding dat hulle oplettendheid ten opsigte van groepsnorme en vriende se verwagtinge afneem. Minder tyd word saam met die portuurgroep deurgebring, en aktiwiteite word eerder met ander paartjies wat ook in 'n intieme verhouding betrokke is, gedeel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie tipe verhouding is in staat om affeksie, vriendskap en sekuriteit te verskaf. 'n Kenmerkende eienskap van so 'n tipe verhouding is die feit dat dit gevul is met diepte. Paartjies in 'n intieme verhouding delf dieper in mekaar se persoonlikhede, ervaar dieper gevoelens ten opsigte van verbintenis tot die verhouding en gaan selfs oor tot die seksdaad self (Brown, in Furman *et al.* 1999: 314-315).

3.3.4 Verbintenis in die verhouding (*commitment*)

Dié tipe verhouding is gewoonlik 'n langtermynverbintenis wat gekenmerk word deur sekere bindende faktore. Daar is veral 'n wedersydse aantrekkingskrag teenwoordig. By beide persone ontstaan 'n verlange na intimiteit en 'n bereidwilligheid en die vermoë om vir mekaar om te gee en wat hulle graag teenoor mekaar wil uitleef (Shulman en Seiffge-Krenke, 2001:418). Dit is in dié stadium dat vroue die keuse maak of hulle bereid is om hulle te verbind tot 'n lewenslange verhouding met die ander persoon.

3.4 ROMANTIESE VERHOUDINGS EN EMOSIES

Romantiese verhoudings gaan gepaard met 'n verskeidenheid emosies. Romantiese emosies kan egter ook verwoesting saai in die lewens van jongmense. Emosies gee aanleiding tot gevoelens, motiewe en verlangens en kan verantwoordelik gehou word vir die hewige gemoedskommelinge wat jong meisies ervaar. Dit is dié tipe emosies wat 'n jong vrou diep ontstel indien sy nie in 'n verhouding is nie, of wat gevoelens van liefde laat ontstaan wat aan haar hele lewe betekenis gee. Wanneer van romantiese liefde gepraat word, word gewoonlik ook onderskei tussen die konsepte *verliefdheid* en *liefde*. Vir baie jong vroue en mans beteken dié twee uiteenlopende konsepte dieselfde. Volgens die Departement van Nasionale Gesondheid en Ontwikkeling (1993) is *liefde* en *verliefdheid* egter twee verskillende komponente. Genoemde departement gee 'n duidelike omskrywing van die kenmerke van *verliefdheid* en *liefde*.

1. *Verliefdheid*

- hartkloppings;
- 'n verblindende straal;
- die verliefde persoon voel asof hy/sy in 'n ander wêreld is;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- die ander persoon oorheers die verliefde se gedagtes, gevoelens en gedrag;
- verliefdheid is bloot 'n respons op die fisieke aspekte van die ander persoon;
- die opvatting van *liefde met die eerste oogopslag* is onrealisties, en
- fisieke kenmerke sorg vir die grootste aantrekkingskrag.

2. *Liefde*

- 'n dieper begrip van die ander persoon as by verliefdheid is 'n vereiste;
- sluit voor- en afkeur in, positiewe sowel as negatiewe aspekte;
- algemene aanvaarding van die ander persoon, alhoewel dit egter nie beteken dat alle soorte gedrag aanvaarbaar is nie;
- verwag nie fundamentele persoonlikheidsverandering by die ander persoon nie, maar verwag wel dat onaanvaarbare gedrag gewysig of gestaak moet word, en
- tydsverloop en gedeelde ervaring is nodig.

Oor die algemeen word van die verliefde persoon verwag dat hy/sy irrasioneel en onbeheersd sal optree en dat die persoon in 'n kompulsiewe stemming sal verkeer. Alhoewel dit by tye die siening is rondom die konsep, is die emosie veronderstel om die basis te vorm vir 'n stabiele langtermynverbintenis met 'n ander persoon (Jackson, 2000:1767). Daarbenewens is romantiese liefde nie 'n wilsbesluit nie, en sluit in sy wese nie seksuele aktiwiteite in nie. Dit is emosioneel, sentimenteel en alleroorheersend en lê beslag op die mens se denke, doen en late. Gediggies word geskryf en die res van die samelewing en die gemeenskap bestaan net vaagweg aan die buiterand van die verliefdes se ervaring. Dit kan egter nie alleen bly staan sonder die aanwesigheid van ander soorte liefdes nie (Departement van Nasionale Gesondheid en Ontwikkeling, 1993). Sternberg en Grajek (1984:312) suggereer dat liefde die mees intense en mees gesogte emosie is waarna almal soek. Die outeurs gaan verder en noem dat verskillende skrywers 'n verskeidenheid sienings huldig oor die konsep *liefde*. Freud (1956) sien dit as gesublimeerde of, anders gestel, 'n verfynde seksualiteit. Harlow (1958) sien liefde as verbintenisgedrag terwyl Fromm (1956) liefde identifiseer met belangstelling, respek en kennis van mekaar.

Liefde is 'n emosie wat gevorm word deur sosiale, kulturele en strukturele prosesse. Emosies is kultureel gestruktureerde tekste. Samelewings verskaf leiding aan individue oor wanneer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n emosie ervaar moet word, watter gevoelens betrokke is en watter optrede met watter emosie verbind kan en moet word (Laursen en Jesen-Campbell, 1999:22). Kulturele tekste verskaf dikwels inligting aan individue oor wie mag verlief raak en tot watter mate dit mag plaasvind. Vir baie persone is liefde die belangrikste voorvereiste vir 'n huwelik. Dit is waarom romantiese liefde as voorvereiste benodig word vir die aangaan van 'n huwelik. Die ideologie agter romantiese liefde beïnvloed wel die keuse van 'n huweliksmaat. In die Westerse samelewing waar die keuse van 'n huweliksmaat op vrye individuele keuse gebaseer is, is liefde die motiverende krag vir die aangaan van 'n huwelik (Popenoe, 1998:279; Cunningham en Boult, 1998:315-316; Venter, 1994:16).

Net soos enige ander gevoel, is romantiese liefde 'n sosiale idee. Daar bestaan 'n kulturele etiket sowel as 'n ideologiese siening ten opsigte van hierdie sosiale idee. Ingesluit by die ideologiese siening oor die liefde is daar gevoelsnorme wat aan individue rigting gee ten opsigte van romantiese liefde en gedrag. Die gevoelsnorme waarop romantiese liefde gebaseer is, beïnvloed die mate waartoe individue liefde sal ervaar of selfs nie ervaar nie. Gevoelsnorme lewer 'n bydrae om toepaslike voorwerpe vir romantiese gevoelens te identifiseer (Simon *et al.*, 1992:29). Kulturele sienings van liefde struktureer vroue se sienings oor die liefde. Die kulturele sienings hou veral verband met die betekenis wat vroue daaraan heg om *verlief te raak* op 'n persoon teenoor die persepsie dat hulle *lief* is vir daardie persoon. Omdat die kulturele komponent so 'n sterk invloed op menslike emosies uitoefen, interpreteer, evalueer en wysig mense hulle gevoelens op 'n konstante basis om sodoende aansluiting te vind by die bestaande sienings aangaande liefde. Dit is waarom Steck *et al.* (1982:481) argumenteer dat mense se opvatting van liefde 'n belangrike rol speel ten opsigte van hoe hulle in enige romantiese verhouding sal voel en sal optree. Vroue se opvatting van liefde bepaal wat hulle in 'n romantiese verhouding soek en hoe hulle sal vasstel of hulle werklik op 'n besondere persoon verlief is.

Romantiese verhoudings kan 'n bron van positiewe gevoelens wees, maar ook 'n bron van pyn en bekommernis. Die positiewe emosie hou verband met die idee van verlief te wees en hou sekere voordele in vir die persoon wat die emosie ervaar. Die opgewondenheid wat jongmense se romantiese emosies vergesel, lei tot nuwe motiverings. Hierdie motiverings hou verband met die idée dat dit 'n jong vrou laat voel dat haar lewe die moeite werd is. Die moontlikheid van 'n romanse motiveer jongmense om vroeg uit die bed te klim en deur hulle daaglkse roetine te gaan sonder enige moeite. Geleenthede om te groei kan die gevolg wees

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die ervaring van die betrokke emosie. Gevoelens van verliefdheid kan die jong vrou heelwat insig gee in haarself en haar eiewaarde. Positiewe emosies kan funksioneer as organiseerders vir ontwikkeling in verskillende areas van die adolessent se lewe. Die toestand van verliefdheid besit die vermoë om individue aan te spoor om hulle persoonlike groei te ontdek wat vir hulle waardevol kan wees in die verhouding. Laastens is dit voordelig vir identiteitsontwikkeling van die adolessent (Larson; Clore en Wood in Furman; Brown en Feiring 1999:33:40).

Aan die ander kant kan die negatiewe emosies wat met verliefdheid gepaardgaan, tot gevoelens van jaloesie en woede lei of tot verlange en droefheid wat veral tydens die verbreking van die romantiese verhouding onvermydelik is. Negatiewe emosies bring ontwrigting mee in die lewens van jong meisies. Dit kan hulle daaglikse funksionering ontwrig en word ook geassosieer met depressie, selfmoord en geweld (Larson *et al.*, in Furman; Brown en Feiring 1999:34-35). Negatiewe emosies kan ook voordelig wees. Negatiewe emosies soos jaloesie en woede kan die individu mobiliseer om 'n bedreigde romantiese verbinding teen 'n indringer te beskerm. Daar word geargumenteer dat dié negatiewe emosies mense help met die interpretasie van omstandighede. Mense wat magtige negatiewe emosies ervaar, benut meer logiese analise en waarneming en fokus op die fynste besonderhede. Hulle is meer realisties, beraadslagend en skepties. Negatiewe emosies tree dus op as kragtige waarskuwings op om die betrokke persoon daaraan te herinner om soortgelyke omstandighede te vermy (Shulman en Seiffge-Krenke, 2001:422; Larson *et al.*, in Furman; Brown en Feiring 1999:39).

Feministe beweer dat liefde gesien moet word as 'n ideologie wat vroue se onderdrukking regverdig. Dit hou vroue vasgevang in uitbuitende verhoudings. Wat liefde so gevaarlik maak, is die feit dat vroue daardeur oorrompel word. Feministe redeneer dat liefde vroue kwesbaar maak, sodat hulle maklik deur mans seergemaak kan word. Vroue belê veel meer in die liefde en gee ook veel meer intimiteit as wat hulle van mans ontvang. Vir feministe is romantiese verhoudings nie 'n natuurlike verskynsel van die menslike natuur nie, maar eerder 'n produk van die samelewing en kultuur (Jackson, 1993:204-205).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5 FAKTORE BETROKKE BY 'N BEVREDIGENDE VERHOUDING: LIEFDESTYLE TYDENS DIE ROMANTIESE VERHOUDING

Levesque (1993: 220-221) het verskillende faktore geïdentifiseer wat met tevredenheid in 'n romantiese verhouding verbind kan word, naamlik kommunikasie, verbintenis (*commitment*), seksuele passie, intimiteit en kameraadskap. Kameraadskap hou verband met die idee dat paartjies in 'n bevredigende verhouding dit geniet om in mekaar se geselskap te wees en dat hulle op hulle gelukkigste is wanneer hulle tyd saam kan deurbring. 'n Volgende faktor wat deur Levesque onderskei word, is lewenslustigheid. Paartjies geniet mekaar se geselskap en daar kan selfs gesê word dat hulle dolverlief op mekaar is. Dit alles dra by tot 'n meer bevredigende verhouding. Hierdie faktor lei ook tot idealisering van die verhouding en die besef dat hulle vir mekaar bedoel is. Indien meisies toleransie en genoegsame passie van hulle maats ontvang, impliseer dit vir hulle 'n meer bevredigende verhouding. Vir seuns beteken 'n bevredigende verhouding dat hulle minder betrokke sal wees ten opsigte van emosies, terwyl die kommunikasie in die verhouding meer diepte toon.

Lee (in Sternberg en Grajek, 1984:312-314) het navorsing gedoen oor verskillende liefdestyle. Liefdestyle beïnvloed die mate van gevoelens en tevredenheid wat in enige romantiese verhouding ervaar word. Lee (in Rosenman, 1978:1243) het 'n skaal ontwerp wat agt tipes liefdestyle gemeet het. Die aard van 'n liefdestyl word gebaseer op die besondere aard van die betrokke verhouding. Liefdestyle is die verskillende benaderings waarvolgens een persoon 'n ander lief het of waarvolgens 'n verhouding aangegaan word. Sodanige style het 'n invloed op die gevoelens, sukses en uitkoms van 'n romantiese verhouding. Die moontlikheid bestaan dat 'n individu in een verhouding byvoorbeeld in 'n erotiese liefdestyl betrokke kan raak, maar in 'n volgende verhouding 'n *ludus*-liefdestyl sal volg. Navorsers het bevind dat elke individu sy/haar eie siening het oor die stelling "*ek is lief vir jou*". Elke liefdestyl het unieke kenmerke wat verskil van die ander liefdestyle.

Eerstens is die *erotiese* liefdestyl bekend as die fisieke liefde op grond van die sterk fisieke eienskappe wat in dié liefdestyl teenwoordig is. Dit word gewoonlik beskryf as "liefde met die eerste oogopslag". Daar bestaan 'n sterk verbintenis tussen die verliefdes, en 'n paartjie met so 'n tipe liefdestyl is meer geneig om baie vroeg in die verhouding seksuele omgang te hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die *ludus*-liefdestyl daarteenoor word beskou as 'n interaksie-speletjie, met misleiding tussen die verliefdes. Daar is nie 'n sterk gevoel tussen die persone nie, omdat hierdie soort liefde so manipulerend is. Verliefdes is nie baie afhanklik van mekaar nie en die verbintenis tussen die man en die vrou is ook nie baie heg nie. In hierdie tipe liefdestyl sal die man selfs by twee vrouens gelyktydig betrokke wees, of die vrou by twee mans.

Die *storgiese* liefdestyl is die derde liefdestyl, en dit neig na bruikbare liefde en vriendskap. In dié styl is daar geen vonk tussen die verliefdes nie, en die verhouding kan beskou word as 'n plat-op-die-aarde-verhouding met 'n ooreenkoms wat albei pas.

Vierdens is daar die *pragma*-liefdestyl, bekend vir sy rasionele berekenings rondom liefdesbeplanning. Dit is meer soos 'n broer-suster-verhouding, waarin die paartjie baie goeie vriende is en mekaar deeglik ken. Die paartjie wat hierdie tipe styl ten opsigte van hulle verhouding aanvaar, staan ook bekend as "rekenaar-metgeselle", aangesien hulle rasionele beplanning en berekeninge doen in terme van liefdeskwessies.

Kenmerke van die *mania*-liefdestyl word gebaseer op onsekerheid tussen verliefdes, soos wat gewoonlik deur adolessente ervaar word. Jaloesie maak ook dikwels deel uit van hierdie vyfde tipe liefdestyl.

Laastens is daar die *agape*-liefdestyl, die tipe liefde wat ondersteuning gee en vergewe. In hierdie styl word niks verwag in ruil vir die liefde wat gegee word nie (Lesveque, 1993:248-249; Hendrick en Hendrick, 1986:400-401). 'n Belangrike aspek van die verskillende liefdestyle is die feit dat dit varieer in emosionele intensiteit. *Eros*, *mania, ludus, storge en pragma* is hoog in emosies teenoor *agape* wat meer gematig is (Hendrick en Hendrick, 1986: 401).

Levesque (1993:243) het bevind dat seuns veral meer tevrede is met hulle verhoudings indien dit benader word as 'n eenvoudige vriendskap (*storgies*). Die meisies in die navorsing, het aangedui dat hulle 'n verhouding benader met diepte en passie (*eros*). Beide Hendrick *et al.* (1988:987) en Levesque (1993:243) het bevind dat *eros*-liefdestyle bydra tot tevredenheid in 'n romantiese verhouding. Vir die jong meisies en seuns in Levesque (1993) se navorsing was dit belangrik om die regte chemiese reaksie te ervaar. Verder blyk dit dat hoe minder die verhouding uitloop op 'n huwelik of 'n toekomstige verbintenis tot mekaar (*pragma*), hoe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelukkiger sal die paartjie wees. Vir jong meisies en seuns is hulle onmiddellike gevoelens 'n belangriker fokuspunt as om kommer en spanning oor die verloop van die verhouding. Om siek te wees, verhoudingsprobleme te hê en nie te kan slaap (*mania*) nie, word nie beskou as 'n positiewe faktor waardeur 'n bevredigende verhouding gestabiliseer kan word nie. Hendrick en Hendrick (1986:401) het bevind dat mans geneig is om permissief en instrumenteel te wees in hulle seksuele houdings, wat beteken dat hulle die *ludus*- liefdestyl navolg. Daarteenoor is vroue se seksuele houding tradisioneel meer konserwatief. Hierdie konservatisme van vroue is die gevolg van die wyse waarop vroue gesosialiseer word. Vroue word gesosialiseer om seks te sien as 'n besitting wat beskerm moet word en waarna omgesien moet word. Verder is vroue histories gesosialiseer om met 'n liefdevolle maat en 'n potensiële versorger te trou. Hierdie verloop plaas vroue in 'n toestand van afhanklikheid teenoor mans en maak vroue dus meer geneig om 'n *pragma*-liefdestyl te volg (Hendrick en Hendrick 1986:397–401). Dit is belangrik om te onthou dat die bogenoemde uitspraak van Hendrick en Hendrick (1986:397-401) 'n verouderde siening is. Die bevindinge van Levesque (1993) stem in 'n groter mate ooreen met die huidige tendens van adolessente se liefdestyle as dié van Hendrick en Hendrick.

Uit die bostaande is dit dus duidelik dat dit belangrik om te bepaal hoe faktore soos persoonlikheid, houdings en persepsies wat wel teenwoordig kan wees in 'n romantiese verhouding 'n invloed sal hê op die liefdestyl waarmee die verhouding genader word. Hoe meer jong meisies hulle verhouding as intiem, ondersteunend, vertrouend en mededeelsaam ervaar, hoe gemakliker sal hulle daarmee wees om sekere beperkings te stel. Hulle sal selfs gemakliker daarmee wees om uiting te gee aan die verskille in hulle romantiese verhoudings. Taradash *et al.* (2001:372) het bevind dat intimiteit en outonomie twee prosesse is wat gelyktydig in die romantiese verhouding ontwikkel en dat daar 'n verband bestaan tussen outonomie en intimiteit. Eerstens word outonomie gedefinieer as gedrags- en emosionele onafhanklikheid, gevoelens van gerustheid oor verskille met andere en 'n gevoel van selfversekerdheid. Tweedens word intimiteit gekonseptualiseer as ondersteuning, vertroue, nabyheid en 'n verbintenis met mekaar. Volgens Taradash *et al.* (2001:366) gaan hoë vlakke van intimiteit met hoë vlakke van outonomie gepaard. Die verband tussen die twee komponente word beïnvloed deur die lengte van die romantiese verhouding. 'n Korttermynverhouding word gekenmerk deur die affiliasiekomponent. Tipies in so 'n tipe verhouding is dat die adolessent veral daarin geïnteresseerd is om aktiwiteite te deel en dit te geniet. Wat hier van belang is, is dat die geselskap of vriendskap van belang is in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhouding. Adolessente in 'n verhouding wat van korte duur is, sal alleenlik gemaklik voel om hulle opinies en behoeftes uit te spreek oor aspekte wat betrekking het op aktiwiteite wat gedeel word. Dit is waarom daar 'n nouer verband bestaan tussen affiliasie en outonomie. By 'n langtermynverhouding ontwikkel daar geleenthede vir emosionele intimiteit. Met verloop van die verhouding sal opinies en verskille uitgelig word oor verdere aspekte wat met persoonlike behoeftes en intimiteit verband hou (Taradash *et al.*, 2001:373). Vroue is meer gemaklik daarmee as mans om hulle persoonlike sienings en opinies te lug in hulle romantiese verhoudings. Vroue is ook meer gevorder in hulle verwerwing van outonome vaardighede as mans. Die positiewe korrelasie tussen intimiteit en outonomie gee daartoe aanleiding dat 'n gevoel van tevredenheid ervaar sal word in die konteks van die romantiese verhouding.

Tydens die bespreking is tot dusver verskillende faktore geïdentifiseer wat bydra tot 'n bevredigende verhouding. Die konteks van 'n romantiese verhouding bied die ruimte waarin die seksualiteit van die vrou uitgeleef kan word. Uit die verskillende literatuurbronne blyk dit dat min vroue seksuele aktiwiteite beoefen voordat hulle begin deelneem aan die hofmakery. Vir vroue bied die inisiasie van die hofmakery dus ook die oorgang tot seksuele ervaringe. Daar is geargumenteer dat die vrou haar eerste seksuele ervaring in die konteks van haar eerste vaste verhouding sal hê. In die volgende afdeling sal seksualiteitskwessies van vroue bespreek word.

3.6 SEKSUALITEIT

Verskillende skrywers het uiteenlopende sienings oor die seksualiteit van die vrou (McKinney en Sprecher, 1991:27; Chilman, 1980:3). Seksualiteit behels 'n verskeidenheid aspekte met verskillende betekenisse wat die samelewing daaraan heg. Die meeste skrywers stem saam dat seksualiteit verband hou met die biologiese aspek van die individu. Hier kan daar verwys word na die genetiese element van elke persoon, waarvolgens die individu manlik of vroulik sal wees (Jubber, 1991:28-30; Reis, 1986:234). Die uiterlike waarneming van die primêre geslagsorgane help met die identifisering van laasgenoemde, wat weer verband hou met die seksuele oriëntering van die persoon. Volgens Heaven en Callan (1990:133) word geslagskwessies as 'n sosiale faktor beskou. Lede van die samelewing sal 'n individu verskillend behandel as gevolg van sy of haar biologiese geslag. Van 'n jong ouderdom af word kinders gesosialiseer ten opsigte van wat dit beteken om manlik of vroulik te wees. Verskillende rolle word aan die seksuele oriëntering van elke individu gekoppel. Vervulling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van hierdie rolle dra by tot die differensiasie wat die verskille tussen manlikheid en vroulikheid sal beklemtoon.

Volgens Reis (1986:234) bestaan menslike seksualiteit uit kulturele kontekste wat aanleiding gee tot erotiese opwekking ten einde genitale response tot gevolg te hê. Jong vroue word gedurende die omvattende liggaamlike verandering van puberteit toenemend bewus van hulle seksualiteit. Louw (1990:401) dui byvoorbeeld aan dat die puberteitsverandering universeel by alle adolessente voorkom, naamlik vinnige liggaamlike groei, hormoonveranderinge, toenemende seksuele behoeftes en die ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke. Dit is dus vanselfsprekend om puberteit met vinnige en omvattende liggaamlike groei en ontwikkeling te verbind. Meisies se ontwikkelende seksualiteit word op 'n later stadium deel van interpersoonlike verhoudings met die teenoorgestelde geslag as seuns s'n. Thornton (1990:240) beweer dat die ontwikkeling van seksualiteit en die vorming van heteroseksuele verhoudings as belangrik beskou kan word vir die rypwordingsproses by beide jong mans en vroue.

3.6.1 Seksuele gedrag van die adolessente vrou

Volgens Siegel en Shaughnessy (1995:217) is adolessensie die tyd vir die eerste afspraak, die eerste soen, die eerste liefde en die seksuele kontak. 'n Aantal jong meisies raak egter reeds seksueel aktief op 'n vroeër ouderdom as puberteit. In sommige gevalle kan 'n toename in die deelname aan seksuele omgang reeds tydens die vroeë hoërskooljare gevind word (Steele, 1999:331). Navorsing toon dat meer jong vroue sedert die 1970's seksuele omgang op 'n vroeë ouderdom het (Smart en Smart, 1978:133 en Lesch, 2000:27). Vir Italiaanse meisies is die aanvang van seksuele omgang tussen die ouderdomme 15 en 16 jaar. Amerikaanse meisies het hulle eerste koïtus tussen die ouderdomme 16 en 19 jaar ervaar. Gullota *et al.* (2000:150) verwys na navorsing deur Hayes, Thornton en Sorenson en rapporteer dat 58% dogters in Hayes (1987) se ondersoek hulle eerste koïtus tussen die ouderdomme 16 en 19 jaar ervaar het, teenoor 54% in Thornton (1990) se ondersoek en 57% in Sorenson (1973) se ondersoek. Persepsies oor vroeë deelname aan seksuele aktiwiteite kan verskil van samelewing tot samelewing. In Duitsland word vroeë seksuele ervaringe sonder teenkanting aanvaar. Voorhuwelikse geslagsomgang word selde deur Duitse ouers afgekeur en seksuele verhoudings tussen jong tieners word tot 'n mate aanvaar (Carpenter, 2001:34-35).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dieselfde geld ook in Suid-Afrika. Jong mans en vroue is op 'n baie jong leeftyd alreeds seksueel ervare. Die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:12) het wel bevind dat 'n kleiner persentasie meisies (ouderdomsgroep nie gespesifiseer nie), naamlik 28% as seuns (33%) seksueel aktief is. In sy navorsing met Xhosa-sprekende adolessente meisies het Wood *et al.* (1998) bevind dat meisies se eerste seksuele ondervinding tussen die ouderdomme 13 en 14 jaar plaasgevind het. Jewkes *et al.* (2001:736) het in die dorpsgebiede in die omgewing van Kaapstad bevind dat die mediaanouderdom vir die eerste seksuele omgang by die Xhosa-sprekende jong meisies in sy navorsing 14 jaar was. Tydens Preston-Whyte en Allen (1992:210) se navorsing is vasgestel dat die mediaanouderdom vir die eerste seksuele omgang by bruin meisies 13,5 jaar was. Nash (1990:149) het navorsing gedoen onder meisies (bevolkingsgroep nie geklassifiseer nie) wat tienerklinieke in Kaapstad bygewoon het. Dié navorsers het bevind dat 56% van die meisies by wie die menarg voor die ouderdom 12 jaar plaasgevind het, hulle eerste koïtus teen die ouderdom 15 jaar ervaar het.

Cunningham en Boult (1996:691) bevestig dat ongeag die kultuur van individue is die meerderheid van persone alreeds seksueel aktief voor die ouderdom 20 jaar. Dit wil voorkom asof die gemiddelde aanvangsouderdom vir seksuele aktiwiteite in Suid-Afrika tussen die ouderdomme 12 en 16 jaar is, met die meerderheid meisies op 15-jarige ouderdom reeds seksueel aktief. Volgens die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation 2001:12) is persone wat in landelike gebiede woonagtig is, seksueel meer aktief (34%) as diegene in metropolitaanse gebiede woonagtig (26%). Gullotta *et al.* (2000:152) en Lesch (2000:27) meen dat sosiale faktore 'n invloed het op koïtusaktiwiteite. Wanneer sosio-ekonomiese toestande verswak, word daar 'n toename in seksuele aktiwiteite ervaar. Dié waarneming is gemaak onder die Afro-Amerikaners wat vroeër seksueel aktief geraak het teenoor jong blanke Amerikaners. Gullotta *et al.* (2000:152) het verder bevind dat jongmense wat in enkelouer- huishoudings woon, hoë vlakke van seksuele aktiwiteit toon. Dit hou verband met die gebrek aan toesig in sodanige huishoudings. Huishoudings waar daar bedags gebrekkige toesig is, skep baie geleenthede vir geslagsomgang. Sulke omstandighede verskaf 'n konteks van privaatheid waarin met seksuele aktiwiteite geëksperimenteer kan word sonder die wete van die ouers (De Gaston, Weed en Jesen, 1995:477; Dorius, Heaton en Steffen, 1993:5).

Thornton (1990:270-271) voer aan dat baie min jongmense seksuele omgang ervaar voordat hulle by die hofmakery betrokke raak. Die begin van dié proses sal tot die aanvang van seksuele ervaringe aanleiding gee. Volgens Thornton hou beide die tydstip van *dating* en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling van die eerste ernstige verhouding implikasies in vir die aanvang van seksuele ervaringe. Monson (2000:173) het bevind dat, in gevalle waar die eerste *date* op 'n vroeë ouderdom voorgekom het, is dit geassosieer met hoë vlakke van seksuele deelname. McKinney en Sprecher (1991:126) noem dat individue wat op 'n vroeë ouderdom begin uitgaan, meer geleenthede het om aan seksuele aktiwiteite deel te neem.

3.6.2 Seksmaats

In baie gevalle vind die jong vrou se eerste geslagsomgang plaas met haar eerste kêrel (Jewkes *et al.*, 2001:737). Nadat die eerste koïtuservaring plaasgevind het, is meisies nog steeds in dieselfde verhouding met dieselfde maats (Shulman en Collin, 1997:54 en Lesch, 2000:31). Bykans 82% van die bruin meisies betrokke by die navorsing deur Von Regenmortel (1975:43) het seks die eerste keer binne 'n gevestigde verhouding met hulle maats ervaar. Alhoewel die navorsing deur Von Regenmortel (1975) as verouderd bestempel kan word, stem die bevindinge daarvan ooreen met bevindinge van meer onlangse navorsing. Lesch (in Zani 1991:173-174) bevestig die vroeëre bevindinge en ondersteun Von Regenmortel (1975) se bevinding dat Italiaanse meisies hulle eerste geslagsomgang gehad het met hulle maats met wie hulle reeds 7 tot 8 maande in 'n verhouding was. Die meerderheid meisies se maats was nie dieselfde ouderdom as hulle nie, maar 4 tot 12 jaar ouer. Tradisioneel word daar aanvaar dat 'n meisie in 'n verhouding sal wees met 'n maat wat een of twee jaar ouer as sy is, of selfs net so oud is as sy. Die ouderdomme van jong vroue se maats kan egter verskil van vrou tot vrou. 'n Ouer maat is gewoonlik aantrekliker vir meisies as gevolg van hulle hulpbronne (finansies) en volwassenheid en die status wat hulle na die verhouding bring. Daarby is die ouer maats ook seksueel meer ervare as die meisies. Dit kan problematiese gevolge hê. Onder sulke omstandighede word jong meisies teen 'n vinnige tempo blootgestel aan seksuele aktiwiteite waarvoor hulle nie gereed is nie of nie volwasse genoeg is nie. Verder blyk dit dat dit ook nie tot voordeel van hulle seksuele ontwikkeling is nie, weens die moontlikhede van ongewenste swangerskappe en seksuele infeksies (Marín *et al.*, 2000:409-410). Jewkes *et al.* (2001:740) bevestig bostaande stelling deur Marín *et al.* (2000) dat verhoudings met 'n ouer maat verband hou met vroeë aanvang van geslagsomgang en tienerswangerskappe. Marín *et al.* (2000:416) het bevind dat die ouderdomsverskille tussen mans en vroue in sekere Latyns-Amerikaanse lande redelik hoog is. Meksikaans-Amerikaanse meisies wat seksueel aktief is, het gewoonlik 'n maat wat tot vyf jaar ouer is as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy. In Latyns-Amerikaanse lande word algemeen aanvaar dat mans tot tien jaar ouer as hulle vroue is.

UNICEF-data (s.a.: 45) en Lesch (2000:31) toon aan dat swart jeugdiges uit beide geslagte in verhoudings is met meer as een seksmaat. Die ander bevolkingsgroepe (nie gespesifiseer nie) het nie aangedui dat hulle meer as een seksmaat het nie. Tydens soortgelyke verouerderde navorsing, het Von Regenmortel (1975:43) bevind dat bruin meisies waarde heg aan hulle verhoudings met een seksmaat eerder as om 'n aantal seksuele verhoudings te hê met verskillende seksmaats. Die nasionale *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation 2001:12) het getoon dat 22% van die jongmense wat seksueel aktief is alreeds twee seksmaats gehad het. Ongeveer een uit vyf (18%) van dié seksueel ervare jongmense het aangedui dat hulle op die betrokke tydstip meer as een seksmaat gehad het. Een uit vier swart seuns (26%) wat seksuele ervare is, het gerapporteer dat hulle ten tye van die navorsing meer as een seksmaat gehad het. Verder het UNICEF (s.a.:45) dieselfde tendens gevind, naamlik dat jong swart en jong swart vroue meer as een seksmaat gehad het. Redes wat hiervoor aangevoer is, was soos volg: vermyding van eensaamheid, om ervaringe op 'n natuurlike manier op te doen, verwerping, wantroue, maats wat hulle kul. Navorsing wat in die vroeë 1970's in die VSA gedoen is, het aangetoon dat jong Amerikaanse meisies slegs een of hoogstens twee keer reeds seksuele omgang gehad. Die helfte van die meisies het net een seksmaat gehad (Chilman, 1980:123). Smart en Smart (1978:132) verklaar dat geslagsomgang voor die huwelik vir vroue aanvaarbaar is indien hulle lief is vir hulle maats, of selfs net op hulle verlief is. Vir die jong vrou moet daar eers sekere faktore in die verhouding aanwesig wees voordat daar na 'n dieper seksuele vlak beweeg kan word. Dit sluit in liefde, romantiek en intimiteit (McKinney en Sprecher, 1991:120 en Lesch, 2000:42). Peplau, Rubin en Hill (1977:94) het bevind dat meisies 'n aandeel het in die tydstip waarop die aanvanklike koïtus sal plaasvind. Elemente wat 'n invloed hierop kan hê, kan egter van verhouding tot verhouding varieer, wat vroue se invloed tot 'n groot mate kan beperk. Thornton (1990:270) en McKinney en Sprecher (1991:111) redeneer dat jong mans en vroue wat vroeg begin uitgaan en in 'n vaste verhouding betrokke is, meer seksuele verhoudings met 'n aantal seksmaats sal hê. Die gevolgtrekking uit hierdie bevindings is dus dat hoe vroeër meisies begin uitgaan, hoe meer geleenthede sal hulle tot hulle beskikking hê om in verskillende verhoudings en met verskillende seksmaats betrokke te raak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.3 Kommunikasie Oor Seksverwante Aspekte

3.6.3.1 Ouers

White en DeBlassie (1992:184) is van mening dat die kommunikasie tussen ouer en kind die eerste en belangrikste invloed op die adolessent se seksualiteit sal hê. Gesinspatrone, veral kommunikasievaardighede en die opvoedingsmetodes van die ouers, het die grootste effek op die seksuele ontwikkeling van die adolessent. Gesinskommunikasie dra nie net kennis, opinies en gelowe oor sekskwessies nie, maar ook die gesindheid wat die adolessent teenoor seksualiteit sal hê.

Adolessente verwag dat hulle ouers hulle sal inlig oor seksverwante temas of aan hulle die nodige geslagsonderrig sal gee en verlang dit ook. Navorsing deur Sanders en Mullies (in White en DeBlassie, 1992:184) toon dat ouers die belangrikste persone is om 'n invloed te kan uitoefen op adolessente se opinies, oortuigings en gesindhede ten opsigte van seks. Adolessente in die navorsingsgroep het ouers wel laer as vriende, boeke en die skool geplaas op die ranglys van bronne vir inligting oor sekskwessies. Nogtans het die helfte van die steekproef aangedui dat hulle ouers wel hulle primêre inligtingsbron was (White en DeBlassie, 1992:184 en UNICEF, s.a.: 27). In Suid-Afrika verkry adolessente hulle inligting rakende seks uit 'n aantal bronne. Volgens die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation 2001:13) het 37% van die respondente gerapporteer dat hulle hulle eerste inligting van hulle vriende (geslag nie gespesifiseer nie) ontvang het. Die verspreiding ten opsigte van bevolkingsgroep word in tabel 3.1 hieronder aangedui.

Bevolkingsgroep	Persentasie
swart	41
wit	24
bruin	22
Indiër	29

Tabel 3.1 Seksinligting van vriende ontvang (HJ Kaiser Family Foundation 2001:13)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten opsigte van jeugdiges wat inligting in die gesin of van andere familielede ontvang het, het die meerderheid aangedui dat hulle hulle eerste inligting van hulle moeders ontvang het. Bronne soos Lesch (2001:25-26), Preston-Whyte en Allen (1992:212) en UNICEF (s.a.: 27-28) dui aan dat daar in dié verband 'n gebrek aan kommunikasie tussen ouers en hulle kinders bestaan. Preston-Whyte en Allen (1992:211) dui dit soos volg aan:

> *... I didn't want to talk about this because I thought I would make the child wise before her time and then she would like to lie about with men ... I want her to remain a pure child ...*

Alhoewel geslagsonderrig dikwels nie voorkom of nie deel uitmaak van huishoudings nie, is moeders die primêre bron van inligting in gevalle waar dit wel voorkom (Inazu en Fox, 1980:82). Die eerste gesprek tussen dogter en moeder vind plaas ná die aanvang van puberteit. Fokus word geplaas op die reproduksiekwessie en die implikasies wat dit vir vrouwees inhou. Meisies is selfs minder geneig om met hulle moeders te gesels oor hulle eerste seksuele ervaring as wat seuns met hulle vaders sal praat. Dit word dus geheim gehou omdat hulle weet dat hulle ouers nie hulle seksuele aktiwiteite sal goedkeur nie. Die jeugdiges bly dus stil uit vrees vir verwerping en ook as gevolg van dit wat kan gebeur indien hulle ouers bewus raak van hulle betrokkenheid by sulke aktiwiteite (UNICEF, s.a.:29). Die kommunikasie tussen moeder en dogter speel 'n rol by die verandering in jong vroue se seksuele gedrag. Chilman (in Inazu en Fox, 1980:62) beweer dat die gehalte van die verhouding tussen dogter en moeder kan optree as aanwyser vir seksuele gedrag. Hepburn (1983:523) toon dat daar drie vlakke van kommunikasie bestaan tussen moeders en dogters, naamlik direkte informatiewe kommunikasie, wederkerige moeder-dogter-besprekings wat gedeeltelik informatief is, maar ook riglyne verskaf vir gedrag, en laastens algemene gesinsbesprekings van sosio-seksuele aspekte. Hepburn (1983:533) noem dat vader en moeder tydens algemene gesinsbesprekings gesindhede en waardes ten opsigte van seks deur middel van indirekte kommunikasie aan hulle kinders oordra deurdat die ouers kommentaar lewer oor die gedrag van ander persone. Inazu en Fox (1980:82) bevestig dat moeders deur indirekte kommunikasie 'n invloed kan hê op hulle dogters se seksuele gedrag. Moeders kan ook hulle dogters se gedrag indirek beïnvloed deur sosio-emosionele ondersteuning wat hulle aan die dogters gee. Indien daar in dogters se sosio-emosionele behoeftes voorsien word, sal hulle minder geneig wees om betrokke te raak by intieme verhoudings waardeur dié behoeftes vervul word. Indirekte kommunikasie gee aan moeders die geleentheid om op 'n natuurlike,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar ook gemaklike manier met hulle dogters te kommunikeer en daardeur leiding aan hulle dogters te gee aangaande seksverwante aspekte. Tydens sodanige besprekings moet die moeders geensins bevooroordeeld wees nie, aangesien hulle eerder net ondersteuning moet bied waar dit benodig word. Indien kommunikasie tussen moeders en hulle dogters oor seksverwante aspekte op 'n baie vroeë stadium plaasvind, kan sodanige kommunikasie daartoe bydra dat seksuele aktiwiteite by dogters uitgestel kan word (Inazu en Fox, 1980:98).

3.6.3.1.1 Struikelblokke in die kommunikasie met ouers

Pick en Palos (1995:667) beklemtoon dat kommunikasie tussen ouers en hulle kinders oor seksverwante onderwerpe 'n groot bron van kommer is. Volgens Hepburn (in Venter, 1994:11) kommunikeer relatief min ouers met hulle kinders oor seksaangeleenthede. Indien die kommunikasie wel plaasvind, is dit moraliserend van aard en behels dit byvoorbeeld 'n veroordeling en afkeuring van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite. Aandag moet egter eerder aan die feitelike of inhoudelike aspekte van voortplanting en seksualiteit geskenk word. Sodanige situasies kan verantwoordelik gehou word vir die toename in ongewenste swangerskappe en MIV-gevalle. Die algemeenste probleme in die ouer-kind-kommunikasie is verleentheid, gebrek aan kennis, swak gedefinieerde waardes, vrese dat seksuele aktiwiteite aangemoedig sal word en die onvermoë om 'n gesprek oor seks te begin en te handhaaf (Pick en Palos, 1995:668). In baie gevalle besit die ouers te min inligting ten opsigte van seksualiteit om met die kinders daaroor te kan praat. Ouers, veral moeders, voel ongemaklik daaroor om met hulle dogters oor seksverwante aangeleenthede praat, aangesien hulle nie sulke gesprekke met hulle moeders gehad het nie. As gevolg hiervan word dié verantwoordelikheid na die opvoeder of 'n vriendin verskuif wat dan die leemte moet vul. White en DeBlassie (1992:184-185) stel voor dat volwassenes helderheid moet kry oor hulle eie gesindhede en waardes voordat hulle effektief met hulle kinders kan kommunikeer. Ouers moet in die algemeen fokus op die aanleer van verantwoordelike gedrag by adolessente, wat 'n doeltreffender effek sal hê as geslagsonderrig alleen.

Dit wil voorkom asof ouers, veral moeders, as 'n belangrike bron vir geslagsonderrig beskou kan word. Die belangrikheid van die verhouding lê veral in die gesindhede en waardes wat moeders aan dogters oordra en nie soseer in die inhoud daarvan nie. Indien dogters gemaklik en vry voel om seksverwante aspekte met hulle moeders te bespreek, kan dit 'n dinamiese invloed hê op die dogters se gedrag en besluite ten opsigte van deelname aan seksuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aktiwiteite. Dit blyk ook dat daar nog steeds ouers is wat versuim om met hulle kinders oor seksaangeleenthede te kommunikeer. Sodanige versuim kan 'n nadelige uitwerking hê op hulle kinders se lewens. Dit dwing byvoorbeeld die jong meisie om self te eksperimenteer met seksuele aktiwiteite of om andere bronne, soos om die media en vriende, te raadpleeg. Dit is dikwels hierdie bronne wat foutiewe inligting aan die jong meisies oordra.

3.6.3.1.2 Portuurgroepe

Gedurende adolessensie bring jongmense toenemend meer tyd saam met hulle vriende deur (McKinney en Sprecher, 1991:115). Die belangrikheid van die portuurgroep neem toe met die begin van puberteit en bereik 'n hoogtepunt teen die middel van adolessensie (Steyn, 1987:91). Die portuurgroep kan gesien word as 'n groep met eie waardes en norme. Die groep stel ook kriteria vas waarvolgens die adolessent se status in die groep bepaal sal word (Louw, 1990:437). Die portuurgroepe tree as verwysingsgroep op en het 'n belangrike invloed op die gedrag en ontwikkeling van die individu. As verwysingsgroep bied dit geleenthede op grond waarvan die individu sy/haar gedrag, probleme, behoeftes en doelwitte kan evalueer. Daar word selfs beweer dat die portuurgroep in die geval van jong vroue negatiewe elemente na vore kan bring (Louw, 1990:441).

Oor die algemeen blyk dit dat portuurdruk beskou kan word as 'n negatiewe element wat 'n invloed kan hê op die seksuele gedrag van jong vroue. Die Suid-Afrikaanse steekproef wat tydens die *Love Life*-opname gebruik is, het aangedui dat portuurdruk 'n invloed gehad het op hulle besluit om geslagsomgang te hê (HJ Kaiser Family Foundation 2001:17 en Lesch, 2000:26). Van die seksueel aktiewe jongmense het 22% (geslag nie gespesifiseer nie) aangedui dat hulle geslagsomgang met hulle kêrels of meisies gehad weens vrees oor wat hulle vriende sou sê indien hulle nie seksueel sou verkeer nie. Jong blanke Amerikaanse vroue wie se seksuele gesindhede ooreenstem met dié van hulle vriende, of waar die vriende seksueel aktief is, word tot 'n hoë mate daardeur gemotiveer om self op 'n later stadium seksueel aktief te word (McKinney en Sprecher, 1991:115). Steyn (1987:92) en Lesch, (2000:27) noem ook dat, indien lede van die portuurgroep seksueel aktief is, hulle dikwels subtiele druk plaas op die ander portuurs om seksueel aktief te word. Marín *et al.*, (2000:415-416) het tydens hulle navorsing bevind dat die adolessente wat deelgeneem het, seksueel aktief was, of vriende gehad het wat seksueel aktief is of gewens het dat hulle by seksuele aktiwiteite betrokke kon raak. Vriende het dus 'n effek op jong vroue se besluite oor seks en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die uitkomste van hulle gedrag (Marín *et al.*, 2000:415; Tolman, in Johnson, Roberts en Worell, 1999:231).

Vriende speel ook 'n belangrike rol in die manier waarop jong vroue hulle seksuele verhoudings en ervaringe organiseer, daaruit leer en sin daaruit maak (Johnson *et al.*, 1999:237). Die leerproses vind gewoonlik plaas tydens die algemene besprekings tussen die jong vrou en haar vriende, waar fokus geplaas word op seksuele gesindhede, ervaringe en waardes. Gesprekvoering kan jong vroue op die langtermyn motiveer om self met seksuele aktiwiteite te eksperimenteer en hulle daartoe aanmoedig. Meisies gee toe aan portuurdruk uit vrees vir verwerping of dat hulle as nie normaal beskou sal word nie. Binne die konteks van die portuurgroep beteken "om normaal te wees" dus ook om seksueel aktief te wees. Louw (1990:441) noem dat dit vir die adolessent makliker is om deur die groep aanvaar te word indien hy/sy met die waardes, gewoontes en belangstellings van die groepe konformeer. Daarteenoor noem Steyn (1987:90) dat dit glad nie ongewoon is dat die sentrale waardes van die portuurgroep, veral by dogters, eerder met die ouers se waardes ooreenstem as wat dit daarvan verskil. Hoe meeer die waardes van die portuurgroep verskil van dié van die ouers, hoe groter is die waarskynlikheid dat die portuurgroep 'n meer opvallende invloed op die adolessent sal hê.

3.6.3.1.3 Die media

Lank voordat ouers met hulle kinders gesprekke voer oor seks kry adolessente gewoonlik reeds die antwoorde op hulle vrae in televisieprogramme, byvoorbeeld wanneer dit reg is om seks te hê en met wie (Kunkel, Cope en Biely, 1999:230). Gedurende die afgelope twee dekades het die seksuele konteks in die massamedia meer dikwels voorgekom en ook meer uitgesproke geword (Brown en Newcomer, 1991:78). In televisieprogramme en films word seks gewoonlik as spontaan en passievol uitgebeeld, sonder die besorgdheid oor swangerskappe of seksueel oordraagbare siektes (Kunkel *et al.*, 1999:236; Ward en Rivadeneyra, 1999:228 en Brown en Newcomer, 1991:78). Televisie verskaf 'n verskeidenheid visuele en verbale voorbeelde van hoe hofmakery, intimiteit, verhoudings en seks gehanteer moet word (Ward en Rivadeneyra, 1999:237).

Eerstens het die massamedia en televisie 'n invloed op jong meisies se persepsie van seks. Ward en Rivadeneyra (1999:246) het in hulle navorsing bevind dat jong vroue die persepsie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het dat die teenoorgestelde geslag seksueel meer ervare is. Die navorsers is van mening dat televisieprogramme tot hierdie persepsie bydra. Daar is bevind dat die media se uitbeelding van seksaktiwiteite 'n invloed het op die eerste seksuele ervaringe van jong vroue. Tydens die eerste seksuele ervaring is die jong vroue dus gevul met verwagtinge. Later is hulle teleurgesteld en ontevrede omdat hulle soveel aandag geskenk het aan die media se uitbeelding van verskillende seksverwante aspekte (Brown en Newcomer, 1991:80). Daar word gedurig klem geplaas op hoeveel plesier die eerste ervaring van geslagsomgang behoort te gee, en hoe hierdie ervaring behoort te wees. Dit skep onrealistiese verwagtinge by jong vroue wat hierdie boodskappe in hulle gesindhede ten opsigte van seksuele aktiwiteite geïntegreer het. Die jong vroue is dan gefrustreerd omdat hulle eerste koïtus nie ooreenstem met die uitbeelding daarvan op die televisie nie. Tweedens is daar bevind dat televisie bydra tot 'n situasie waarin sekere jong vroue ontevredenheid met hulle maagdelikheid ervaar. In gevalle waar jong vroue die uitbeelding van seksuele gedrag wat op televisie vertoon word as akkuraat beskou, kan dit verband hou met hulle ontevredenheid met hulle maagdelikheid (Brown en Newcomer, 1991:79). Volgens televisieprogramme is die meerderheid jongmense seksueel aktief en is geslagsomgang 'n natuurlike element van 'n verhouding. Die uitbeeldings van seksuele gedrag en verwante aspekte wat jong vroue via die media ontvang, het 'n beduidende invloed op hulle gesindhede en persepsies ten opsigte van seksuele gedrag in hulle eie verhoudings. Derdens word romantiek op televisie met seks verbind. Jong vroue is groot aanhangers van romans. Aangesien seks en romantiek in televisieprogramme verbind word, gee dit daartoe aanleiding dat jong vroue – met hulle geneigdheid tot die romantiese – later nie meer daartoe in staat is om tussen seks en romantiek te onderskei nie. Steele (1999:335) beklemtoon dat –

> *... teens look for people or situations "like them" in the media. When they find people or story lines that resonate with their lives they pay attention ...*

Die argument ten opsigte van hierdie verband is dat hoe meer jong vroue met die karakters in televisieprogramme kan vereenselwig en hoe meer die konteks as geloofwaardig beskou kan word, hoe meer sal jong vroue die boodskappe wat hulle deur middel van televisieprogramme ontvang, internaliseer. Hierdie realiteit kan selfs van toepassing weens wanneer dit kom by die kwessies van kontrasepsie. Beperkte boodskappe word deur die media aan jongmense oorgedra oor die sorg wat hulle moet dra om hulself teen ongewenste swangerskappe en oordraagbare siektes te beskerm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.4 Voorbehoeding

Vroeë betrokkenheid by geslagsomgang hou verband met ongewenste swangerskappe, MIV en die nie-benutting van kontrasepsie, algemeen bekend as voorbehoedmiddels (Jewkes, 2001; Dorius, Heaton en Steffen, 1993; Preston-Whyte en Allen, 1992; Preston-Whyte en Zondi, 1991). Sekere aspekte in hierdie verband is alreeds in vorige afdelings bespreek. White en DeBlassie (1992:187-188) toon aan dat die gebruik van voorbehoeding 'n effektiewe metode is om swangerskappe te vermy. Die meerderheid adolessente is nie volwasse genoeg om die verantwoordelikheid te aanvaar om as effektiewe gebruikers van voorbehoedmiddels beskou te word nie.

3.6.4.1 Gesindhede teenoor die gebruik van voorbehoedmiddels

Daar is nog steeds jongmense wat geen voorbehoedmiddels gebruik nie. Daar bestaan misverstande by meisies oor die gebruik en werking daarvan of hulle verstaan dit nie. Alhoewel die gebruik van kondome as die doeltreffendste manier om veilige seks te beoefen beskou word, verkies individue om eerder op hulle vermoë om 'n veiliger maat te kies staat te maak (Buyse en Ickes, 1999:121). Dié jongmense besluit dan teen die gebruik van kondome – wat onder geen omstandighede 'n wyse besluit kan wees nie. Sekere jong meisies verkies om nie voorbebehoedmiddels te gebruik nie omdat hulle glo dat dit skadelik is vir hulle liggame, en dat hulle steriel kan word (Preston-Whyte en Allen, 1992:218). Ouers kan egter ook nie kinders oor seksuele bedrywighede inlig nie, weens hulle gebrekkige kennis oor adolessente se seksuele ontwikkeling en voorbehoedmiddels (Preston-Whyte en Allen, 1992:213). Alhoewel jeugdiges aandui dat hulle vrese het oor MIV en tienerswangerskappe, is daar nog steeds jongmense betrokke in risko seksuele gedrag. Die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation 2001:15) het aangetoon dat seuns wat seksueel ervare is minder geneig is om voorbehoedmiddels te gebruik as meisies. Dit geld selfs vir jonger jeugdiges (12-13 jaar) wat minder sal aandui dat hulle voorbehoeding gebruik as die ouer jeugdiges in die ouderdomskategorie 16 tot 17 jaar. Die verskillende rassegroepe (ouderdomme nie aangedui nie) verskil ten opsigte van die gebruik van kontrasepsie, soos in tabel 3.2 aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bevolkingsgroep	Persentasie
swart	42
wit	63
bruin	61
Indiër	48

Tabel 3.2 Gebruik van voorbehoedmiddels deur die bevolkingsgroepe (ouderdom nie gespesifiseer nie) (HJ Kaiser Family Foundation 2001:15)

Bevindinge deur (Preston-Whyte en Allen, 1992:217-218) na aanleiding van 'n ondersoek na die reproduksiegedrag van bruin meisies in die Durban-omgewing, het aangedui dat daar 'n gebrek aan toepaslike kennis oor aspekte van reproduksie en voorbehoedmiddels bestaan. Die meisies het aangedui dat hulle versuim om voorbehoedmiddels te gebruik uit vrees dat dit nadelig kan wees vir hulle liggame en dat hulle steriel kan word. Tydens daaropvolgende navorsing, ook in KwaZulu-Natal en Durban gedoen, het navorsers Varga en Makubalo (1996:33-34) bevind dat jong swart meisies rapporteer dat hulle struikelblokke en vrese ervaar wat hulle daarvan weerhou om voorstelle te maak vir veiliger metodes om seks te beoefen. Varga en Makubola (1996) toon aan dat hierdie vrese en struikelblokke spruit uit die moontlikhede vir fisieke mishandeling, verwerping, 'n maat se besware en die rasionalisering oor die beskerming teen 'n seksverwante siekte[3]. Vir die maats van hierdie jong vroue kan geslagsomgang met 'n kondoom "onnatuurlik" wees en as 'n "ongewenste ervaring" beskryf word. In die kultuur van die swart mense het jong vroue nie veel regte nie; dus is dit moeilik vir vroue om op veiliger seksmetodes aan te dring. Die man voel dat sy manlikheid geskaad word en dat hy dus geen mag oor die vrou het nie. Verwerping kom algemeen voor onder sulke omstandighede. In baie gevalle is die meisies finansieël afhanklik van hulle maats. Hulle sal eerder versuim om hulle onderhandelings-vermoëns te benut as om hulle finansiële hulpbronne te verloor. Die meisies is ook daarvan bewus dat hulle voorstelle deur hulle maats verwerp sal word, aangesien die mans aan die persepsie bly kleef dat hulle nie aan die risikogroep behoort wat deur die MI-virus besmet kan word nie. Ten laaste het Jewkes *et al.* (2001:735), die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:16) en Varga en Makubola (1996:34) tot die gevolgtrekking gekom dat jong vroue bang is om hulle kêrels te verloor en dat hulle daarom nie aandring op die gebruik van kondome nie, want hulle is

[3] Struikelblokke en vrese dui op fisieke mishandeling, verwerping, 'n maat se besware en die rasionalisering oor die beskerming teen 'n seksverwante siekte, wat verhoed dat vroue voorstelle maak vir veilige metodes om seks te beoefen (Varga en Makubalo (1996:33-34).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bewus daarvan dat hulle kêrels beswaar maak teen die gebruik van kondome tydens seksuele aktiwiteite.

Dit blyk dat meisies wel ingelig is oor die verskillende kontrasepsiemetodes wat beskikbaar is, maar dat sekere faktore hulle onthou van die gebruik van die middels. Een van die faktore is die feit dat die meisies gesinsbeplanningsklinieke nie as toeganklik beskou nie.

3.6.4.2 Die beskikbaarheid van inligting oor voorbehoedmiddels

Jong meisies is by tye skaam en ongemaklik om met hulle ouers oor seksuele aspekte en voorbehoedmiddels te gesels. Met verloop van tyd wend hulle tot gesinsbeplanningsklinieke. By dié klinieke word hulle onderwerp aan sekondêre intimidasie. Die verpleegsters by die klinieke verskaf min ondersteuning en tree veroordelend op. UNICEF (s.a.:79) verwys na die omstandighede waaraan die meisies blootgestel word:

> *Young people are told that they are too young to have sex and therefore should not use contraceptives ...*

Die situasie word vererger wanneer daar 'n gebrek aan privaatheid is en gebrekkige kommunikasie oor moontlike keuses van kontrasepsiemetodes en die moontlike newe-effekte daarvan. Hierdie inligting word nie goed genoeg deurgewerk en met die jong vroue bespreek nie (Jewkes *et al.*, 2001:735; UNICEF, s.a.:27). Adolessente meisies benodig advies sonder dat hulle seksuele gedrag veroordeel word. Daar moet dus pogings aangewend word om gesinsbeplanningsklinieke meer gebruikersvriendelik te maak. Sodoende sal jong vroue dit hopelik met meer vrymoedigheid op 'n konstante basis besoek.

Weens die beperkte beskikbare literatuur kon die navorser minimale gevolgtrekkings maak. Jong vroue vanuit alle rassegroepe toon neigings om op 'n vroeë ouderdom seksueel aktief te raak. Daar is 'n toename te bespeur in jong vroue se deelname aan seksuele aktiwiteite. Ongeag hiervan moet daar in gedagte gehou word dat daar nog steeds 'n groot persentasie jong vroue is wat steeds verkies om hulle maagdelikheid te behou. Daar kan dus nie sonder meer aangeneem word dat, omdat meer jong vroue op 'n vroeë ouderdom seksueel verkeer, die meerderheid jong vroue seksueel aktief is nie. Die gesindhede van adolessente word ook deur hulle verhouding met die gesin en vriende beïnvloed, sowel as deur sosio-kulturele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

faktore soos opvoeding en die media. Inligting wat adolessente oor seks en seksualiteit van hulle ouers en vriende kry, verskil dikwels van die inligting wat hulle via die media bekom. Adolessente moet dus bewus gemaak word van bogenoemde faktore wat hulle kennis en houdings oor seks en seksualiteit kan beïnvloed.

3.6.5 Dubbele standaarde

In hierdie konteks is die "dubbele standaarde" gebaseer op die aaname dat mans sterker seksuele drange as vroue het. Mans kan dus seksuele omgang hê net wanneer hulle wil. Verder word geglo mans gebruik heteroseksuele geslagsomgang as 'n manier om hulle manlikheid te bewys. Dit is ook sosiaal aanvaarbaar dat mans meer as een seksmaat het terwyl dieselfde nie vir vroue geld nie. In die eerste instansie mag vroue nie meer as een seksmaat hê nie. In die geval van vroue word so iets as 'n sonde en as immoreel bestempel. Vroue moet wag vir die huwelik voordat hulle seksueel mag verkeer. Hulle kan wel af en toe geslagsomgang hê, maar net met hulle verloofdes en dan slegs as gevolg van die mans se dringende seksuele behoeftes (Hird en Jackson, 2001:33; Llewellyn-Jones, 1984:37). Daar bestaan twee argumente oor die "dubbele standaarde" wat mans handhaaf.

3.6.5.1 Die handhawing van dubbele standaarde

Eerstens word daar genoem deur Hird en Jackson, (2001:33) dat die dubbele standaard nog algemeen gehandhaaf word en dat die norme vir mans en vroue steeds verskil. Die algemene siening bestaan ook nog steeds dat dit vir vroue immoreel is om meer as een seksmaat te hê. Jong vroue wat hulle aan sodanige oortredings skuldig maak, word as promisku beskou. Soortgelyke sienings is nie op jong mans van toepassing nie. Daar bestaan dus 'n groter mate van aanvaarding en goedkeuring ten opsigte van mans as ten opsigte van vroue, wat aan mans feitlik die reg tot promiskuïteit gee (Robinson *et al.*, 1991:220).

3.6.5.2 Die nie-handhawing van dubbele standaarde

Die tweede argument voer aan dat dié dubbele standaard nie meer bestaan nie (Kalof, 1995:230-231). Deesdae bestaan daar meer egalitêre houdings ten opsigte mans en vroue as vroeër. Toenemende seksuele vryheid is aan beide mans en vroue toegeken, wat daartoe aanleiding gegee het dat die verskil in standaarde vir die geslagte afgeneem het. Die seksuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rewolusie van die 1960's en 1970's het veral bygedra tot die verandering in seksuele houdings ten gunste van groter aanvaarding van voorhuwelikse geslagsomgang vir beide mans en vroue. Die term *rewolusie* in hierdie verband is volgens Scott (1998:815) gelaai met betekenis. Dit impliseer pogings om tradisionele seksuele moraliteit doelbewus omver te gooi. In die Verenigde State van Amerika was die gevolge van die seksuele rewolusie veral sigbaar in die vrouebewegings van die 1970's. Vrouebewegings (Chilman, 1980:81-84) het hulle beywer vir meer gelykheid tussen die geslagte in die werksplek, huis en gemeenskap en dus ook vir gelyke seksuele uitdrukking. Vroue het gedurende hierdie tydperk toenemend meer seksuele vryhede gekry. Buite-egtelike geboortes onder tienermoeders en egskeidings het in die konteks van meer seksuele vryheid vir vroue toegeneem. Scott (1998:817) vermeld dat vroue en jongmense diegene was wat die meeste beïnvloed is deur die seksuele rewolusie. Die beskikbaarheid van groter finansiële hulpbronne het groter privaatheid aan jongmense gegee en die beskikbaarheid van die kontrasepsiepil het voorhuwelikse geslagsomgang minder gevaarlik gemaak. Die kombinasie hiervan het aan jongmense genoegsame vryheid gegee om die tradisionele waardes van hulle ouers en voorouers te verwerp. Na afloop van die rewolusie was die seksuele houdings van vroue dus meer liberaal. Daar was 'n groter aanvaarding van voorhuwelikse geslagsomgang vir beide geslagte en seksuele houdings oor die algemeen was gevolglik meer permissief. Hierdie tendens bestaan vandag nog. Die reëls wat seksuele gedrag beheer het, het dus verswak. Die gevolg was 'n groter reeks aanvaarbare keuses (Scott, 1998:816) sodat nie net mans nie, maar ook vroue nou in 'n posisie is om self besluite te neem oor watter seksuele gedrag as aanvaarbaar beskou kan word. Chilman (1980:105) is van mening dat jongmense deesdae tot 'n groot mate aanvaar dat seksuele gedrag 'n persoonlike keuse eerder as 'n morele aspek is. Jeugdiges voel vandag vryer om oor seksuele aspekte te gesels as vroeëre generasies. Jongmense is deesdae ook minder geneig om oordele uit te spreek oor wat in individuele gevalle as reg of verkeerd beskou kan word (Zani, 1990:164).

Robinson (1991:216) en sy kollegas het die seksuele rewolusie oor 20 jaar (1965 tot 1985) gevolg. Hulle noem dat die seksuele rewolusie verantwoordelik is vir die uitbreiding van liberale gesindhede jeens seks. Die grootste verskuiwing wat voorgekom het, was die verandering van seksuele gesindhede onder vroue. McCabe en Cummins (1998:761) voeg hierby dat die toename in seksuele ervaringe onder jong vroue die gevolg is van liberalisering van hulle gesindhede. Vroue neem deesdae die inisiatief en self besluit wanneer en tot watter mate aan seksuele aktiwiteite deelgeneem sal word. Alhoewel meer vroue by voorhuwelikse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geslagsomgang betrokke is en wegbeweeg van seksuele onthouding, is meer vroue betrokke by **promiskuïteit met affeksie**. Met die eerste oogopslag wil dit dus voorkom asof jong vroue meer permissief geraak het. *Promiskuïteit* verwys na vrye, losbandige geslagtelike verkeer (Venter, 1994:33). Daar moet egter in gedagte gehou word dat deelname aan geslagsomgang in die meerderheid gevalle in 'n gevestigde verhouding en met affeksie plaasvind. Dit wil voorkom asof jong vroue meer permissiewe houdings het, maar dit is belangrik om in gedagte te hou dat jong vroue hulle seksualiteit net onder sekere omstandighede byvoorbeeld in 'n gevestigde verhouding sal uitleef.

3.6.6 Voorhuwelikse standaarde en die vrou se seksuele houdings en gedrag

Die uitleef van jong vroue se veranderde seksuele houdings en gedrag word bespreek in Reis 1966 (in Venter 1994:27-29) se navorsingsverslag oor verskillende voorhuwelikse seksuele standaarde. Reis (in Venter, 1994:27-29; Llewellyn-Jones, 1984:37; Peplau *et al.*, 1977:97-98) het jongmense se gesindhede teenoor hulle seksualiteit in vier groepe gerangskik. Reis (1966) se vier voorhuwelikse seksstandaarde moes 'n aanduiding gee van die ontwikkeling van 'n groter verdraagsaamheid ten opsigte van die beoefening van voorhuwelikse seksuele gedrag by sowel mans as vroue. Volgens Reis (1966) se oriëntering word hierdie dubbele standaarde ook gesien as 'n voorhuwelikse standaard waarby paartjies hou. Hierdie standaard is alreeds in 'n vorige afdeling bespreek.

Reis (1966) se standaarde sal hieronder bespreek word ten einde die gesindhede wat in die individuele standaarde geld, te demonstreer, en wat gevolglik ook 'n invloed het op die seksuele gedrag van paartjies.

3.6.6.1 Tradisionele onthouding-standaard

Voorhuwelikse seksuele aktiwiteite deur beide geslagte word oor die algemeen afgekeur. Die onthouding-standaard word in die volgende vier subtipes ingedeel Reis (in Venter, 1994:27-29)

- *soen sonder affeksie*, wat beteken dat die vryery aanvaarbaar is selfs wanneer daar nie beduidende affeksie teenwoordig is nie;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *soen met affeksie*, wat vryery in 'n stabiele, liefdevolle verhouding toelaat;
- *soen sonder affeksie*, waar soenery aanvaarbaar is sonder dat affeksie vereis word, en
- *soen met affeksie*, waarvolgens soenery aanvaarbaar is indien dit in 'n stabiele, liefdevolle verhouding plaasvind.

3.6.6.2 Voorhuwelikse seksuele permissiwiteit met affeksie

Hierdie standaard beteken dat seks veroorloof is mits beide deelnemende partye affeksie vir mekaar het en in 'n stabiele verhouding met mekaar betrokke is. Die standaard behels twee subtipes:

- *liefde* of 'n verlowing word as voorvereiste vir seks beskou, en daarteenoor
- *affeksie* word as voldoende voorvereiste vir seks beskou (Reis in Venter, 1994:28).

3.6.6.3 Voorhuwelikse seksuele permissiwiteit sonder affeksie

Die standaard van voorhuwelikse seksuele permissiwiteit sonder affeksie keur seksuele aktiwiteite goed ongeag die mate van affeksie wat tussen die twee persone bestaan (Reis in Venter, 1994:28-29).

- albei kan deel hê aan voorhuwelikse geslagsomgang ongeag die mate van affeksie wat betrokke is;
- seks is op orgasme gerig, en die plesier is van soveel belang dat voorbehoedmiddels nie benadruk word nie, en
- 'n meer gesofistikeerde doelwit bestaan waarin steeds plesier benadruk word, maar waar voorbehoedmiddels om veneriese siektes en swangerskappe te bekamp, van die uiterste belang is.

Die ontwikkeling van hierdie vier standaarde is die gevolg van toenemende liberalisering van gesindhede teenoor vroue (Venter, 1994:29).

Sosiale tekste word benut in mense se verhoudings ten einde die aanvaarbaarheid van seksuele gedrag te bepaal. Die tekste stel individue in staat om ander se gedrag te voorspel en dit dien as 'n motivering vir besluitneming oor optrede (Laner en Ventrone, 2000:489). Gagnon en Simon (in Peplau *et al.* (1977:105), beweer dat alle seksuele gedrag beheer word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur sosiale tekste. Jubber (1994:11) beskryf dié tekste as sosiaal afgeleide kennis van die situasie, akteurs, aktiwiteite, rolle, volgorde en die kontekste wat die seksuele vertonings konstitueer. Die sosiale tekste staan ook bekend as seksuele tekste of seksuele rolspel (Peplau *et al.*, 1977:87). Volgens hierdie seksuele tekste vervul beide mans en vroue verskillende rolle tydens hulle seksuele interaksies met mekaar. Volgens tradisionele seksuele tekste is dit vroue se rol om weerstand te bied of passief op te tree met betrekking tot seksuele aspekte. Daarteenoor behels die rol van mans dat hulle volhoudend sal optree, ongeag die vrou se teenkanting teen seksuele aktiwiteite. Dit is selfs heeltemal aanvaarbaar dat mans die inisiatief sal neem vir enige seksaangeleenthede, maar dit geld nie vir vroue nie (Muehlenhard en Holabaugh, 1998:872).

Binne hierdie tekste bestaan daar 'n persepsie dat mans dringende seksuele drange het wat vroue moet vervul. Die oortreding van seksuele tekste of seksuele rolspel kan sekere risiko's vir vroue inhou. Safilios-Rothscild (in Peplau *et al.*, 1977:106) argumenteer dat vroue huiwerig is om seks te inisieer omdat hulle ongemaklik sal voel om die aktiewe seksrol oor te neem. Vroue is besorg daaroor om nie as oorseksueel of veeleisend voor te kom of as 'n bedreiging beskou te word nie. Indien vroue die tradisionele rolle omruil tydens hulle seksuele interaksie met mans, kan hulle negatief geëvalueer word deur mans en deur die samelewing geëtiketteer word. 'n Positiewe etiket is die een van "engel" (Hird en Jackson, 2001:33). Soos reeds genoem, vereis die rol dat die vrou weerstand moet bied en passief sal optree en dat haar eie drange en plesier ingeperk moet word. Indien 'n vrou meer as een seksuele verhouding aangaan en 'n man uitlok of selfs enige seksuele interaksie inisieer, kan sy die etiket van "slegte vrou" ontvang (Hird en Jackson, 2001:32-33). Dit is dus duidelik dat vroue noukeurig oor hulle seksuele gedrag moet nadink om nie negatief deur mans en die samelewing geëvalueer te word nie.

Tekste is op drie verskillende vlakke werksaam, naamlik kultureel, interpersoonlik en intra-psigies. Kulturele tekste is gedeelde, kollektiewe riglyne wat aan lede instruksies gee met betrekking tot aanvaarbare gedrag en emosies in spesifieke rolle. Die gebruik van kulturele tekste in 'n spesifieke situasie konstitueer 'n interpersoonlike teks. Interpersoonlike tekste kombineer die optrede in kulturele tekste met die individu se eie ervaringe. Interpersoonlike tekste is gevolglik meer spesifiek en meer geïndividualiseer as kulturele tekste. In die laaste geval is daar die intra-psigiese tekste wat die mens se private wense en verlangens verteenwoordig (Carpenter, 2001:38; Laner en Ventrone, 2000:489). Beide jong mans en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vroue sal sosiale tekste gebruik in hulle interaksie met mekaar gedurende die verskillende stadiums van hofmakery. Verskillende sienings tussen mans en vroue bestaan oor die toepaslikheid van seksuele gedrag tydens die hofmakery. Seksuele tekste verskaf aan beide lede in die verhouding inligting hulle kan staatmaak ten einde seksuele gedrag te kan beoordeel. Die seksuele tekste sal dus aan hulle voorskryf wanneer, onder watter omstandighede en hoekom iets as *seksueel* bestempel kan word (Venter, 1994: 8).

Roche (1986, in Venter, 1994:18) wys daarop dat die waarskynlikheid van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite met die hofmakery waarin die paartjie verkeer, in verband gebring moet word. Die verskillende stadiums van die hofmakery dui op toenemende betrokkenheid by en verbintenis tot mekaar, en aangesien daar belangrike verskille ten opsigte hiervan tussen die geslagte bestaan, het dit 'n deurslaggewende invloed op die voorkoms van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite.

In die **eerste stadium** (afspraak sonder enige noemenswaardige affeksie) sal mans geleenthede benut om seksuele omgang te hê, alhoewel daar geen affeksie of liefde in die verhouding is nie. Vroue sal nie sulke gedrag as aanvaarbaar beskou nie, en eerder gekant wees teen sulke gedrag. Mans openbaar hoë vlakke van orale seks tydens die eerste drie stadiums. Die jong vroue sal hulself onthou van deelname aan dié aktiwiteit en sal verlang dat dit eers op 'n later stadium sal voorkom. Hulle verkies dat orale seks slegs ná huweliksluiting moet voorkom. Dit is duidelik dat mans meer seksuele intimiteit vroeër in die hofmakery verwag as vroue (Venter, 1994:52 en Roche, 1986:111).

In die **tweede stadium** (uitgaan met affeksie, maar nie liefde nie) openbaar jong mans hoë vlakke van deelname aan geslagsomgang. Jong vroue openbaar nie dieselfde gedrag in dié stadium nie (Venter, 1994:52 en Roche, 1986:111).

In die **derde stadium** (uitgaan waarby verliefdheid betrokke is) neem die verskille in die geslagte se voorkeure geleidelik af. Die verskille in gesindhede neem ook af. In hierdie stadium is daar 'n meer algemene goedkeuring van seksuele gedrag by vroue. Omdat liefde by hierdie derde stadium betrokke is, sal vroue dit as die basis vir regverdiging van die seksualiteit sien. Indien liefde verbind word met verbintenis tot mekaar, soos in die vierde stadium, verander die deelname aan seksuele gedrag totaal (Venter, 1994:52 en Roche, 1986:111-113).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die **vierde stadium** gaan vroue oor tot seksuele verkeer (uitgaan met een persoon en liefde daarby betrokke), omdat sy in 'n verhouding is met een persoon en baie lief is vir haar maat. Die verskille in gesindhede jeens seksuele aktiwiteit neem in dié stadium totaal af. Die jong vroue openbaar nou goedkeuring vir geslagsomgang omdat sy voel sy is in 'n stabiele en liefdevolle verhouding met een persoon, en beskou geslagsomgang as 'n natuurlike deel van die verhouding. Vlakke van liefkosing deur vroue neem in dié stadium toe. Dit is van toepassing op ernstige liefkosing (*heavy petting*) waar vroue by seksuele gedrag betrokke raak (Venter, 1994:52 en Roche, 1986:111-113).

In **stadium vyf** (sprake van 'n verlowing) bestaan daar geen verskille oor die goedkeuring en toepaslikheid van enige gedrag nie. Die verlowing dien as 'n versekering van 'n huwelik en dit bevorder seksuele gedrag tussen die man en die vrou (Roch, 1986:11-114).
Tydens die eerste drie fases van die hofmakery is daar aansienlike verskille tussen die geslagte oor die toepaslikheid van seksuele gedrag. Jong mans het meer permissiewe houdings as vroue gedurende die eerste drie stadiums en verkies dat seksuele gedrag teen 'n vinnige tempo sal vorder. Dit is van toepassing op die hoë vlakke van orale seks en seksuele omgang in die eerste drie stadiums. Die verskille tussen die geslagte neem egter tydens stadium vier af. Tydens dié stadium is vroue meer ontvanklik daarvoor om besondere seksuele gedrag te beoefen. Enersyds is daar hoë vlakke van liefkosing (*heavy petting*) in hierdie stadium. Dit wil sê stimulering van die borste deur aanraking met die mond of hande of betasting van die genitale area bo-oor die klere kom voor. Dit geld ook vir stadium vyf. Andersyds aanvaar mans dat hoë vlakke van *light petting* (aanraking/betasting met of sonder klere bokant die middellyf) en *heavy petting* deel uitmaak van seksuele gedrag tydens die eerste drie stadiums (Llewellyn-Jones, 1984:45). Verskille tussen die geslagte met betrekking tot die aanvaarbaarheid van seksuele gedrag neem totaal en al af tydens stadium vyf. Venter (1994:17) noem in hierdie verband dat vroue oor die algemeen direkter en openliker oor romanse besorg is, terwyl mans se hoofbelang by die erotiek lê. Die jong man plaas met ander woorde 'n hoër premie op seks as op liefde, en die jong vrou heg meer waarde aan die liefde as aan seks.

3.6.7 Voorvereistes vir toelating van seksuele omgang

Uit voorafgaande besprekings is dit nou duidelik dat liefde of romantiek as belangrike elemente beskou moet word vir die toelating van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite. Vroue

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is geneig om 'n verband te sien tussen liefde en geslagsomgang. Van 'n vroeë stadium af word die persepsies van romanse en liefde by vroue ingeskerp. Genoegsame beelde word aan haar voorgehou om aan te toon dat liefde op 'n spesifieke manier uitgedruk word en dat dit net onder sekere omstandighede gevind kan word. Die "eerste seks" vind gewoonlik plaas in die eerste liefdesverhouding (Hird en Jackson, 2001:28). Die ander beskouing is dat die uitvoering van die seksuele daad sal plaasvind binne 'n ernstige verhouding wanneer die paartjie die stadium bereik het waar hulle 'n verbintenis wil aangaan en waar die vrou verseker is dat haar maat vir haar omgee en dat daar genoegsame intimiteit in die verhouding bestaan. Verder meen Buysse en Isckes (1999:121) dat vroue wat aan die romantiese siening vashou, 'n groter voorkeur het vir geslagsomgang. Dit wil sê geslagsomgang is toelaatbaar in 'n stabiele intieme verhouding wat geslote en eksklusief is. Dit is waarom Chilman (1980:122) beklemtoon dat seksuele aktiwiteite vir vroue beperk word tot 'n ernstige verhouding met een maat. Thornton (1990:240-241) toon aan dat die verbintenis tussen voorhuwelikse seksstandaarde en die vlakke van emosionele verbintenis tot mekaar 'n natuurlike skakel tussen die vlakke van seksuele en emosionele betrokkenheid verskaf. Dit beteken dat beide die jong man en die jong vrou toenemend emosioneel aan mekaar verbonde raak om die reeks seksuele ervaringe uit te brei. Binne hierdie konteks sal 'n groter mate van voorhuwelikse seks geduld word. Skrywers soos De Gaston, Weed en Jesen (1996:218) en McKinney en Sprecher (1991:120) bevestig dat emosionele betrokkenheid en 'n verbintenis tot mekaar te alle tye benodig word as 'n voorvereiste vir seksuele verkeer. Hierdie twee komponente speel 'n belangrike rol in jong vroue se besluitnemingsproses ten opsigte van seksuele aktiwiteit. Ten slotte, beweer Zani (1991:173), kan verwag word dat voorhuwelikse geslagsomgang in 'n langtermynverhouding sal voorkom.

Jong vroue benut bogenoemde faktore naamlik geslagsomgang as toelaatbaar in 'n stabiele intieme verhouding wat geslote en eksklusief is, en waar daar genoegsame intimiteit in die verhouding bestaan as instrumente vir die regverdiging van hulle keuse oor deelname aan seksuele gedrag of onthouding. Liefde word gesien as voorvereiste vir die uitleef van vroulike seksualiteit. Dit wil dus voorkom asof daar 'n verband bestaan tussen die seksualiteit van die vrou en liefde en dat geslagsomgang daarvolgens beskou word as 'n uitdrukking van liefde en intimiteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.8 Redes vir die onthouding van seksuele betrokkenheid

Ongeag jong vroue se verhoogde deelname aan seksuele aktiwiteite is daar nog steeds 'n toenemende persentasie vroue wat nie seksueel verkeer nie. Alhoewel dit lyk asof die meerderheid jong vroue reeds op 'n vroeë ouderdom seksueel aktief is, geld die tendens nie vir alle vroue nie. Daar is steeds 'n persentasie vroue wat doelbewus besluit om nie seksueel te verkeer nie. Skrywers soos Smart en Smart (1978:133) beklemtoon dat die meerderheid adolessente van albei geslagte steeds nie gedurende hulle tiener- en vroeë twintigerjare aan voorhuwelikse geslagsomgang deelneem nie. Vroue wat hulle van seksuele aktiwiteite onthou, verbind hulle tot die tradisionele siening waarvolgens jong vroue glo dat die huwelik as instelling die plek is waarbinne seksuele aktiwiteite tuishoort. In die huwelik word in alle emosionele en seksuele behoeftes ten volle voorsien en dit gaan gepaard met seksuele aktiwiteite. De Gaston *et al.* (1996:226) wys daarop dat jong vroue meer toegewyd is aan onthouding van voorhuwelikse seksaktiwiteite en dat hulle minder permissiewe houdings daaromtrent besit.

In Suid-Afrika het die nasionale opname deur UNICEF (s.a.:49-50) die volgende redes gevind vir die onthouding van seksuele aktiwiteite: godsdiens, kultuur, opvoeding, pyn tydens seksuele geslagsomgang, ongewenste swangerskappe en MIV-infeksie. De Gaston *et al.* (1996:218) het ander faktore geïdentifiseer wat deur die jong vroue gerapporteer is, naamlik godsdienstige gelowe, oortuiging dat seks nie 'n wyse besluit is nie, vrese vir ongewenste swangerskappe, wil nie ouers teleurstel nie en wil nie deur die ander persoon misbruik word nie. Ten laaste noem De Gaston *et al.* (1996:218) dat jong vroue gemeld het dat hulle voorhuwelikse seks as immoreel beskou, en dat hulle nie daarvoor gereed is nie. Verdere bewyse hiervoor is deur Peplau *et al.* (1977:93) gevind, naamlik dat jong vroue nie 'n begeerte het om voorhuwelikse geslagsomgang te hê nie. Jong vroue se begeerte om nie geslagsomgang te hê nie is volgens laasgenoemde navorsing die belangrikste rede waarom die paartjie nie seksuele aktiwiteite beoefen nie.

Vir sekere van die vroue is dit te vroeg in hulle verhouding om seks te beoefen en hulle het vrese vir die moontlikheid van 'n onbeplande swangerskappe as hoofrede vir onthouding gerapporteer. De Gaston *et al.* (1996:217) voer dus aan dat jong vroue seksuele aktiwiteite beskou as nadelig of skadelik vir die verwesenliking van hulle toekomsdrome. Dit blyk dus dat jong vroue steeds doelgerigte toekomsvisies het waarvan vroeë deelname aan seksuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aktiwiteite nie deel is nie. Hierdie vroue is diegene wat hulle skoolopleiding wil voltooi en hulle doelwitte vir die toekoms wil bereik. Verder het jong vroue vrese ten opsigte van die MIV-situasie. Dit beteken dat die onthouding van seksuele aktiwiteite hulle beveilig teen die risiko om deur die virus besmet te raak.

3.6.8.1 Rol van die kerk

Daar is reeds aangedui dat godsdiens een van die faktore is wat 'n rol speel ten opsigte van onthouding van seksuele aktiwiteite. In die algemeen word voorhuwelikse geslagsomgang tot 'n groot mate deur sekere Christelike kerke afgekeur. Sekere kerke het duidelike sienings oor die onvanpastheid van seks voor die huwelik en is voorstanders van onthouding voor die huwelik. Volgens dié kerke behoort geslagsomgang net binne die instelling van die huwelik beoefen te word. Aangesien godsdienstige waardes vir baie individue die bron van morele veroordeling is, sal die kerk se leer 'n belangrike rol speel tydens die formulering van gesindhede, waardes en besluite (Thornton en Camburn, 1989:642). Verder blyk dit dat godsdiens wel 'n invloed het op gedrag en houdings deur middel van die leerstellinge van die kerk en die mate van integrasie van individue in die godsdienstige instellings. Daar word na die kerk verwys as 'n sosialiseringsagent wat verantwoordelik is vir die oordra van waardes en standaarde oor seksuele gedrag (White en De Blassie, 1992:186). Studer en Thornton (1987:117) wys daarop dat die kerk 'n baie belangrike rol speel in die keuses wat jongmense sal maak aangaande seksuele aktiwiteite. Met verwysing na die rol van die kerk argumenteer Studer en Thornton (1987:118) dat die kerk duidelike riglyne voorskryf vir aanvaarbare seksuele aktiwiteite. Hierdie voorskrifte word gegee op grond van 'n spesifieke ideologie, maar ook 'n normstelsel wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van 'n gedeeltelike definisie van 'n sosiale realiteit wat deur die lede gedeel kan word. Dit sluit diegene in wat institusionele rolle in die kerk beklee en wat die ideologie en gewoontes van toepaslike gedrag wat die kerk voorgeskryf, bevorder. Hierdie rolle kan alleenlik bewerkstellig word indien bogenoemde persone as rolmodelle vir toepaslike gedrag optree en getrou bly aan die ideale patrone van die gedrag. Studer en Thornton (1987:118) voer aan dat die kerk sanksiestelsels besit. Dit funksioneer op die basis van straf van persone wat die gestabiliseerde norme oorsky.

Volgens Thornton en Camburn (1989:641) het jongmense wat gereeld kerk bywoon en waarde heg aan hulle godsdiens, minder permissiewe gesindhede en seksuele ervaringe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Individue wat gereeld godsdienstige dienste bywoon, ontvang gereeld boodskappe wat fokus op die kerk se standpunt teenoor voorhuwelikse seks. Dié godsdienstige deelname tree op as fasiliteringsmeganisme vir groter aanvaarding van die leer van die godsdienstige instellings. Roch (1986:117) vind aansluiting by Thornton en Camburn se bevindinge wanneer dié navorser selfs noem dat jong vroue wat gereeld godsdienstige byeenkomste bywoon en godsdiens as belangrik beskou, meer konserwatiewe houdings en gedrag vertoon. Thornton en Camburn (1989:651) suggereer ook dat adolessente se seksualiteit en godsdienstige deelname mekaar wedersyds beïnvloed, wat beteken dat seksuele houdings en gedrag ook godsdienstige deelname beïnvloed.

'n Verrassende bevinding van Studer en Thornton (1987:119-126) was dat godsdienstige affiliasie en godsdienstigheid verband hou met gevalle waar jong vroue nie gebruik maak van enige voorbehoedmiddels nie. Navorsing bevind dat seksueel ervare jong vroue wat die kerk gereeld bywoon, minder gebruik maak van enige mediese metodes van voorbehoeding teenoor jong vroue wat nie aktief betrokke is by godsdienstige aktiwiteite nie. Versuim om voorbehoedmiddels te gebruik, is gewoonlik die gevolg van die besondere kerk se standpunt teen die gebruik van voorbehoedmiddels. Eerstens beteken dit dat adolessente wat besluit om seksueel aktief te word téén die gebruik van voorbehoedmiddels sal besluit. Tweedens sal dit daartoe aanleiding gee dat adolessente wat besluit om seksueel aktief te word, geen hulp van die kerk sal verkry nie in die vorm van 'n oop dialoog, inligting en ondersteuning wat verband hou met die gebruik van voorbehoedmiddels. Verder blyk dit, volgens Chilman (1980: 96), dat jong vroue wat baie godsdienstig is, minder geneig is om masturbasie te beoefen. Dit vind ook aansluiting by die bevindinge ten opsigte van die vlakke van voorhuwelikse geslagsomgang en liefkosing (Chilman, 1980:113-127). Liefkosing is seksuele aktiwiteite waaruit seksuele prikkeling verkry kan word. *Light petting* en *heavy petting* (liefkosing en vry) behels die volgende: aanraking/betasting met of sonder klere bokant die middellyf (*light petting*) en stimulering van die borste deur aanraking met die mond of hande of die betasting van die genitale area bo-oor die klere (*heavy petting*).

Dit is duidelik uit die literatuur dat godsdiens 'n rol speel in jong vroue se besluit om hulle van seksuele aktiwiteite te weerhou. Dit kom neer op die moontlikheid dat daar 'n verband bestaan tussen godsdiens en die seksuele houdings en gedrag van die jong vrou. Dit is die jong vrou se besluit of sy seksueel sal verkeer of nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.9 Redes vir seksuele deelname

Faktore wat verband hou met seksuele deelname sluit dus die volgende in: portuurdruk, opdoen van seksuele ervaringe, invloed van die media, verveeldheid, gebrek aan ouerlike toesig en die plesier wat seksuele deelname verskaf (Wood *et,* 1998; UNICEF, s.a.: 41 en Lesch, 2000). In die literatuuroorsig hierbo is enkele van bogenoemde faktore reeds bespreek.

Suid-Afrika se nasionale *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:18) meld dat jongmense seks gebruik as 'n kommoditeit in ruil vir geld, drankies, voedsel en geskenke. Hierdie tendens het 'n realiteit geword onder die jongmense van Suid-Afrika. Deelname aan die verskynsel is nie net geïsoleer tot jong vroue nie, maar betrek ook jong mans. Die *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:18) meld dat jeugdiges wat seksueel aktief is (43%), kennis dra van ander persone wat seksueel verkeer ten einde geld te ontvang. Dit sluit in 16% vroue wat reeds seksueel aktief is en aangetoon het dat hulle reeds seks gehad het om bogenoemde redes. Die betrokkenheid by sulke seksuele dade betrek gewoonlik ouer mans. UNICEF (s.a.:41) noem dat heelwat van die jong vroue in hulle opname verhoudings aangeknoop het met ouer maats ten einde materiële gewin uit die verhouding te kry. Meisies is aangetrokke tot ouer mans aangesien die mans moontlik geld kan besit. Verwante navorsing deur Jewkes *et al.* (2001:735-741) wat uitgevoer is onder jong Xhosa-sprekende vroue in die dorpsgebiede van Kaapstad het dieselfde verloop van gebeure aangedui. Dit is algemeen dat jong vroue seksuele verhoudings het wat met mans wat baie ouer as hulle self is. Volgens Jewkes *et al.* (2001:735) is seksuele verhoudings met dié mans vir die jong vroue van belang. Die jong vroue is vasgevang in 'n situasie gekenmerk deur beperkte ontspanningsgeriewe, werkloosheid en 'n gebrek aan opvoedkundige geleenthede. Verhoudings met die ouer mans word dus aangegryp, aangesien hulle daardeur 'n verhoging in hulle eiewaarde ervaar en moontlik as suksesvol gereken kan word.

Hierdie aspek is veral belangrik indien dit kom by die navorsingsonderwerp, naamlik *taxi queens*. *Taxi queens* verkeer seksueel met ouer mans in ruil vir finansiële vergoeding. Op 'n later stadium sal die verskynsel in meer detail bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.7 SEKSUELE GEWELD EN DWANG IN DIE VROU SE ROMANTIESE VERHOUDINGS

Nie alle jong vroue verkeer seksueel uit vrye keuse nie. 'n Aantal vroue ervaar seksuele dwang, waar seks gepaardgaan met geweld (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:19). Bykans vier uit elke tien vroue wat seksueel aktief is (39%), rapporteer dat hulle geforseer is om seks te hê. Armoede en misdaad is die ernstigste sosiale probleme in Suid-Afrika en het 'n invloed op die lewens van mense in verskeie gemeenskappe. Die probleem is dat hierdie kommerwekkende aangeleentheid in Suid-Afrika aan die toeneem is (Gray en Sathiparsad, 1998:267). Geweld in Suid-Afrika het deur die jare verskillende vorme aangeneem. As dit nie politieke geweld was nie, was dit geweld teenoor kinders, gesinne, skole en gemeenskappe. Tans is geweld deel van die alledaagse lewe in ons gemeenskappe. Dit is waarom UNICEF (s.a.:52) aandui dat jongmense in Suid–Afrika geweld sien as 'n manier om konflik te hanteer, maar dit ook as 'n spesifieke lewenstyl aanneem. Thompson (in Surgarman en Hotaling, 1989:5) sien geweld in verhoudings as enige optrede of dreigemente wat die ander persoon op 'n fisieke of verbale manier kan mishandel. Hierdie tipe geweld word aangetref in sosiale interaksie tydens die uitgaanproses of die proses waardeur 'n maat geselekteer word.

3.7.1 Redes vir dwang en geweld in romantiese verhoudings

Varga en Makabola (1996:36) noem dat geweld en dwang in die seksuele verhoudings van vroue voorkom as gevolg van sosialisering van die geslagte en die sosio-ekonomiese ongelykhede wat tussen mans en vroue bestaan. Llewellyn-Jones (1984:126) en Lloyd (1991:16-17) ondersteun bogenoemde skrywers se siening oor die redes vir geweld in jong vroue se verhoudings. Samelewings leer mans om hard en aggressief op tree. Hulle word daarvan bewus gemaak dat hulle eie seksuele drange belangriker is as dié van vroue. Mans word ook onder die wanindruk gebring dat, indien hulle seksueel gestimuleerd is, dit baie moeilik is om die drange te beheer omdat dit so sterk is. Verder word mans geleer dat vroue onderdanig en passief moet optree in hulle verhoudings met mans. Dit word ook algemeen aanvaar dat vroue laer seksuele drange besit as mans en dat die behoefte om seks te hê vir die vrou minder belangrik is as vir mans.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bergman (1992:21) het ook sekere faktore geïdentifiseer wat tot geweld in 'n verhouding aanleiding gee. Spanning, alkohol en dwelmmisbruik, ongelykheid tussen paartjies, intensiteit in die verhouding, lae inkomste en die persoonlikhede van die paartjies is as redes aangedui. Jaloesie en woede is deur Harway en Liss (1999:278) aangedui as primêre motivering vir die ontstaan van geweld in 'n verhouding. Sugarman en Hotaling (1989:12) het jaloesie en onbeheerde aggressie geïdentifiseer as die oorsake vir geweld in 'n verhouding. Geweld vind gewoonlik plaas gedurende die naweek en op verskeie private plekke. Dit kan plaasvind in een van die paartjie se eie woning, in 'n voertuig of iewers in die buitewyke waar die geweld nie deur ander waargeneem kan word nie.

3.7.2 Vorme van geweld

Vroue eerder as mans is geneig om te rapporteer indien hulle geviktimiseer word of deur gewelddadige optrede geteister word (Surgarman en Hotaling, 1989:8). Geweld in seksuele verhoudings waarby jong vroue betrokke raak, neem verskillende vorme aan. Dit kom voor as fisieke, verbale en seksuele geweld. Makepeace (in Surgman en Hotaling, 1989:11) dui aan dat fisieke beserings 'n algemene gevolg is van geweld in 'n verhouding. Die persoon kan byvoorbeeld fisies geslaan of domineer word ten einde beheer oor 'n situasie te herwin. Lloyd (1991:16) en Wood *et* (1998) bevestig dat fisieke aanranding dikwels voorkom indien die jong vrou weier om seksueel te verkeer. Hier kan daar weer verwys word na situasies waar vroue finansieel afhanklik is van hulle maats (Varga en Makubalo, 1996:34). Jong vroue in bogenoemde navorsing het beklemtoon dat hulle by tye ongemaklik is om seksueel te verkeer, maar dat hulle bang is dat, indien hulle hulle maats seks sou weier, hulle die verhouding sou beëindig. Dit sou beteken dat sy haar finansiële onderhoud sou verloor wat 'n bedreiging sou inhou vir haar finansiële oorlewing. Lloyd (1991:16) en Wood *et* (1998) het ook bevind dat aanranding die gebruik van verskeie voorwerpe insluit, soos skoene, 'n kierie of 'n lyfband waarmee die vrou fisies aangerand kan word.

Verbale geweld impliseer die gebruik van skeltaal of verkleinerende taalgebruik om die ander te dwing om deel hê aan onwelkome seksuele aktiwiteite. Mans maak van aanhoudende argumente en druk gebruik om vroue te dwing om teen hulle wil seksueel te verkeer. Bergman (1992:23) verduidelik dat verbale dreigemente gerig kan word teenoor 'n maat in 'n verhouding of teenoor 'n ander persoon wat na aan daardie betrokke persoon is. In baie gevalle kom die dreigemente voor in die vorm van uitsprake. Sekere mans kan die vroue

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

probeer oortuig dat, indien hulle nie seksueel sou verkeer nie, dit aanleiding kan gee tot die beëindiging van die verhouding of dat die man 'n ander maat sal soek. Jong vroue rapporteer dat hulle betrokkenheid by onwelkome seksuele aktiwiteite die gevolg is van hulle maats se vermoë om hulle skuldig te laat voel oor hulle eie seksualiteit. Verder gebruik mans 'n algemene argument om vroue te oortuig om seksueel te verkeer, naamlik dat hulle bereid sal wees om seksueel te verkeer indien hulle lief is vir die mans. Onder sulke omstandighede word seks beklemtoon as 'n uitdrukking van die man en vrou se liefde vir mekaar (Varga en Makubalo, 1996:32; Meuhlehard *et al.*, 1991:159; UNICEF s.a.:43).

In die Suid-Afrikaanse strafreg verwys verkragting na 'n man wat wederregtelik en opsetlik geslagsverkeer het met 'n vrou sonder haar toestemming. In die geval van 'n meisie onder die ouderdom van 12 jaar word aanvaar dat die persoon nie in staat is om toestemming te verleen nie. Vogelman (in Gray en Sathiparsad, 1998:268) verduidelik dat die Suid-Afrikaanse definisie van verkragting sekere beperkings het. Die wet beperk verkragting tot penetrasie van die vagina deur die penis en ignoreer ander vorme van seksuele kontak, soos orale of anale omgang en penetrasie deur die gebruik van voorwerpe. In voorgestelde wysiging van die Wet op Seksuele Misdrywe wat tans deur die parlement oorweeg word, word die definisie van verkragting wel verbreed om voorsiening te maak vir die verkragting van mans. Orale omgang en penetrasie met voorwerpe word egter steeds uitgesluit van die definisie van verkragting. Daar word verder voorgestel dat seksuele omgang met 'n persoon tussen die ouderdom van 12 en 16 jaar ten spyte van die persoon se toestemming ook as verkragting beskou word.

Kershner (1996:29) voer aan dat jong vroue veral kwesbaar is ten opsigte van verkragting. Daar bestaan nie net die risiko van verkragting wat deur 'n vreemdeling gepleeg kan word nie, maar verkragting kan ook in 'n verhouding voorkom. Harway en Liss (1999:278) bevestig dat adolessente beskou word as 'n hoë risikogroep vir geweld in 'n verhouding. Die skrywers noem verder dat geweld in 'n verhouding 'n invloed het op hoërskoolleerders. Volgens dié skrywers word 37% van alle slagoffers van verkragting in die ouderdomsgroep 11 tot 17 jaar aangetref (Harway en Liss, 1999:279 en Lesch, 2000:30). Verder is 10% tot 25% jong vroue tussen 15 en 24 jaar slagoffers van seksueele aangeranding. Bergman (1992:21) stel dit duidelik dat seksuele en fisieke geweld 'n opvallende probleem is in verhoudings wat aangeknoop word tydens die hoërskooljare. Statistiek daarop dui dat adolessente as 'n risikogroep beskou word ten opsigte van blootstelling aan geweld in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhoudings. Geweld kan op verskeie geleenthede tydens hulle uitgaansituasies plaasvind (Bergman, 1992:21).

Geweld kom dikwels voor in die konteks van 'n langtermynverhouding, maar gee in baie gevalle nie aanleiding tot die beëindiging van die verhouding nie (Wood *et*, 1998; Bergman, 1992:25). Volgens Koss, Dinero en Siebel (1988:20) kan die ervaring van 'n vrou wat deur 'n vreemdeling verkrag is, vergelyk word met dié van 'n vrou wat deur 'n persoon wat aan haar bekend word, verkrag is, byvoorbeeld 'n meisie se kêrel. Bogenoemde navorsers het bevind dat verkragting wat deur 'n vreemdeling gepleeg word, meestal eenmalig plaasvind. In die geval van verkragting deur 'n persoon wat aan die slagoffer bekend is, het die gerapporteerde verkragting opeenvolgende aanrandings ingesluit en was een persoon daarvoor verantwoordelik.

3.7.3 Gebrek van definiëring van geweld

Tydens die navorsing deur Wood *et al.* (1998) is bevind dat jong vroue wat gedwonge geslagsomgang ervaar, die voorval nie as verkragting beskou nie. Volgens dié jong vroue word die seksuele daad nie beskou as verkragting nie omdat dit nie deur 'n vreemdeling gepleeg is nie. Verkragting word met 'n vreemdeling geassosieer omdat daar geen toegewyde verhouding met die persoon gedeel word nie. Ondersoeke uitgevoer deur UNICEF (s.a.: 58-59) het tot die volgende gevolgtrekking gelei. Jong vroue het 'n gebrek aan kennis oor die moontlikheid dat verkragting in 'n verhouding kan voorkom, en dat dit bekend staan as afspraakverkragting (*date rape*). Die vroue was nie daarvan bewus nie dat, indien vrou gedwing word om seksueel te verkeer, dit as 'n oortreding beskou word en dat dit aangemeld moet word. Koss *et al.* (1988:21) het bevind dat verkragting wat in 'n verhouding plaasvind baiemaal nie gerapporteer word nie. Die moontlikheid dat die vroue die voorval met 'n ander persoon sal bespreek, verminder na gelang die intimiteit met die oortreder verhoog. Dit gee daartoe aanleiding dat die vroue nie 'n krisissentrum kontak om die nodige terapie wat hulle in staat sal stel om die ervaring te verwerk, ontvang nie. Die situasie word vererger weens die feit dat vroue, volgens Kersher (1996:32), steeds aan die onderstaande mites glo:

- 'n verkragter is iemand met 'n geskiedenis van kriminele gedrag;
- die meerderheid vroue fantaseer daaroor om verkrag te word;
- dit is veel makliker vir 'n enkellopende vrou as vir 'n getroude vrou om 'n voorval van verkragting te verwerk;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- slagoffers van verkragting moet tydens die voorval van verkragting deurgaans aktief weerstand bied;
- sommige meisies moedig verkragting aan deur die manier waarop hulle aantrek;
- die beste manier om die voorval van verkragting te bowe te kom is om nie daaroor te dink nie, en
- sekere vroue het mans uitgelok om hulle te verkrag.

Jong mans sien verkragting as geregverdig indien vroue deel het aan die voorval, soos wanneer 'n vrou na 'n man se woonstel toe gaan eerder as om na 'n godsdienstige funksie toe te gaan, of wanneer die vrou die leiding neem en die man êrens heen uitnooi of die vrou die man toelaat om al die onkoste van die afspraak te betaal. Dieselfde geld indien 'n vrou bereid is om die jong man na sy woning uit te nooi, of hom na haar woning toe uitnooi en daar geen toesig is nie. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die man meer in die vrou se optrede lees as wat sy bedoel. Die jong man kan byvoorbeeld aanneem dat die vrou daarin belangstel om seksueel met hom te verkeer. Dit geld selfs in gevalle waar die jong vroue die leiding neem met die reël van die afspraak. In die geval waar die vrou toelaat dat die man om die onkoste van die afspraak te dra, kan heelwat probleme na vore kom. Eerstens kan dit deur die man geïnterpreteer word dat die vrou haar met die tradisionele rolgedrag vereenselwig. Tweedens kan dit beteken dat sekere seksuele gunste aan die man sal verleen word, in ruil vir die feit dat hy die onkoste van die afspraak alleen gedra het. As die vrou in so 'n situasie weier om seksueel te verkeer, het sekere mans tydens Feltey, Ainslie en Geib (1991:241-245) en Meuhlehard *et al.* (1991:165) se navorsing aangedui dat hulle verkragting as geregverdig beskou.

3.7.4 Redes waarom vroue in gewelddadige verhoudings bly

Roscoe en Kelsey (in Harway en Liss (1999:278) het bevind dat beide slagoffers en oortreders van geweld die geweld as 'n teken van liefde beskou. Vir sekere paartjies het die aanwesigheid van geweld hulle verhouding na 'n dieper vlak van verbintenis teenoor mekaar geneem. Soos reeds genoem, is daar jong vroue wat finansieël van hulle maats afhanklik is. Dit beperk hulle kanse om uit die gewelddadige verhouding te ontsnap, alhoewel hulle in baie gevalle daaruit wil kom. Die huwelik word beskou as toetrede tot volwasse status en volwaardige vrouwees. Beide mans en vroue is groot aanhangers van die romantiese sy van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n verhouding. Paartjies glo ook dat liefde alle negatiewe aspekte in die verhouding sal oorwin en plaas dus die blaam vir die geweld op ander faktore binne en buite die verhouding. Faktore wat geblameer word, is byvoorbeeld die skool, druk van die gesin of selfs die reëlings vir die troue. Romantiese drome laat die paartjie geweld in die verhouding eerder aan eksterne faktore toeskryf as aan fundamentele probleme in die verhouding self. Verder blyk dit dat verliefde paartjies die persepsie het dat die negatiewe gewelddadige gedrag met verloop van tyd sal verdwyn, want hulle liefde sal dit eindelik oorwin. Bogenoemde redes dien eerder as 'n beperkende faktor. Hierdie redes motiveer die paartjie om voort te gaan met die verhouding alhoewel negatiewe interaksiepatrone teenwoordig is (Lloyd, 1991:15-16).

3.8. OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is daar 'n oorsig gegee van die romantiese verhoudings en seksualiteit van die jong vrou. Dit het geblyk dat jong meisies die romantiese verhouding as 'n belangrike raamwerk ervaar waarin romantiese ervaringe beleef en uiting aan gegee kan word. Dit is binne hierdie konteks dat verskeie emosies ervaar word, wat geluk of hartseer kan veroorsaak. As gevolg van die aard van die romantiese verhoudings van jong vroue kan dié verhoudings verskillende vorme aanneem, wat wissel van 'n intieme vriendskap tot 'n vlugtige uitgaan-verhouding en laastens 'n eksklusiewe uitgaan-verhouding. Aan die hand van die bespreking van die seksualiteit van die jong vrou blyk dit dat min jongmense seksuele omgang ervaar voordat hulle by hofmakery betrokke raak. Hierdie proses sal uiteindelik lei tot die begin van seksuele ervaringe. Beide die tydstip van *dating* en die ontwikkeling van die eerste ernstige verhouding hou implikasies in vir die begin van seksuele ervaringe.

Tydens die bespreking van seksuele geweld en dwang binne romantiese verhoudings is daar beklemtoon dat nie alle jong vroue uit vrye keuse seksueel verkeer nie. Verder is daar bevind dat 'n aantal vroue seksuele dwang ervaar, waar seks met geweld gepaardgaan. Laasgenoemde het tot 'n groot mate die bevestiging gegee dat jongmense seks gebruik as 'n ruilproduk en dat hierdie tendens ook onder die jongmense van Suid-Afrika voorkom.

In die volgende hoofstuk sal 'n volledige uiteensetting gegee word van die resultate wat in die fokusgroepe verkry is. Hierdie resultate sal hoofsaaklik handel oor die vier temas wat as onderwerpe vir bespreking tydens die fokusgroepbesprekings gedien het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

BEVINDINGE EN BESPREKING VAN DATA

4.1 INLEIDING

Groepbesprekings is gevoer met veertien meisies in die ouderdomsgroepe soos in tabel 5.1 aangedui.

Ouderdom	Aantal respondente
16	2
17	9
18	3
TOTAAL	**14**

Tabel 4.1 Verspreiding van respondente volgens ouderdomme

Louw (1990:89) is van mening dat die aanvangsouderdom van adolessensie tussen 11 en 13 jaar is, terwyl die einde van adolessensie tussen 17 en 21 jaar val. Die afleiding kan dus gemaak word dat die meisies wat aan die navorsing deelgeneem het, wel as adolessente geklassifiseer kan word. Die doel van die fokusgroepe was om 'n breë oorsig te gee van die meisies se lewenstyle, maar ook 'n beskrywing te gee oor hul romantiese verhoudings. Die fokusgroepe het gedien as inleiding tot 'n volgende afdeling van die ondersoek, naamlik die *taxi queen*-verskynsel. Die verhouding tussen die hoërskoolmeisie en die minibustaxi-bestuurder is een tipe verhouding tydens die hofmakery. Die data van die groepbesprekings het as basis gedien vir verder eksplorering tydens die individuele onderhoude met die drie respondente, ten einde 'n beter begrip te ontwikkel van hulle ervaringe gedurende hulle verhouding met die minibustaxibestuurders.

Tydens die groepbesprekings is vrae met betrekking tot die volgende vier temas gerig naamlik lewenstyle van die adolessente meisies, romantiese verhoudings van die adolessente meisies, seksverwante aspekte in die romantiese verhoudings van die adolessente meisies en seksuele geweld tydens romantiese verhoudings. In die aanbieding van data sal die navorser se vraag aangedui word met die letter **O** en die respons van die respondente met **R**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 LEWENSTYLE VAN ADOLESSENTE MEISIES

4.2.1 Vryetydsaktiwiteite

In die studie is respondente gevra om aan te dui watter aktiwiteite hulle in hulle vrye tyd beoefen. Die Departement van Onderwys en Kultuur in hulle Hoofverslag (1990:49) verduidelik dat vryetydsbesteding gesien moet word as tyd wat 'n persoon nie aan sy/haar dagtaak bestee nie. Vrye tyd is dus daardie tyd wat die jeugdige ná die amptelike skoolure en buiten sy skoolwerk, huislike en ander verpligtinge tot hom / haar beskikking het. Die meerderheid respondente bestee hulle tyd en energie aan televisie, om by maats te kuier, na popmusiek te luister en besoek te bring aan disko's en sjebiens. Dertien respondente het aangedui dat hulle gunstelingmusiek R/B is. Net een respondent het hiervan verskil en aangedui dat haar gunstelingmusiek Christelike musiek is, wat nou saamhang met haar godsdiens ("*ek hou nie van world songs nie. Ek is bekeer. Ek hou van Gospel musiek en groepe soos Hill Songs* "). Die fokusgroepdata stem dus ooreen met bevindinge deur Larson en Verma (1999:715-716). Volgens Larson en Verma (1999) bestee die meerderheid jeugdiges hulle tyd deur televisie te kyk en radio te luister.

O: As julle 'n lekker tyd wil hê wat doen julle. Dit wil sê wat doen jongmense in hul vrye tyd veral?.

R: "... *gaan uit, jol* ... "

R: "... *ek hou van TV kyk veral die soap soos Days of our Lives, daai mense kom alles oor in daai stik* ... "

R: "... *na die vriende se huis toe gan geniet jouself* ..."

R: "... *sekere van hulle gan sit op die yardte. Ons drink daar en cool af* ..."

R: "... *luister na R/B music* ... "

Volgens die literatuur oor adolessente se lewenstyle is dit die verwagte manier waarop adolessente meisies hulle tyd sal deurbring. Miles (2000:114) suggreer dat die mate waartoe jeugdiges hulle vrye tyd deurbring, 'n kwessie is wat sentraal staan in hulle lewenservaring. Jeugdiges is hoofsaaklik ingestel om die lewe van een oomblik na die ander te geniet en is nie bekommerd oor wat die toekoms vir hulle inhou nie. In hulle soektog na onafhanklikheid bring jong mense baie tyd saam met hulle portuurs deur (Mckinney en Sprecher, 1991:115). Die belang van die portuurgroep neem toe met die begin van puberteit en bereik 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoogtepunt teen mid-adolessensie (Steyn,1987:91). Volgens die respondente se ouderdomsfases en veranderde behoeftes vind daar dus 'n verskuiwing plaas van die ouerhuis na die portuurgroep. Al veertien respondente het erken dat hulle dit meer geniet om tyd saam met hulle vriende deur te bring as saam met hulle ouers.

Die respondente is versoek om die redes aan te dui waarom hulle aan die betrokke vryetydsaktiwiteite deelneem. Die volgende response is verkry: vryetydsaktiwiteite bied 'n reeks geleenthede aan meisies om spanning te ontlaai (" *as jy vol stress is dan help dit jou om te relax. Jy jol oek om saam met jou vriende te wies, want dit is lekker* "), vryheid te ervaar ("*seker om weg te kom van jou ma en pa-hulle*"), vriende te ontmoet ("*dit is lekke om met jou vriende te sosialize en so leer ken jy mos vir hulle waar hulle uithang of hoe*"), te sosialiseer en genot en plesier te ervaar ("*ek sê altyd wat hulle nie sien sal hulle nie seer maak nie. As my auntie moet wiet wat alles aangan by die functions wat ek toe gan o sy sal heeldag worry oor my"*). Dit is dus duidelik dat vryetydsaktiwiteite hoofsaaklik genot en plesier aan die respondente moet verskaf. Die meerderheid respondente is op soek na aktiwiteite wat vryheid verskaf sonder die beperkinge van ouers se reëls en regulasies. Volgens Wallace en Kovatcheva (1998:157) is sosiale aktiwiteite waarby jeugdiges betrokke is, soos partytjies sonder ouerlike beheer en toesig, los en redelik ongestruktureer is.

4.2.2 Verbruikersmark

Uit besprekings het dit duidelik geword dat die meeste van die respondente tyd, energie en geld bestee om deel te hê aan die verbruikersmark. Die oorgrote meerderheid respondente het aangedui dat hulle 'n duidelike persepsie het van die verskillende tipes style en modes wat beskikbaar is en in aanvraag is, byvoorbeeld verskillende "*tops*", "*skirts*" en broeke. Bogenoemde bevindinge vind aansluiting by Miles (2000:98) se mening dat die verbruikersmark 'n sleutelrol speel in die strukturering van aspekte van die lewenstyle van die jeug. Volgens Miles (2000) tree die verbruikersmark op as 'n kulturele verskynsel waarin lede van die samelewing, soos die respondente in die huidige navorsing, die verbruikersmark sal benut om hulle lewens te struktureer.

O: Wat is modes wat tans "in" is. Watter style wil almal dra?.

R: "*... dit is die tops met die holter necks en die jeans ...*"

R: "*... die denim skirts wat gerip is en die fayded jeans soos dit wat X aan het; almal dra dit*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nou ..."

R: "*... die Timberlin, veral die masterd een, almal soek daai colour ...*"

R: "*... pencil stripe broeke ...*"

Die meeste respondente het bewus geraak van die verskillende verbruikersgoedere nadat hulle die televisie (" *op die TV, die sterre dra dit oek. Ek sien dit in die winkel en dan koep ek dit dan vir myself en dan vertel ek my vriendin en so gan dit maar aan* "), winkelsentrums (" *ja, as ek dit sien in die winkel, sal ek dit vir my koep* "), vriende en tydskrifte ("*jy sien dit mos in die magazine oek. Al die kwaai style sien jy daar*") geraadpleeg het. Die meerderheid respondente het aangedui dat 'n spesifieke styl of mode 'n individu in staat stel om met 'n bekende ster of aktrise te identifiseer. Kleredrag en styl kan indirekte boodskappe uitstuur oor wie die persoon is en die spesifieke styl of smaak wat die persoon het. Soos een respondent aandui " *as iemand vandag vir my kan sê ek lyk soos Britney sal hulle mos dink ek is cool* ". 'n Volgende respondent noem ook "*ek dink meisies hou daarvan om aan te trek, want dit kan iets sê van haarself, miskien sy het 'n lekke style van aantrek* ".

Gunter en Furnham (1998) beklemtoon dat die media die belangrikste sosialiseringsagent is. Die media maak dus die jeug bewus van die verskeidenheid produkte wat beskikbaar is in die verbruikersmark. Miles (2000:118) verifieer dat verbruik deur jeugdiges benut word as 'n arena waarin hulle hulle kreatiwiteit kan uitdruk. Met verwysing na die aanhalings van die respondente kan daar dus 'n afleiding geformuleer word. In die onderskeie lewenstyle van die respondente word dit vir die respondente al hoe belangriker om 'n spesifieke styl of smaak na te jaag of in besit daarvan te kom.

4.2.3 Sakgeld en besteding

Die meeste respondente ontvang sakgeld uit 'n verskeidenheid bronne, naamlik hulle ouers, voogde (ouma) of ander familielede (suster en tante). Sakgeld word op 'n daaglikse, weeklikse en selfs maandelikse basis ontvang. Die sakgeld van die veertien respondente wissel van R50 per dag tot R1500 per maand. Sakgeld word hoofsaaklik aan persoonlike items, skoonheidsmiddels, sigarette, alkohol, tekkies, voedsel, CD's en ontspaningsdoeleindes bestee. Die oorgrote meerderheid respondente spandeer hulle sakgeld aan hierdie kommoditeite om hulle voorkoms te verbeter, in besit te wees van 'n spesifieke styl, hulle self te bederf en om 'n plesierige tyd saam met hulle vriende deur te bring. Die volgende response

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is ontvang op die vraag na die bedrae sakgeld wat die respondente ontvang en waaraan die bestee word:

O: Indien jy sakgeld kry, wat is die bedrag en is dit per dag, week of maand?

R: "… *ek kry elke dag sakgeld. Ek vra my ma elke dag 'n R50 en dan gie sy vir my …*"

R: "… *ek kry sowat R90 per wiek …*"

R: "… *ek kry so R150 tot R200 per maand …*"

R: "… *R50 per maand …*"

R: "… *R80 vir die weekends, en dan gebruik ek dit net vir dit weekends kry ek geld en die ander kry ek in die wiek en my taxi fee …*"

O: Waarop word die sakgeld bestee?

R: "… *op klere en toiletries …*"

R: "… *tekkies …*"

R: "… *en moet nie die make up vergiet nie, veral die nuwe lipstick wat jou lippe meer sag laat lyk, maar dit is nogal duur …*"

R: "… *om uit te staan …*"

R: "… *jou gesig lyk oek mooier as jy make-up op het, veral as jy die regte lipstick aan het en sekere meisies hou mos om bright coloures op te sit dan lyk hulle nie reg nie …*"

Die meisies in die huidige navorsing het melding gemaak van die belang van geld, ten einde te verseker dat hulle deel kan hê in die verbruikersmark. Al veertien respondente het die persepsie dat daar sekere vereistes is om deelname aan die verbruikersmark te verseker. Dit het duidelik na vore gekom tydens groepbesprekings dat die respondente in staat is om verskeie items te bekom. Die oorgrote meerderheid respondente se deelname aan die verbruikersmark word verseker as gevolg van die sakgeld wat afkomstig is uit verskillende finansiële bronne. Tesame hiermee plaas die respondente die verantwoordelikheid op hulle ouers om hulle deelname aan die verbruikersmark te verseker. Dit is waarom Gabriel en Lang (in Miles, 2000:76) noem dat, indien 'n persoon nie die nodige bronne besit nie, kan hy nie 'n volwaardige burger van die verbruikersmark wees nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.4 Huishoudelike omstandighede

Respondente is woonagtig by albei ouers, enkelouer (moeder), grootouer (ouma) of 'n familielid (tante). Dit het duidelik geword dat die uitgebreide gesin 'n belangrike rol speel in sekere respondente se lewens. Van die veertien respondente is vyf respondente se moeders werkloos. In die meerderheid respondente se gesinne beklee die vaders die rol van broodwinner. In die geval van een respondent tree die grootouer (ouma) op as die broodwinner van daardie huishouding, aangesien hulle vir hulle maandelikse inkomste van 'n staatspensioen afhanklik is. Al veertien respondente het te kenne gegee dat hulle voldoende toegang het tot sanitasie, water en elektrisiteit. Twaalf respondente bly in hulle eie wonings, met net twee wat aangedui het dat hulle in 'n tuinhuisie (*wendy house*) op die erf van 'n familielid woon.

Die Nasionale Witskrif oor Maatskaplike Welsyn (Suid-Afrika, 1997:1-2) noem dat veertig persent van die armste huishoudings in Suid-Afrika minder as 6% van die totale inkomste verdien, terwyl die rykste 10% meer as die helfte van die inkomste verdien. Ongeveer 'n derde (35%) van alle Suid-Afrikaanse huishoudings (bykans 18 miljoen) leef in armoede (Louw, 1998:136). Kwessies van armoede beïnvloed die lewenstyle en huishoudelike omstandighede waarin jeugdiges hulle bevind.

4.2.5 Verhoudings met hulle ouers

Data suggreer dat die meerderheid respondente met uiteenlopende familie-omstandighede te kampe het. Dit sluit in grootword in 'n enkelouer- huishouding of die teenwoordigheid van 'n derde party (stiefouer) wat lei tot die ontwikkeling van frustrasies en gevoelens wat hanteer moet word (" *ons skel oor haar boyfriend, en die laaste keer en toe sê ek vir haar sy moet nie met my skel nie, en toe wil sy vir my klap. Ja ek wens hy kan net gan en ons uit los dan sal ons lewe veel beter wees. Miskien dan sal ons beter oor die weg kom* "). Die meeste meisies het net een gunsteling- verhouding, met een ouer (vader), familielid (tante, suster) of voog (ouma). Die meerderheid respondente dui aan dat hulle 'n gevoel van ontevredenheid beleef wat betref hulle verhouding met hulle moeders ("*ek en my ma bly stry*"). Hierdie ontevredenheid hou verband met die persepsie wat die meisies het dat hul moeders hulle lewens beheer, hul vriende selekteer en veral die goedkeuring gee oor met wie hulle in 'n verhouding behoort te wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe die meisies hulle verhale oor verhoudingskwessies met die groep gedeel het, het meer as die helfte respondente gerapporteer dat hulle 'n begeerte het dat hulle ouers meer in hulle moet belangstel en beskikbaar moet wees wanneer hulle hulle nodig het. Een respondent het aangedui dat sy weinig kontak het met haar ouers ("*my verhouding met my ouers is nie goed nie. Ons kom nie goed oor die weg nie. Ek sien hulle nou en dan*"). 'n Ander respondent het selfs genoem dat sy daarna verlang en dat dit haar gelukkig sal maak indien haar ouers in haar as persoon sal belangstel en beskikbaar sal wees wanneer sy hulle nodig het ("*dat hulle meer in my as persoon sal belangstel en daar is vir my* "). Uit die veertien respondente het net een aangedui dat dit haar gelukkig sou maak indien sy van haar moeder kan wegkom. Volgens hierdie respondent stel haar moeder nie in haar belang nie, en is nie beskikbaar wanneer sy haar moeder nodig het nie ("*ek kan nie een van die twee noem nie, want wat vir my gelukkig sal maak as ek weg van my ma sal wies. My ma is nie altyd daar vir my nie as ek haar nodig het nie* ").

4.2.6 Toekomsverwagtinge van die adolessente meisies

Die respondente is versoek om na te dink oor hulle toekoms, byvoorbeeld toekomstige skoolloopbaan en loopbaanvooruitsigte. Meer as nege respondente het aangedui hulle wil hulle skoolloopbaan voltooi en vyf het aangedui dat hulle verkies om tersiêre opleiding te ontvang. Die professies waarna hulle verwys het as moontlike toekomstige beroepe, is maatskaplike werker ("*met kinders werk*") sportafrigter ("*ek is goed in sport* "), lugwaardin ("*rond reis*") en regsverteenwoordiger ("*veg vir mense se regte*"). Die res van die respondente wil eers 'n vaste werk of 'n deeltydse werk doen of oorsee gaan werk, sodat hulle hulle tersiêre opleiding self kan betaal. Verder is daar ook 'n vraag aan die respondente gerig oor die persepsie wat meisies het oor waar hulle hulle sien oor 10 jaar. Dit is duidelik dat die helfte van die meisies alreeds getroud wil wees, met twee tot drie kinders. Al veertien meisies wil gevestig wees en 'n eie motor en woning besit ("*my eie huis, kar en 'n partner*"). Die oorblywende respondente het wel aangedui dat hulle ouers wil word, maar dat hulle nie wil trou nie. Een respondent het genoem "*ek dink nie aan trou nie. 'n Mens sien te veel dinge in vandag se lewe en vandag se mansmense kan jy nie trust nie*" .

4.3 ROMANTIESE VERHOUDINGS VAN DIE ADOLESSENTE MEISIE

4.3.1 Verhoudings met kerêls

Die helfte van die respondente het gerapporteer dat hulle verhoudings 'n konteks is waarin genot ervaar word. Die respondente geniet dit om tyd saam met hulle maats deur te bring. Uitstappies en afsprake met hul kerêls vind gedurende die naweke plaas, aangesien die respondente nog skoolgaan. Een van die respondente beskryf haar verhouding as " *lekker, ek en my ou ons kom baie goed oor die weg* " omdat daar 'n goeie verstandhouding tussen haar en haar maat bestaan. In die meerderheid gevalle is daar sterk emosies en belangstelling in die respondente se verhoudings. Dit is duidelik dat die respondente geheg is aan hulle romantiese maats met wie 'n verhouding gedeel word. Die volgende aanhalings illustreer dit:

O: Vertel my meer oor jou verhouding. Wat maak jou so mal oor jou kerêl?

R: "... *hy is 19 jaar oud. Hy gan nog skool. Ek sien hom net van Vrydag tot die naweek verby is.Hy is 'n baie oulike ou en hy het 'n mooi smile ...* "

R: "... *ek kry liefde, ek kry alles en ek kry dit baie ...* "

R: "... *ons gan disco toe en ons twee hou daarvan om 'n movie te gan kyk ...* "

R: "... *sy naam is X. Hy is okay. Somtyds stry ons baie. Hy gan nie skool nie. Hy is oek oulik. Ek hou baie van hom, want hy doen dit vir my. Ons gan al 9 maande uit ...* "

R: "... *sy naam is X, en ons gan alreeds 6 maande uit. Hy is nie te tall nie, en hy trek smart aan en ek is baie lief vir hom ...*"

Die meeste respondente het reeds van die ouderdom 12 of 14 begin uitgaan ("*my eerste verhouding het ek gehad toe ek 13 of 14 was* "). Die respondente het aangedui dat meisies vroeg deel het aan die hofmakery. Afsprake met die teenoorgestelde geslag word reeds van die ouderdom 13-14 gereël. Teen die ouderdom 15-16 was die meerderheid meisies reeds in 'n vaste verhouding betrokke (" *ek was 16, dit was nog in laas jaar. Voor dit was ek nog nie ernstig nie* "). Die oorgrote meerderheid respondente is in 'n vaste verhouding met 'n maat wat 2 tot 5 jaar ouer as hulle is ("*ja dit moet darem soe wies, hy was so twee jaar ouer as ek*").

Die respondente beskou seuns van hulle eie ouderdom as "*kinderagtig*", aangesien hulle nie ín staat is om bekend te wees met die meisies se behoeftes en denke nie. Die respondente beweer die rede waarom hulle in 'n verhouding is met 'n ouer maat is omdat 'n ouer maat

meer volwasse is en baie ervaringe ten opsigte van verhoudings het. Volgens Gullota *et al.* (2000:142) word aktiwiteite tydens die hoërskooljare nie meer alleen uitgevoer nie, maar eerder saam met 'n spesiale maat. Wanneer 'n meisie en 'n seun beplan om alleen mekaar te ontmoet of in 'n groep na 'n danspartytjie toe te gaan, kan dit as 'n afspraak beskou word.

4.3.2 Behoefte aan 'n kêrel

Van die veertien respondente het sewe aangedui dat hulle daarna verlang om 'n kêrel te hê. Hierdie respondente het gerapporteer dat meisies wat nie in 'n verhouding is nie, nie as normaal beskou word nie of dat iets met hulle verkeerd is (*"As jy nie 'n boyfriend het nie is jy mos nie cool nie of hulle sien jou as boring of dof"*). Nie net word 'n romantiese verhouding belangrik geag nie, maar ook 'n maat saam met wie tyd deurgebring kan word is noodsaaklik. Hierby voeg Thornton (1990: 240) dat die ontwikkeling van die jeugdige se seksualiteit en die vorming van heteroseksuele verhoudings as belangrike mylpale in die rypwordingsproses van beide jong mans en vroue beskou word. Zani (1991:172) het bevind dat beide jong mans en vroue aangetoon het dat hulle verlang om 'n kêrel of 'n meisie te hê. Die verlange daarna om iemand spesiaals te hê, is 'n belangrike aspek tydens adolessensie. Op die vraag: Benewens skoolvoltooing, wat is vir jou belangrik ?., was die respons "o*uens, Hoe mooier hoe beter*" (almal lag saam).

4.3.3 Tipe verhoudings: vaste verhoudings teenoor *moves*

Die respondente het met die idee gespeel dat daar verskillende tipes verhoudings bestaan in die wêreld van adolessente meisies. Taradash *et al.* (2001:365) stem saam dat die romantiese verhoudings van adolessente paartjies verskillende vorme aanneem, naamlik verhoudings wat met 'n intieme vriendskap ooreenstem tot 'n vlugtige uitgaanverhouding en laastens 'n eksklusiewe uitgaanverhouding. Die respondente het aangedui dat daar binne hierdie verhoudings duidelike, maar onuitgesproke reëls voorkom, waaraan beide partye hulle moet onderwerp.

Die eerste verhouding waarna die respondente verwys het, is die eksklusiewe verhouding. Dit staan ook bekend as 'n vaste (*steady*) verhouding waarin net twee persone betrokke is. Hierdie tipe verhouding begin wanneer die seun die meisie vra om met hom 'n verhouding aan te gaan. Die term *speen* word gebruik vir hierdie proses waartydens die meisie se

goedkeuring gevra word vir die aangaan van 'n verhouding. Onder geen omstandighede mag die meisie die proses inisieer nie. Sulke optrede sal dien as aanduiding dat sy die onuitgesproke reëls verbreek het. Een respondent illustreer 'n voorbeeld van so 'n vaste tipe verhouding " *as jy speen met iemand, gan jy net uit met daardie een persoon. Mansmense maak die eerste move. Hulle sal eerste vra of jy nie met hulle sal speen nie. 'n Miesies sal nooit uit die blote vra kan ek met jou speen nie. Mans is altyd forward* ".

Die tweede tipe verhouding staan bekend as die vlugtige verhouding of *move*. Dié vlugtige uitgaanverhouding word as die ideale verhouding beskou. Meer as sewe respondente het te kenne gegee dat hulle ten gunste is daarvan om deel te wees van hierdie tipe verhouding. In hierdie tipe verhouding is die maats nie verbind aan mekaar nie, en daar bestaan ook geen verpligtinge tussen die maats nie (" *ja, want jy kan met wie ever uitgan wat jy wil, jy is nie gelimmited tot een persoon nie, hy kan jou mos nie vashou nie, want julle twee wiet mos waar julles staan met mekaar* ").

Alhoewel daar geen vaste reëls of verpligtinge in hierdie tipe verhouding voorkom nie, het een respondent wel aangedui dat daar 'n risiko daaraan verbonde is om in hierdie verhouding betrokke te raak " *maar die move is 'n groter risk. Daar is sekere mans en vroue wat baie lief is vir mekaar dan sal hulle dit nie aan mekaar doen nie. Met die ou wat jy moet move is daar geen limits nie. Altwee kan doen wat hulle wil en een gan tog seerkry*". 'n Volgende respondent was meer direk oor die risiko wat verbonde aan hierdie verhouding is "*meisies verloor gou kop, en dan is hulle so verlief en dan kry hulle seer. As jy wiet jy raak te gou verlief is om te move nie vir jou bedoel nie. Bly weg want jy gan die lekkerste huil. Ouens gee nie om nie, môre huil jy nog dan het hy al lank al van jou vergeet* ". Dit is dus duidelik meisies wat betrokke is in dié tipe verhouding kan maklik seerkry, veral as die meisie 'n toegeneentheid begin ontwikkel vir die maat by wie sy betrokke is. Hierdie gevoel van toegeneentheid oortree die reëls van die verhouding, want geen maat in die verhouding mag aan die ander geheg raak nie. Dit is 'n verhouding wat albei net moet geniet sonder enige verpligting teenoor mekaar.

4.3.4 Redes vir betrokkenheid in 'n romantiese verhouding

Die meerderheid respondente het te kenne gegee dat hulle in 'n verhouding ingaan om eensaamheid te vermy en om iemand te hê wat vir hulle sal omgee. Hulle verlang dus na

iemand met wie hulle kan kommunikeer en wat na hulle sal luister. Dit is belangrik vir die respondente dat hulle iemand sal kry op wie hulle kan staatmaak en wat aan hulle goeie advies sal gee. Verder het die respondente ook aangedui dat hulle deur in 'n verhouding te wees, sekere ervaringe omtrent verhoudings kan opdoen. Verhoudings bied ook 'n konteks waarin affeksie, intimiteit en sekuriteit ontvang kan word. Die volgende aanhalings illustreer die redes wat respondente geïdentifiseer het waarom hulle verhoudings verlang:

> "... *sy wil nie alleen wees nie, en sy wil ook mos met haar vriendinne saam praat as hulle oor hulle boyfriends praat* ..."
> "... *miesies soek iemand waarmee hulle mee kan praat en vir hulle omgee* ..."
> "... *as jy met iemand ouer is kan daardie persoon vir jou advies gee, en hulle kan jou help* ..."
> "... *ons soek mos iemand om mee te praat* ..."
> "... *miskien kan jy nie met jou ma-hulle praat nie, nou soek jy daai ou wat jy alleen kan vertel, en dat hy na haar sal luister* ..."
> "... *ek wil voel hoe dit is met iemand ander uit te gan en om ervaringe op te doen* ..."
> "... *ek praat met daai persoon, en ek wil hom vertrou of so*..."

Bogenoemde bevindinge stem ooreen met die literatuur oor die ontwikkeling van die romantiese verhoudinge van adolessente meisies. Adams *et al.* (2001:354) is van mening dat die intieme ouer-kind-verhouding tydens die laat adolessensie vervang word deur 'n intieme vriendskap en later 'n romantiese verhouding. Shilman en Kipnes (2001:338) noem selfs dat die romantiese verhouding vir die adolessent van groot belang is. Vir dié skrywers (2001:38) is dit duidelik dat meisies hulle romantiese verhoudings as 'n belangrike raamwerk ervaar waarbinne romantiese ervaringe beleef en uiting aan gegee word.

4.3.5 Ideale maat

Die meerderheid respondente het 'n duidelike persepsie van die eienskappe van 'n sogenaamde 'ideale' maat. Die ideale maat is 'n persoon wat fisies aantreklik is (" *strong and black* "), 'n goeie sin vir humor het (" *hy moet 'n good sense of humor het, hy moet darem vir my kan laat lag* "), liefdevol (*vir my lief wees*) is, by hulle sal pas ("*hy moet net homself wies*"), spontaan en opreg is ("*hy moet eerlik wies* "). Dié persepsie van die respondente hou verband met die tradisionele idee van kenmerke waarna 'n vrou sal kyk wanneer sy 'n maat kies. Dit sluit selfs aan by Poole (1982 in Heaven en Callen,1990:158) se navorsing onder

Australiese meisies. Vir dié meisies was die volgende eienskappe belangrik ten einde hulle ideale maat te beskryf: verstandig, liefdevol, vriendelik, fisies aantreklik, sosiaal, suksesvol, betroubaar en hulle moet by mekaar kan aanpas. Daar is dus 'n groot ooreenkoms tussen die bevindings van die twee studies.

4.3.6 Die rol van fisiese aantreklikheid tydens die hofmakery

Die meerderheid respondente het aangevoer dat fisiese eienskappe nie vir hulle belangrik is nie. Dit speel eerder 'n sekondêre rol by die keuse van 'n maat. Een respondent het genoem dit kan eerder net as 'n bonus beskou word, met ander woorde iets ekstras ("*nie eintlik nie, dit is maar net 'n bonus* "). Sekere respondente het duidelike verwagtinge van hoe hulle maats moet lyk en hoe hulle moet aantrek. Een respondent het selfs verwys na die feit dat hy ordentlik moet lyk aangesien hulle twee saam in die openbaar gesien gaan word ("*hy moet darem na iets lyk dat hy saam met jou in die pad kan loep* "). 'n Ander respondent het genoem dat haar maat iemand moet wees wat na sy liggaam omsien, met geen oortollige vet om sy middellyf nie ("*as hy nie miskien mooi gesig het nie, dan moet hy at least 'n body het of kan aantrek* "). Die meerderheid respondente het 'n maat met ongesonde tande en 'n slegte asem heeltemal afgekeur ("*en 'n paar goeie tande. Ek hou van 'n man met goue tande. Sy mond moet nie stink nie. Nee asseblief spaar my dit* "). Die oorblywende ses was baie duidelik daaroor dat hulle maats modieus moet wees. Onder geen omstandighede mag hulle enige ou modes, byvoorbeeld *North Stars* dra nie (" *Hy moet at lease ordentlik lyk, en North Stars is outyds* ").

4.3.7 Verliefdheid teenoor liefde

Vrae rondom hoe respondente die betrokke emosies ervaar en hoe 'n mens weet wanneer jy op iemand verlief is teenoor wanneer jy vir iemand lief is, het verskillende reaksies na vore gebring. Die meeste respondente het 'n duidelike persepsie gehad van die verskille tussen die twee tipes emosies. Die meerderheid respondente het die persepsie dat die emosies wat 'n mens ten opsigte van jou ouers ervaar verskillend is van dié wat jy ten opsigte van 'n spesiale maat ervaar. Een respondent het aangevoer dat die gevoelens wat 'n mens vir jou ouers of ander familielede het, "*net daar is*"; jy het nie daarvoor gevra nie. Daarteenoor staan die gevoel wat 'n mens teenoor 'n spesiale maat het.

Volgens Jackson (2000:1767) word die emosie van verliefdheid binne die konteks van 'n romantiese verhouding as irrasioneel en onbeheerbaar beskou. In die beskrywing van die emosie het die meerderheid respondente verliefdheid beskryf as 'n emosie wat liggaamlike verandering teweeg bring ("*jy voel so warm van binne* "). Dit laat jou voel asof jy 'n nuwe wêreld binne- gaan ("*jy is in cloud nine, jy weet nie waar is jy nie*"). 'n Ander respondent het genoem dat hierdie gevoelens jou laat voel of jy en jou maat onafskeidbaar is (" *dit is wanneer jy voel niks, niks kan vir julle twee keer nie, julle is nou net die couple en so*"). Nog 'n respondent voeg by dat 'n verliefde paartjie dit geniet om tyd saam deur te bring en dat hulle gedurig in mekaar se geselskap wil wees ("*dit is wanneer dit nice is om met die persoon te wees, en jy wil nie weg wees van die persoon nie*"). Die meerderheid respondente het egter bygevoeg dat hierdie gevoel nie baie lank hou nie ("*as jy nie meer so verlief is soos wat jy aan die begin was nie dan vra jy jouself af kan dit maar nie nou gebeur nie* ").

Liefde daarenteen word deur die meerderheid respondente as ernstiger beskou. Sommige van die respondente reken dat liefde eerder gesien kan word as 'n kwessie van vertroue tussen die twee persone in die verhouding ("*jy wiet dat jy is lief vir die persoon as julle mekaar vertrou, en julle werk julle differences uit* "). Volgens die oorgrote meerderheid respondente neem dié emosie langer om te ontwikkel as verliefdheid, en dit kom voor in 'n meer gevestigde verhouding. Een respondent het liefde beskryf as "*'n meer intense emosie as verliefdheid* ". 'n Aantal van agt respondente het die persepsie dat liefde benodig word vir toetrede tot 'n huwelik ("*Carry is lief vir Austin, dit is waarom hulle getrou het, liefde is iets meer ernstiger en jy benodig liefde om met iemand te trou* ").

Vyf uit die sewe respondente wat in 'n vaste verhouding is het aangedui dat hulle nie seker is of hulle lief vir hulle maats is nie. Vir hierdie meisies oorheers die emosie van verliefdheid hulle verhouding ("*ek dink ek is nog verlief op hom* "). Die oorblywende twee meisies wat meer as ses tot nege maande in 'n vaste verhouding is, het aangedui dat hulle reeds verby die fase van *verliefdheid* is, en eerder *lief* is vir hulle maats. Hieruit kan daar afgelei word dat hoe langer die verhouding voortduur, hoe meer lei dit tot 'n verdieping van die emosie in die betrokke verhouding. Die beskrywing van verliefdheid wat die meisies in die huidige navorsing gegee het, stem ooreen met die beskrywing wat deur die Departement van Nasionale Gesondheid en Ontwikkeling (1993) verskaf is.

Die oorgrote meerderheid respondente het daarvan melding gemaak dat meisies se vriende 'n invloed het op die keuse van 'n maat. Die respondente het ook genoem dat vriende se idees oor die betekenis van 'n goeie maat en wanneer jy verlief of lief mag raak, 'n groot invloed het op 'n meisie se keuse van 'n besondere persoon (" *meisies luister na hulle vriende oor wat wat 'n goeie ou is, dan kan daai ou wat hulle nie van hou nie, vir hulle beter behandel het* "). Hierby voeg Larsen *et al.* (1999:22) dat liefde 'n emosie is wat gevorm word deur sosiale, kulturele en strukturele prosesse. Die samelewing verskaf leiding aan individue oor wanneer 'n emosie ervaar moet word, watter gevoelens betrokke is en watter optrede daar aan die emosie verbonde is. Shulman en Krenke (2001:418-419) en Brown (1999: 296-298) het bevind dat die portuurgroep tydens die ontwikkeling van 'n romantiese verhouding 'n invloed kan hê op die besluit of 'n verhouding nagestreef sal word. Die rede hiervoor is dat die individu se besluit grootliks op die verwagtinge en reaksies van die portuurgroep gebaseer word. Dit kan sekere implikasie vir die betrokke persoon inhou, aangesien hy/sy op grond daarvan kan besluit om nie 'n verhouding met die ander persoon aan te knoop nie.

In die voorafgaande afdeling is liefde en verliefdheid beskou as positiewe emosies. 'n Negatiewe emosie kan in die verhouding voorkom in die vorm van jaloesie, en die verbreking van die verhouding word deur die meeste respondente gesien as die gevolg van sodanige negatiewe emosies in die verhouding. Negatiewe emosies saai gewoonlik ontwrigting en verwoesting in 'n verhouding. Oor die algemeen beskou respondente jaloerse kêrels as mense met wie nie maklik oor die weg gekom kan word nie. Hulle is gewoonlik ook diegene wat beperkings stel vir die persoon met wie hulle in 'n verhouding is. Een respondent het die situasie opgesom as een waar sekere voorstelle gemaak word oor dit wat as toelaatbaar beskou word teenoor dit wat nie gedoen mag word nie. 'n Ander respondent het die voorkoms van jaloesie verbind met die moontlikheid dat seksuele geweld dalk in 'n verhouding kan voorkom waar die kêrel baie jaloers is. Vir die oorgrote meerderheid respondente is wantroue tussen maats en 'n gebrek aan kommunikasie bydraende faktore vir die voorkoms van jaloesie in 'n verhouding.

O: Liefde en verliefdheid word beskou as positiewe emosies. Watter negatiewe emosies word aangetref in 'n verhouding ...?

O: Is dit goed om so 'n jaloerse kêrel te hê. Hoe hanteer jy so 'n jaloerse persoon?

R: "*... as hy eers jaloers begin te raak wil ek niks met so 'n ou te doen het nie. Sulke ouens is mal. Ek wil nie hê 'n man moet elke tyd vir my sê jy moet nie daai doen*

nie of ek wil nie hê jy moet saam met hulle gaan nie. Ek het 'n ma wat dit elke dag doen so vergiet dit maar boy dit gaan nie werk met die cookie nie, stap maar verby. Soos hulle sê take the road Jack and don't come back again ..."

R: "... *som van hulle kan jy nie hanteer nie. Dan begin die abuse alweer. Dan wil hy vir jou vertel wat jy moet doen en jy nie mag doen nie ...*"

R: "... *hy trust jou nie met 'n ander ou nie ...*"

R: "... *as jy jealous boyfriend het dan kan jy nie met so 'n ou praat nie, want dan hou hy nie daarvan nie. Hy sal altyd met jou wies ...*"

'n Negatiewe persepsie ten opsigte van die opbreek van 'n verhouding het by die meeste meisies voorgekom. Hulle het aangedui dat hierdie tydperk gepaardgaan met 'n tydperk van droefheid en isolering van vriende en familie, aangesien meisies in sulke gevalle alleen wil wees. Die meerderheid van die meisies het gesê dat die vlak van emosies wat betrokke was in die verhouding grootliks sal bepaal hoe die verbreking van die verhouding verwerk sal word. Die respondente dui voorts aan dat meisies in dié stadium geneig is om hulself te blameer, en byvoorbeeld te vra: "*Is ék die rede vir die opbreek van die verhouding*?"

O: Hoe voel 'n persoon tydens die opbreek van 'n verhouding?

R: "... *die break up hou ek nie van nie. Dit voel asof jou lewe verby is en jy lus vir niks nie. Dit is daardie tyd wat jy net alleen wil wies en jou vriende kan daardie tyd niks sê om jou beter te laat voel nie ...*"

R: "... *jy voel alleen en hartseer en jy wil wied of jy iets verkeerd gedoen het ...*"

R: "... *en jy huil ...*"

R: "... *dit hang af hoe jy gevoel het oor hom ...*"

R: "... *as jy nou regtig mal was oor hom, gaan jy nou baie down voel ...*"

4.3.8 Vereistes vir 'n bevredigende verhouding

Uit die groepbesprekings met die respondente is 'n aantal faktore geïdentifiseer wat kan bydra tot 'n bevredigende verhouding, naamlik kommunikasie, vertroue, omgee, respek, intimiteit, liefde en ondersteuning. Die meeste respondente beskou vertroue en respek as van groot belang ("*dat daar vertroue is, dat julle respek het vir mekaar* "). Verder is kommunikasie die basis vir 'n bevredigende verhouding. Die respondente noem dat goeie kommunikasie in 'n verhouding tot 'n gesonde verstandhouding tussen die lede van die verhouding sal lei (" *as jy*

en jou burk (kerêl) lekke met kan praat sal julle mekaar oek lekke verstaan"). Van die respondente het gesê dat meisies 'n groter bydrae lewer om 'n gevoel van tevredenheid te skep in hulle verhoudings as mans. Van die meisies het aangedui dat daar reeds kommunikasie en intimiteit in hulle verhoudings bestaan, maar dat die res van die faktore nog ontbreek.

4.4 SEKSVERWANTE ASPEKTE BINNE DIE ROMANTIESE VERHOUDING VAN DIE ADOLESSENTE MEISIE

4.4.1 Seksualiteit

Die respondente is versoek om aan te dui hoeveel kennis hul het oor vroulike seksualiteit. Die meisies het dit moeilik gevind om hulle antwoorde oor te dra aan die onderhoudvoerder, en het antwoorde verskaf soos " *ek dink ek wiet*", "*ek wiet nie hoe om dit te stel nie*" of "*gaan dit dan nie oor...*". Meer as sewe meisies het bevestig dat hulle al voorheen van seks en seksualiteit gehoor het, maar dat hulle nie presies weet waaroor dit handel nie. Volgens die onderhoudvoerder kan dit beteken dat die respondente se gebrekkige kennis van seks en seksualiteit daartoe aanleiding kan gee dat hulle nie met al die seksverwante terme bekend is nie en nie weet wat dit behels nie.

O: In julle eie woorde wat verstaan julle onder die term seksualiteit?

R: "*... ek dink dit gan oor seks of so iets*"

R: "*... jou borste en vigina, maar ek wiet nie nou nie hoe om dit te sê nie*"

4.4.2 Inligting oor seks en seksualiteit

Die veertien respondente het vier bronne geïdentifiseer waar hulle seksverwante inligting kry, naamlik vriende, die media, 'n opvoeder en laastens hulle ouers. Tydens pouse en terwyl hulle by maats kuier, vind algemene gesprekke plaas waartydens seksverwante aspekte bespreek word. Die respondente het aangedui dat hulle eerste soen of eerste seksuele ervaring tydens sulke gesprekke bespreek is. Een respondent het aangedui dat dit algemeen is dat wenke (*tips*) oor hoe om in verskillende situasies teenoor die teenoorgestelde geslag op te tree, gedurende hierdie gesprekke uitgeruil word. Dit hou verband met vrae soos "*hoe was xdit*", "*was dit lekker*" of "*het jy dit reg gedoen*".

O: By wie het julle, julle inligting verkry oor seks?

R: "... *ek het die eerste keer oor seks gepraat met my vriende ...*"

R: "... *by die life juffrou ...*"

R: "... *oor seks het my ma met my gepraat. Ek was sowat 12 jaar oud ...*"

O: ... en as julle saam kuier, wat is die opvattings oor seks? Dit wil sê op watter aspekte van seks fokus julle?.

R: "... *hulle (vriende) sê mos hoe dit was ...*"

R: "... *sommige sê dit is lekker, maar dit is seer en jy bloei, en ander sê dit is mooi ...*"

R: "... *dit lyk altyd so lekke op die televisie ...*"

R: "... *hulle laat dit altyd so mossag lyk en so wild. Somme van kap mekaar somme teen die mure op. Hulle gan so wild aan hier op en af an dan ah, ah en lekke ...*"

Uit die groepbesprekings blyk dit dat die inligting wat die respondente in die huidige navorsing van hulle vriende ontvang, somtyds beperk en onvoldoende is. Die onderhoudvoerder het bevind dat die gesprekke wat tussen die meisies en hulle vriende plaasvind, geleenthede skep vir die verspreiding van verskillende mites. Die onderstaande aanhalings illustreer dié bewering:

O: Wat bedoel julle dat, indien jy en jou kêrel nie 'n *condom* gebruik nie, jy nog steeds nie swanger sal word nie?

R: "... *jou burk (kerêl) moet wiet wanneer om uit te trek ...*"

R: "... *wanneer hy nou voel hy gan nou kom dan moet hy uithaal en soe sal jy nie pregnant kan word nie (voordat ejakulasie plaasvind)...*"

R: "... *al gebruik hy nie 'n condom nie sal hy moes wiet wat om te maak ...*"

O: Waar het julle hierdie inligting ontvang?

R: "... *my tjommies (vriende) het dit vir my vertel ...*"

R: "... *elke meisie wiet dit, ek het dit oek voorheen gehoor by iemand anders ...*"

Wat vir die onderhoudvoerder opvallend was, is dat die respondente verras was om te hoor dat die inligting wat hulle van hulle vriende ontvang het, foutief is. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n gebrek aan kennis en wanindrukke onder die portuurgroepe bestaan. Meisies kan hierdie persone dus nie as geskikte inligtingsbronne beskou om hulle kennis oor seksverwante aspekte uit te brei nie. Hierdie bevindinge stem ooreen met Johnson *et al.*

(1999:237) wat bevind het dat vriende 'n belangrike rol speel in die wyse waarop jong vroue seksuele gesindhede en ervaringe organiseer, daaruit leer en sin daaruit maak. Hierdie outeurs verduidelik dat die leerproses gewoonlik tydens die algemene besprekings tussen die jong vrou en hulle vriende plaasvind aangesien die fokus in sodanige besprekings op die gesindhede jeens seks geplaas word. Verder noem Kunkel *et al.* (1999:236) dat seks in televisieprogramme en in flieks uitgebeeld word as spontaan en passievol, sonder die besorgdheid oor swangerskappe of oordraagbare siektes.

4.4.3 Voorkoms van seksuele gedrag

Volgens die respondente raak meisies deesdae vroeër seksueel aktief. Van die respondente het te kenne gegee dat hulle bewus is dat sommige meisies reeds van die ouderdom 13-14 jaar seksueel aktief is. Respondente het ook vermeld dat sommige meisies seksueel verkeer met maats ouer as hulle. Die meerderheid respondente handhaaf die persepsie dat daar geen onderskeid meer getref word ten opsigte van die vraag of seuns seksueel meer aktief is as meisies nie. Die respondente was oortuig daarvan dat hierdie stelling nie meer geldig is nie. Om hulle argument te staaf, het die respondente genoem dat die toename in tienerswangerskappe onder jong meisies direk verband hou met meisies se verhoogde deelname aan seks. Steele (1999:331) stem saam dat 'n toename in die deelname aan seks tydens die hoërskooljare voorkom. Smart en Smart (1978:133) het ook bevind dat navorsing toon dat meer jong vroue sedert die 1970's seksuele omgang op 'n vroeë ouderdom het. Dit wil voorkom asof meisies teen die ouderdom 15 jaar reeds seksueel aktief is, soos aangedui deur die bevindinge van die huidige navorsing.

O: Op watter ouderdom is meisies, volgens julle mening, reeds seksueel aktief?

R: "... *van 13 en 14 jaar ...*"

R: "... *meisies het al op 12 jaar oud 'n baby, waar dit in die verlede 'n skande was ...*"

R: "... *kan nie meer so sê nie, want beide seuns en meisies is seksueel aktief van 'n vroeë ouderdom ...*"

O: Raak meisies seksueel aktief met 'n persoon wat hulle eie ouderdom is, of met 'n persoon ouer as hulle?

R: "... *ouer as hulle, 17 tot 18 en dit is met 'n meisie van 12 ...*"

4.4.4 Romantiese verhoudings en seksueel verkeer / omgang

Die romantiese verhoudings van meisies is primêr seksueel van aard. Dit is die persepsie van die veertien respondente. Volgens die respondente kan verhoudings van jeugdiges deesdae nie meer as platoniese vriendskappe beskou word nie. Seksuele omgang word beskou as 'n natuurlike deel van jeugdiges se verhoudings (*meeste van die verhoudings gan dan net oor seks* "). Een respondent het sonder huiwering aangedui dat mans net daarin geïnteresseerd is om seksueel te verkeer met meisies en nie primêr ingestel is op goeie vriendskap met meisies nie. Uit die reaksie van die respondente blyk dit verder dat dit die einde van die mans se belangstelling in die meisie beteken as seksuele omgang eers plaasgevind het. 'n Ander respondent het genoem dat meisies en seuns tydens hulle romantiese verhoudings te gou betrokke raak by seksuele aktiwiteite.

O: Is die verhoudings van adolessente gebaseer op vrienskap waar die paartjie in die verhouding probeer om mekaar beter te leer ken ... of is julle van mening dat die verhoudings van jong mense tans ander is?

R: "... *in die meeste gevalle gan dit oor seks. Gan nie meer uit met 'n meisie om haar te leer ken nie, maar net om haar te gebruik ...*"

R: "... *hulle haas gou na seks toe. Dit is nie net meer van vriende bly nie. As ek kan seks kry is dit okay en is nie meer van ek wil jou eers leer ken nie ...*"

R: "... *daarom sien jy of jy hoor hulle is pregnant en gan clinic toe... en so ...*"

R: "... *al gan hulle hoe lank uit, en jy gie vir hom niks nie, dan gan hy tog na iemand anders toe wat dit vir hom kan gie ...*"

R: "... *want vandag se ouens dink net aan seks. Al gan julle nog ones uit dan ieet hy nog ones op 'n ander plek ...*"

Wat vir die onderhoudvoerder opvallend was, is die feit dat respondente hulle romantiese verhoudings as positief ervaar, maar die maats met wie 'n verhouding gedeel word, word nie gesien as die persone met wie hulle hulle saam in die toekoms sien nie. Die sewe respondente wat in 'n vaste verhouding is fokus egter nie nou reeds op die moontlikheid dat die persoon met wie hulle in 'n verhouding is, die een is met wie hulle 'n toekoms wil deel nie. Die huwelik word gesien as iets ernstigs en die respondente reken dat hulle nie daarvoor gereed is nie. Wat vir die respondente van meer belang is, is om hulle lewe te geniet.

O: Die persoon met wie julle tans in 'n verhouding is, is dit julle trouman?

R: "... *nee, ek dink nie nou al aan trou nie, of te dink aan die feit dat ek eendag iemand se vrou sal wees nie* ..."

R: "... *as ek nou 'n boyfriend het is dit okay anders nie. Ek kyk nie nou al na 'n man met wie ek eendag mee kan trou nie* ..."

R: "... *nee, ek geniet nog my lewe, dit is te ernstige dinge om nou al aan te dink* ..."

Met die bespreking rondom seksuele gedrag het respondente verwys na die verskillende vlakke van seksuele aktiwiteite waarby meisies betrokke is. Data verkry uit die groepbesprekings het herhaaldelik aangedui dat die meeste respondente in die huidige navorsing aan liefkosing en soenery as seksuele aktiwiteite deelneem. Liefkosing sluit in die aanraking of betasting van die middel- en onderlyf, bo-oor en onder die meisies se klere. Dit kan selfs stimulering van die genitale area insluit (Llewellyn-Johnson, 1984:45). Hierdie aktiwiteite is beskryf as "*lekker*". Sekere van die aktiwiteite sal meer voorkom as andere. Volgens die meisies hou seuns meer daarvan om hulle borste en onderlyf te betas. Vir die respondente is sodanige seksuele aktiwiteite 'n natuurlike deel van die verhouding, indien hulle en hulle maats nie seksueel aktief is nie.

O: Indien jy en jou kêrel nie seksueel aktief is nie, watter seksuele aktiwiteite beoefen julle in julle verhouding ?.

R: "... *julle vry, vat aan jou borste en sommige mans mense 'vinger' jou...*" *(stimulering van die vigina)*

R: "... *hy sal aan jou borste vat, en dit is lekke* ..."

R: "... *julle vat aan mekaar* ..."

R: "... *en die seuns hou daarvan om aan die vrou mense se borste te vat en hulle holle* (sitvlak) ..."

Die oorblywende respondente het aangedui dat, indien meisies seksueel omgang het, dit plaasvind met haar maat met wie 'n verhouding gedeel word. Alhoewel geslagsomgang plaasvind, beteken dit nie noodwendig die einde van die verhouding nie. Die meisies het die persepsie dat 'n verhouding wat seksueel van aard is, sekere voordele inhou. Een respondent het verwys na dié tipe verhouding as die konteks waarbinne sekere voordele ontvang kan word ("... *iets uit die deal uit kry* ..."). Die voordeel van hierdie tipe verhouding verwys na die betrokkenheid van seksuele deelname met die meisie.

O: Met wie is dit gewoonlik dat 'n meisie die eerste keer seksueel aktief verkeer? Is dit met haar vriend, kêrel of met 'n vreemdeling?

R: "... *dit is met haar boyfriend* ... (almal gelyktydig)"

R: "... *met haar steady boyfriend* ..."

R: "... *die verhouding gan voort* ..."

O: Waarom dink julle gaan die verhouding voort?

R: "... *daar is nou seks involve* ..."

R: "... *daar is nou 'n rede om te bly. Hy check mos soe dit is my vaste meisie, ek kry iets uit die deal uit* ..."

R: "... *ja dit hou lank daai verhoudings* ..."

Verder handhaaf die respondente ook die persepsie dat meisie die tydstip bepaal waarop seksuele omgang sal plaasvind. Meer as agt respondente is van mening dat meisies meer geneig is om geslagsomgang uit te stel of aanvoer dat hulle nie daarvoor gereed is nie ("*sy sal miskien uitstel en sê nee nou al nie en van uitstel los hy haar* ... "*die vrou sal altyd sê nee wag*..."). Twee van die respondente het verskil van die res. Hierdie respondente het genoem dat meisies in sekere gevalle egter geforseer word om seksueel te verkeer, aangesien die man die besluit neem wanneer seksuele omgang moet plaasvind ("*en van uitstel, rape hy haar miskien* "). In sulke omstandighede het die meisie dus nie beheer oor die tydstip van die seksuele aktiwiteit nie.

Uit die aanhalings kan afgelei word dat jong meisies aan seksuele aktiwiteite begin deelneem met die aanvang van die hofmakery. Dit bevestig Thornton (1990:270-271) se bevindinge dat baie min jong mense seksuele omgang ervaar voordat hulle betrokke raak by die hofmakery. Volgens die skrywer hou beide die tydstip van uitgaan (*dating*) en die ontwikkeling van die eerste ernstige verhouding implikasies in vir die aanvang van seksuele ervaringe. Jewkes *et al.* (1992:737) noem ook dat baie jong vroue hulle eerste geslagsomgang met hulle eerste kêrel ervaar. Nadat die eerste koïtus plaasgevind het, bly meisies in dieselfde verhouding met dieselfde maat. Shilman en Collin (1997:54) en Peplau *et al.* (1977:94) bevestig die bevindinge in die huidige navorsing naamlik dat meisies 'n aandeel het in die tydstip waarop die aanvanklike koïtus sal plaasvind. Meuhlenhard en Holabough (1998:872) is van mening dat dit binne die tradisionele tekste die vrou se rol is om weerstand te bied of passief op te tree met betrekking tot seksverwante aspekte. Daar kan dus afgelei word dat die tradisionele tekste aan vroue die geleentheid bied om weerstand te bied, en sodoende ook die tydstip van seksuele aktiwiteite te bepaal.

4.4.5 Seksuele aktiwiteite: wanneer en waar

Dit het tydens die twee groepbesprekings na vore gekom dat geslagsomgang op verskeie plekke plaasvind. Die volgende plekke is geïdentifiseer uit data, naamlik; privaat (meisie of seun se woning ... " *en as die ou vir jou sê om na sy huis toe te kom en dan is hulle alleen* "), skoolomgewing (toilette ... " *op die skool in die toilets of in die klaskamer* "), openbare plekke (strand, parke ... "*ja in die bos, of op die beach* "). Wat vir die onderhoudvoerder opvallend was, is dat al bogenoemde plekke genoegsame privaatheid bied sonder dat meisies se ouers daarvan bewus sal raak dat hulle kinders seksueel aktief is. Hierdie plekke verseker dus dat hulle seksuele gedrag in geheimhouding plaasvind. Dit het duidelik geraak dat jong meisies seksueel verkeer in die afwesigheid van hulle ouers se toesig. Een respondent stel dit as volg "*... wanner jy alleen by die huis is en wanneer jy nou uitgan, dan sal jou ma te nie wiet nie, dat jy seks gehad het nie ...*". Sulke omstandighede bevorder dus die geleentheid om seksueel te verkeer. 'n Volgende respondent meen dat bogenoemde geleenthede benut moet word, ten einde seksuele drange ("lus") te bevredig ("*seks is nie iets meer mooi nie, as die lus daar is moet jy dit maar stil maak*"). Dit is waarom De Gaston *et al.* (1995:447) en Dorius *et al.* (1993:4-5) noem dat huishoudings waarin daar bedags gebrekkige toesig is, aan jeugdiges geleenthede bied om geslagsomgang te hê. Sodanige omstandighede verskaf 'n konteks van privaatheid waarin met seksuele aktiwiteite geëksperimenteer kan word sonder die wete van die ouers.

4.4.6 Toelaatbaarheid van seksuele gedrag tydens die hofmakery

Data suggereer dat die respondente in die huidige navorsing verskillende persepsies het oor die toelaatbaarheid van seksuele gedrag tydens hofmakery. Dit is duidelik dat die respondente se siening oor die toepaslikheid van seksuele gedrag grootliks verskil van mans s'n. Vir die meeste respondente is dit toelaatbaar dat 'n man hulle kan soen met die eerste afspraak .(*Ja hy kan my die eerste aand my soen. Jy is mos nuuskerig. (almal sal dit doen) ...* " *my tong sy* " ... "*Hy moet my met die eerste date net op my lippe soen* ". Die meisies se opinies ten opsigte van liefkosing het egter verskil. Sommige meisies het gevoel dit hoort net in 'n verhouding plaas te vind. Die res van die meisies het hiervan verskil. Hierdie meisies is van mening dat liefkosing kan self buite 'n verhouding toegelaat word. Argumente oor die toepaslikheid van geslagsomgang is hierna voortgesit. Ses respondente het aangedui dat geslagsomgang in 'n verhouding tuishoort.

Geslagsomgang word as aanvaarbaar beskou as die persoon in 'n vaste verhouding is met 'n maat en indien die verhouding reeds oor 'n tydperk van een jaar strek. Die res van die meisies meen geslagsomgang kan plaasvind indien die twee persone reeds op vyf afsprake saam uit was. Een respondent het gerapporteer dat, indien die meisie toegelaat het dat liefkosing plaasvind waarby bedoel word stimulering van die vagina – dit as toelaatbaar beskou kan word dat die twee persone seksueel verkeer. Van die respondente het selfs genoem dat, indien die man die meisie goed behandel en hulle getrou is aan mekaar, dan is dit toelaatbaar dat geslagsomgang plaasvind. Die respondente meen ook geslagsomgang is meer aanvaarbaar indien die paartjie verloof aan mekaar is.

Die meerderheid meisies het saamgestem dat mans oor die algemeen meer geneig is as vroue om enige seksuele aktiwiteite op enige stadium van die hofmakery te aanvaar (" *die seun, Hulle maak altyd die eerste move*" ... " *die seun sal seks verkies* "). Hierdie bevinding vind aansluiting by Venter (1994:52) se stelling dat mans meer seksuele intimiteit vroeër in die hofmakery sal verwag as vroue. Laner en Ventrone (2000:489) noem in dié verband dat sosiale tekste benut word in mense se verhoudings ten einde die aanvaarbaarheid van seksuele gedrag te bepaal. Dié tekste stel individue in staat om ander se gedrag te voorspel, waar sosiale tekste dien as 'n handeling vir besluitneming oor optrede. Beide jong mans en vroue sal die sosiale tekste tydens hulle interaksie met mekaar in die verskillende stadiums van die hofmakery benut. Dit het duidelik geword vir die onderhoudvoerder dat die meisies in die huidige navorsing verskillende houdings en persepsies het oor die toepaslikheid van seksuele gedrag tydens die hofmakery.

O: Indien jy en 'n maat (ou) alreeds vier keer uitgegaan het en op julle vyfde afspraak is, sal julle tydens hierdie stadium seks toelaat indien die geleentheid opduik?

R: "*... ja, as jy al klaar gevinger is en dan, kan jy maar oor gan na seks toe. Jy is al klaar oep al wat dan. So sy gesê het, julle was al klaar vyf keer uit ...*"

R: "*... Dit hang af hoe hy met my gewies het in die tyd in. As ons close gewies het, miskien dan otherwise dan net uitgan en huistoe gan ...*"

R: "*... vir my sal ek dit net toelaat in 'n verhouding. Jy kry mansmense wat seksueel aktief word as hulle met 'n vrou vry (soen) ...*"

R: "*... sommige meisies sal wag tot troue (huwelik). Voordat hulle engage is het hulle nie seks gehad nie, maar nou wat hulle engage is kan hulle nou maar seks het...*"

Tydens die groepbesprekings het die respondente te kenne gegee dat sekere faktore eers teenwoordig behoort te wees in die verhouding voordat meisies besluit om seksueel aktief te raak. Die volgende faktore is hiervoor geïdentifiseer: vertroue ("*mekaar trust* "), eerlikheid ("*want sommige mans as jy nou miskien seks met hom gehad het dan praat hy met sy vriende dan wiet almal nou van jou* ") en 'n goeie verstandhouding ("*hulle moet oor die weg met mekaar kan kom* "). 'n Interessante bevinding was dat, net twee respondente uit die veertien genoem het dat liefde 'n voorvereiste is vir geslagsomgang in 'n verhouding ("*ja, want as liefde, trust, eerlikheid daar is sal 'n meisie meer geneig wees om seks te hê*"). Geeneen van die respondente het intimiteit en romantiek as voorvereistes geïdentifiseer nie.

Die huidige navorsing is dus in stryd met die literatuur waar bevind is dat liefde en romantiek as belangrike faktore beskou word vir die toelating van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite. Daar word selfs genoem dat vroue meer geneig is om 'n verband te sien tussen liefde en geslagsomgang as mans. Volgens Hird en Jackson (2000:28) vind "*eerste seks* " gewoonlik plaas in die eerste liefdesverhouding. Roch (1986:111) voeg by dat vroue meer geneig is om seksueel te verkeer met 'n persoon vir wie sy lief is as met iemand vir wie sy nie so lief is nie. 'n Gevolgtrekking wat dus uit die huidige navorsing gemaak kan word, is dat liefde, intimiteit en romantiek nie juis belangrik geag word vir die teenwoordigheid van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite nie. Dit wil dus voorkom asof die seksualiteit van vroue en liefde nie as natuurlike proses ontwikkel nie.

4.4.7 Dubbele standaarde: die "goeie" versus die "slegte" vrou

Die data wat uit die groepbesprekings verkry is suggereer dat die ou dubbele standaarde steeds in die wêreld van meisies voortleef. Dubbele standaarde impliseer in hierdie geval dat sekere optredes in die geval van mans meer aanvaarbaar is as vir vroue. Dit is gebaseer op die uitgangspunt dat mans meer as een seksmaat mag hê en dat dit sosiaal aanvaarbaar is. Dieselfde toegewing bestaan egter nie in die geval van die vrou nie. Vroue mag nie meer as een seksmaat besit nie. Dit word as sonde beskou en as immoreel en verkeerd (Jackson, 2001:33; Llewellyn-Jones, 1984:37). Die meerderheid respondente het daarvan melding gemaak dat dit in hulle gemeenskap vir die mans aanvaarbaar is om betrokke te wees by meer as een verhouding asook om meer as een seksmaat te hê. Indien meisies dieselfde tendens volg, staar hulle die risiko in die gesig om geëtiketteer te word.

Dit het uit die besprekings duidelik geword dat daar in die respondente se gemeenskappe duidelike onderskeid getref word tussen die "goeie" en die "slegte" meisies. Die veertien respondente het aangevoer dat, indien 'n meisie meer as een seksmaat het, sy as goedkoop "*cheap*" beskou sal word, terwyl mans met meer as een seksmaat eerder as koel "*cool*" beskou word. Die meerderheid respondente was baie duidelik in hulle respons dat meisies goed moet nadink oor hulle optrede om die risiko van etikettering te vermy. Hird en Jackson (2001:32-33) bevestig bogenoemde persepsie van die respondente. Hulle is van mening dat, indien vroue die rolle omruil tydens hulle seksuele interaksie met mans, kan hulle negatief geëvalueer word deur die mans en geëtiketteer word. 'n Positiewe etiket is die een van die 'engel'. Hierdie positiewe etiket word verbind met die rol van die vrou wanneer sy weerstand bied en passief optree en haar eie drange en plesier beperk. Indien die vrou meer as een seksuele verhouding aangaan en 'n man uitlok 'aanleiding gee' of self enige seksuele interaksie inisieer, word sy geëtiketteer as 'slegte vrou'. Hird en Jackson (2001) beklemtoon ook weer dat vroue hulle seksuele gedrag noukeurig moet reguleer om nie deur mans negatief geëvalueer te word nie.

O: Wie moet die eerste "move" maak as julle byvoorbeeld by 'n danspartytjie is?

R: "*... die ou moet ...* "

R: "*... wat moet 'n vroumens eerste na 'n mansmens toe gaan. Nee dit lyk nie reg nie. Nee dit lyk te cheap ...* "

R: "*... hy gan dan sien jy wil by hom wies, en dan sal hy vir jou gebruik ...*"

R: "*... hy moet die eerste move (stap neem) maak. Jy loep nou na hom toe okay, miskien net daardie aand ...*" *Môre oor môre gesels hy 'n ander storie met sy vriende. Dan sy hy vir sy vriende sien jy daai kind en so sy het mos 'n move op my gemaak. Ek het nie lus vir sulke dinge nie ...*"

O: Kan meisies meer as een seksmaat het?

R: "*... Wel ek kan nou nie sê dit is reg of verkeerd nie, maar as 'n meisie baie ouens het is sy cheap. 'n Ou wat baie meisies het word eerder gesien as cool en is dan 'n regte player ...*"

R: "*... dit is waar. As hulle vroue baie seks partner het is sy sleg, vir 'n man is dit okay, want jy is nooit verseker met 'n man nie* "

As na die bogenoemde aanhaling gekyk word, is dit duidelik dat al die veertien meisies in die huidige navorsing grootliks saamstem dat daar wel dubbele standaarde bestaan. Volgens die

respondente is daar duidelike optrede uiteengesit vir vroue, en die res van die optrede geld hoofsaaklik vir die mans. Indien die reëls van die dubbele standaarde verbreek word, loop vroue die risiko om geëtiketteer te word.

4.4.8 Redes vir seksuele deelname

Die vraag oor die redes vir deelname aan seksuele aktiwiteite het verskillende reaksies na vore gebring. Terwyl portuurdruk as een rede geïdentifiseer is, het die meerderheid respondente nie met dié rede saamgestem nie. Meer as die helfte van die respondente het gereken dat portuur- druk nie 'n beduidende invloed uitoefen wanneer 'n meisie besluit om seksueel aktief te raak nie. Hierdie respondente is van mening dat om seksueel aktief te raak, eerder verband hou met 'n individuele besluit as met die druk wat vriende uitoefen (" *Nee. Dit hang van jouself af. Dit matter nie as my vriend sexual active is nie, dat ek oek nou moet sexual active word nie om net in 'n groep te behoort nie* ..."). Vir die res van die meisies is dit duidelik dat meisies seksueel aktief raak omrede hulle nie as nie 'normaal' beskou wil word nie ("*hulle is bang dat hulle vriende sal dink dat hulle nie normal is nie. Hulle wil oek nie sonder vriende sit nie* ").

Verder het die meisies ook aangedui dat meisies seksueel aktief raak om deel van 'n groep te wees, en die kwessie van isolasie en verwerping te vermy ("*hulle doen dit om in te wees* "). 'n Ander respondent het gerapporteer dat meisies besluit om seksueel aktief te raak ten einde seksuele ervaringe op te doen ("*hulle wil experience hê of uit try*"). Dit hou verband met die persepsie dat deelname aan seksuele aktiwiteite geleenthede bied om met jou eie seksualiteit te eksploreer. Hierdie ervaringe word as belangrik beskou, aangesien dit in toekomstige verhoudings gebruik kan word. Sekere van die meisies het seksuele deelname beskou as 'n geleentheid om uitdrukking te gee aan jou gevoelens (" *jy hoef nie so jou liefde wys vir 'n persoon nie, maar meisies doen dit* "). Die meisies het tydens dié stadium geëksploreer met die persepsie dat, indien 'n meisie seksueel verkeer met haar maat, dit 'n bewys is dat sy lief vir hom is. Die res van die respondente het deelname aan seksuele aktiwiteite as 'n "stokperdjie" beskou. Respondente het aangedui dat meisies verveeld is, en seksuele aktiwiteite gebruik as 'n middel om die tyd te verwyl.

'n Verrassende bevinding is gemaak, naamlik dat die respondente die persepsie het dat meisies vandag seksueel verkeer ten einde materiële voordele te ontvang. Hierdie voordele

kan gekry word in 'n verhouding met 'n ouer maat. Die respondente is van mening dat 'n meisie wat in 'n verhouding is met 'n ouer maat, sekere voordele uit die verhouding ontvang. Dit kan klere en geld wees wat sy ontvang indien sy seksueel verkeer met die maat. Die bevindinge van die huidige navorsing stem ooreen met die navorsingsresultate wat deur UNICEF (s.a.: 41); Love Life-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:18) en Jewkes (2001:735-741) verkry is. Hierdie drie studies het bevind dat meisies seksueel verkeer weens die volgende redes: opdoen van seksuele ervaringe, verveeldheid en ten einde materiële vergoeding te ontvang.

O: So julle sê dat meisies wat in 'n verhouding is met 'n ouer man, gewoonlik seks het met hierdie persoon in ruil vir geld of geskenke wat sy kan ontvang. Maar hoekom nou seks vir geld?

R: " ... *Miskien koep hy vir haar goed en sy betaal hom op 'n ander manier. Hy is independent en miskien raak sy dependant op hom en hy kan miskien haar kop omdraai, want hy is al groot en hy wiet hoe om 'n meisie se kop om te praat*"

R: "... *hy gie alles vir haar* ..."

R: "... *hy koep vir haar die goed is duur en dit is klere* ..."

R: "... *hy is mos experience* ..."

R: "... *hy koep haar om, om haar te gebruik, hy wil iets in return hê* ..."

R: "... *as jy met 'n ouer man uit gan hoe kan ek nou sê daar sal seks betrokke wies en so aan* "

Die respondente het ook sekere opvattings oor waarom meisies hulle weerhou van seksuele aktiwiteite. Vyf respondente het te kenne gegee dat godsdiens 'n rol speel tydens die besluit om nie seksueel aktief te raak. Dié persepsie van respondente hou verband met die idee dat voorhuwelikse seksuele aktiwiteite as verkeerd of as sonde beskou word ("*godsdiens, jou waardes. Miskien jy glo dat seks voor die huwelik is verkeerd* "). Verder hou dit ook verband met die persepsie dat 'n mate van straf uitgeoefen sal word indien meisies betrokke raak by enige deelname aan seksuele aktiwiteite ("*julle dink mos dit is verkeerd. Jy gan gestraf word*"). Vir die oorblywende nege respondente hou die keuse om nie seksueel aktief te raak nie verband met vrese vir moontlike gevolge. Dit impliseer vrese vir oordraagbare siektes ("*aids kry*"), ongewenste swangerskappe ("*miskien is jy bang om pregnant te word* "), onvermoë om hulle skoolloopbaan te voltooi ("*jy sal dan nie skool kan klaar maak nie* ") en die vrees om geëtiketteer te word ("*jy wil nie 'n slegte naam kry nie*"). Twee respondente het gerapporteer dat sommige meisies verkies om hulle te weerhou van seksuele deelname omdat

hulle hulle maagdelikheid wil behou of omdat hulle nog nie vir seksuele aktiwiteite gereed is nie ("*jy wil 'pure' bly*"...).

Thornton en Camburn (1989:642) noem in hierdie verband dat geslagsomgang volgens sekere Christelike kerke net binne die instelling van die huwelik behoort plaas te vind. Aangesien godsdienstige waardes vir baie gelowiges die bron van morele veroordeling is, sal die kerk se leer 'n belangrike rol speel in dié individue se houdings, waardes en besluite. Hierby beweer Studer en Thornton 1987:118) dat die kerk sanksiestelsels het. Dit funksioneer op die basis van strafoplegging teenoor persone wat die gestabiliseerde norme verbreek. De Gaston *et al.* (1996:217) voer aan dat jong vroue seksuele aktiwiteite beskou as nadelig of skadelik ten opsigte van die bereiking van hulle doelwitte vir die toekoms. Dit is diegene wat hulle skoolopleiding wil voltooi en die inspirasie het om hulle toekomsdoelwitte te bereik.

4.4.9 Gevolge van vroeë betrokkenheid by seksuele aktiwiteite

Die meisies in die steekproef moes aantoon wat volgens hulle die gevolge kan wees van vroeë betrokkenheid by seksuele aktiwiteite. Die meeste respondente het tienerswangerskappe en seksueel oordraagbare siektes geïdentifiseer ("*jy kan pregnant word of jy kan miskien 'n virus opdoen want jy wiet mos nie by hoeveel meisies hy geslaap het nie*"). Die jeugbevolking word die swaarste getref deur die epidemie, omdat hulle op 'n vroeë stadium reeds by seksuele aktiwiteite betrokke is. Vergani *et al.* (1998:47) noem dat die ouderdomsgroep met die hoogste voorkoms van MIV in Suid-Afrika in die ouderdomsgroepe 20-29 is. Die persone in dié ouderdomsgroepe is alreeds tydens hulle adolessensie geïnfekteer. Die meisies in die huidige navorsing bevind hulle tans ook in dié stadium, naamlik adolessensie. Dit plaas hulle in die risikogroep wat kwesbaar is om MIV-infeksie op te doen, as gevolg van deelname aan risiko- seksuele gedrag. *Love Life*-opname (HJ Kaiser Family Foundation, 2001:15) bevestig dat MIV een van die grootste bekommernisse van jongmense is. Dié groep is dus bekommerd oor MIV-infeksie, maar ten spyte daarvan neem hulle nog steeds deel aan risiko- seksuele gedrag en beskerm hulle hulle steeds nie teen swangerskappe en infeksie nie.

4.4.10 Kommunikasie met ouers oor seks en seksualiteit

Ter voorbereiding van hierdie afdeling is 'n vraag aan die meisies gestel, naamlik "*Wie van julle het die vrymoedigheid om met julle ouers te gesels oor aspekte wat verband hou met*

geslagsomgang en julle eie liggame? Hierdie vraag het verskillende individuele reaksies na vore gebring. Daar is bevind dat die respondente nie op 'n gereelde basis met hulle ouers kommunikeer aangaande seksverwante aspekte nie. Die meisies voer egter meer gereeld gesprekke met hulle vriende. Soos reeds aangedui is, is die inligting wat van hierdie inligtingsbron ontvang word, nie so betroubaar en akkuraat nie. Sekere van die respondente rapporteer dat hulle verkies om nie sulke gesprekke met hulle ouers te voer nie weens aantygings wat gemaak word. Aantygings hou verband met vrae oor waarom wil jy gesels oor hierdie aspekte of is jy alreeds seksueel aktief ? (" *nee, ek kan nie. Want as ek moet sê ek wil die birth control gebruik sal hulle vra hoekom, en wat is die rede daarvoor* "). Vir die ouers is dit selfs moeilik om sulke gesprekke te voer weens hulle ongemak en omdat hulle nooit sulke gesprekke met hulle eie ouers gevoer het nie ("*nee, ek glo nie dat my ouma het met my ma-hulle oor sulke goedtes gepraat nie* ").

Dit is dus duidelik dat daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen ouers en kinders oor seks en seksualiteit is. White en DeBlassie (1992:184) is van mening dat die kommunikasie tussen ouers en hulle adolessente kind 'n belangrike invloed op die adolessent se seksualiteit sal hê. Volgens die meisies is ouers veroordelend en keur hulle enige deelname aan voorhuwelikse geslagsomgang af. Indien kommunikasie voorkom, is dit met 'n voog (ouma) of ander familie (suster, tante). Hierdie tendens word toegeskryf aan die feit dat nie alle respondente by hulle biologiese ouers woonagtig is nie. Gesprekke met 'n ouma, suster en tante word beperk tot sekere seksuele temas, weens die ongemak wat nog steeds daar is. Vir die meerderheid respondente het die eerste ernstige gesprek teen die ouderdom van 12 jaar plaasgevind, waartydens die fokus geplaas is op die menstruasie-ervaring van die vrou. Indirekte boodskappe word tydens sodanige gesprekke oorgedra ten opsigte van die implikasies wat menstruasie inhou vir die vroulike voortplantingsvermoë. Volgens die respondente het die gesprekke duidelik die risiko's beklemtoon wat met hierdie aspek van vrouwees gepaardgaan (" *my eerste ergste gesprek was die dag toe ek my menstruasie gekry het. My ma het gesê ek is nou 'n jongmeisie en ek moet nie meer met ouens speel nie, en hulle moet nie meer aan my vat nie, want ek kan nou pregnant word* "). Daar is bevind dat die respondente daarna verlang om meer openlik met hulle ouers te wees oor seksverwante aspekte. Hierdie bevinding word bevestig deur White en DeBlassie (1992:184) waar die skrywers bevind het dat adolessente van hulle ouers verwag dat hulle hulle sal inlig oor seksverwante temas of aan hulle die nodige geslagsvoorligting sal gee. Volgens Inazu en Fox (1980:82) kom geslagsvoorligting dikwels nie voor nie of maak nie deel uit van huishoudings

se gesprekke nie. Waar dit wel teenwoordig is, is die moeders die primêre bron van inligting ten opsigte van seks. Die skrywers Inazu en Fox (1980) gaan verder en noem dat die eerste gesprek tussen dogter en moeder plaasvind ná die aanvang van puberteit.

Die respondente het te kenne gegee dat sekere vrese tydens die gesprekke aangewakker is deur hulle ouers. Daar kan dus afgelei word dat daar 'n aantal struikelblokke in die kommunikasie tussen dogters en hulle ouers bestaan. Indien kommunikasie plaasvind, is dit moraliserend van aard, byvoorbeeld 'n veroordeling en afkeur van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite. Hepburn (1983, in Venter, 1994:11) stel voor dat meer aandag geskenk moet word aan die feitelike of inhoudelike aspekte van reproduksie en seksualiteit. Die struikelblokke in die kommunikasie tussen dogters en hulle ouers kan verantwoordelik gehou word vir die toename in ongewenste swangerskappe en MIV-gevalle.

O: Wie van julle het die vrymoedigheid om met julle ouers te gesels oor aspekte wat met geslagsomgang en julle eie liggame verband hou?"

R: "... *my ma sal mal raak as ek sulke goed met haar wil praat* ... "

R: "... *nou en dan sal ek oor sulke goed praat, maar nie altyd nie* ..."

R: "... *my sister het met my gepraat. Sy het gesê ek is nou 'n jong meisie. Ek moet nou vir my oppas...*"

R: "... *oor seks het my ma met my gepraat. Ek was sowat 12 jaar oud. Sy het gesê ek moet my oppas en nie toelaat dat 'n man met my mors nie. Ek moet oek nie rondslaap nie. En as ek besluit om seksueel aktief te word moet ek met haar kom gesels. Ek wiet nie of ek dit sal doen nie* ..."

R: "... *my ouma het vir my gesê ek het nou my menstruasie gekry en as ek nou met 'n ou sal seks het, kan ek pregnant word*"

R: "... *ek kan beter praat met my auntie. Ek kan enige iets met my auntie praat. Miskien hoe is my outjie, maar ek dink ek kan nie oor seks kan praat nie. Dit sal nie vir my reg voel nie om oor sulke goed te praat nie met haar nie* ..."

4.4.11 Voorbehoedmiddels

Die meeste meisies dra kennis van die beskikbaarheid van voorbehoedmiddels. Dié kennis was egter beperk. Voorbehoedmiddels wat geïdentifiseer is, is die kondoom vir mans, voorbehoedpille en die inspuiting wat vroue kan gebruik. Wat vir die onderhoudvoerder opvallend was, is die feit dat die meeste meisies nie van ander middels wat op die mark

beskikbaar is, bewus is nie. Die meerderheid meisies beskou voorbehoedmiddels as die doeltreffendste manier om ongewenste swangerskappe en oordraagbare siektes te voorkom ("*dit verhoed dat jy swanger word, nou hoekom moet jy iets verkeer daarmee sien* "). Een respondent het aangedui dat onthouding van seksuele aktiwiteite ook beskou kan word as 'n manier om ongewenste swangerskappe te vermy. Die oorgrote meerderheid respondente het verskil in hulle persepsies ten opsigte van watter voorbehoedmiddels as die doeltreffendste beskou kan word. Sekere van die respondente het beweer dat daar risiko's verbonde is aan die gebruik verskillende voorbehoedmiddels (" *miesies sal eerder die kondom gebruik, want sommige kere werk die pil oek nie* "... " *en as 'n meisies miskien twee keer vergiet om die pil te gebruik, dan moet jy daai twee pille op een keer gebruik en dan as jy meer as 3 keer vergiet het om die pil te drink kan jy nog one's pregnant word* "). 'n Aantal van vyf respondente het genoem dat voorbehoedmiddels nie 100% veilig is nie en dus geen waarborg aan die verbruiker verskaf nie ("*die pil is nie 100% verseker nie* ").

Sommige respondente verkies om nie voorbehoedmiddels te gebruik nie as gevolg van die persepsie dat voorbehoedmiddels skadelik is vir hulle liggaam is en dat hulle steriel kan raak (Preston-Whyte en Allen, 1992:218). Hierdie persepsie is bevestig deur die huidige navorsing. Data toon aan dat daar misverstande onder respondente voorkom oor die gebruik en werking van voorbehoedmiddels. Volgens die respondente lei die gebruik van voorbehoedmiddels tot sekere liggaamlike veranderings. Voorbehoedmiddels word as skadelik geag aangesien dit na bewering 'n invloed op meisies se gesondheid het. Een respondent verduidelik "*sekere meisie voel ek wil dit nie gebruik nie, want dit maak my vet* ". 'n Ander respondent noem "*meisies wil nie op die pil gan nie, want dit blaas hulle op* ". Verder het sekere respondente die persepsie dat dit ook 'n invloed het op die fertiliteit van vroue. (" *die nagevolge wat hulle sê is dat jy nie weer kan swanger word nie* ").

Die respondente het aangedui dat die meisies se vriende beskou word as diegene wat die grootste invloed het op meisies se gesindhede en besluite ten opsigte van die benutting van voorbehoedmiddels (" *my vriendin gebruik die inspuiting. Ek wiet nie die hoeveel maande nie*"). Meer as die helfte respondente is van mening dat meisies die verantwoordelikheid op hulle moet neem om toe te sien dat voorbehoedmiddels in die verhouding gebruik word. Die respondente het geëksploreer met die persepsie dat mans nie betroubaar is nie "*ek sal nie die man toelaat om dit op te sit nie. 'n mens kan nie 'n ou trust nie*", en dat hierdie verantwoordelikheid dus nie aan mans oorgedra moet word nie. Die oorblywende vier

respondente beskou die gebruik van voorbehoeding in 'n verhouding as 'n gemeenskaplike besluit (" *dit is julle altwee se plig*"), waartoe albei maats 'n inset moet lewer. Alhoewel die meerderheid respondente aangedui het dat hulle sekere voorbehoude het oor voorbehoedmiddels, beskou hulle dié middels nog steeds as die doeltreffendste manier om ongewenste swangerskappe te vermy.

Miskien 'n meer betekenisvolle faktor waarom meisies nie voorbehoedmiddels gebruik nie, is as gevolg van die ontoeganklikheid van gesinsbeplanningsklinieke vir meisies. Dit is duidelik dat meisies wel bewus is van dié fasiliteite en inligting oor voorbehoedmiddels wat daar beskikbaar is. Desondanks versuim meisies om die fasiliteite te besoek weens 'n gebrek aan privaatheid en vertroulikheid tydens afsprake (" *ek sal nie na die kliniek gan nie, want môre wiet die hele skool. Hulle laat die skool oek wiet* "). Die gesindhede van personeellede by die gesinsbeplanningsklinieke dien as 'n bydraende faktor waarom die fasiliteite nie besoek word nie. Een respondent verwys direk na die gesindheid van personeellede "*môre gan ek kliniek toe, dan wiet die hele skool ek is pregnant dan het ek nog nie die results gekry nie* ". Hierdie bevindinge word bevestig deur Jewkes *et al.* (2001:735) en UNICEF (s.a.78-79) waar vermeld word dat daar 'n gebrek aan privaatheid en gebrekkige kommunikasie oor moontlike keuses oor voorbehoedmiddels en die newe- effekte daarvan bestaan. Hierdie inligting word nie goed deurgewerk en met jong vroue bespreek nie. Hieruit kan afgelei word, dat gesinsbeplanningsklinieke meer gebruikersvriendelik gemaak moet word, indien 'n toename in die gebruik van voorbehoeding onder jong vroue verlang word (" *ek sal iewers anders gan, waar niemand my ken nie* ").

4.4.12 Tienerswangerskappe

Die meerderheid respondente het verskillende persepsies gehad oor die invloed wat ongewenste swangerskap op hulle lewens sou hê. Een respondent het aangedui dat dit aanleiding sou gee tot die terminering van 'n meisie se skoolloopbaan ("*jy gan miskien skool dan, en dan is jy in matriek dan raak jy pregnant dan kan hulle nie die finale eksamen skryf nie* "). 'n Ander respondent het aangedui dat dit vele verantwoordelikhede na vore bring, byvoorbeeld die grootmaak en die versorging van 'n baba. 'n Ongewenste swangerskap beteken vir die veertien respondente dat meisies hulle kinderjare ontneem word en dat nuwe rolle, soos moederskap, aan hulle toegeken word. Daar is selfs daarvan melding gemaak dat die sosiale lewe van die meisies deur swangerskap en moederskap ontwrig word aangesien

nuwe prioriteite nou deel word van hulle lewens ("*party time is over, want jy moet nou kinders groot maak en agter die kinders kyk* "). Een respondent het gesê dat die koms van 'n nuwe baba groot finansiële druk teweegbring, wat die meerderheid meisies nie in staat is om te hanteer nie. Dit kan aanleiding gee tot 'n situasie waar die meisie haar verantwoordelikheid op haar ouers afskuif (" *sekere van hulle kan even nie agter die kinders kyk nie. Hulle gie eerder die kinders vir hulle ma-hulle* ").

Dit het uit die besprekings duidelik geword dat die ouers teleurgesteld en geskok sal wees indien van die meisies in die huidige studie swanger sal raak. Die respondente het gerapporteer dat hulle ouers sal "skel", "kwaad " en "geskok" sal wees. Een respondent het erken dat dit sal beteken dat haar ouers haar nie meer sal toelaat om by hulle te woon nie. Wat vir die onderhoudvoerder veral opvallend was, was die meisies se persepsie oor aspekte oor hoe 'n onbeplande swangerskap hanteer word en die versorging van die baba. Dertien respondente het genoem dat hulle ouers gekant is teen 'n onbeplande swangerskap, maar dat hulle ná die koms van die kind die nodige ondersteuning aan hulle sal verskaf. Verder het die meisies die persepsie dat hulle ouers hulle sal toelaat om hulle skoolloopbaan te voltooi. Die versorging van die kind sal deur hulle ouers behartig word. Vier meisies argumenteer dat die vaders van die baba weinig verantwoordelik aanvaar voor of na die geboorte van die kind. Uit die veertien respondente het net een respondent aangedui dat haar ouers 'n onbeplande swangerskap sal aanvaar, omdat hulle self tydens hulle adolessensie in so 'n situasie was ("*hulle moet die kind aanvaar, want jy het nie gevra om hier te wies nie. Hulle het die dieselfde gedoen en toe het hulle ma en pa dit aanvaar. Nou doen jy dieselfde nou wil hulle vir jou kwaad wies*"). Verder het vier respondente aangedui dat hulle wel eendag kinders wil hê, maar nie wil trou nie. Hierdie vier respondente is bereid om die kinders se opvoeding alleen te behartig. Hulle verwag wel die finansiële ondersteuning van hulle maats. Diè vier meisies het die persepsie dat mans ontrou is, en nie vertrou kan word nie. Preston-Whyte en Zondi (1991:1392) het bevind dat adolessente meisies gemengde boodskappe van hulle ouers ontvang. Aan die een kant kry hulle die boodskap dat swangerskap iets is wat vermy moet word, want dit sal 'n aanduiding wees dat die jong meisie seksueel aktief is. Dit kan selfs haar toekoms en opvoeding beïnvloed. Aan die ander kant word die kind deur die ouers aanvaar. Die meisies hoef dus nie die kind alleen groot te maak nie. Tydens die navorsing van Jewkes *et al.* (2001:734) is daar bevind dat jong meisies meen hulle sal die

verantwoordelikheid om hulle kinders as enkelouers groot te maak, kan aanvaar aangesien hulle omring is deur die realiteit dat weduwees en geskeide vroue hulle babas self grootmaak.

O: Wat sal julle ouers se reaksie wees indien hulle te hore kom jy is swanger?.

R: "... *my ouma sal my uit sit, en vir my sê jy vat jou goed en gan bly by daai ou* ..."

R: "... *hulle sal die kind aanvaar. Hulle sal my nie uit die huis sit nie. Hulle is te lief vir my* ..."

R: "... *my ma en pa sal baie kwaad vir my wees. Hulle het eintlik hulle beste vir my gegie, sodat ek skool kan klaarmaak. Ek dink darem dat hulle die kind sal aanvaar* ..."

O: Sal julle ouers die baba aanvaar?.

R: "... *hulle sal die kind aanvaar, maar hulle sal definitief kwaad wies* ..."

R: "... *hulle kan nou skel, maar as daai kind eers daar is, is hulle die liefste vir die kind* ..."

R: "... *dan spoil hulle die kind en jy kan eers nie die kind spoil nie* ..."

4.5 SEKSUELE GEWELD IN DIE ROMANTIESE VERHOUDINGS

4.5.1 Seksuele geweld: vorme, plekke en voorwerpe

Vir al die respondente in die huidige navorsing is die voorkoms van seksuele geweld in 'n verhouding 'n realiteit. Verskillende vorme van geweld is geïdentifiseer, naamlik seksuele, fisiese, verbale en emosionele geweld.

O: Wie volgens julle is van mening dat vroue mishandel word ...
Indien dit die geval is hoe kom geweld voor in 'n verhouding?.

R: "... *miskien seks die man saam met haar, dan gan vertel hy die hele wêreld. Dit beteken moes die vrou word mishandel. Ja, of course man van binnekant af*"

R: "... *hulle praat van jou. Jy voel mos sleg* ..."

R: "... *miskien as jy verkrag word, word jy mos mishandel of hy slat jou of so* ..."

R: "... *miskien as jou burk (kerêl) vir jou iets sê waarvan jy nie hou nie. Dit is oek mos mishandel* ..."

R: "... *ja, soos in slat en baklei saam met jou meisie* ..."

Tydens gesprekvoering met respondente is daar aangedui dat gevoelens van magteloosheid en geweld in 'n gewelddadige verhouding voorkom. Vir die respondente gaan die geweld gepaard met kwessies van beheer van een maat teenoor die ander. Volgens die respondente

gaan geweld selfs gepaard met fisiese tekens wat dien as aanduiding daarvan dat geweld in 'n verhouding voorkom. Een van die respondente verwys na die fisiese tekens "*jy sal miskien kan sien, ek het 'n blou oog, of miskien sien hoe triedt my boyfriend vir my* ". Sekere respondente het genoem dat verskillende voorwerpe gebruik word in die uitoefening van geweld. Die respondente het daarvan melding gemaak dat 'n vrou fisies aangerand word deur haar oortreder deur gebruik van voorwerpe soos sy vuiste ("*meisies word geslat met die vuiste* "), 'n bottelnek ("*met 'n borrel kop* ") of skerp voorwerp, soos 'n mes ("*hulle stik mes oek* "). Die respondente het die persepsie dat geweld op openbare plekke (by 'n kuierplek [*jol*], op die werf) plaasvind of op private plekke (wonings). Dit kan die meisie of haar maat se woning insluit. Die respondente argumenteer dat sulke plekke geleenthede skep vir die ontwikkeling van geweld. Sugarman en Hotaling (1989:11) bevestig dat geweld gewoonlik gedurende die naweek en op verskeie private plekke plaasvind, soos in die woning van een van die twee, 'n voertuig of iewers in die buitewyke waar die geweld buite sig van andere plaasvind.

O: So julle reken dat geweld werklik voorkom in 'n verhouding?.

R: "... *Ja, soos in slat en baklei saam met jou meisie...*"

R: "... *sommige mansmense slat die vrou om sy tjommies (vriende) te impress. Om te wys nee hy is die man in die verhouding. Hy kan slaan soos hy wil. Miskien is hy dronk dan hy vir jou o right ons gan nou huis toe. Nou wil jy miskien sit hier lekke. Miskien by die jol soe Vrydagaand. Nou wil jy nog bly by die jol dan sê hy nee ons moet nou druk (gaan), nou nee* ..."

O: Waar vind die geweld dan plaas?.

R: "... *miskien by die dans of op die yuard of so* ..."

R: "... *miskien by die huis oek. Waar jou ma en pa nie in die omtus is nie* ..."

R: "... *of julle skel by die huis dan niem jy vir hom half pad ... dan nat (slaan) jy jou* ..."

4.5.2 Verkragting in verhouding

Tydens gesprekvoering met die onderhoudvoerder het die respondente genoem dat verkragting ook binne die konteks van 'n verhouding aangetref kan word. Die veertien respondente het kennis gehad dat seksuele geweld in 'n verhouding gepaardgaan met die feit dat die meisie gedwing word om seksueel te verkeer met haar maat ("*hy force om te seks*").

Verder het die respondente aangedui dat verkragting tydens die eerste afspraak plaasvind of selfs later in 'n meer gevestigde verhouding. Tydens die assessering van seksuele geweld het meer as die helfte respondente aangedui dat waar verkragting in 'n verhouding aangetref word, is die oortreder aan die meisie bekend. Vier respondente het die maat (kêrel) van 'n meisie geïdentifiseer as die persoon. Vyf respondente het begrip getoon vir die feit dat voorvalle van verkragting in verhoudings nie net tot vroue beperk kan word nie, maar dat mans ook die slagoffers van verkragting kan wees.

O: As verkragting plaasvind, wie pleeg dit ?.

R: "... *in die meeste gevalle is dit iemand wat jy ken* ..."

R: "... *Uncle, of jou eie ma of pa, beste vriend of jou boyfriend* ..."

R: "... *jy vertrou hom. Almal vertrou hom. Jou ma hulle almal hulle. Jy sal nog nie dink hy al dit aan jou doen nie. As ek nou met die een speen ek vertrou mos vir hom. Ek sal nog nie dink hy sal my force of seks nie, dan kom dit nou net so*..."

O: Wat verstaan julle onder die term verkragting ?.

R: "... *dit is teen die vrou se wil* ..."

R: "... *miskien is dit teen die man se wil oek* ..."

Die vraag waarom meisies nie weier om met hulle maats seksueel te verkeer nie, het verskillende redes na vore gebring. Vir die veertien respondente is dit duidelik dat, waar seksuele geweld betrokke is in 'n verhouding, meisies sekere vrese het. Een respondent het te kenne gegee dat meisies deel het aan onwelkome seksuele aktiwiteite uit vrees vir verdere mishandeling. Sekere respondente het ook die persepsie dat, indien 'n meisie nie seksueel verkeer met haar maat nie, dit aanleiding kan gee tot die beëindiging van die verhouding. Laastens het vier van die respondente genoem dat meisies selfs gedreig kan word. Dit kan dreigemente insluit wat teenoor die meisie as self gerig word of teenoor 'n volgende persoon wat na aan die meisie is. Die respondente het verder genoem dat 'n maat met wie 'n verhouding gedeel word, gebruik maak van deurlopende druk ten einde seksueel te verkeer met die meisie. Aan die begin sal weerstand voorkom, maar op 'n later stadium sal die meisie toegee aan die druk. Sekere respondente het genoem dat seksuele geweld in 'n verhouding meer as een keer voorkom en die oortreding word deur dieselfde persoon gepleeg.

O: Waarom weier meisies nie om met hulle maats seksueel te verkeer nie ?.

R: "... *hulle is bang, dat hy miskien vir haar gan slaan* ..."

R: "... *of hy dreig haar ...*"

R: "... *miskien ek gan jou ma dood maak, of opbreek met jou ...*"

R: "... *sy is bang sy verloor vir hom ...*"

R: "... *dit gaan meer as een aand voorkom. Na 'n tyd gaan jy maar net in gie ...*"

R: "... *aan die begin gan jy nee sê, maar na 'n tyd moet jy maar net... Dan moet jy met die flow gan ...*"

Oor die aanmelding van verkragting wat binne die konteks van 'n verhouding voorkom, het meer as die helfte respondente tydens gesprekvoering beklemtoon dat die voorval geheim gehou word en dat meisies versuim om die voorval te rapporteer. Die respondente het die persepsie dat die voorval wel met 'n vriendin of opvoeder bespreek word, alhoewel tot 'n mindere mate met die opvoeder. Verder het die respondente in die huidige navorsing die persepsie dat opvoeders nie as betroubare persone beskou kan word nie en dat 'n gebrek aan privaatheid bestaan wanneer die voorval bespreek word. Van die oorblywende sewe respondente het daarvan melding gemaak dat meisies versuim om die voorval te rapporteer as gevolg van selfblaam en skuldgevoelens wat ervaar word ("*as ek nie...gedoen het nie, sou dit gebeur het nie* "). 'n Volgende respondent som die situasie as volg op "*nee, sy voel guilty. Sy dink dit is haar skuld van hoekom het sy op die date gegan of hoekom het sy met die ou gespeen of so ...*"

O: Indien seksuele geweld wel voorkom in 'n verhouding word dit gerapporteer?. Sal die meisie byvoorbeeld haar vriendin daarvan vertel of hoe dan?.

R: "... *miskien vir die juffrou ... nee, die juffrous is te biesig. En hulle vertel vir almal...*"

R: "... *voordat jy vir jou ma kan vertel, vertel hulle dit aan jou ma ...*"

R: "... *meeste hou dit vir hulle self as wat hulle dit gan uitpraat. Want vir hoekom deesdae kan jy vir niemand trust nie al is dit jou beste vriend. Jy kan hulle nie trust nie ...*"

Van die respondente het te kenne gegee dat meisies 'n gebrek aan kennis het ten einde die gebeurtenis as verkragting binne 'n verhoudingskonteks te definieer. Die respondente dui aan dat meisies eerder faktore soos (selfblamering, gesonde sekslus of selfs die kêrel se alkoholmisbruik) binne of buite die verhouding blameer vir die geweld in hulle individuele verhoudings.

O: Sien meisies dit as verkragting wanneer hulle geforce word om seks teen hulle wil te hê ?.

R: "... *nee, soms dink hulle dit is net rough seks wat hulle het, maar dan wiet hulle even nie dit was rape nie ...*"

O: So julle sê eintlik dat meisies by tye verskonings maak wat verhoed dat hulle die situasie nie kan op som as verkragting nie?.

R: "... *ja, dit is die kaart. Oh want hy was dronk gisteraand, daarom het hy my geforce ...*"

R: "... *nee, baie maak verskonings ...*"

R: "... *so jy voel guilty ... hoekom het ek op die date gegan en waarom het ek met so 'n ou gespeen of so*"

R: "... *nee, ek moes nie dan toe gegan het nie, want hy het gesê ek moet nie dan toe gan nie...*"

Nege respondente het genoem dat daar misverstande tussen mans en vroue bestaan ten opsigte van die interpretasies van vroue se verbale en nieverbale gedrag. Die respondente het aangedui dat mans nie in staat is om te onderskei tussen wanneer 'n vrou seksueel wil verkeer en wanneer nie. Hierdie omstandighede lei tot die ontstaan van geweld of dat 'n meisie gedwing word om seksueel te verkeer. Vier respondente het met die idee geëksploreer dat mans hulle optrede regverdig deur te noem dat hulle eie gedrag gemotiveer is deur die gedrag van die vroue. Mans maak gebruik van die redenasie dat vroue seksueel wil verkeer, nadat die vrou se nieverbale gedrag geëvalueer is. Gedrag word ook regverdig in gevalle waar 'n man die meisie tydens 'n afspraak uitgeneem het of wanneer hy vir haar iets gekoop het.

O: Kom daar by tye misverstande voor tussen mans en vroue oor wanneer 'n vrou seksueel of nie seksueel met 'n man wil verkeer nie ?.

R: " ... *ja, dan dink die man as jy lag beteken die gelaggies, ja jy wil saam met hom slaap ...*"

R: "... *hy koep jou alles en so aan. Dan wil hy 'n stukkie (seksueel verkeer) hê ...*"

R: "... *en sê miskien vir jou, hy het nou lank genoeg gewag en so, en jy wil nou nie en dan sal hy jou sommer daar rape ...*"

R: "... *hy het vir jou 'n pakkie popcorn gegie (gee) en nou wil ek hê ...*"

R: "... *hulle mind werk so. Hulle dink jy ieet (eet) nou lekke, ek sal oek lekke aan jou ieet (eet) by die huis ...*"

Bergman (1992:21) en Harway en Liss (1999:278) het sekere faktore geïdentifiseer wat korreleer met die ontwikkeling van geweld in 'n verhouding. Onder andere is spanning, alkohol en dwelmmisbruik, jaloesie, woede en ongelykheid tussen paartjies genoem. Tydens gesprekvoering met die meisies is sekere van dié faktore ook in die huidige navorsing geïdentifiseer. Meer as die helfte respondente het jaloesie, alkohol en dwelmmisbruik en kwessies van beheer geïdentifiseer as primêre motivering vir die ontstaan van geweld in 'n verhouding. Die persepsie onder respondente is dat seksuele geweld nou verband hou met kwessies van beheer. Uit hierdie bevindinge kan sekere gevolgtrekkings nou geformuleer word:

- tradisionele rolle en stereotipering dui aan dat mans aggressief is terwyl vroue passief moet optree;
- verder word tradisioneel aangeneem dat mans se seksuele drange belangriker is as vroue s'n en mans moet alle geleenthede benut om ontslae te raak van hierdie sterk seksuele drange waaroor hulle nie beheer het nie;
- sosiale tekste in heteroseksuele verhoudings bring mans verder onder die wanindruk dat hulle altyd in beheer moet wees in hulle interaksies met vroue, en
- tydens mans se sosialisering word hulle verder geleer dat mans seks inisieer en dat vroue die ontvangers is van sulke seksuele interaksies. Vroue mag dus geen weerstand bied nie en moet passief optree. Dit suggereer ook dat die vrou 'n man moet toelaat om in beheer te wees van alle seksuele interaksies.

Hierdie gevolgtrekkings stem ooreen met Varga en Makubola (1996:36) se bevinding wanneer hulle noem dat die teenwoordigheid van geweld en dwang in seksuele verhoudings voorkom as gevolg van die sosialisering van die geslagte en sosiale ongelykhede wat daar tussen mans en vroue bestaan. Jones (1984:126) en Lloyd (1991:16-17) noem dat die samelewing mans leer om hard en aggressief op te tree. Hulle word daarvan bewus gemaak dat hulle eie seksuele drange belangriker is as dié van vroue. Mans word dus onder die wanindruk gebring dat, indien hulle seksueel opgewek word, is dit baie moeilik om die drange te beheer omdat dit so sterk is. Verder word mans geleer dat vroue onderdanig en passief moet optree gedurende hulle seksuele verhoudings met mans. Daar word ook beweer dat vroue lae seksuele drange het en dat hulle behoeftes om seks te hê vir hulle van minder belang is.

4.6 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is verslag gedoen oor die resultate van die empiriese ondersoeke wat gedoen is. Die resultate van die empiriese ondersoek was in groot mate 'n bevestiging van dit wat die navorser bevind het tydens die teoretiese verkenning aangaande die romantiese verhoudings van jong vroue. 'n Bondige uiteensetting is gegee van die vier temas wat geïdentifiseer is tydens die fokusgroepbesprekings met die jong vroue. Die resultate van die empiriese ondersoek dui daarop dat romantiese verhoudings vir jong vroue van groot belang is. Die resultate gee voorts 'n aanduiding dat jeugdiges se romantiese verhoudings hoofsaaklik seksueel van aard is en geensins net 'n platoniese vriendskap nie. Verder toon die empiriese resultate ook dat deelname aan seksuele aktiwiteite begin met die aanvang van die hofmakery. In die volgende hoofstuk sal die resultate van die onderhoude volledig en uiteengesit word.

HOOFSTUK 5

TAXI QUEENS AS 'N ROMANTIESE VERHOUDING

5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor die sogenaamde taxi-queen verskynsel as 'n besonderse vorm van 'n romantiese verhouding onder adolessente meisies in die Bishop Lavis gemeenskap. Individuele onderhoude is met drie meisies tussen die ouderdomme 16 en 20 jaar gevoer. Twee van die meisies was ten tye van die onderhoude in graad tien. Die ander meisie is tans besig met haar tersiêre opleiding. Dit is belangrik om aan te dui dat dit vir die eerste twee meisies veral gaan oor die lewenstyl wat vereis word om 'n *taxi queen* te wees. Hierdie twee respondente was betrokke in verhoudings met hulle onderskeie minibustaxibestuurders, waar seksuele komponente nie deel uitgemaak het van die verhouding nie. Die ander meisie was ook langer as 'n jaar betrokke in 'n verhouding met 'n minibustaxibestuurder. In hierdie geval het die verhouding wel 'n seksuele komponent ingesluit.

Die doel van die individuele onderhoude was om 'n beskrywing te gee van die romantiese verhoudings van kleurling hoërskool-leerders in die Bishop Lavis gemeenskap met minibustaxibestuurders as 'n besonderse vorm van 'n romantiese verhouding. In die eerste plek word daar gefokus op die eienskappe van die verhouding tussen die meisies (*taxi queens*) en die minibustaxibestuurders (*taxi kings*) . Tweedens word daar gepoog om 'n beter begrip te ontwikkel van die meisies se ondervinding van die verhouding.

5.2 *TAXI QUEEN*

Tydens respondente se vertellings van hulle verhoudings met taxibestuurders of taxi-kollekteerders[2] is 'n definisie van die *taxi queen* verkry. Die definisie van 'n taxi queen stem ooreen met dié wat tydens fokusgroepbesprekings na vore gekom het. *Taxi queens* is jong, kwesbaar en naïewe hoërskoolmeisies. Hierdie meisies bring die meeste van hul tyd deur met minibustaxibestuurder of minibustaxikollekteerder. Meer as die helfte van respondente wat aan die groepbespreking deelgeneem het, het aangedui dat *taxi queens* seksueel verkeer met die minibustaxibestuurder in ruil vir gratis ritte. Dit is bevestig tydens die individuele

[2] Persone wat die reisgeld op die taxi's invorder.

onderhoude. Tydens die onderhoudvoering is daar bevind dat die meisies gebrekkige verhoudings met hulle ouers het. Die respondente se verhale het getuig van isolasie en 'n gebrek aan belangstelling van die kant van hulle ouers " ... *ek het nie 'n verhouding met my ma-hulle gehet nie. Ek het nooit met hulle gepraat nie. As jy met hulle gepraat het, was dit wat wil jy nou weer hê of ek het nie of dit bly net so. Ek het met niemand 'n goeie verhouding gehad nie* ...". Volgens Thambisa en Nkwanyane (2000:11) is *taxi queens* jong skoolmeisies wat seksueel misbruik word deur gewetenlose minibustaxibestuurders wat veronderstel is om die kinders veilig tuis te besorg.

O: Hoe het jy die naam taxi queen gekry?.

R: "... *ek was nog jonk daai tyd. 'n Mansmens is mos skelm en laat jou goed voel oor jouself, jou gemaklik voel oor my. Nou is jy nog jonk en jy kwesbaar. Jy vra jouself wie gie om vir my ... Volgens almal het hulle gesê ek is 'n taxi queen. Ek was gesien as 'n taxi queen omdat hy my elke dag kom optel het wat eintlik stupid is. Ek het nooit betaal nie.Ek ry verniet hoekom moet ek ...*"

R: "... *sê nou almal sien nou jy begin nou voor te sit almal wiet al. Hulle watch jou soe. Almal by die huis wiet al. Hulle gan nou weer voor sit en hulle wag alweer vir 'n taxi. Dan kan hulle op die einde van die dag sê, nee hulle was met die taxi weg* ..."

5.3 *TAXI KING*

Philander (2000:8) beskryf 'n *taxi king* as ... *ervare, maar ook gladdebekke wat die meisies klere en geld aanbied om hulle seksueel uit te buit* ... Data toon aan dat 'n *taxi king* 'n volwasse man is wat gewoonlik ouer as die hoërskoolmeisie is, met wie 'n verhouding aangeknoop word. Een respondent het tydens die onderhoud genoem "... *die meeste taxi drivers is getroude mansmense. Dit pla hulle nie om jonger meisies te hê nie* ... ". Hierdie mans is werksaam as minibustaxibestuurders of kollekteerders. Die betrokke minibustaxibestuurder kan getroud wees of reeds in 'n vaste verhouding betrokke wees.

'n Interessante bevinding is gemaak tydens onderhoude met drie respondente. Dié respondente het te kenne gegee dat hulle daarvan bewus was dat die minibustaxibestuurder getroud was of in 'n verhouding met 'n ander dame was (" *Soos X vir my gesê het dat hy het 'n vaste meisie en sy sal nie okay daarmee wies as ek en hy moet move nie*"). Een van die respondente het genoem dat dit nie vir haar gevoel het asof sy in 'n verhouding met 'n

getroude man was nie. Twee van die respondente het selfs daarvan melding gemaak dat hulle by tye in die teenwoordigheid was van die vroue van hierdie minibustaxibestuurders. Ten spyte hiervan is die buite-egtelike verhoudings voortgesit. Al drie respondente het met sekerheid aangedui dat die *taxi king* se vrou of vaste meisie nie bewus was van die buite-egtelike verhouding nie ("*hulle vrouens vind nie uit nie*").

Die verhouding wat die meisies met die mans het, word 'n geheim gehou. Konstante leuens word deur die minibustaxibestuurder gebruik om die verhouding 'n geheim te hou. Daar is deur een respondent vermeld dat die *taxi king* met wie sy 'n verhouding gehad het, 'n bendelid was wat met dwelms handel gedryf het ("*die polisie het gespy op hulle omdat hulle in die gangster bedryf was*"). Philander (2000:8) bevestig dat die meisies verhoudings aanknoop met die *taxi kings* wat meestal getroud is en ouer as die meisies is.

O: Vertel my meer van X?

R: "*... X was 'n getroude man en hy het twee kinders en hy is in sy 30. Ons was een aand by sy braai en dit was by sy huis en sy vrou was oek daar. Dit was lekke* ".

O: Het dit jou nie gepla dat hy 'n getroude man was nie ?.

R: "*... Nie eintlik nie. Dit het nie vir my gevoel asof hy 'n getroude man was nie. Sy vrou was ook lekke en sy het nie daarvan gewiet nie. Ek was bly dat ek gewiet het dat X is 'n getroude man. Ek het toe gewiet wat ek myself in laat. Die aand toe hulle vir ons gan drop het by X-hulle se huis. Toe sit sy in die middel toe sit ek langs aan haar. Sy het oek met my gepraat...*".

O: Wat het jy gedoen?.

R: "*... Ek maak net soos ek niks aan het nie of so ...*"

O: So sy vrou het regtig nie geweet van die verhouding nie?.

R: "*... Nee, sy wiet van niks af nie. As hy by die huis moet wies is hy by die huis. Soe sy vrou sal nooit wiet nie. Ja, dan phone hulle vrouens waar is jy. Dan is hulle besig. Hulle doen somme hulle besigheid voor jou. Dan sê hy nee ek is op pad. Dan dink ek kyk hoe lieg hy vir sy vrou* "

5.4 LEWENSTYL: GROOT PRET

Die tyd wat saam met die *taxi king* deurgebring word, word beskryf as "groot pret" of "genotvol". Die meisies het deurgaans aangedui dat hulle uitgeneem en bederf is. Die *taxi kings* en die meisies het op 'n gereelde basis op uitstappies gegaan en gereeld disko's en ander vermaaklikheidsplekke besoek. Die meisies is koninklike behandel en het die duurste en beste ontvang. Die respondente het die volgende geskenke ontvang: die jongste klere, juweliersware, sakgeld en vry ritte. Uit die koerantberig oor taxi queens (Philander, 2000:8) het een van die meisies met wie 'n onderhoud gevoer is, genoem "... *ons kry die aandag wat ons nie by ons werkende ouers kry nie. Ons word uitgeneem en bederf. Hulle "taxi kings" laat ons so goed oor onsself voel* ..."

Die onderstaande aanhalings illustreer die argument:

> R: "... *soes die een keer toe gan ek en my uncle Parow toe. Toe gie ek vir hom 'n R5 toe gie hy my taxi fee (reisgeld) terug. My uncle het toe gesien. Toe vra my uncle vir my hoekom het jy nie betaal nie. Toe sê ek net ek wiet nie* ..."
>
> R: "... *as daai mense nie jol (dans) toe kom nie, is jy maar net boring. Hulle vat dit mos soe. Hulle koep wyn en the works. Jy sorg net vir jou taxi fare, nie even jou taxi fare nie* ..."

Vir hierdie meisies besit die *taxi king* die regte *vibe* en *style* wat dien as lokaas om deel te hê aan dié tipe lewenstyl. Tydens die onderhoud is daar 'n vraag aan die respondente gestel, naamlik "*Watter aspekte was vir jou die beste om met 'n taxi-ou uit te gaan*?" Die beeld wat geassosieer word met 'n *taxi king* is een waar die *taxi king* die beste klankstelsel en die netjieste minibus besit en 'n aantreklike voorkoms het. Dit is duidelik dat bogenoemde aspekte 'n sterk rol speel wanneer meisies uitgelok word om deel te word van die lewenstyl van 'n *taxi king*. Hierdie bevindinge stem ooreen met die berig van die Philander (2000:8) waar daar bevind is dat hoërskoolmeisies gelok word deur die beeld van die minibustaxibestuurders en die harde pop musiek wat in die voertuie speel. Die meisies het ook verder genoem dat omdat hulle ouers nie altyd vir hulle die nuutste skoene en klere kan koop nie, wend hulle hulself tot hierdie mans wat dit vir hulle kan gee.

O: Watter aspekte was vir jou die beste om met 'n taxi-ou uit te gaan?

R: "... *baie kwaai. Die taxi was getint (gekleur), dit was wit. Dit was nie all colours nie, die Sound system was ook kwaai. Die van het kwaai tyres op gehad. Die van was altyd comfortable in die van. Die bokse (klankstelsel) was onder die seats* ..."

R: "... *die taxi en die music wat lekke speel* ..."

R: "... *die taxi ouens (mans) het klomp geld* ..."

5.5 KONTEKS VAN DIE VERHOUDING

5.5.1 Inisiasieproses

Die eerste stap in die totstandkoming van 'n verhouding is dat die minibustaxibestuurder 'n meisie se vertroue moet wen. Hy bied byvoorbeeld aan om vir haar 'n duur ete te koop of om haar gratis op te laai. Hy behandel haar soos 'n koningin (Thambisa en Nkwanyane, 2000:11). Die vertellings van die respondente het meestal ooreengestem met dit wat in die koerantberigte uitgebeeld word. In die verhale van respondente is die insiasieproses tussen hoërskoolmeisies en *taxi kings* geïdentifiseer. Ontmoetings vind plaas by verskillende vermaaklikheidsplekke ("jol") of private plekke ("smokkelwerf"). Sulke plekke bevorder die *taxi king* se geleenthede om in kontak te kom met jong meisies wat daarop uit is om 'n lekker tyd te hê.

Die bestuurder inisieer gewoonlik die eerste ontmoeting. Hierna volg die aanwending van verskillende tegnieke ten einde die meisie se belangstelling en vertroue te wen. Eerstens word daar geleidelik gekommunikeer met die meisies met 'n terloopse "*Hoe gaan dit*?" Tweedens word vleitaal ook gebruik: "*Jy het darem 'n mooi smile*" en laastens word voorstelle gemaak: "*Kan ek niks vir jou koop nie*?" Deurgaans word genoegsame aandag aan die meisie gegee ten einde haar te oortuig van sy belangstelling in haar. Die meisie se belangstelling in die *taxi king* sal bepaal word op grond van 'n positiewe reaksie op sy voorstelle.

O: Vertel my meer oor hoe julle twee ontmoet het?.

R: "... *ons het op die smokkel yuard (smokkelwerf) ontmoet. Dit was in September, twee weke voor my verjaarsdag. Toe sê hy, soe kom staan hiers so, of vra hoe gan dit of kan ek niks vir jou koep nie. Jy kan net sê of ek 'n biertjie moet koep of so. Toe sê hy vir my ek like jou smile. Toe sê ek dankie. Toe vra hy vir my of ek koud kry. Toe sê ek ja, en toe trek hy sy jacket uit vir my. Toe vra hy vir my of ek enige iets gan drink. Toe sê ja*

jy kan maar vir my 'n biertjie koep. Toe koep hy vir my 'n hele six pack ..."

R: "... *die eerste twee weke as hulle nou vir jou ontmoet is hulle net loving met jou. As hulle vir jou kry dan tel hulle jou somme op ... eerstens toe sien ek dat hy elke keer verby ry. Ek het nog nie note van hom gevat nie. Hy was oek net nog een wat net verby ry en soe. En in die dans het hy nou die eerste move gemaak. En so kom praat en soe aan ...*"

R: "... *in die jol (dans) in. Dit was by die skool se dans. Die meeste van die tyd is die taxi ouens by die skool se danse. Hulle ry moes die kinders na die jol toe ...*"

Volgens die drie respondente het die verhouding tussen die minibustaxibestuurders en die meisies nie lank geduur nie en kan die verhoudings nie as 'n eksklusiewe verhouding beskou word nie. Dit word beskryf as 'n vlugtige verhouding of *move*, waar die twee partye geen verpligtinge of gevoelens teenoor mekaar gehad het nie. Een van die drie respondente het wel aangedui dat sy gevoelens gehad het vir die minibustaxibestuurder met wie sy uitgegaan het "*ek was so mal oor hom en ek wil net by hom gewies het* ".

Die meisies het gerapporteer dat die seksuele komponent van die *move* verhouding as 'n natuurlike deel van die verhouding beskou word. Hierdie aspek was van toepasing op een van die drie verhoudings van die respondente. Soos alreeds aangedui, word 'n buite-egtelike verhouding met die meisies aangeknoop waarvan die bestuurders se huweliksmaats of vaste meisies nie kennis dra nie. Al drie respondente het te kenne gegee dat die *taxi king* met wie hulle 'n verhouding het, ook verhoudings met verskillende ander hoërskoolmeisies aangeknoop het. Dié meisies, wat as *movers* bekend staan, dra selfs ook nie kennis van mekaar nie. Om hierdie rede kan die verhoudings geheim gehou word.

O: Was jy al betrokke in 'n verhouding met 'n taxi ou?.

R: "... *dit was nie eintlik 'n verhouding nie. Dit was 'n "move" biesigheid. Ek het al twee keer sulke tipe verhoudings gehad met taxi ouens. Die ouens soek nie 'n vaste verhouding nie, maar wel iemand om mee 'n lekke tyd te hê ...*"

O: Was jy okay met die idée van die ander hoërskool meisies?.

R: "... hy sal mos nie vir jou sê nie. Hy sê vir jou dat jy is sy enigste meisies. Môre oor môre hoor jy dat hy'n vaste girl of so. Ek het al baie so iets oor gekom hy sê vir jou jy is sy enigste meisie, maar dan hoor jy hy het 'n vaste meisie, dan *voel jy so bad ...*"

R: "... *die movers wiet nie van mekaar nie ... nee, want sy wiet nie wat hy doen nie. Sy*

ry mos met hom en miskien het hy by elke skool 'n meisie gebruik hy vir haar en gebruik die ander meisies oek ..."

Een van die drie respondente het wel kennis gedra van die feit dat die minibustaxibestuurder verhoudings met ander hoërskoolmeisies ook gehad het. Die een respondent het genoem dat dit nie vir haar 'n probleem is nie, want sy het 'n klomp voordele gekry uit die verhouding, byvoorbeeld geld en klere soos en wanneer sy dit wou hê. Hierdie respondent het die persepsie gehad dat sy spesiaal is en dat die ander meisies vir die minibustaxibestuurder niks beteken nie. Sy was oortuig daarvan dat die minibustaxi-bestuurder weer na haar toe sal terugkom, ongeag die wete dat hy ook by ander meisies was. Die onderstaande aanhaling illustreer haar argument:

O: Het jy geweet van die ander meisies? Wat noem jy nou weer vir hulle?

R: "*... ja, en ek het gewiet (geweet) daarvan, die movertjie. Maar wat vir my kwaai laat voel het is dat ek die meisie was. Ek kry die benefit daarvan. Ek het elke dag my geld gekry omdat "I need to spent". En as daar dae is wat ek iets nodig het of ek sien iets 'nice' soos 'underwear' dan sê ek net ek wil daai hê dan koep hy vir my.*
Basically was dit my lewe net ... jy moet altyd onthou, die ander los vroumense beteken niks vir hom nie. Hy kan rondmos, maar hy gie (gee) vir jou alles wat jy wil hê, en hy kom terug na jou toe. Hy kom altyd terug. Dit is amper so.
Jy het dit wat hy soek ..."

Data suggereer dat geslagsomgang 'n verwagte deel van die verhouding tussen die *taxi queen* en *taxi king* is. Al drie respondente het gerapporteer dat hulle daarvan bewus was dat die minibustaxibestuurders van hulle verwag om met hulle seksueel te verkeer. Volgens twee van die drie respondente het hulle nie seksueel verkeer met die minibustaxibestuurders met wie hulle 'n verhouding gehad het nie. Alhoewel dit van die twee respondente verwag is, het hulle geweier om seksueel betrokke te raak. Een van die twee respondente het genoem dat, indien sy seksueel sou verkeer met die *taxi king*, sy haarself sou kwalik neem daaroor. Die respondente is ook van mening dat, indien die minibustaxi-bestuurder nie seksueel gelukkig gehou word nie, hulle die verhoudings beëindig met die meisies. Onder sulke omstandighede skuld die minibustaxibestuurder die meisies geen verskoning nie.

Dieselfde aanname is aangetref in 'n koerantberig (Van Breda, 1998:1) waar die minibustaxibestuurder te kenne gegee het hoe hulle hoërskoolmeisies seksueel misbruik. Die onthouding van seksuele aktiwiteite aan die kant van die meisies lei tot die beëindiging van die verhouding. In die betrokke artikel het die minibustaxibestuurder dit soos volg gestel: "*But if they don't want to have sex with me, that's the end of them. No meat, beat it. And I move on to the next one. I have three to five a week* ". Die onderstaande aanhaling staaf die persepsie van die respondente:

O: Het jy tydens jou "move" verhouding met X-hulle, seksueel verkeer ?.

R: "... *okay, ek was nie seksueel aktief met een van hulle nie"... okay soes X- hulle. Die Sondagaand. Toe vra hy vir my. Toe sê ek vir hom nee. Toe vra hy hoekom. Toe sê ek nee, want dit is nie reg nie vir my nie* ..."

O: Indien jy sou ingestem het om seks met X te hê, sou julle twee langer "gemove" het?.

R: "... *Ek glo nie so nie. Ek wiet vir 'n feit as ek vir hom in gegie het, sal ek tot vandag toe spyt gewies het. Ones daai mense jou onderlyf ken, dan is alles oor ... die meisies wiet as jy hom nie gelukkig hou nie, sal hy jou los. En hy skuld jou nie 'n verduideliking nie* ..."

Een uit die drie meisies het aangedui dat sy ook daarvan bewus was dat geslagsomgang 'n verwagte deel van die verhouding was. Volgens haar het sy uit vrye keuse seksueel verkeer met die minibustaxibestuurder. Sy het sterk gevoelens vir die minibustaxibestuurder gehad en dit was vir haar toelaatbaar om met die minibustaxibestuurder seksueel te verkeer. Dié respondent was daartoe in staat om haar seksuele ervaring in die fynste besonderhede te beskryf ten opsigte van die plek en die tyd en hoe die minibustaxibestuurder haar behandel het.

Die bevindinge van die individuele onderhoude het ooreengestem met die data wat verkry is tydens groepbesprekings. Groepbesprekings het aangedui dat *taxi queens* geensins geforseer word om seksueel te verkeer met die minibustaxibestuurder nie. Die keuse om seksueel te verkeer word beskou as 'n individuele besluit. Indien daar sprake is van seksuele aktiwiteite, het die meisies 'n vrye keuse om seksueel te verkeer met die minibustaxibestuurder weens sekere voordele wat verkry kan word (geld, klere en vry ritte). Een respondent vanuit die groepbespreking stel dit as volg: "*nee, hulle word nie geforce nie. Hulle wil dit hê. Sommige*

tye kry hulle iets uit die deal uit, soes geld en hulle kan saam slaap met die ou ". 'n Ander respondent argumenteer as volg : "*ja, want as hulle permanant kan voor sit by die taxi driver, dan gie hulle nie om nie. Is nie enige een wat kan verniet ry nie* ".

O: Hoe het dit gebeur dat julle seks gehad het?.

R: "... *Ons was die aand alleen by die huis. Toe vra hy my of ons nie kan uit gaan vir die aand nie. Dit was 'n maand nadat ons mekaar ontmoet het. Ek was nog jonk daai tyd. 'n Mansmens is mos skelm en laat jou goed voel oor jou self, jou gemaklik voel. Hy het 'n hotel en al vir ons gekry, dit was in die See-Point. Die ... en die bottle sjampanje was daar. Jy wiet al die fynner dingetjies. Toe het ons tot die punt gekom. Ek het gewiet daai aand ons gaan seks het. Hy het my nooit gepressure om seks met hom te het nie ...*"

O: Na daardie eerste aand het julle twee op 'n gereelde basis seksueel verkeer?.

R: "... *nee, ons het net daai aand seks gehad en toe eers na twee maande het dit gereeld plaas gevind..*"

5.5.2 Magkwessies: dominante beheer

Al drie meisies het die ervaring gehad dat die minibustaxibestuurder alle mag en beheer in die verhoudings besit het. Die verhale het verwys na sterk tradisionele rolle en reëls wat teenwoordig was in die verhouding. Die rol van die minibustaxi-bestuurder is een waarvolgens hy in beheer is van die verhouding. Hy besit alle mag met betrekking tot seksuele aangeleenthede. Die *taxi king* mag hom verlustig tydens seksuele aktiwiteite . Een respondent het verwys na die persepsie dat die meisie die minibustaxibestuurder moet toelaat om in beheer te wees van die verhouding. Dit staan teenoor die rol van die *taxi queen* waarvolgens sy te alle tye netjies aangetrek en mooi moet voorkom, sodat die *taxi king* met haar kan spog.

Verder is dit die rol van die *taxi queen* om die sterk seksuele drange en behoeftes van die *taxi king* te bevredig. Twee van die drie respondente het verder uitgebrei op hulle persepsies waar hulle daarvan bewus is dat meisies van geleenthede gebruik moes maak om die seksuele drange van die *taxi king* te bevredig. Diè twee meisies het ook die persepsie gehad dat meisies wat bekend staan as *taxi queens* tydens seksuele omgang hulle passief moes optree. 'n *Taxi queen* moet onderdanig en passief optree tydens haar verhouding met die *taxi king*.

Daar is selfs verwys na die idee dat die minibustaxibestuurder alle seksuele aangeleenthede inisieer. Dit sluit in wanneer en waar seksuele omgang sal plaasvind. Volgens die meisies vind seksuele omgang plaas op verskillende plekke, naamlik buite disko's, in die woning van die minibustaxibestuurder of selfs op die strand. Die meisies het ook vertel dat seksuele omgang soms plaasvind in die teenwoordigheid van ander minibustaxibestuurders.

Al drie meisies het te kenne gegee dat voorbehoedmiddels selde gebruik word. Een respondent het eerder verwys na ander tegnieke wat gebruik word tydens seksuele omgang met die minibustaxibestuurder. Die meisies het daarvan melding gemaak dat seksuele omgang meestal onbeplan is en plaasvind indien die geleentheid opduik om seksueel te verkeer. Dit het in die drie onderhoude na vore gekom dat die meisie se seggenskap beperk is en dat sy nie in staat is om voorstelle te maak vir veilige seksmetodes nie. Thambisa en Nkwanyane (2000:11) het bevind dat minibustaxibestuurders meisies gebruik om hulle sekslus te bevredig. Die eerste aanhaling hieronder illustreer twee van die respondente se kennis rondom die persepsie dat hulle wel kennis dra van die magskwessies in hierdie tipe verhouding, en watter party die besluit neem oor waar en wanneer seksuele aktiwiteite sal plaasvind. Die laasgenoemde aanhalings verwys na die een respondent se verduideliking rondom haar seggenskap in haar verhouding en die beperkte onderhandeling aangaande voorstelle vir veilige seksmetodes.

O: Weet julle waar vind seksuele omgang plaas met hierdie meisies ?.

R: "*... by die beach en somme by die jol. Hulle nooi jou mos uit. Dit is warm hier binne kom ons gan uit. Dit is mos die kart wat hulle skiet. Dan gan hulle couple vir couple uit. Twee couple lê op die agterste seat in die middel en nog 'n couple voor so. Hulle vertel ons die goedte ...*"

R: "*... die meeste van die tyd gan hulle Puff toe. Dit is waar hulle die meisies soe steek..*" *(seksuele verkeer)*

O: Het jy as meisies enige seggenskap (sê) gehad in die verhouding?

R: "*... nee, jy wat 'n vroumens is het nie eintlik 'n sê nie. Jy is 'n take along. Jy's amper soos 'n trofie. Jy is op gedollie en jy is net mooi. En aan almal word dan gesê dit is my meisie. En almal word dit gesê ...*"

O: Toe julle die eerste keer seksueel verkeer het het jy 'n kondoom gebruik?.

R: "*... nee hy het nie. Nee, die ding is so 'n mansmens doen daai. Wanneer julle seks het kan jy voel dat hy gan kom (ejakuleer) dan kan jy hom afstoot of hy kan homself afstoot ...*"

O: Waarom het jy nie 'n voorstel gemaak dat julle 'n kondoom moet gebruik?.

R: "... *nee ek wiet nie. Ek was mal oor hom ek wil net by hom gewies het. What ever hy met my wou gedoen het, het ek hom allow ...*".

Daar is melding gemaak deur die meisies in die huidige navorsing dat deelname aan risiko-seksuele gedrag verbind kan word met die hoë vlakke van tienerswangerskappe wat onder *taxi queens* aangetref word. Al drie meisies het te kenne gegee dat hulle daarvan bewus was dat die minibustaxibestuurders met wie hulle verhoudings gehad het, reeds twee tot vier kinders gehad het. Die minibustaxibestuurders is die vaders van kinders uit hulle eie huwelik of vaders van kinders wat hulle by ander hoërskoolmeisies het. Die respondente het ook aangedui dat, as die meisies swanger raak, beteken dit gewoonlik die einde van die verhouding. Die respondente was ook bewus daarvan dat die minibustaxibestuurders nie hulle pligte as ouers nakom nie. Die respondente het aangevoer dat die minibustaxi-bestuurders geen finansiële ondersteuning verleen aan die moeders van hulle kinders nie en dat minimale kontak met die kinders behou word. Vir die respondente in die huidige navorsing is dit duidelik dat, indien die meisies swanger raak, hulle gewoonlik aan hulle eie genade oorgelaat word en self die opvoeding van die kinders moet behartig. Thambisa en Nkwanyane (2000:11) voeg by dat daar bevind is dat die meisie aan die begin van die verhouding spog oor die feit dat sy met 'n minibustaxibestuurder uitgaan, maar wanneer sy swanger raak, word die verantwoordelikheid op haar geplaas om die baba alleen groot te maak.

O: Hoeveel kinders het hierdie taxi ouens nog gehad?.

R: "... *maar hy was soe 'n man hy wil nie los (buite egtelike) kinders hê nie. Hy het dit altyd vir my gesê en vir iemand wat 'n taxi driver is het hy net al 2 kinders gehad, van wat ek wiet of van wat hy oor gepraat het van en wat hy met al geslaap het ...*"

R: "... *X het twee kinders het ...*"

R: "... *X het 1 kind in X straat, een in X en hy het 'n tweeling. Hy worry nie met jou nie as nadat hy jou klaar pregnant gemaak het. Vir 'n maand of twee dan los hy jou ...*"

5.5.3 Gebrek aan sekuriteit en vertroue

In al die verhoudings tussen respondente en minibustaxibestuurders is daar 'n gebrek aan sekuriteit en vertroue geïdentifiseer. Die respondente het die minibustaxibestuurders beskryf as besitlik en jaloers. Volgens die respondente het hulle gevoel dat hulle die besitting van die minibustaxibestuurder is. Die respondente beweer die verhoudings word gekenmerk deur konstante aantygings, omdat die minibustaxibestuurder daarvan oortuig is dat die respondente hulle verkul. Dit het by die drie respondente voorgekom dat die minibustaxibestuurder hulle verbied het om verhoudings met ander kêrels aan te knoop. Hierdie reël was egter nie van toepassing op die minibustaxibestuurders nie. Volgens die respondente was die minibustaxibestuurders geneig om gevegte te begin met ander persone, veral onder omstandighede waar die respondente aandag geskenk het aan 'n ander persoon. Sodanige optrede deur die meisies het beteken dat kontak verbreek is tussen die meisie en die minibustaxibestuurder. Hieruit kan afgelei word dat die konteks van die verhouding geensins dien as 'n bron van ondersteuning, intimiteit, kameraadskap en affeksie nie, soos aangedui deur Diamond (1999:199-200). Dit skep eerder 'n konteks waardeur frustrasies en onsekerhede na vore gebring word. Dit is nie die tipe verhouding waarin 'n meisie veilig voel en die nodige sekuriteit kan ontvang nie.

O: Kan ek sê dat die taxi ou baie jaloers was of hoe?.

R: "*... ja, hy was baie jaloers. Soes as ons nou miskien nou uitgaan ne ... night dan meet ek nou ander ouens (mans). Dan sê hy somme vir die ander ouens ek skiet jou vrek my broer, moet nie mors met my nie ek, ek is bymekaar met die kind (dit is my meisie). Dan sit die mense jou uit die dans uit, want hulle soek nie moeilikheid nie ...* "

R: "*... as ons met ander ouens loep (loop) en hulle sien jou, hoe dan groet hulle nie vir jou nie Somme nie vir 2 weke nie, en gie net vir jou veel (vuil) kyke.Dit is amper soe ons mag Nie burkes (kerêls) het nie, maar ons wiet (weet) dan van hulle meisies. Hulle is te jaloes. Hulle mag het, maar ons kan nie ...*"

5.6 DWELMS EN ALKOHOLMISBRUIK

Die respondente het aangedui dat minibustaxibestuurders hoofsaaklik gebruik maak van alkohol of dwelms. Die minibustaxibestuurders gebruik dit self of dryf handel daarmee. Die dwelms is verkrygbaar by 'n spesifieke handelaar teen 'n baie lae bedrag. Een van die

respondente het kennis gedra van hulle handelaar " *hulle koep dit. Hulle kry dit vir cheap. By die X Huis* ". Die respondente het verskillende dwelmmiddels geïdentifiseer "*o ene daai mense gebruik drugs soos E en so aan* ", byvoorbeeld, kokaïne, E (*Ecstacy*) en dagga. Volgens die respondente word hierdie middels op 'n daaglikse basis gebruik. In die drie onderhoude het twee van die respondente daarvan melding gemaak dat die minibustaxi-bestuurder gewoonlik seksueel verkeer met meisies terwyl die minibustaxi-bestuurder onder invloed van dwelms of alkohol is. Die respondente reken dat die meisies nie bewus is dat minibustaxi-bestuurder onder die invloed van alkohol of dwelms is nie wanneer hulle met die meisies seksueel verkeer nie. Volgens die twee respondente is dit duidelik wanneer die minibustaxibestuurder onder die invloed van alkohol is, maar nie wanneer hy dwelms gebruik het nie. Die respondente verklaar egter dat, wanneer minibustaxibestuurders onder die invloed van dwelms is, is hulle gemoedstoestand onstabiel. Dit kan wissel vanaf woede na opvlieëndheid en eindelose energie. Die implikasies is dat sulke omstandighede deelname aan risiko- seksuele gedrag bevorder sonder dat daar enige beplanning is vir beskermde seksuele omgang. Verder kan dwelmgebruik ook daartoe lei dat seksuele geweld kan voorkom.

O: As die "taxi kings" seksueel verkeer met die meisies is hulle dan ook onder die invloed van dwelms?.

R: "... *ja, of dronk. Hulle doen dit nooit nugter nie. Hulle is baie geerriteerd wanneer hulle gedrug is. Hulle is net hangerig ... en as hulle gedrink is hulle evil ...*"

R: "... *die helfte van hulle wiet nie. As jy nie vir julle ken nie sal nie wiet nie. Omdat hulle lyk nie soe nie. Hulle lyk net dronk ... jy kan net sien hulle is dronk, maar nie wanneer hulle gedrug is nie ...*"

5.7 STATUS TEENOOR STIGMATISERING

Vanuit die oogpunt van die drie respondente is dit duidelik dat daar beide positiewe sowel as negatiewe belewenisse is ten opsigte van die belewenis van 'n *taxi queen*. Alhoewel twee uit die drie respondente nie wou erken dat hulle *taxi queens* is nie, het hulle wel erken dat hulle steeds deel het aan die lewenstyl van 'n *taxi queen*. Die vraag rondom die belewenisse van die lewenstyl van 'n *taxi queen* het verskillende persepsies na vore gebring. Al drie respondente het die ervaring gehad dat hulle verhoudings met die minibustaxibestuurders 'n nuwe lewenstyl en status aan hulle aangebied het. Op 'n persoonlike vlak ag die meisies hulle

belangrik en spesiaal vir die minibustaxibestuurder ("*ek is die madam, Jy sien jouself so, ek is die queen*"). Soos reeds genoem, beteken die lewenstyl van 'n *taxi queen* koninklike behandeling vir die meisies. Die meisies se verhoudings met ouer mans is ook 'n indirekte aanduiding van hulle eie volwassenheid in vergelyking met meisies van hulle eie ouderdom. Hierby noem Laursen en Jesen–Campel (1999:62-63) dat meisies sosiale status en bekendheid kan verwerf deur 'n betrokke verhouding met 'n seun. Tydens groepbesprekings het dieselfde bevindinge na vore gekom. Bogenoemde stellings het ooreengestem met die bevindinge van die individuele onderhoude. Die eerste vier aanhaling verwys na die groepbesprekings, wat gevolg het op die onderstaande vraag wat gestel is:

O: Volgens julle wat is die redes hoekom hierdie meisies in 'n verhouding bly met die minibusbestuuders?.

R: "*... sommige tye kry hulle iets uit die deal uit, soos geld, en hulle slaap met die ou wat seker iets moet wies* "

R: "*... sy ry verniet taxi en sy is net daai girl ...*"

R: "*... kyk na X. Hulle bring die kinders tot by die skool. Kom tel hulle op soes 'n regte taxi. Jy is mos 'n regte Lady Diana as jy daaruit klim ...*"

R: "*... ja, hulle is net cool, want hulle het die ou met geld en die taxi, musiek wat lekke speel ...*"

Tweedens was die meisies van mening dat hulle verhouding met die minibustaxibestuurder stigmatisering tot gevolg gehad het. In die gemeenskap waarin die meisies woon, word verhoudings met minibustaxibestuurders nie goedgekeur nie. Een van die drie respondente was bewus van die stigmatisering: "*om 'n taxi queen te wies, is mos nie 'n kwaai ding nie, want die mense gan mos sleg praat van jou* ". Die volgende respondent stel dit as volg : "*mense kan ma vir my name geskree het, ja jou taxi queen* ". Dit impliseer dat voorhuwelikse geslagsomgang met 'n getroude of ouer man as verkeerd beskou word ("*dit is omdat ons met hulle uithang en hulle wiet mos, wat doen die taxi ouens. Hulle sal net vir seks en dan los hulle vir jou* "). Verder sluit hierdie kennis aan by die ervaring van die respondente dat daar binne die gemeenskap van die meisies duidelike onderskeid gemaak word oor die betekenis van 'n "goeie" en 'n "slegte" meisie. Die persepsie bestaan ook dat 'n "goeie" meisie een is wat haar weerhou. Hierteenoor staan die persepsie dat 'n "slegte" meisie betrokke raak by voorhuwelikse seksuele aktiwiteite en haar nie spaar vir daardie spesiale maat met wie sy sal trou nie. Die meisies het aangedui dat daar binne hierdie konteks 'n waardeoordeel

geformuleer word waarvolgens die gemeenskap dit verkeerd ag indien 'n jong meisie in 'n seksuele verhouding met 'n ouer of getroude man betrokke raak. Binne hierdie konteks ontvang die meisie die etiket as 'n "slegte" meisie. Die onderstaande aanhalings illustreer die twee persepsies van die twee respondente: " ... *een keer het ek in X se taxi's geklim, maar ek nog nie vir hulle leer ken nie, but ek het net vir hom geken. Toe het die een meisie sy het ook hier skool gegan. Toe sit sy in die wane. Toe sê hy, hy collect nou die geld, dan is hy al hier verby my. En toe het die een meisie begin te op sê. Sy het gesê hulle sit net hier en sit seats voel en dan betaal hulle nie. Die slegte goed. ...Ek weier om te betaal* ...".

5.8 DIE GEHEIM

Uit die onderhoude het dit deurlopend na vore gekom dat meisies se verhoudings met minibustaxibestuurders 'n geheim gehou word. Al drie respondente het te kenne gegee dat hulle vrese gehad het dat hulle ouers bewus sou raak van hulle betrokkenheid met die minibustaxibestuurders. Dit het selfs aan die lig gekom dat hulle leuens aan hulle ouers vertel ten einde die verhouding 'n geheim te hou. Om dié rede vind ontmoetings met minibustaxibestuurders plaas in private plekke waar die ouers nie teenwoordig is nie. Uit die drie respondente het twee aangedui dat hulle ouers reeds stories gehoor het dat die meisies tyd saam met minibustaxibestuurders deurbring. Die twee respondente het gesê dat hulle die stories sterk ontken het, omrede hulle weet dat hulle ouers nie sulke verhoudings sal goedkeur nie. Al drie respondente was van mening dat, indien hulle ouers bewus sou word van hulle verhoudings, dit sekere implikasies vir hulle sou inhou.

O: So het jou ouers geweet dat jy 'worry' met die taxi ouens?.

R: "... *nee. Is jy mal. môre dan phone hy my en sê hy kom tel my op. Dan moet ek vir my ma-hulle lieg en sê ek gan by dinges study of die skool gan gou dan toe uit, jy wiet. Dat hulle nie moet uitvind nie, want hulle sal dit nie allow nie. Hulle gan hom nie allow in my lewe nie. Hulle het mos gewiet hy is 'n taxi driver en hy was involved met gangsters. Hy was bad news. Jou ouers allow jou nie om uit te gan met bad news nie. Hulle soek mos mister perfect, al is mister perfect skelm oek* ..."

R: "... *okay, hulle het al gehoor al dat ons ry saam met die taxi ouens. Ons sê net vir hulle nee en daai. Want my uncle het al vir my gevra sê net vir my een ding was julle saam met taxi ouens uit. Toe sê ek nee. Toe sê hy nee dan is hy klaar gepraat. Want as ek moet vind dat julle was uit met daai mense dan sal daar moeilikheid wies* ..."

R: "... *ry jy saam met hulle, jou ma wiet nie jy ry saam met hulle nie. Jou ma hoor eers agter na. Okay jou ma dink ander dinge van jou miskien, miskien my kind is nie meer ... jy wiet ...*"

Twee van drie respondente het insig getoon en gesê dat sekere meisies se ouers wel kennis dra daarvan dra dat hulle dogters met minibustaxibestuurders deurmekaar is "*nee, hulle gan somme na die meisie kinders se huise toe as hulle maens dit toelaat. Ja. Hulle wiet want die ouens gan met die wane na die meisie se huise toe* ". Hierdie ouers ervaar die verhouding van hulle dogters en die minibustaxibestuurders as positief. Dit het in beide onderhoude en groepbesprekingsdata na vore gekom dat ouers sekere voordele ontvang uit die verhouding. Twee respondente het tydens die individuele onderhoude aangedui dat minibustaxibestuurders finansiële ondersteuning bied aan die huishoudings waarin die meisies woon. Een respondent het tydens die groepbesprekings 'n bevestiging hiervan gegee. Hierdie respondent het gemeld dat dit selfs beteken dat die ouers van die meisies nie besorg hoef te wees oor die taxigelde wat elke dag betaal moet word nie " *sommige tye wiet die meisies se ouers daarvan dan doen hulle niks aan die saak nie. Hulle ouers voel okay daarmee, want dan kan hulle kinders dan verniet ry op die taxi* ". Die onderhoudvoerder was egter nie in staat om die werklike bedrae wat huishoudings ontvang, vas te stel nie. Wat wel aan die lig gekom het, is die feit dat ouers sekere voordele geniet op grond van hulle dogters se verhouding met die minibustaxibestuurders.

5.9 KOMPETISIE ONDER *TAXI QUEENS*

Daar is melding gemaak deur die drie respondente dat kompetisie onder *taxi queens* op groot skaal voorkom. Die gedurige jaloesie en kompetisie onder *taxi queens* lei tot die ontstaan van gevegte, waar meisies selfs fisies handgemeen raak. Dit is gewoonlik oor 'n spesifieke minibustaxibestuurder (" *ja, baie meisies jag hulle lywe, en die kompetisies is groot. Om miskien met X uit te gaan is iets groot* "). Die respondente het aangedui dit is nie sommer net enige minibustaxibestuurder nie, maar wel die minibustaxibestuurder wat 'n aantal positiewe eienskappe besit. Die positiewe eienskappe sluit in fisieke aantreklikheid, finansiële bronne, netjiese minibus, goeie klankstelsel en lekker popmusiek. Hierdie kenmerke bevorder die bekendheid van die minibustaxibestuurder onder meisies. Hierdie bevindinge stem ooreen met die bevindinge wat verkry is uit die data ná die groepbesprekings: "... *die ou wat X ry, hy*

is al klaar en is 'n dagga kop. Hy is al 56 jaar oud, maar aai tog die meisies wat hy kry. Hulle is 15 jaar. Dit is geld wat praat ...".

O: Het jy nooit met ander meisies gestry oor hom nie?

R: "*... ja ek het. Hy het op 'n tyd ook in die Brooklyn gebly. Toe het een van die 28 (bendelid) my deur geneem na hom toe. Toe kom ek daar toe sit die meisie daar, ek ken mos nie vir haar... En toe kom ek weer terug en niggie sit nog altyd daar. Toe vra ek vir haar wat soek elke dag hierso, want X hulle sê so. Nee, jy kom vra nie vir my uit nie sê sy vir my. Sy was 2 jaar jonger as ek. Sy was nog op skool. En ek het vir haar. En ek slaan haar ...*"

R: "*... ek sal inkom en hulle vang vry (soen). Dan sal ek vra wat te ... gan hier aan. Dan sal hy vir my net sê nee ek het net bymekaar geraak met haar. Die vroumense skrik hulle altyd flou. Want wat hy vir hulle gesê het. Hy sê vir hulle hy het 'n meisie, maar dan val hulle nog altyd vir hom, dan slat ek altyd die vroumense ...*"

5.10 DIE GROOT SPEL

Tydens die onderhoudvoering het die twee respondente te kenne gegee dat minibustaxi-bestuurders se betrokkenheid by hoërskoolmeisies een groot speletjie is. Al drie respondente het vanuit hul eie ervaring aan gedui dat minibustaxibestuurders gewetenlose mans is wat meisies seksueel misbruik. Die respondente voel in hierdie opsig dat minibustaxibestuurders geen respek vir meisies het nie, en die verhouding word nie as belangrik geag nie. Twee van die respondente het verwys na die gewetenlose gedrag van minibustaxibestuurders. Dié twee respondente is van mening dat minibustaxibestuurders op 'n konstante basis kommunikeer met hulle vriende oor die verskillende verhoudings wat hy het. Dit kan insluit dat hy in die fynste besonderhede sal oorvertel met wie hy seksueel verkeer het en hoe hy die ervaring beleef het. Die twee respondente het die persepsie dat daar geen privaatheid bestaan in 'n verhouding met 'n minibustaxibestuurder nie. Een respondent som die gedrag van die minibustaxibestuurder soos volg op "*... vir hulle is dit net 'n lag saak. Hulle lag alles af. Dit is vir hulle 'n groot joke. As jy nou miskien vir hom sê dit is hoe sy oor hom voel, dan môre as hy met sy driver werk dan sê hy o my broer daai kind sê nogal vir my gister dit. Dan sal hulle lag daaroor. Hulle sal jou dan aankyk met daai gedagte ...* ". 'n Ander respondent het ook aangedui dat vuil taal deur die minibustaxibestuurder gebruik word ten einde sy persepsie oor te dra dat hy enige meisie besit "*... ja, hulle praat onder mekaar. As sy uit die taxi klim*

dan sê die hy, ou die stupid ding ek het haar lekker in gekry. Dit is sulke goed wat hulle sê agter jou rug ... ". By vele geleenthede word die meisies bespot en uitgemaak as "slegte" meisies, nadat hy hulle alreeds seksueel misbruik het.

O: So wat jy eintlik sê, is dat die minibustaxibestuurders bespreek die meisies?

R: "*... en as jy uit klim dan praat hulle omtrent van jou. Dit was soe met ons. Ons het vir hulle uitgevind. Soos daai ding se gat het hulle somme gesê. Hulle het baie stories van ons versprei ...*"

R: "*... is julle nou in die wieek jol toe gan en hulle briek (maagdelikheid) vir jou. As hulle huis toe gaan dan vat hulle miskien 'n ander meisie saam met hulle huis toe. Dit is nou as daar nie 'n meisie saam met hulle is nie. Altyd hoor jy hulle was jol (dans) toe, en hulle het soveel meisies in gebriek gisteraand ...*"

5.11 *TAXI QUEEN*: "EK IS SO JAMMER"

Die drie respondente het dit duidelik te kenne gegee dat hulle spyt het oor hulle verhoudings met die verskeie minibustaxibestuurders. Al drie respondente het hulle ontevredenheid uitgespreek deurdat hulle aangedui het dat hulle by verskillende geleenthede hulself die vraag afgevra het: *Hoekom het ek met hom deurmekaar geraak*? Die drie respondente het daarvan melding gemaak dat hulle pogings sal aanwend om ander meisies te waarsku teen hierdie gewetenlose mans wat jong meisies seksueel misbruik. Een respondent was duidelik daarin deur te sê: "*... Ek sal geen meisie aanraai om betrokke te raak in so 'n tipe verhouding nie ...*". 'n Ander respondent het gesê sy voel dat persone in die gemeenskap jou te alle tye herinner aan jou betrokkenheid met die minibustaxibestuurder. Die respondent is selfs van mening dat bogenoemde aspek 'n meisie daarvan weerhou om voort te gaan met haar lewe, omdat haar verlede altyd 'n houvas op haar het.

O: Sal jy ander meisies aanraai om betrokke te word met 'n taxi ou. Verduidelik waarom jy ja of nee sê?

R: "*... as ek moet wiet nou van 'n kind wat agter hulle wil gan sal ek aanraai om hulle af te los. Ek sal nie nog vir haar sê gan vir dit nie. Ek wiet mos wat aangan. Die eerste paar wieeke gan hulle mos nice wies met jou, maar agter na wil hulle jou net gebruik ...*"

R: "*... ek sal meisies waarsku om nie met sulke ouens uit te gaan nie. Jy moet jouself uitsort as jy confuse is. Vroumense moet dit nie doen nie. Op die einde van die dag ontmoet jy*

iemand anders dan kan jy nie voort gan nie. Orals waar jy loep sal mense van jou goed sê en onthou. Soe dit is maar die beste dat jy jouself moet uitsort …"

R: "*… sometimes' vra ek myself af hoekom het ek bevriend geraak met hulle. Sommige tyd loep ek in die pad, dan groet hulle nie vir my nie, of hulle maak soes hulle nie vir jou sien nie.Dit is maar net 'better' om hulle uit te los want hulle is entlik maar net bad 'news'...*"

5.12 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die empiriese resultate van die onderhoude bespreek. Op grond van hierdie besprekings is pogings aangewend om 'n beter beeld te verskaf van die *taxi queen*-verskynsel. Daar is begin deurdat die twee afsonderlike terme *taxi queen* en *taxi king* gedefinieer is. Verder is 'n beskrywing gegee van die lewenstyl van die *taxi queen* en *taxi king*, en die faktore wat jong vroue aantrek na hierdie tipe lewenstyl. Die konteks van die verhouding tussen die meisies en hulle *taxi kings* is ook volledig uiteengesit. Binne die individuele verhoudingskonteks is verskillende leemtes en struikelblokke ervaar. Vir die jong vroue is dit duidelik dat die minibustaxibestuurders gewetenlose mans is wat daarop uit is om jong vroue seksueel te misbruik. Die jong vroue is selfs spyt oor die feit dat hulle ooit deurmekaar geraak het met sulke gewetenlose mans. In die volgende hoofstuk sal die gevolgtrekkings wat uit bogenoemde ondersoek voortgevloei het, aangebied word.

HOOFSTUK 6
GEVOLGTREKKINGS

6.1 INLEIDING

Die doel van die navorsing was om 'n beskrywing van die lewenstyle en romantiese verhoudings van 'n groep adolessente meisies in die Bishop Lavis gemeenskap. Die studie gee ook aandag aan die taxi queen-verskynsel as 'n besonderse tipe vorm van 'n romantiese verhouding. Ten einde die doelwitte van die navorsing te bereik is 'n empiriese ondersoek gedoen waartydens vier temas ontleed is. Die bevindinge van die ondersoek is in hoofstukke 4 en 5 aangebied. In hierdie hoofstuk word 'n opsomming gegee van die gevolgtrekkings wat op grond van die bevindinge gemaak is. Die gevolgtrekkings sal uit die vier hooftemas aangebied word, naamlik lewenstyle van adolessente meisies, romantiese verhoudings van adolessente meisies, seksverwante aspekte en seksuele geweld in die romantiese verhoudings van adolessente meisies. Die hoofstuk word afgesluit met enkele aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing wat uitgevoer kan word.

6.2 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings is op die bevindinge van die empiriese ondersoek gebaseer:

6.2.1 Lewenstyle van adolessente meisies

Al die respondente was woonagtig by albei ouers, een ouer, 'n grootouer of 'n familielid. Die helfte van die jong vroue se moeders is werkloos, en die vaders van dié huishoudings tree op as broodwinners. Een respondent se grootouer is die broodwinner en is verantwoordelik om die huishouding aan die gang te hou deur haar maandelikse staatspensioen. Die gevolgtrekking is dus gemaak dat die uitgebreide gesin 'n belangrike rol speel in sekere van die respondente se lewens.

Wat betref die kwaliteit van verhoudings, het die respondente aangedui dat hulle gunsteling-verhouding met een van die volgende persone is: die vader, 'n ouma, 'n suster of 'n tante. Meer as die helfte van die respondente het nie 'n goeie verhouding met hulle moeders nie. Gedurende hierdie navorsing het dit duidelik geword dat die meerderheid respondente gevoelens van ontevredenheid ervaar ten opsigte van hulle verhoudings met hulle ouers. Die meerderheid respondente word gekonfronteer met moeilike omstandighede in hulle onderskeie gesinne. Dit sluit in opgroei in 'n enkelouer- huishouding of die teenwoordigheid van 'n stiefouer, wat dikwels lei tot die ontwikkeling van gevoelens van frustrasies wat verwerk moet word. 'n Verdere gevolgtrekking is dat meer as die helfte van die jong vroue in die huidige navorsing daarna verlang dat hulle ouers meer in hulle moet belangstel en beskikbaar moet wees indien hulle hulle ouers benodig.

Uit die literatuur oor adolessente se lewenstyle het dit duidelik na vore gekom dat die manier waarop adolessente hulle vrye tyd bestee, 'n aangeleentheid is wat sentraal staan in hulle lewenservaring. Adolessente is hoofsaaklik daaroor besorg om die lewe van die een oomblik tot die volgende te geniet. In hierdie navorsing bestee al veertien respondente hulle tyd deur televisie te kyk, by maats te kuier, na popmusiek te luister en deur disko's en sjebiens te besoek. Die veertien respondente benut vryetydsaktiwiteite om die volgende redes, naamlik om spanning te ontlaai, vryheid te ervaar, vriende te ontmoet, te sosialiseer en om genot en plesier te ervaar. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat vryetydsaktiwiteite van groot belang is vir die jong vroue in die huidige studie. 'n Verdere gevolgtrekking kan geformuleer word, naamlik dat adolessente om verskeie redes aan vryetydsaktiwiteite deelneem, naamlik om te soek na plesier en te ontsnap van hulle ouers se toesig, reëls en inmenging.

Tabel 6.1 Vryetydsaktiwiteite van respondente

Vryetydsaktiwiteite	Aantal
televisie te kyk	14
by maats te kuier	14
luister na popmusiek	13
luister na christelike musiek	1
besoek sjebiens	10
Rook	7
benut alcohol	12

Uit die literatuur blyk dit dat die verbruikersmark 'n sleutelrol speel in die strukturering van aspekte van die lewenstyle van die jeug. In hierdie studie het die meeste respondente van bogenoemde getuig. Die oorgrote meerderheid respondente dra kennis van verskillende verbruikersgoedere en produkte wat beskikbaar is in die verbruikersmark en hoe dit aangewend kan word om hulle lewenstyle te konstrueer. Die respondente het selfs insig getoon in die feit dat ekonomiese hulpbronne benodig word, ten einde hulle deelname aan die verbruikersmark te verseker. Die respondente het verduidelik dat sakgeld aan skoonheidsmiddels, klere, voedsel, tekkies, CD's, juweliersware en grimering bestee word. Dit het vir die navorser duidelik geword dat bogenoemde verbruikersgoedere en produkte deur respondente benut word om hulle voorkoms te verbeter, sowel as om 'n spesifieke styl te vertoon, hulself te bederf en om 'n plesierige tyd saam met hulle vriende te hê. Anders gestel, hulle wil 'in die mode wees'. Uit die respondente se opmerkings is dit duidelik dat hulle 'n groot verantwoordelikheid op hulle ouers plaas om finansiële middels te verskaf ten einde hulle deelname aan die verbruikersmark verder te verhoog.

Wanneer die respondente oor hulle toekomsverwagtinge gesels het, is daar bevind dat elf van die respondente oor tien jaar alreeds hulle studie agter die rug wil hê, getroud en gevestig wil wees met 'n gesin en 'n huis en 'n motor wil besit. Die oorblywende 3 wil nie trou nie, maar nog steeds 'n gesin hê. Dit het vir die navorser duidelik geword dat die meerderheid respondente duidelike doelstellings het ten opsigte van hulle persoonlike en professionele lewe. Die redes

waarom sekere van die meisies verkies om nie te trou nie, maar nog steeds 'n gesin wil hê, kan toegeskryf word aan die feit dat hulle mans as ontrou beskou en mans nie kan vertrou nie.

6.2.2 Romantiese verhoudings van die adolessente meisies

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die jong meisies hulle romantiese verhoudings as genotvol ervaar en dit geniet om tyd saam met hulle romantiese maats deur te bring. Teen die gemiddelde ouderdom 15-16 jaar was die veertien respondente alreeds in 'n vaste verhouding betrokke met 'n maat 2 tot 5 jaar ouer as hulle. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat meisies vroeg begin deelneem aan die hofmakery. Die romantiese verhoudings van respondente het twee vorme aangeneem, naamlik 'n vlugtige of 'n eksklusiewe verhouding. Die helfte van die respondente het aangedui dat hulle ten gunste is van die eerste tipe verhouding. In so 'n verhouding is daar geen verpligtinge en vaste reëls nie en toegeneentheid ontwikkel nie tydens dié tipe verhouding nie. Die bevindinge van die ondersoek het daarop gedui dat meisies wat in hierdie tipe verhouding betrokke is, hulle aan sekere risiko's blootstel. Die gevolgtrekking is dus dat meisies wat in hierdie tipe verhouding betrokke is, maklik kan seerkry indien hulle 'n toegeneentheid sou ontwikkel vir die maat by wie sy betrokke is.

Daar is ook tydens die ondersoek bevind dat al die respondente romantiese verhoudings aangaan om sekere eenvoudige redes, naamlik om eensaamheid te vermy, iemand te vind wat omgee, advies te gee en iemand te hê om mee te gesels en wat sal luister. Ses aspekte, naamlik kommunikasie, vertroue, omgee, respek, intimiteit, liefde sowel as ondersteuning is deur die respondente uitgewys as belangrike aspekte om 'n bevredigende verhouding te hê. Hierdie aspekte dui daarop dat, net soos daar 'n verskeidenheid oorwegings is waarom jong vroue romantiese verhoudings aanknoop, is daar 'n verskeidenheid aspekte nodig om 'n gevoel van tevredenheid te beleef in 'n romantiese verhouding.

Volgens die literatuur word die twee emosies *verliefdheid* en *liefde* in enige romantiese verhouding ervaar, alhoewel die twee van mekaar verskil. Hierdie verskille in emosie is deur die huidige navorsing bevestig. Verliefdheid word deur die respondente gesien as 'n emosie wat nie baie lank duur nie, liggaamlike veranderings veroorsaak, die persoon in 'n 'ander wêreld' laat

leef en die maats gedurig in mekaar se teenwoordigheid wil laat wees. Hierteenoor word liefde gesien as 'n ernstiger, intensiewe gevoel wat langer neem om te ontwikkel. Vir die respondente kom hierdie gevoel in 'n ernstige verhouding voor en dit dien as voorvereiste vir die toetrede tot 'n huwelik.

Van die respondente het egter ook getuig van die positiewe sowel as negatiewe emosie wat in verhoudings beleef kan word. Met verwysing na negatiewe emosies wat tydens die verbreking van 'n verhouding voorkom, het die respondente aangedui dat die graad van die emosies wat in die verhouding betrokke is, grootliks bepaal hoe die verbreking van die verhouding verwerk sal word. Vyf uit die sewe respondente wat in 'n vaste verhouding is, het genoem dat hulle nog steeds verlief is op hulle maats, maar nie seker is of hulle lief is vir hulle nie. Die oorblywende twee jong vroue wat alreeds ses tot nege maande in 'n vaste verhouding betrokke is, het aangedui dat hulle alreeds verby die fase van verliefdheid is en eerder lief is vir hulle maats. Die bevindinge van die ondersoek dui egter daarop dat hoe langer die verhouding duur, hoe meer lei dit tot 'n verdieping in emosies.

6.2.3 Seksverwante aspekte in die romantiese verhoudings van die adolessente meisies

Gedurende hierdie navorsing het dit duidelik geword dat meisies deesdae op 'n vroeër ouderdom seksueel aktief raak as voorheen. Volgens die respondente word meisies alreeds seksueel aktief van die gemiddelde ouderdom 13-14 jaar af, met 'n maat wat ouer as hulle is. Die veertien respondente het aangevoer dat romantiese verhoudings van adolessente hoofsaaklik seksueel van aard is en geensins net 'n platoniese vriendskap is nie. Seksuele omgang word beskou as 'n natuurlike deel van die verhouding.

Deelname aan liefkosing en soenery word as seksuele aktiwiteite beoefen, indien die paartjie nie seksueel aktief is nie. 'n Algemene gevolgtrekking kan dus gemaak word, dat deelname aan seksuele aktiwiteite begin met die aanvang van die hofmakery. Die navorser het verder ook tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel meer as die helfte respondente hulle romantiese verhoudings as positief beleef, hulle nie hulle romantiese maats beskou as die persone met wie

hulle in die huwelik wil tree nie. Dit blyk dat respondente nog nie gereed is vir 'n huwelik nie of selfs nie aan huweliksvooruitsigte dink nie.

Die navorsing het bevind dat al die veertien respondente al voorheen van seks en seksualiteit gehoor het, maar nie presies weet waaroor dit handel nie. Die respondente het 'n gebrekkige kennis oor seks en seksualiteit en is nie bekend met al die seksverwante terme en wat dit behels nie. Alhoewel die respondente aangedui het dat vriende, die media, opvoeders en ouers van groot waarde was ten einde seksinligting te bekom, is vriende egter nie die geskikste inligtingsbronne vir meisies om hulle kennis oor seks en seksualiteit uit te brei nie as gevolg van 'n gebrek aan kennis en die wanindrukke oor seksualiteit wat vir die meisies geskep word.

Uit die literatuur het dit duidelik geword dat die manier waarop ouers met hulle kinders kommunikeer aangaande seksverwante aspekte, 'n belangrike invloed het op adolessente se seksualiteit. Verder noem die literatuur ook dat daar baie struikelblokke bestaan ten opsigte van die kommunikasie wat tussen ouer en adolessent plaasvind. Hierdie probleem is deurlopend tydens die ondersoek bevestig. Die navorsing het byvoorbeeld bevind dat jong vroue selde met hulle ouers oor seksverwante aspekte gekommunikeer het as gevolg van gevoelens van ongemak en ouers se gebrek aan kennis oor seksverwante aspekte. 'n Verdere gevolgtrekking is dat daar nie genoeg tyd saam met jong vroue bestee word ten einde bogenoemde kwessie met hulle te bespreek en aan jong vroue die geleentheid te gee om onduidelikhede en vrese uit die weg te ruim nie. Ouers wat veronderstel is om genoemde aspekte aan jong vroue te verduidelik, beskik self nie oor genoegsame kennis aangaande seksverwante aspekte nie. Vermyding van hierdie aspekte lei tot 'n situasie wat verantwoordelik gehou kan word vir die toename in ongewenste swangerskappe en MIV-gevalle, wat tans hoog is onder jong vroue.

Tydens die respondente se bespreking van waar seksuele aktiwiteite plaasvind, het heelwat van hulle aangedui dat seksuele omgang by verskeie plekke plaasvind, naamlik privaat wonings (meisie of seun s'n), skoolomgewing (toilette) en openbare plekke (strand, parke). Hierdie plekke bied geleenthede vir privaatheid sodat meisies in die afwesigheid van hulle ouers se toesig met hulle seksualiteit kan eksperimenteer. Die navorser het dus tot die gevolgtrekking gekom dat

jong vroue se seksuele gedrag vir hulle ouers geheim gehou word en dat sulke omstandighede die geleentheid skep om seksueel te verkeer.

Daar is bevind dat die veertien respondente in die studie verskillende persepsies het oor die toelaatbaarheid van seksuele gedrag tydens die hofmakery. Vir meer as die helfte respondente word soenery met die eerste afspraak as toelaatbaar beskou. Sekere respondente beskou seksuele omgang as toelaatbaar, indien die meisie vir meer as een jaar in 'n verhouding is met haar romantiese maat, liefkosing alreeds plaasgevind het of indien die twee persone reeds aan mekaar verloof is. Uit die literatuur het dit na vore gekom dat vroue meer geneig is om 'n verband te sien tussen liefde en geslagsomgang as mans. Die literatuur noem ook dat vroue geneig is om seksueel te verkeer met 'n persoon vir wie sy lief is. Laasgenoemde is egter nie altyd bevestig deur die huidige navorsing nie. Die bevindinge was soms teenstryding met die navorser se verwagting sowel as dit wat in die literatuur verskyn. In die huidige navorsing het net twee uit die veertien respondente intimiteit, liefde of romanse geïdentifiseer as voorvereistes vir seksuele omgang. Dié bevindinge laat dus die navorser tot die gevolgtrekking kom dat liefde, intimiteit en romanse nie as voorvereiste vir seksuele aktiwiteite beskou word nie.

Verder het die respondente die beginsels van die dubbele standaarde beskryf. Vroue wat meervoudige seksmaats het, word byvoorbeeld as goedkoop (*cheap*) beskou, teenoor die persepsie dat mans met meervoudige seksmaats "kief" of "koel" is. Dit het vir die navorser duidelik geword dat die jong vroue daarvan bewus was dat daar duidelike verskille bestaan ten opsigte van standaarde vir vroue en standaarde vir mans. Indien die reëls van die dubbele standaard verbreek word, staar die jong vrou die risiko in die gesig om geëtiketteer te word as 'n 'slegte vrou'.

Die meeste jong vroue in die navorsing het kennis gedra van die redes waarom jong vroue seksueel aktief word en die redes waarom jong vroue nie seksueel aktief word nie. Dit het aan die lig gekom dat sommige jong vroue seksueel verkeer ten einde materiële vergoeding te ontvang veral in gevalle waar die man ouer is. Hierdie tendens kan aangetref word in 'n verhouding met 'n ouer man. Jong vroue is gewoonlik in 'n verhouding met 'n ouer man as gevolg van die voordele wat sy uit die verhouding kan kry. Voordele kan finansiële gewin behels

of die opdoen van seksuele ervarings. Bogenoemde bevindinge van die ondersoek stem ooreen met die literatuur.

Die kwessie van finansiële gewin word veral geillustreer binne die taxi-queen verskynsel. Jong vroue raak soms betrokke met 'n ouer man in ruil vir sekere voordele. Dit blyk egter dat 'n verhouding met 'n ouer maat die jong vrou negatief kan beïnvloed. Tydens hulle betrokkenheid in dié tipe verhoudings word jong vroue teen 'n vinnige tempo blootgestel aan seksuele aktiwiteite waarvoor hulle nie gereed is nie, of wat hulle nie volwasse genoeg is om te hanteer nie. Verder blyk dit ook dat dit nie vir hulle seksuele ontwikkeling voordelig is nie, as gevolg van die moontlikhede van ongewenste swangerskappe.

Met betrekking tot die jong vroue se kennis aangaande die beskikbaarheid van voorbehoedmiddels het dit duidelik geword dat respondente se kennis beperk is tot net sekere voorbehoedmiddels. Die veertien respondente dra slegs kennis van die kondoom vir mans en voorbehoedpille en die inspuiting vir vroue. Misverstande kom wel onder respondente voor oor die gebruik en werking van voorbehoedmiddels. Dit blyk dat die jong vroue in die huidige navorsing van mening is dat voorbehoedmiddels skadelik is vir hulle liggame en dat dit kan veroorsaak dat hulle steriel word.

Dit was selfs duidelik dat die respondente insig getoon het ten opsigte van die nagevolge van tienerswangerskappe. Dertien van die jong vroue het aangedui dat hulle ouers geskok sal wees indien hulle dogters swanger raak, maar aan hulle die nodige ondersteuning sal verleen ten opsigte van die versorging van die kind en die dogters sal toelaat om hulle skoolloopbaan te voltooi. Hierdie bevindinge is in teenstelling met die algemene verwagtinge. Die algemene verwagting is, dat indien 'n jong vrou 'n ongewenste swangerskap beleef, kan dit daartoe aanleiding gee dat haar ouers haar verwerp, dat sy geen ondersteuning van die ouers ontvang nie, alleen die versorging van die kind moet behartig en dat sy haar skoolloopbaan moet beëindig. 'n Algemene gevolgtrekking kan dus gemaak word, naamlik dat meisies gemengde boodskappe van hulle ouers kry. Die ouers sal geskok en kwaad wees indien hulle dogters swanger sou raak, maar aan die ander kant sal hulle ná die geboorte van die kind hulle dogters volkome ondersteun.

6.2.4 Seksuele geweld in die romantiese verhoudings van adolessente meisies

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die respondente insig toon in die voorkoms van seksuele geweld in die verhoudingskonteks en dat hulle bewus is van die feit dat 'n meisie deur 'n maat wat aan haar bekend is, geforseer kan word om seksueel te verkeer. Die navorser kon ook tot die gevolgtrekking kom dat respondente kennis dra van die verskillende vorme van geweld wat in romantiese verhoudings kan voorkom. 'n Verdere gevolgtrekking is dat respondente omvattende kennis het van verkragting wat tydens die hofmakery plaasvind, byvoorbeeld tydens die eerste afspraak of binne 'n meer gevestigde verhouding.

Die huidige navorsing toon dat daar in 'n geringe mate aanmelding of rapportering van verkragting in die verhoudingskonteks plaasvind, veral in gevalle waar die oortreder aan die jong vrou bekend is. Sewe respondente is van mening dat die voorval bespreek sal word met 'n vriendin van die slagoffer of tot 'n mindere mate met 'n opvoeder. Die navorser wil egter beklemtoon dat daar deur die respondente vermeld is dat opvoeders nie as betroubare persone beskou word nie, en dat daar 'n gebrek aan privaatheid bestaan indien die voorval met 'n opvoeder bespreek sou word. 'n Verdere gevolgtrekking dui daarop dat selfblaam en skuldgevoelens onder jong vroue daartoe lei dat voorvalle van verkragting geheim gehou word.

Dit blyk volgens die veertien respondente dat daar misverstande bestaan tussen mans en vroue oor die tydstip waarop 'n vrou seksueel wil verkeer en wanneer nie. Die verkeerde interpretasie van vroue se verbale en nie-verbale gedrag lei tot die voorkoms van geweld in 'n verhouding. Verder het die respondente aangevoer dat tradisionele rolle en kwessies van mag en beheer en selfs stereotipering in die verhoudingskonteks verband hou met die voorkoms van geweld in die verhouding. Dit bevestig die redes vir seksuele geweld in romantiese verhoudings wat deur die literatuur verskaf word.

6.3 *TAXI QUEEN*-VERSKYNSEL ONDER HOËRSKOOLMEISIES

Die taxi-queen veskynsel word geinterpreteer as 'n spesiale tipe verhouding. Inligting is deur middel van as individuele onderhoude verkry. Volgens die bevindinge van die ondersoek is die profiel van 'n *taxi queen* soos volg: 'n jong hoërskoolmeisie wat seksueel verkeer met 'n minibustaxibestuurder (*taxi king*) in ruil vir 'n vry rit. Hierdie beskrywing stem ooreen met bevindinge van die literatuur wat alreeds aandag geskenk het aan die *taxi queen*-verskynsel. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n *taxi queen* 'n jong kwesbare, vrou is wat seksueel misbruik word deur minibustaxibestuurders. Minibustaxibestuurders (*taxi kings*) is volwasse mans wat gewoonlik ouer is as die hoërskoolmeisie met wie 'n verhouding aangeknoop word. Hierdie mans is werksaam as minibustaxibestuurders of minibustaxikollekteerders. Die minibustaxibestuurders kan getroud wees of reeds in vaste verhoudings betrokke wees. Dit blyk dus dat *taxi kings* meestal getroud is en ouer is as jong hoërskoolmeisies met wie hulle verhoudings aanknoop, en dat die meisies op grond daarvan seksueel misbruik word. 'n Verdere gevolgtrekking is dat minibustaxibestuurders (*taxi kings*) leuns aan hulle huweliksmaats of vaste meisies vertel, ten einde die verhouding 'n geheim te hou.

Die bevindinge dui daarop dat die tyd wat saam met 'n *taxi king* deurgebring word, as "groot pret" beskryf word. Respondente het aangedui dat hulle bederf word en uitgeneem word deur hulle *taxi kings*. Die 'bederf' behels daaglikse uitstappies en gereelde besoeke aan verskillende vermaaklikheidsplekke. Respondente het koninklike behandeling ontvang ten opsigte van net die jongste en duurste modieuse klere en juweliersware wat die *taxi kings* hulle aan hulle skenk. Hierdie feit is deurgaans deur die literatuur ondersteun en deur die ondersoek bevestig. Die navorser het op grond hiervan tot die gevolgtrekking gekom dat die lewenstyl van *taxi queens* gesien word as genotvol, en verskillende voordele word verkry uit die lewenstyl. Die beeld van die *taxi king* met die regte "vibe" en "style", dien as lokaas waardeur jong vroue aangetrek word tot die lewenstyl van 'n *taxi queen*.

Die navorser het bevind dat daar 'n spesifieke verloop is in die totstandkoming van hierdie tipe verhouding tussen die hoërskoolmeisie en die minibustaxibestuurder (*taxi king*). Kontak tussen die jong meisie en *taxi king* word geleidelik gemaak. Verskillende tegnieke word benut ten einde

die meisie se vertroue en belangstelling te wen. Ontmoetings vind gewoonlik in vermaaklikheidsplekke ("*jol*") of private plekke ("smokkelwerf") plaas. Sulke plekke bevorder die *taxi king* se geleenthede om jong meisies te ontmoet. 'n Positiewe reaksie op sy pogings sal die aanvang van die verhouding bepaal.

Uit die literatuur het dit duidelik geword dat die verhouding tussen 'n *taxi king* en 'n *taxi queen* gewoonlik vlugtig en seksueel van aard is. Die *taxi king* is gewoonlik betrokke by verhoudings met ander hoërskoolmeisies ook. Aangesien twee uit die drie respondente aangedui het dat hulle verhoudings met hulle *taxi kings* vlugtig was, en alhoewel hulle daarvan bewus was dat daar van hulle verwag is om seksueel te verkeer met die minibustaxibestuurder, was die seksuele komponente nie deel van die verhoudings nie. Die twee respondente was bewus van die feit dat die onthouding van seksuele aktiwiteite van hulle kant aanleiding kon gee tot die beëindiging van die verhouding. Net een respondent het getuig dat sy uit eie wil seksueel verkeer het met haar *taxi king*, en geensins deur die *taxi king* geforseer is nie. Die navorser kon tot die gevolgtrekking kom dat die seksuele komponent 'n verwagte deel is van die verhouding tussen 'n *taxi king* en 'n *taxi queen*, en dat onthouding van die kant van die meisies dus die beëindiging van die verhouding kan beteken.

Die literatuur het aangetoon dat minibustaxibestuurders hoërskoolmeisies gebruik om hulle seksuele behoeftes te bevredig. Dit dui daarop dat daar in die verhoudings tussen 'n *taxi king* en 'n *taxi queen* sterk tradisionele rolle en reëls teenwoordig is. Die rol van die *taxi king* impliseer dat hy in beheer van die verhouding moet wees, teenoor die rol van die *taxi queen* wat bepaal dat sy die sterk seksuele drange en behoeftes van die *taxi king* moet bevredig. Die huidige navorsing het deurgaans dié aannames bevestig. Daar is egter ook ander faktore geïdentifiseer deur respondente ten opsigte van die verhoudingskonteks en wat deur respondente as negatief beleef is. Die verhouding tussen die jong meisie en 'n minibustaxibestuurder (*taxi king*) word gekenmerk deur 'n gebrek aan sekuriteit en vertroue. Die verhouding het geensins gedien as 'n bron van affeksie, intimiteit, ondersteuning en kameraadskap nie, maar eerder as 'n bron van frustrasie en onsekerheid.

Tydens die respondente se bespreking van wanneer en onder watter omstandighede seksuele aktiwiteite plaasgevind het, het al drie respondente gerapporteer dat die *taxi kings* seksueel verkeer onder die invloed van alkohol en dwelms. Die navorser wil egter beklemtoon dat hierdie aspekte sekere implikasies inhou aangesien geen beplanning gemaak word vir beskermde seksuele omgang nie. Sulke omstandighede verhoog die moontlikheid dat seksuele geweld in die verhouding mag voorkom, omdat *taxi kings* se gemoedstoestande gewoonlik onstabiel is terwyl hulle onder die invloed van dwelms is.

Al die respondente het aangetoon dat verskillende pogings aangewend is om hulle verhouding met die minibustaxibestuurders geheim te hou aangesien hulle verwag dat gesagsfigure (ouers) of persone in die gemeenskap sodanige optrede en dus ook hulle self negatief sal evalueer. Die gevolgtrekking is dus dat die verhouding met 'n minibustaxibestuurder geheim gehou word uit vrees dat die ouers daarvan bewus sal raak. Op so 'n wyse vermy respondente stigmatisering deur hulle ouers en die gemeenskap. Al die respondente het besef dat hulle verhoudings met die minibustaxibestuurders (*taxi kings*) net 'n speletjie is vir die minibustaxibestuurders (*taxi kings*). Respondente toon ook begrip daarvoor dat die minibustaxibestuurders geen respek het vir meisies met wie hulle in verhoudings is nie. Al drie meisies het hulle spyt uitgespreek oor die feit dat hulle betrokke geraak het by die *taxi kings*. Respondente het aangedui dat hulle alle moontlike pogings sal aanwend om ander meisie te waarsku teen dié gewetenlose mans.

6.4 Verdere navorsing

In die lig van die resultate van hierdie studie is daar gepoog om 'n beskrywing te verskaf van die lewenstyle en romantiese verhoudings van 'n groep adolessente meisies in die Bishop Lavis gemeenskap. Op grond van die bevindinge word daar aanbeveel dat verdere navorsing in hierdie verband gedoen word. Ten opsomming van literatuur is daar gevind dat minimale navorsing oor die romantiese verhoudings en lewenstyle van Suid-Afrikaanse jeug gedoen is. Volgens Giordano *et al.* (2000) is daar omvattende navorsing gedoen oor die gesin, portuurgroep en vriende. Navorsing oor die romantiese verhoudings tussen meisies en seuns is beperk tot aspekte wat verband hou met seksualiteit en voorplanting. Dit is dus duidelik dat wetenskaplike studies hierdie onderwerp grootliks negeer.

Aangesien net jong vroue deel uitgemaak het van die studie, word daar aanbeveel dat in toekomstige navorsingsinisiatiewe jong mans ook betrek moet word. Die huidige studie het bevind dat beide jong meisies en seuns die behoefte aan 'n romantiese verhouding hê. Vir albei geslagte is dit belangrik om iemand spesiaal te hê. Dit is dus ongewens om in verdere navorsing net jong vroue te betrek, indien daar gepoog word om 'n beter begrip van die romantiese verhoudings en lewenstyle van adolessente te verkry.

Dit is ook noodsaaklik om verdere navorsing te doen om die volle omvang van die taxi-queen verskynsel te bepaal. Sinvolle intervensie in die verskynsel sal ook slegs moontlik wees indien al die elemente van die verhouding nagevors word. Benewens die belang van die persepsies en ervarings van die meisies, moet daar ook byvoorbeeld gefokus word op die taxi-kings en die houdings van ouers en die beer gemeenskap oor die verskynsel.

6.5 OPSOMMING

Verskeie gevolgtrekkings is op grond van die bevindinge van die ondersoek gemaak. Die inhoud van die hoofstuk dui op die doel van die navorsing naamlik om 'n beskrywing te bied van die romantiese verhoudings en lewenstyle van 'n groep adolessente meisies in die Bishop Lavis gemeenskap. Hierdie doel is bereik, aangesien die aard van die romantiese verhoudings en lewenstyle van adolessente meisies ondersoek is. Verder is kenmerke van die verhouding tussen die hoërskoolmeisie en die minibustaxibestuurder binne die onderwerp van die *taxi queen*-verskynsel ook geidentifiseer. Die voorkoms van probleme in die verskynsel is geïdentifiseer na aanleiding van die literatuuroorsig en 'n empiriese ondersoek. Deur middel van hierdie navorsing is daar 'n vertrekpunt gevorm op grond waarvan verdere navorsing gedoen kan word ten einde die *taxi queen*-verskynsel beter te verstaan.

Navrae
Enquiries
IMibuzo Dr Frances J Wessels

Telefoon
Telephone
IFoni 425 7400 ext 2238

Faks
Fax
IFeksi 425-7445

Verwysing
Reference
ISalathiso 20020530-0009

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Ms R van Wieling
Department of Sociology
University of Stellenbosch
Private Bag X1
MATELAND
7602

Re: TAXI QUEENS

Your application to conduct the above-mentioned research at a school in the Western Cape has been approved subject to the following conditions:

1. Principals, educators and learners are under no obligation to assist you in your investigation.
2. Principals, educators, learners and schools should not be identifiable in any way from the results of the investigation.
3. You make all the arrangements concerning your investigation.
4. Educators' programmes should not be interrupted.
5. The investigation is to be conducted from 02 September 2002 until 26 September 2002.
6. Should you wish to extend the period of your survey at the school, please contact F Wessels at the contact numbers above
7. No research will be allowed during the fourth school term.
8. A photocopy of this letter is submitted to the principal of the school where the intended research is to be conducted.
9. Your research will be limited to Bishop Lavis High School.
10. The Department receives a copy of the completed report/dissertation/thesis addressed to:

    The Director: Education Research
    Western Cape Education Department
    Private Bag 9114
    CAPE TOWN
    8000

We wish you success in your research.

Kind regards.

pp Wessels
ACTING HEAD: EDUCATION
DATE: 30/05/2002

BYLAE 2

ONDERHOUDSKEDULE

Aanvanklik sal die meisies gevra word om in 'n storie formaat die presiese gebeure van hoe hulle die minibustaxibestuurder ontmoet het.

- Die volgende aspekte sal deur die loop van die verteling deur middel van polsing verder ondersoek word:

1) Hoe het jy die naam "taxi queen" gekry?

2) Watter tipe persoon was die minibustaxibestuurder waarmee jy 'n verhouding gedeel het?

3) Wat is jou gedagtes rondom jou ervaring van jou deelname aan die lewenstyl van 'n "taxi queen" (lewenstyl)?

4) Wat is jou gedagtes rondom jou ervaring van jou verhouding met die minibustaxibestuurder (verhouding)?

5) Seksuele aspekte in julle verhouding

   * presiese gebeure van die eerste dag of nag waar julle seksueel verkeer het:
   - is voorbehoedmiddels oorweeg?
   - het jy enige seggenskap gehad in die verhouding om voorstelle te maak, byvoorbeeld om kontrasepsie te gebruik?
   - Het die verhouding verander nadat julle seksueel verkeer het?

6) Ouers en vriende se wete van die verhouding

7) Redes waarom daar besluit is om die verhouding te verbreek?

BIBLIOGRAFIE

Adams, R. E; Laursen, B. & Wider, D. 2001. Characteristics of closeness in adolescent romantic relationships. Journal of Adolescence, 24: 353-363

Babbie, E.1998. The practice of social research (8ste uitg). U.S.A.: Wadsworth Publishing Company

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press

Baran, S.J. 1976 (b). Sex on TV and adolescent sexual self-image. Journal of Broadcasting, 20 (1): 61-68.

Barberton, C.1997. Youth unemployed and armed. In: Bikanyo, R. & Donell, P. (1997): Children and Youth at Risk into the 21st Century. Pietermaritzburg: Maskhane Youth Consultancy, bl. 24-28

Barbour, R.S. & Kitzinger, J. 1999. Developing focus group research. London: Sage Publications

Gunter, G. & Furnham, A. 1998. Children as Consumers. London and New York: Routledge

Beck, U. 1993. Risk society. Towards a new modernity. London: Sage

Bergman, L. 1992. Dating violence amongst high school students. Maatskaplike Werk/ Social Work, 37 (1): 22–27

Boëthius, U.1995. 'Youth, the media and moral panics'. In Formäs, J. en Bolin, G: Youth culture in late modernity. London: Sage

Brown, J.D. & Newcomer, S.F. 1991. Television viewing and adolescents' sexual behaviour. Journal of Homosexuality, 21: 77-91.

Brown, B. B. 1999. "You going out with who?" Peer group influences on adolescent romantic relationships. In: Furman, W. Brown, B.B. & Feiring, C. 1999. The Development of Romantic Relationship in Adolescence. U.S.A.: Cambridge University, bl. 291-329

Brown, B. B.; Feiring, C. & Furman, W. Missing the Love Boat Why Researchers Have Shield Away from Adolescent Romance. In: Furman, W. Brown, B.B. & Feiring, C. 1999. The Development of Romantic Relationship in Adolescence. U.S.A.: Cambridge University, bl. 1-15

Buysse, A. & Ickes, W. 1999. Communication patterns in laboratory discussions of safer sex between dating versus nondating partners. The Journal of Sex Research , 36 (2): 121-134.

Carpenter, L.M. 2001. The First Time / Das Erstes MAL. Approaches to virginity loss in U.S. and German Teen Magazines. Youth and Society, 33 (1): 31-61.

Chilman, C.S. 1980. Adolescent sexuality in a changing American society. Social and Psychological Perspectives. Bethesda, Md: National Institute of Dental Research, Public Health Service, U.S. Department of Healthy, Education and Welfare.

Cresswell, J.W. 1998. Qualitative inquiry and research design. Choosing among five traditions. U.S.A.: Sage Publications

Cunningham, P.W. & Boult, B.E 1996. Black teenage pregnancy in South Africa: Some considerations. Adolescence, 31 (123): 691-701.

Davis, P. & Lay Lee, R. 1999. Early sex and its behavioral consequences in New Zealand. The Journal of Sex Research, 36 (2): 135-144.

De Gaston, J.F; Jensen, L. en Weed, S. 1995. A closer look at adolescent sexual activity. Journal of Youth and Adolescence, 24 (4): 465-479.

De Gaston, J.F.; Weed, S. & Jensen. L. 1996. Understanding gender differences in adolescent sexuality. Adolescence, 31 (121): 217-231.

Departement van Nasionale Gesondheid en Ontwikkeling 1993. Opvoeding in lewensvaardighede en seksualiteit.

Departement van Onderwys en Kultuur. 1990. Hoofverslag. Koester ons Jeug 2000.

Diamond, L.M.; Savin-Williams, R. & Dube, E.M. 1999. Sex, dating, passionate friendship, and romance. In: Furman, W. Brown, B.B. & Feiring, C. 1999. The Development of Romantic Relationship in Adolescence. U.S.A.: Cambridge University, bl.175 –210

Dorius, G.L.; Heaton, T.B. en Steffen, P. 1993. Adolescent life and their association with the onset of sexual intercouse. Youth and Society, 25 (1): 3-23.

Everatt, D. & Orkin, M. 1993. "Growing up tough" A national survey of South Africa youth. Edited for JEP. Broederstrom: National Youth Development Conference

Fabes, R.A. & Strouse, J.1987. Perceptions of responsible and irresponsible models of sexuality: A correlation study. The Journal of Sex Research, 23(1): 70-84.

Farquhar, C. 1999. Are focus groups suitable for 'sensitive topics'? In: Barbour, R.S. &

Kitzinger, J.1999. Developing Focus Group Research. London: Sage Publications, bl.47-63

Feiring, C.1999. The development of romantic relationship in adolescence. U.S.A.: Cambridge University, bl.19–49

Feltey, K. M.; Ainslie, J. J.; Geib, A. 1991. Sexual coercion attitudes among high school students. The influence of gender and rape education. Youth and Society, 23 (2): 229-250

Furlong, A. & Cartmel, F. 1997. Youth People and Social Change. Buckingham, UK: Open University Press

Furman, W. & Brown, B. B. & Feiring, C. 1999. The development of romantic relationship in adolescence. U.S.A.: Cambridge University

Furman, W. & Simon, V. A. Cognitive representations of adolescent romantic relationship. In: Furman, W. Brown, B. B. & Feiring, C. 1999. The development of romantic relationship in adolescence. U.S.A: Cambridge University, bl.75-79.

Garratt, D. Youth cultures and sub-cultures. In: Roche, J & Tucker, T. 1997. Youth in society. London: Sage Publiseerders, bl.143-150

Giordano, P.C.; Longmore, M.A. & Manning, W.D. 2001. On the nature and developmental significance of adolescent romantic relationships. Sociological Studies of Children and Youth, 8: 111-139.

Gray, MMA. & Sathiparsad, R. 1998. Violence against woman in South Africa: An analysis of media coverage. Social Work / Maatskaplike Werk, 34 (3): 267-280

Grinnell, R.M. 1998. Social work research and evaluation. U.S.A.: Peacock Publishers

Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. Research in Social Work: A Primer. U.S.A: Peacock Publishers

Gullotta, T.P.; Adams, G.R. & Markstrom, C.A. 2000. (4de uitg.) The adolescent experience. U.S.A.: Academic Press.

Harway, M. & Liss, M. 1999. Dating violence and teen prostitution: Adolescent girls in the justice system. In: Johnson, N.G.; Roberts, M.C. & Worell, J. (1999) Beyond appearance: A new look at adolescent girls.: Washington, D.C.:American , bl.277-282

Hazan, C. & Shaver, P. 1987. Romantic love conceptualized as a attachment process. Journal of Personality and Social Psychology, 52 (3): 511-524

Heaven, P.C.L. & Callan, V.J. 1990. Adolescence an Australian perspective. Australia: Harcourt Bracs Jovanavich Group.

Hendrick, C. & Hendrick, S. 1986. A Theory and method of love. Journal of Personality and Social Psychology, 50 (2): 392 – 402

Hendrick, S.S.; Hendrick, C. & Adler, N.L. 1988. Romantic relationships: Love, satification, and staying together. Journal of Personality and Social Psychology, 54 (6): 980 – 988

Hendry J Kaiser Family Foundation 2001. Hot prospects-cold facts. Portrait of young South Africa. *Sunday Times*, 11.03.

Hepburn, E.H. 1983. A three-level model of parent-daughter communication about sexual topics. Adolescence, 18 (71): 523 - 534.

Hird, M.J. & Jackson, S. 2001. Where 'angels' and 'wusses' fear to tread: sexual coercion in adolescent dating relationship. Journal of Sociology, 37(1): 27-43.

Inazu, J.K. & Fox, G.L. 1980. Maternal influence on the sexual behavior of teenage - age daughters. Journal of Family Issues, 1(1): 81-102.

Jackson, S.1993. Even sociologists fall in love: An exploration in sociology of emotion. Sociology, 27 (2): 201-220.

Jackson, S. 2000. Romance. In: Kramarae, C. & Spender, D. 2000. Routledge International Encyclopedia of Women Global Women's Issues and Knowledge. New York: Routlegde, bl.1766 –1772

Jennings, R., Everatt, D., Lyle, A. & Budlender, D. 1997. The situation of youth in South Africa. CASE

Jewkes, R.; Vundule, C.; Maforah, F. & Jordaan, E. 2001. Relationships dynamics and teenage pregnancy in South Africa: Social Science and Medicine, 52:733-744.

Johansson, T. & Miegel, F. 1992. Do the Right Thing. Lifestyle and identity in contemory youth culture. Stockholm, Sweden: Almqvist and Wiksell

Johnson, N.G.; Roberts, M.C. & Worell, J. 1999. Beyond appearance: a new look at adolescent girls. Washington, D.C.: American Psychological Association.

Joseph, N.1999. Taxi-rape spectre stalks city suburbs. *Cape Argus*. 19.09:1

Jubber, K.1991. The socialization of human sexuality. South African Sociological Review, 4 (1): 27-49.

Kalof, L. 1995. Sex, Power, and dependency: The politics of adolescent sexuality. Journal of Youth and Adolescence, 24: 229-249.

Kerchner, R. 1996. Adolescent attitudes about rape. Adolescence, 31(121): 28-33

Koss, P.M.; Dinero, T.E.; Seibel, C.A. 1988. Stranger and acquaintance rape. Psychology of Woman Quarterly, 12:1-24

Krueger, R.A. 1994. (2de uitg.) Focus groups. A practical guide for applied research. U.S.A.: Sage Publications

Krueger, R.A. & Casey, M.A. 2000. (3de uitg.). Focus groups. A practical guide for applied Research. U.S.A.: Sage Publications

Kruger, J. 1995. Youth marginalization in South Africa: Economic perspectives. University of Stellenbosch. Centre for Contextual Hermeneutics

Kunkel, D.; Cope, K.M. & Biely, E. 1999. Sexual messages on television: Comparing findings from three studies. The Journal of Sex Research, 36 (3): 230-236.

Laner, M.R. & Ventrone, N.A. 2000. Dating scripts revisited. Journal of Family Issues, 21 (4): 488-500.

Larson, R.W; Clore, G. L. and Wood, G. A. 1999. The emotions romantic relationships. do wreak havoc on adolescents? In: Furman, W. Brown, B.B. & Feiring, C. 1999. The development of romantic relationship in adolescence. U.S.A.: Cambridge University, bl.19-43

Larson, R.W. en Verman, S. 1999. How children and adolescents spend time across the world: work, play, and development opportunities. Psychological Bulletin, 125(6): 701-736

Laursen, B. & Jensen-Campbell L.A. 1999. The nature and functions of social exchange in adolescent romantic relationships. In: Furman, W. Brown, B.B. & Feiring, C. 1999.

The Development of Romantic Relationship in Adolescence. U.S.A.: Cambridge University, bl.51–74

Lesch, E. 2001. Female adolescent sexuality in a coloured community. Unpublished. MA. Universiteit van Stellenbosch.

Levesque, R.J.R. 1993. The romantic experience of adolescents in satisfying love relationships. Journal of Youth and Adolescence, 22 (3): 219 – 251

Littrell, M.A.; Damhorst, M.L. & Littrell, J.M. 1990. Clothing interests, body satifiction, and eating behavior of adolescent females: Related or independent dimensions?. Adolescence, 25 (97): 77-95.

Llewellyn-Jones, D. 1984. Understanding sexuality (nuwe uitg.). Melbourne: Oxford University Press.

Lloyd, S. A. 1991. The dark side of courtship: Violence and sexual exploitation. Family relations. Journal of Applied Family and Child Studies, 40 (1): 14-20

Louw, D.A. 1990. Menslike Ontwikkeling (2de uitg). Pretoria: HAUM-Tesiêr.

Mahoney, J.L. & Stattin, H. 2000. Leisure activities and adolescent antisocial behavior: The role of structure and social context. Journal of Adolescence, 23: 113-127

Makgabutlane, T.1994. Have we really lost the harvest?. Black Youth in South Africa. Jewish Affairs, 49: 29-31

Malan, C., Van Zyl Slabbert, V.Z., Marias, H., Olivier, J. & Riordan, R. 1995. South Africa's Youth Facing the Challenges. Information Update, 5 (1): 11-18

Manuel, T. Preventing the rise of a new "lost generation" *The Sunday Independent,* 27.08:7

Marín, B.V.; Coyle, K.K.; Gómez, C.A.; Carvajal, S.C. & Kirby, D.B. 2000. Older boyfriends and girlfriends increase risk of sexual initiation in young adolescents. Journal of Adolescent Health, 27: 409-418.

Marshall, C. & Rossman, G.B. (2de uitg.) 1995. Designing qualitative research. U.S.A.: Sage Publications

Mason, B.H. 2000. Four levels of sexual involvement, and their association with dating patterns, family relationships, and other related factors. Dissertation Abstracts international. Humanities and Social Science

McCabe, M.P. 1984. Toward a theory of adolescent dating. Adolescence, 21 (73): 159–170

McCabe, M.P. en Cummins, R.A. 1998. Sexuality and quality of life among young people. Adolescence, 23 (132): 761-773

Mc Gregor, K. 1998. School in black and white. Indicator South Africa. 15 (1): 50-55

McKinney, K. Sprecher, S. 1991. Sexuality in close relationships. U.S.A.: Lawrence Erlabaum Associates, Publishers.

Miles, M.B. & Huberman, A.M. 2de uitg. 1994. Qualitative data analysis. U.S.A.: Sage Publications

Miles, S. 2000. Youth lifestyle in a changing world. Buckingham: Open University Press

Miles, S. 2001. Social theory in the real world. London: Sage Publications

Mokgalabone, M.B.1999. Social-cultural conditions, teenage, pregnancy and schooling disruption: Themes from teachers and teenage mothers in "poor rural" schools. Journal of Education, 19 (1): 55-66

Molestering van Kinders in Taxi's Ondersoek. 2000. *Die Burger*, 7.03:5

Morgan, D.L. 1998. Focus groups as qualitative research. U.S.A.: Sage Publications in

Mouton, J. 1996. Understanding social research. Pretoria: Van Schaik Publiseerders

Muehlehard, C.L.; Goggings, M .F.; Jones, J.M.; Satterfield, A.T. 1991. Sexuality in close relationships. In: McKinney, K. Sprecher, S. (1991): U.S.A.: Lawrence Erlabaum Associates, Publishers, bl. 155-174

Muehlenhard, C.L. en Holabaugh, L.C. 1988. Do some woman say no when they mean yes? The prevalence and correlates of woman's token resistance to sex. Journal of Personality and Social Psychology, 54 (5): 872-879.

Mufwera, Y. 2001. Girls who swop sex for a lift to school. *Cape Argus*, 28.07:1-3

Nash, E.S. 1990. Teenage pregnancy- need for a child bear a child?. Suid-Afrikaanse Mediese Journaal, 77: 147-151.

Peplau, L.A.; Rubin, Z. & Hill, C.T. 1977. Sexual intimacy in dating relationships. Journal of Social Issues, 33 (2): 86-109.

Perrin, K.M. & McDermott, R.J. 1997. Instrument to measure social support and related constructs in pregnant adolescents: A review. Adolescence, 32 (127): 533-541

Philander, R. 2000. Kaapse 'taxi queens' eintlik prostitute-16-jarige. *Die Burger*, 29.04:8

Pick, S. & Palos, P.A. 1995. Impact of the family on the sex lives of adolescence. Adolescence, 30 (119): 667-675.

Pirog-Good, M.A. & Stets, J.E. 1989. Violence in dating relationships. Emerging social issues. New York: Praeger Publiseerders

Popenoe, D.; Cunningham, P. & Boult, B.1998. Sociology first South African Edition. S.A.: Prentice Hall South Africa, bl.270-290

Preston – Whyte, E. & Zondi, M. 1991. Adolescent sexuality and its implications for teenage pregnancy and AIDS. South African Journal of Continuing Medical Education, 9(11): 1389-1394.

Preston – Whyte, E. & Allen, J. 1992. Teenage pregnancy in the coloured community. Chapter 12 in Burman, S & Preston - Whyte, E. Questionable Issues: Illegitimacy in South Africa. bl. 208-225.

Prinsloo, E. 1998. Social Change in South Africa: Opportunity or crisis? Society in Transition, 29 (1-2): 13-21

Ransom, B.L., Poswa, T. & Van Rooyen, C.A.J. 1999. Youth unemployment- A study in an informal settlement in Kwazulu- Natal. Social Work/ Maatskaplike Werk, 35 (3): 196-207

Reimer, B. 1995. Youth and modern lifestyles. In: Förnas, J. & Bolin, G. (1995): Youth culture in late modernity. London: Sage, bl.120-144

Reis, I.L. 1986. A Sociological journey into sexuality. Journal of Marriage and the Family, 48: 233-242.

Robinson, I.; Ziss, K; Ganza, B. & Katz, S.1991. Twenty years of the sexual revolution, 1965-1985: An Update. Journal of Marriage and the Family, 53: 216-220.

Roch, J.P. 1986. Premarital sex. attitudes and behavior by dating stage. Adolescence, 21(81): 107-121.

Roch, J.P. & Ramsbey, T.W.1993. Premarital sexuality: A five-year follow-up study attitudes and behavior by dating stage. Adolescence, 28 (109): 67-80.

Rosenman, M.F. 1978. Liking, loving, and styles of loving. Psychological Reports, 42: 1243 – 1246

Schurink, E. & Schurink, W.1994. Addressing crime amongst South Africa's marginalized youth. Information Update, 4 (2): 47-56

Scott, J.1998. Changing attitudes to sexual morality: A cross-national comparison. Sociology, 32 (4): 815-854.

Seekings, J. 1996. The "lost generation": South Africa's "Youth problem" in the early 1990. Transformation, 29: 103-125

Seidman., I. 1988. (2de uitg). Interviewing as qualitative research: A guide for researchers in education and social sciences. New York: Teachers College Press

Siegel, J. & Shaughnessy, M.F. 1995. There's a first time for everything: Understanding adolescence. Adolescence, 30 (117): 217: 221

Shulman, S. & Collins, W.A. 1997. Romantic relationships in adolescence: Developmental Perspectives. San Fransico: Jossey-Bass Publishers

Shulman, S. & Kipnes, O. 2001. Adolescent romantic relationships: A look from the future. Journal of Youth and Adolescence, 24: 337 - 351

Shulman, S. & Seiffge-Krenke, I. 2001. Adolescent romance: Between experiences and relationships. Journal of Youth and Adolescence, 24: 417–428

Simon, R.W.; Eder, D and Evans, C. 1992. The development of feeling norms underlying romantic love among adolescent females. Social Psychology Quarterly, 55 (1): 29-46

Smart, M.S. & Smart, R.C. 1978. Adolescents development and relationships (2de uitg.). U.S.A.: Macmillan Publishing Co., Inc.

Sobel, M.E. 1981. Lifestyle and social structure. New York: Academic Press Inc.

Steck, L.; Levitan, D.; Mclane, D. & Kelly, H.H. 1982. Care, need, and conceptions of love. Journal of Personality and Social Psychology, 43 (3): 481-491

Steele, J.R. 1999. Teenage sexuality and media practice: Factoring in the influences of family, friends, and school. The Journal of Sex Research, 36 (4): 331-341.

Sternberg, R.J. & Grajek, S. 1984. The nature of love. Journal of Personality and Social Psychology, 47 (2): 312 –329

Steyn, A.F.1987. Die portuurgroep as verwysingsgroep in die gedrag van die adolessent met verwysing na seksuele gedrag. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie, 18(3): 88-94.

Steyn, A.G.W. 1998. Learner growth in the South African school system. South African Journal of Education, 18 (3): 182-193

Studer, M. & Thornton, A. 1987. Adolescent religiosity and contraceptive usage. Journal of Marriage and the Family, 49: 117-128

Sugarman, D.B. & Hotaling, G. T. 1989. Dating violence: Prevalence, context, and risk markers. In Pirog-Good, M. A. & Stets, J. E. Violence in Dating Relationships. Emerging social issues. New York: Praeger Publishers, bl.3-29

Suid-Afrika. 1997. Youth Policy. Goverment of the Republic of South Africa Office of the Presidency. Pretoria

Taradash, A.; Connolly, J.; Pepler, D.; Craig, W. & Costa, M. 2001. The interpersonal context of romantic autonomy in adolescence. Journal of Youth and Adolescence, 24: 365 –377

Thambisa, P, & Nkwanyane, T. 2000. Behoefte aan vervoer lei tot seksuele uitbuiting van meisies. *Die Burger*, 23.03:11

Thornton, A. & Camburn, D. 1989. Religious participation and adolescent sexual behavior and attitudes. Journal of Marriage and the Family, 51: 641-653

Thornton, A.1990. The courtship process and adolescent sexuality. Journal of Family Issues, 11(3): 239-273.

UNAIDS. 1999. AIDS five years since ICPD, Emerging issues and challenges for women, young people and infants: Discussion Document. Geneva: UNAIDS

UNICEF. [S.a.] Youth speak out. For a healthy future.

Van Breda, Y. 1998. Schoolgirls offer their favours to score free rides from minibus drivers. *Sunday Times*, 23.08:1

Van Der Merwe, A. 1995. Industrial sociology a South African perspective. Johannesburg: Lexicon Publishers

Van Regenmortel, P.J. 1975. The reproductive behaviour of young coloured mothers. Unpublished. Universiteit van Stellenbosch.

Van Vuuren, C.J. & De Jongh, M. 1999. Rituals of manhood in South Africa: circumcision at the cutting edge of critical intervention. Suid-Afrikaanse Journaal van Etnologie, 22 (4): 142-153

Van Zyl Slabbert, F.; Malan, C; Marias, H; Olivier, J. & Riordan, R. 1994. Youth in the new South Africa. Pretoria: HSRC Publishers

Varga, C. & Makubalo. L. 1996. Sexual non-negotian. Agenda, 28:31-38.

Veeran, D.L.1996. Beyond marginalization-youth re-integration. Social Work / Maatskaplike Werk, 32 (3): 248-254

Venter, A.1994. Voorhuwelikse seksuele permissiwiteit onder damestudente. Unpublished. MA. in Sosiologie. Randse Afrikaanse Universiteit.

Vergani, T.; Flisher, A.J.; Lazarus, S.; Reddy, P.& James, S. 1998. Health promoting schools in South Africa: Needs and prospects. Southern African Journal of Child and Adolescent Mental Health, 10 (1): 44-57

Wallace, C. & Kovatcheva, S. 1998. Youth in society. Great Britain: Macmillan Press LTD

Ward, L.M. & Rivadeneyra, R.1999. Contributions of entertainment television to adolescents' sexual attitudes and expectations: The role of viewing amount versus viewer involvement. The Journal of Sex Research, 36 (3): 237-249.

Welsh, D.P.; Galliher, R.V.; Kawaguchi, M.C. & Rostosky, S.S. 1999. Discrepancies in adolescent romantic couples' and observers' perceptions of couple interaction and their relationship to depressive symptoms. Journal of Youth and Adolescence, 28 (6): 644-666

White, S.D. & DeBlassie, R.R. 1992. Adolescent sexual behaviour. Adolescence, 27(105): 183-191.

Wood, K.; Maforah, F. & Jewkes, R. 1998. *"He force me to love him": putting violence on adolescent sexual health agendas*. Social science and medicine, 47 (2): 233-242 [Intyds]. Beskikbaar: http://www.sciencedirect.com\science [20,03]

Wyn, J. & White, R. 1997. Rethinking Youth. Londen: Sage

Zani, B.1991. Male and female patterns in the discovery of sexuality during adolescence. Journal of Adolescence, 14: 163-178.